

MISCELLANEA SPECIALIA 17



UNISA

Ceres van Gister & Eergister



François Botma

Foto's: Kobus du Plessis

Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

© 1997 Universiteit van Suid-Afrika

Eerste uitgawe, tweede druk

ISBN 1 86888 033 8

Uitgegee deur Unisa Uitgewers
Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392, Pretoria, 0003

Gedruk deur Colorgraphic, Durban

Uitgewersredakteurs: Sarie Moolman, Anita Engelbrecht
Uitleg en omslagontwerp: Celéste Burger

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier – hetsy meganies of elektronies, met inbegrip van plaat- en bandopnames en fotokopiering – gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, met die uitsondering van redelike aanhalings vir navorsings- of resensiedoeleindes.



Inhoud

Oor die skrywer	xi
Voorwoord	xv
Proloog	xix
1 Eergister	
'n Toegangspad tot die Ceres-vallei	1
Ontstaan van Ceres	3
Ceres word 'n dorp	3
Die eerste hotelle	10
Ceres in die jare 1890–1900	13
Die vroeë twintigste eeu	15
Die stigting van Prince Alfred's Hamlet	17
2 Plase by Ceres se oostelike ingang	
Oom Piet Wolfaardt van Dubbelbreed	20
Wedervaringe op De Bosch	21
My oupa se plaas, Morceaux	23
My oom Boetie	25
My moeder, Anna	26
My tante Myrtle	27
My tante Borrie	28
Ouma Joubert	28
Herinneringe aan Oupa Joubert	29

3 *Die Voorstraat oos van die Dwaarsrivier*

Paddavlei	33
Die Retiefs van Buckingham Palace	33
Oom Willie Oubrood se kafee	35
Skoolmaats van Cillierstraat	35
Willem Rossouw	36
Willie Hambly	36
Mnr Brett se moerbeiboom	38
Die Baartman-gesin	38
Ye Old Tea Garden	39
Oom Piet Coetzee	40
Polisiestatie	40
Piet en Therese Veldsman	41
White Horse se motorhawe	41
Belelie, die kleremaker	42
Moosa en Valli Ebrahim	42
Die huis van die Smiths	42
Manewales by die Majestic Hotel	43
My vader se eerste woon- en werkplek	44
Die uitspanning	47
Oom Vaatjie van Wyk	48
Oom Tom Theron	49
Polly en Max Kirsch se winkels	50
Oom Dawid Cohen	51
Die ou kliptronk en kloktoring	52
Meneer Estermann	53
Mnr Michael L D S Epstein, 'Dental Surgeon'	54
Die poskantoor	55
C W Newmark, 'Attorney'	55
Die Standard Bank	56
Max Kirsch se winkelkompleks	58
Waar Munnikstraat in die Voorstraat doodloop	59
Mnre Krige & De Wet, prokureurs	61
Sebba se winkel en die tuishuise	63
Baumann's Store	64
Katkisasie by Ant Hansie Smuts	66
Uitspanning agter Baumann's Store	67

Elite Drapers	67
Mnr Enoles se barbierwinkel	68
Oom Johnny Darelis	69
Die Bergmann-gesin	70
Die suidoostelike oewer van die Dwarsrivier	71

4 Die Voorstraat wes van die Dwarsrivier

Catto se bioskoop en die Union Café	73
Paul Louw	75
Mnr Danneman se winkel en die uitspanning	77
Die Van Bredabrug	77
Die suidekant van die Voorstraat aan die oewer van die Dwarsrivier	80
Piet Potlood en sy bure	81
Dr E Hill en A M Frick se winkel	81
Riverton	82
Ant Borrie Botha en haar kinders	83
Oom Gawie Hugo en Oom Flip Smit	83
Luyt & Kie	84
Oom Staaf	85
Die uitspanning agter Luyt & Kie	86
Die vier pleine op die kruising van Owen- en die Voorstraat	86
Kerkbasaar	89
Ceres se eerste stadsaal	90
Die Klipkerk	91
Flip du Plessis se motorhawe en mnr Salvage se winkel	92
Ant Toelie Moller	93
Die Grand Hotel	94
Die kliphuis	95
Die Witkoppe	96
Avondgloor	96
Die Central Garage	98
Oom Jan Stilsit	98
Oom Danie Kotze se skoenwinkel	99
Oom Johnny Marais, prokureur	99
Die stadsklerk se huis	100
Oom Attie van Niekerk	100
Die 'Mountain Rose'	101

5 *Plase by Ceres se noordelike ingang*

Schoonvlei	103
Die Sarembok-broers	107

6 *Ander Ceresiete oos van die Dwarsrivier*

Ons huis in Fabriekstraat	109
Mnr Isaac Raskin	110
Oom Andries Louw	111
Oom Andries en Ant Betta	112
Oom Esterhuysen, transportryer	113
Oom Sarel du Plessis	114
Oom At Ungerer	115
Die Griffiths-gesin	115
Mnr John Buck	116
Raadslid Slabbert	116
Oom en Tannie du Toit	117
Die Paetzolds	117
Fabriekstraat se smidswinkel	118
Mnr Alsten se koringmeul	119
Oom Dirk Stofberg, wamaker	119
Oupa Michiel Hugo	120
Mnr Bredenkamp se koringmeul	121
Oom Izak Garsland van der Merwe	121
Oakfield	122
Dr Munnik	123
Dr Alexander	125
Die Rosenlefts	125
Willie du Toit	126
Ceres se bou-aannemers	127
Die Sinagoge	128
Belmont Hotel	129
Die watervoor, die geut en Lovers' Bridge	130

7 *Ander Ceresiete wes van die Dwarsrivier*

Die Koffiegat	132
Die dennebos	134
Blommeskou	135
Sportgronde	136
Governor's Pool	136
Kragstasie	137
Oom Jan Keet	137
Oom Frans Snyman	138
Jan Esterhuyzen	139
Oom Koos du Plessis se wamakery	139
Ceres High School	142
Maudie Kriel	143
Mev Cashell	143
Miesies Silk Finish	144
Oom Boytjie Engels	145
Koos Borsie	146
Oom Org de Kock	148
Hoërskool Charlie Hofmeyr	149
Mnr J P A Marais (Pammies)	153
Oom Danie Faure	154
Nurse Du Toit	154
Miss Beth van der Merwe	155
Predikante van die NG Kerk	156
Ds McDonald	157
Ds Van Loggerenberg	158

8 *Legendariese gebeurtenisse en persoonlikhede*

Die Van Dyk-moord	160
Dirk Ligter	162
Koos Sas	165

9 *My plaasbure in die jare 1930-1940*

Die wording van 'n plaasboer	172
Andrew en Gladys Huyshamer	174
Vader koop die plaas Quarta	175
David Versfeld van Achtertuin	177

My en David se getroude lewens	179
Oom Albertjie Prins	183
Oom M R du Toit	183
Oom Klaas Esterhuyzen	187

10 My dorpsvriende in die jare 1940–1969

Mnr J G Reid	190
Dr Meiring	192
Dr W M S Basson	192
Dr Badenhorst	194
Dr Van Niekerk	194
Drs O'Malony, Pikkie Joubert en Chris Barnard	195
Ds Du Plessis en ds De Swart	195
Ds Jan en mev Retha Coetzee	196
Predikante van die Moedergemeente na afloop van die aardbewing	197
Nico Vos	198
Manie Swarts	199
Oom Dawie Malherbe	199
Jan Theron	202
Dr H A Reinach	204

11 Ceres van gister in puin

Quarta skud en bewe	206
Noodmaatreëls	209
Hoe verklaar jy dit?	211
'n Laggie by die traan	212
Die skerwe word opgetel	214

kaarte

Streekskaart van Ceres en omgewing	217
Ceres oos van die Dwarsrivier 1920–1930	219
Ceres wes van die Dwarsrivier 1920–1930	221



Oor die skrywer

François Johannes Botma is 'n man van vele talente. Nadat hy in 1930 sy matriek-eksamen op die leeftyd van sestien jaar geslaag het, wou hy graag in die ingenieurswese gaan studeer. Dit was egter die tyd van die Groot Depressie, en van geld om te gaan studeer was daar geen sprake nie. Die enigste uitweg was dus om maar totdat sake verbeter sy vader by te staan met die sagtevrugteboerdery op die familieplaas, Eureka, in die Prince Alfred's Hamlet-distrik. Die noodlot was egter goed vir hom, want gedurende daardie jare het hy 'n lewendige belangstelling in die boerdery ontwikkel – dermate dat hy later, in 1936, toe hy sy eie vrugteplaas, Quarta, in die Warmbokkeveld verkry het, 'n suksesvolle en gesiene boer in die Ceres-distrik geword het.

Tot en met sy aftrede in 1989 was François intiem betrokke by sowel die kultuurlewe as die boerderybedryf op Ceres. Hy het verskeie termyne, eers as diaken en later as ouderling, in die NG Kerk gedien. Dit is om hierdie rede dat die vertellings hoofsaaklik oor NG-predikante gaan en nie omdat daar voorkeur aan 'n bepaalde denominasie gegee word nie.

Tot misnoeë van ons, sy kinders, was hy ook meermale lid van die skoolkomitee en skoolraad van die Hoërskool Charlie Hofmeyr. Maar dit was veral in die boerderybedryf dat hy hom ten volle uitgeleef het.

Op verskillende geleenthede was hy óf voorsitter óf direkteur van verskeie boereverenigings, onder andere die Ceres Fruit Growers Co-operative Association Ltd (CFG). Vandag is hy die enigste oorlewende lid van die stigtersdireksie van die CFG (tans bekend as 'Ceres Group'), 'n vereniging waarvoor hy in 1961 na Engeland, Amerika en Kanada

gereis het vir navorsing oor die grootmaathantering van sagtevrugte, en in 1969 na Engeland en Europa vir navorsing oor die nuutste verpakkingstechnologie vir sagtevrugte.

Vanaf 1969 tot 1979 dien hy as die verteenwoordiger van die Ceres-distrik in die Sagtevrugteraad. Ook deur dié raad word hy meermale na Engeland en Europa gestuur om marknavorsing oor sagtevrugte te doen, en in 1969 na Australië en Nieu-Seeland om onder andere 'n konferensie van die Vruchteproduserende Lande in die Suidelike Halfrond by te woon.

François se hande het egter nie slegs vir die boerdery reggestaan nie. Reeds op sesjarige leeftyd het hy op aandrang van sy moeder begin om vioollesse te neem. Tot vandag toe beweer hy dat hy dit slegs onder groot protes volgehou het, totdat hy in 1929 die gevorderde viooleksamen afgelê het. Kort nadat hy die skool verlaat het, het hy sy eie orkes gestig. Hy en sy orkes het, sonder enige vergoeding, talryke Saterdaggaande vir die gaste van die Majestic Hotel op Ceres dansmusiek verskaf.

Sy skryfvernuf is as 't ware aangebore – sy ouma van moederskant en Boerneef se vader was suster en broer. Van kindsbeen af het François al begin rympies skryf. Daarmee het hy vir ons, sy kinders, oneindige plesier verskaf. Self tot vandag toe kry ons met elke verjaardag 'n kaartjie van hom waarin hy ons deur middel van 'n persoonlike rympie gelukwens. Hy het ook 'n paar ernstiger gedigte geskryf, maar beskeie soos hy is, hou hy dié agter slot en grendel.

Behalwe die etlike radiopraatjies wat hy oor die jare vir boereprogramme gelewer het, en 'n aantal artikels deur hom wat in *Die Landbouweekblad* gepubliseer is, het hy ook bydraes geskryf vir die *Bulletin van die Navorsingsinstituut vir Voedsel en Vruchtegeologie*. Daarbenewens het hy jarelank die rubriek 'Slukkies uit die Skaaprivier' in *Die Warmbokvelders*, die mondstuk van die Warmbokkeveldse Boerevereniging, behartig.



Reeds gedurende ons kinderjare het hy altyd gesê dat hy 'n boek gaan skryf nadat hy afgetree het. Dié belofte het hy gehou. Op die leeftyd van 74 jaar het hy die rekenaar-tegnologie aangedurf. Binne die bestek van twee maande het hy 'n woordverwerkings-program bemeester en die eerste bladsye van sy boek *Botma (Bothma) is My Van* op die skerm geskep. In dié boek het hy die geskiedenis van die Botma-familie in Suid-Afrika met oneindige geduld en deeglikheid nagevors en in 1990 gepubliseer.

Omtrent onmiddellik daarna het hy begin met die skep van *Ceres van Gister en Eergister*, 'n boek in ligter luim waarin hy die wel en wee van die inwoners van Ceres vanaf die twintigerjare tot en met die aardbewing van 1969 beskryf. Hoewel hy met hierdie skrywe ook, waar dit moontlik was, deeglike navorsing gedoen het, berus die grootste gedeelte

van sy vertellings en staaltjies op sy skerp geheue asook mondelinge oorlewering. Dit is 'n ware skat van herinneringe wat, sonder die tussenkoms van François Johannes Botma, sonder twyfel in die vergetelheid sou verdwyn het.

François is vandag 83 jaar oud. In Oktober 1993 het hy finaal van sy plaas, Quarta, afskeid geneem en saam met sy tweede vrou, Annatjie, na 'n woonstel van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes op Ceres verhuis. Nadat Annatjie onverwags op 3 Desember 1994 op die leeftyd van 68 jaar oorlede is, het François alleen in hul woonstel bly woon waar sy seun, Isak, en skoondogter, Pieta, daaglik met groot deernis en liefde na hom omgesien het. In Junie 1996 moes hy 'n ernstige operasie in 'n hospitaal op Worcester ondergaan, maar taai soos hy is, het hy sodanig herstel dat hy kon terugkeer na sy geliefde geboortedorp. Hy het egter die woonstel opgegee en woon tans in 'n kamer in die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes.

Annetjie (Botma) Poller



Ek is vandag ’n ouman, nie ’n bejaarde nie maar ’n ouman, en ek moet skryf oor die dinge van lááánk, lank gelede toe die Afrikaanse taal nog in sy kinderskoene gestaan het; toe

ons nog baaisiekkel gery en ghrouseries by die winkel gaan koop het; toe daar nog nie sulke mooi woorde soos 'infrastruktuur' was nie, maar toe daar maar net 'n goeie of vrot 'sêtap' was. Ek gaan van toeka se dae in toeka se taal skryf en wee diegene wat aan my skryftaal durf torring!

Dit voel deesdae soms of my geheue nou versadig is soos 'n bottel rooiwyn wat toegekurk op die rak lê en verouder. En soos die verouderingsproses plaasvind, kom daardie herinneringe van vanslee al helderder na vore. Ek vergeet om 'n witbrood van die dorp af saam te bring, maar onthou hoe ek sewentig jaar gelede my groottoon se nael teen 'n klip in die agterplaas afgestamp het. Ek weet dat ek een van die dae moet gaan en dan gaan hierdie bottel verouderde wyn saam met my. Hulle sê dat 'n mens niks kan saamneem nie, maar ek weet dat daar ook niks van 'n mens kan agterbly tensy jy dit neerskryf nie.

Om hierdie rede het ek besluit om my bydrae te lewer, hoe goed of hoe gering dit ook al mag wees, sodat die nageslag ook kan proe aan die wyn uit die wingerd van gister en eergister.

Daar was so baie mense wat my in hierdie onderneming gehelp het dat dit moeilik is om almal te noem en nie dalk party oor te slaan nie. My opregte dank aan

- Kobus du Plessis wat homself die taak opgelê het om die foto's vir die boek te voorsien. As amateurfotograaf het hy ou foto's wat hy opgediep het, geherfotografeer om hulle vir publikasie geskik te maak. Nadat my gesondheid dermate verswak het dat ek nie meer kon reis nie het Kobus voortgegaan om navorsing in Kaapstad en elders te doen en waardevolle dokumente en foto's in die hande gekry wat in die boek opgeneem is. Sy bydrae tot hierdie boek kan moeilik na waarde geskat word
- my dogter, Annetjie (Botma) Poller, wat die reusetaak verrig het om hierdie werk voorlopig te redigeer
- Milla Hugo met haar wonderlike geheue en haar hulp met die opstel met die kaart van Ceres
- Bettie (Lakenvlei) van der Merwe
- Ant Naomi van der Merwe vir haar lekker vertellings
- Molly Bosman en haar suster Elma (Bosman) du Toit
- Oom George Kershoff vir sy vertellings oor Dirk Ligter
- Lourens van Dyk van die plaas Slagboom vir gegewens oor die Van Dyk-moord
- Mnr Leon Vorster en mev Joubert van die Montagu-museum
- Mnr Joss Kahn van Prince Alfred's Hamlet, vir gegewens oor die stigting en geskiedenis van daardie dorpie
- Mnr J P G Underhay vir verlof om sekere gegewens vervat in die boek *Ceres Honderd*

Jaar Oud wat in 1955 deur hom en wyle ds H C Hopkins opgestel is, ter aanvulling te gebruik

- Willy Hambly vir sy hulp om die herinneringe van die verlede weer te laat herleef
- Alma du Toit (Bosman) van Ceres vir waardevolle koerantknipsels
- Unisa Uitgewers vir hulle bereidwilligheid om my vertellings te publiseer.

A handwritten signature in black ink, reading 'F. Botma' in a cursive script.

François Botma



Proloog

Wie kan nog die Ceres van gister en eergister onthou? Die klein dorpie met sy gruisstrate gesoom met groen gras van die ryvlak af tot by die beurtwatersloot teen die erfheinings? Op hierdie groen gras het ek meer as sewentig jaar gelede handeviervoet gekruip om knikkers te soek. Wie weet nog van knikkers met lang krom steeltjies wat wegkruipertjie met jou gespeel het tussen die fynkweek en ander gras? In die woordeboek word hulle aangegee as ‘froetangs’.

In hierdie rustige klein dorpie het jy gevoel dat jy saam met jou Skepper leef, want net Hy kon so ’n klein juweel aan die voet van die Rooikrans geplaas het.

Daar is min van ons wat nog die Ceres van eergister kan onthou. Wat ek egter nog helder voor die gees kan roep is die aantal rampe wat ons pragtige dorp in die verre verlede getref het.

Een oggend vroeg in die twintigerjare staan die Ceres Hotel in die Voorstraat, regoor die ou Engelse kerkie (die Anglikaanse St Andrew’s Church), in ligte laaie. Op pad skool toe het ek saam met die toeskouers op die sypaadjie buite die heuphoë ringmuurtjie my eerste groot vuur aanskou. Ceres het nog nie ’n brandweer gehad nie en die emmers water geskep uit die groot leivoor langs Munnikstraat kon nie hond haaraf maak nie. En toe versprei die ontstellende tyding: meneer Bassingthwaighte, die hotelbaas, is soek en kon nêrens gevind word nie. Was hy dalk in die gebou vasgekeer om deur die vlamme verteer te word? Maar nee, hy is later in die kolehok agter die smeulende puin gevind met die pistool waarmee hy homself geskiet het nog in die hand.

Die Ceres Hotel is nie weer herbou nie, en een van die ou landmerke op ons dorpie het

saam met sy eienaar verdwyn en net 'n spook agtergelaat om die kinders te verwilder wat snags vrugte in die verlate tuin kom steel het.

Baumann's Store, net oorkant Munnikstraat, was volgende aan die beurt om die vlamme ten prooi te val. Maar hierdie winkel is weer herbou en meneer Jacobs het sy besigheid hervat met Oom Petrus de Kock, fluks en wakker, met krom bene en al, agter die toonbank.

Meneer A M Frick se winkel, wat toe al onder andere ook naaimasjiene verkoop het, het ook sy beurt afgewag en gekry. Almal het gaan hand bysit om te help red wat nog te redde was. Die drie pretmakers op die dorp, Gus van der Merwe, Attie Herbst en Nathan Sarembock, het Jockey Levin se kroeg in die Grand Hotel vir 'n wyle verlaat om hul pret by die vuur te kom voortsit. Gus het voor die stukkende vertoonvenster gestaan om die goed aan te vat wat van binne af aangegee word en dan aan die ketting agter hom te voer. Die items wat nie sy goedkeuring weggedra het nie, het hy egter weer terug in die vuur gegooi.

Die aangrensende huis was ook in gevaar. Die omstanders het toe ook dié huis se meubels tot op die sypaadjie begin uitdra. Toe die klavier grond vat het Gus sy pos verlaat, voor die klavier plaasgeneem, sy handpalms met genoegdoening teen mekaar gevryf en *Keep the Home Fires Burning* gespeel. Therese Veldsman het ook handjie kom bysit om die verrigtinge met klavierspel op te luister.

Hoewel meneer Frick se winkel die brand oorleef het, het hierdie landmerk ook verdwyn. Die ou poskantoor en landdroskantore is later op dié perseel opgerig.

Die jare het verloop en eergister het gister geword toe Oom Piet Rosenleft se huis in Krigestraat iewers in die veertigerjare op 'n Saterdagagaand aan die brand geraak het. Dit was 'n snaakse vuur want die vlammetjies het reg rondom die huis op geuthoogte uitgeslaan.

Ceres het toe al 'n brandweer gehad, 'n tweewiel-karretjie met 'n petrolenjin en 'n pompie daarop gemonteer, wat tweedehands van een of ander munisipaliteit aangekoop is. Die water moes maar by die naaste pypaansluiting gevind word, indien daar een beskikbaar was. Matewis Steenkamp was die 'chief' maar was dié naweek met verlof. Wynand Louw kon nie die enjin aan die gang kry nie, en toe die battery sy laaste kreun maak en die gees gee, het daar al 'n dam brandstof onder die masjien op die grond gelê. Willem (ek vergeet sy van), wat 'n dop of wat te veel agter die blad gehad het, wou opsluit die affêre aan die brand steek en het brandende vuurhoutjies begin rondgooi. Hy is met moeite in toom gehou, en van stilbly was daar geen sprake nie.

Toe die vuur reeds goed aan die gang was het iemand 'n blink gedagte gekry. Hy het die brandslang 'n straatblok verder direk aan die hoofpyplyn gaan koppel en die kraan oopgedraai. Die vergete brandslang, pap en leweloos op die grond, het meteens lewe gekry en begin krul en wriemel soos 'n slang wat met 'n klip raakgegooi is. Voordat iemand kon tussenbeide tree het hy sy kop opgelig asof hy wou pik en die straal water op die meubels en toeskouers in die straat gespu. In die harwar het Willem agteruit teen 'n klerekas gesteier wat stadig agteroor geslaan het met Willem bo-op oopgesper asof hy gekruisig word. Iemand het 'n breërand-strooihoed op sy kop geplaas om die prentjie te voltooi.

Maar die Ceres van gister het ook voorspoed geken. Na die Tweede Wêreldoorlog het die sagtevrugtebedryf gefloreer; Ceres Fruit Growers Pty (Ltd) is gebore en het sy eerste waggelende treetjies gegee. Piet Bosman se vrugte-inmaakfabriek het tot stand gekom en, tot misnoeë van die boere, lone die hoogte laat inskiet. Ceres het saam met die vrugtebedryf gegroei, uit sy nate gebars en van die omliggende plase verswelg. Ja, dit het goed met ons gegaan ... tot 29 September 1969.

Soos 'n dief in die nag tref die ystervuis van Bo ons dorpie, en sy mure tuimel ineen soos dié van Jerigo van ouds. Maar wonder bo wonder verrys 'n nuwe Ceres uit die puinhoop van die Ceres van gister: die Ceres van vandag. 'n Moderne dorp, 'n mooi dorp, 'n skoon dorp wat ons leer liefkry het; maar die Ceres van gister en eergister het vir altyd verdwyn en net herinneringe nagelaat vir dié van ons wat nog kan onthou.



Eergister

Hoewel hierdie nie 'n geskiedkundige boek in die ware sin van die woord is nie, maar bloot 'n vertelling van die wel en wee van die mense wat vanaf die vroeë twintigste eeu hier gewoon het, sou so 'n verhaal nie volledig kon wees sonder 'n berig oor die oorsprong en groei van ons dorpie, Ceres, nie.

'n Toegangspad tot die Ceres-vallei

Jan Mostert van die plaas Wolvenkloof, naby die Wittebrug, het in 1765 die eerste pad van sy plaas al langs die loop van die Dwarsrivier na Ceres gebou. Hierdie pad, bekend as Mostertshoekpas, was feitlik onbegaanbaar en het die Dwarsrivier etlike kere gekruis, met die gevolg dat dit glad nie gedurende die reëntye begaanbaar was nie. Die pas het ook onderkant 'n waterval verbygeloop waar die pad so steil geword het dat die waens daar uitmekaargehaal en stuksgewyse teen die berg uitgedra moes word.

Hierdie pas is 83 jaar lank gebruik totdat Michellspas in 1846–1848 deur Andrew Geddes Bain teen 'n koste van £21 000 gebou is. Dié pas is na kolonel C Michell vernoem wat twintig jaar lank landmeter-generaal van die Kaapkolonie was.

Michellspas was 'n meesterstuk vir daardie dae. Dwarsstroompies is met stewige klipstapelwerk oorbrug en harde rots is teen die berghelling weggeskiet.

'n Tolhuis is in die pas aangebring en, volgens Wet nr 9 van 1858, vervang deur Wet nr 22 van 1873, is die volgende tolgehef:

- 1 Op elke vierwielvoertuig wat nie van 'n hout- of ysterremskoene voorsien is nie, die som van drie pennies per wiel;



2 Michellspas



- 2 Op enige ander voertuig, twee pennies per wiel;
- 3 Op elke dier wat 'n voertuig trek, een pennie;
- 4 Op elke dier wat nie 'n voertuig trek nie (buiten skape, bokke en varke) twee pennies; en
- 5 Op elke skaap, bok of vark, 'n halwe pennie.

Bain se Michellspas is byna 'n eeu lank gebruik totdat 'n betonpad op 31 Maart 1946 deur die Afdelingsraad van Ceres voltooi is.

Die treinverkeer tussen Wolseley en Ceres is mettertyd deur padverkeer wat oor Michellspas geloop het, vervang. Die goederevoertuie het egter weldra te swaar vir die pad se betonblad geword. Die pad was boonop ook te nou om die steeds toenemende volume verkeer te hanteer en die Kaapse Provinsiale Administrasie se Paaie en Verkeers-administrasietak moes noodgedwonge 'n nuwe, verbeterde pas laat ontwerp en beplan. Die konstruksie van die nuwe pas het in 1988 'n aanvang geneem, en die pragtige, breë Michellspas van nege kilometer lank en wat R42 miljoen gekos het, is op 21 Oktober 1992 amptelik geopen.

Maar nou het ek my storie vooruitgegaan en moet ons terugkeer na die ou Michellspas wat deur Andrew Geddes Bain gebou is.



3 Tolhuis in Michellspas



Ontstaan van Ceres

Die voltooiing van Bain se Michellspas in 1848 het klaarblyklik direk aanleiding gegee tot die ontstaan van die dorp Ceres. Die eerste erwe aan die wesoewer van die Dwarsrivier is op 21 Julie 1849 verkoop. Dié transaksies is op die sypaadjie voor die Tulbaghse magistraatkantoor beklink. Op 29 Oktober 1849 is vyftien van hierdie erwe op die name van hulle eienaars oorgedra. Hierdie erwe was op Kroongrond geleë terwyl die erwe aan die oosoewer van die rivier wat later verkoop is, deel van die plaas Rietvallei was.

Rietvallei, 'n plaas van 6 140 morges (ongeveer 5 259 hektaar), is in 1728 deur Willem van Heerden vir 'drie goed en bequaame vierjarige ossen' per jaar gehuur. Volgens wat berig word is Van Heerden in die sestigerjare van die agtiende eeu oorlede. Na sy dood het sy weduwee eers vir 'n ruk op die plaas bly woon. Nadat sy dit verlaat het, is Rietvallei in 1784 aan Sebastiaan Wolfaardt verpag. Hy het dit weer in 1832 aan sy seun, Petrus Jacobus François (alom bekend as Oom Piet), bemaak.

In 1854 koop ene Jan Hendrik Munnik ses erwe van Oom Piet Wolfaardt. Hierdie was die eerste erwe wat aan die oosoewer van die Dwarsrivier verkoop is en wat later as *The Glebe* bekend gestaan het. (Die Anglikaanse kerk, St Andrew's Church, staan vandag op een van dié erwe.)

Die eerste huise op Ceres is deur twee Skotte, Sandy Bain en Abé Taylor, gebou. Volgens oorlewering was die eerste huis op Ceres aan die wesoewer van die Dwarsrivier op die suidwestelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat, waar Piet de Wit (Piet Potlood) later sy winkeltjie gehad het.

Die eerste huis aan die oosoewer was Prudentia, die huis waarin Oom Ben Hough later gewoon het (op die kaart agter Krige & De Wet se kantoor aangetoon). Volgens oorlewering was dit die eerste woonhuis van die plaas Rietvallei wat deur een van die vroeë eienaars daar gebou is.

Ceres word 'n dorp


Mantel-, Buckland-, Meul- en Lyellstraat was die eerste vier strate wat in Ceres aangelê is. (Mantelstraat is met die Ossewatrek van 1938 na Voortrekkerstraat herdoop en Bucklandstraat met die Van Riebeeckfees in 1952 na Van Riebeeckstraat.)

Die Van Bredabrug oor die Dwarsrivier is op 7 Februarie 1855 ingewy. Daarna is die pad van Wolvenkloof af (later Wolwekloof – 'n plaas naby die Wittebrug waar die pad van Worcester af by Michellspas aansluit) tot by die plaas van George Sebastiaan Wolfaardt,

oos van Ceres, as 'n 'grootpad' verklaar. Die Van Bredabrug is onder die toesig van Thomas Charles Bain gebou en is na mnr D G van Breda, 'n lid van die ou Kaapse parlement, vernoem.

Volgens foto's wat in die Kaapse Museum opgediep is, is die eerste Van Bredabrug in die vroeë 1890's deur vloedwaters beskadig en is dit in ongeveer 1894 herbou of vervang. Die foto's toon dat die oorspronklike Van Bredabrug houtpilare gehad het wat aan die onderkant skuins na buite uitgesit was, terwyl die daaropvolgende brug regop pilare gehad het. Daar is ook ander verskille tussen die twee brûe, soos die meegaande foto's toon.

Kensington Edwards het in 1850 die eerste poskantoor in sy huis op Ceres gehuisves,



4 Die eerste brug oor die Dwarsrivier, of die oorspronklike Van Bredabrug




5 Westelike aansig van die Van Bredabrug 1855–1894 met Rooikrans in agtergrond



waarvoor hy £6 per jaar ontvang het. Daar kon egter nie vasgestel word waar sy huis geleë was nie. In Maart 1857 is mnr N G Vos (1811–1887) as die eerste posmeester aangestel. Mnr Vos is in 1861 opgevolg deur mnr James Warren, 'n onderwyser, met 'n salaris van £30 per jaar plus die kommissie wat hy op die verkoop van seëls verdien het.

Baumann's Store, Ceres se eerste groot winkel, is in 1855 deur Jan Hendrik Munnik en sy swaer, H L de Lange, opgerig. Mnr Munnik se seun, George Glaeser Munnik, was die winkel se eerste bestuurder.

6 Baumann's Store



Die munisipaliteit is op 3 November 1864 gestig met mnr J H Munnik as die eerste landdros.

Joubert- en Buckingham Palacestraat was die volgende twee strate wat uitgelê is. Mnr D J Joubert, eienaar van die plaas Morceaux (my oupa van moederskant), het die grond vir Joubertstraat aan Ceres se munisipaliteit geskenk. Buckingham Palacestraat was moontlik dieselfde straat wat vandag as Retiefstraat bekend staan. Die huis met die naam Buckingham Palace, waarin Pieter en Bessie Retief gewoon het, en wat geleë was op die plaas De Bosch, was min of meer in lyn met hierdie straat.

Omdat die Dwarsrivier nie genoeg lopende water vir Ceres se inwoners aan die oostekant van die rivier kon verskaf nie, is dié deel op 'n unieke wyse van water voorsien. Water is afgekeer uit die Skurweberge aan die westekant van Ceres na 'n watermeul wat in Meulstraat wes van die Dwarsrivier opgerig is. Van dié watermeul af is die water met 'n voorlangs gelei en dan met 'n houtgeut bo-oor die rivier tot in 'n verdelingsdam aan die oostekant van die rivier.


Dié houtgeut het oor die Dwarsrivier gelê, sowat 'n halfmyl noord van die Van Breda-

brug. Die geut is met lang pale van onder af oor die rivier gestut, maar die pale kon nie altyd die vloedwater weerstaan nie. Volgens oorlewering is die geut en sy pale vir die tweede keer in 1869 erg deur vloedwater beskadig. Dit is herstel, maar toe dit vir die derde keer weer eens deur vloedwater beskadig is, is dit in 1882 deur Oom Jan Keet, 'n leidende figuur in Ceres oor wie daar nog baie berig sal word, herbou. Dié keer het Oom Jan 'n nuwe geut asook 'n voetgangersbruggie, albei uit kiaathout vervaardig, daar opgerig. Die oorspronklike houtpale is vervang met klippilare wat in die rivier gebou is. Die geut het deel van die voetgangersbruggie gevorm, maar was heelwat hoër as die loopvlak van die bruggie.

Die voetgangersbruggie heet amptelik 'Minnaarsbrug' maar staan onder die Ceresiete as




7 Die ou watermeul in Meulstraat




8 Die eerste watergeut oor die Dwarsrivier wat in 1869 deur 'n storm verwoes is



9 Bo-aansig van die eerste watergeut oor die Dwarsrivier wat in 1869 deur 'n storm verwoes is, met die pyp waarmee die waterkar wat die strate soggensmoes natspuit, gevul moes word



10 Oom Jan Keet se watergeut en Lovers' Bridge wat uit kiaathout gebou was



'Lovers' Bridge' of sommer net die 'Kleinbruggie', bekend. In 1904 is Lovers' Bridge weer herbou, weer eens onder leiding van Oom Jan Keet, maar dié keer is die bruggie se houtloopvlak met beton vervang. Eers in 1926 is die geut deur 'n pyplyn van 15 duim deursnee vervang.

Die Standard Bank is in 1876 gebou. Die eerste bankbestuurder was mnr J Mitchell. Hy is later deur mnr R W Graaie opgevolg.

In 1878 is 'n bestaande losieshuis, Drett's (Brett's?) Boarding House, wat aan hierdie bankgebou aangelas was, omskep in 'n sanatorium vir teringlyers. In 'n brosjure getiteld *Ceres as a Health Resort in South Africa, Especially for Consumptive Invalides*, wat in Fleet Street, Londen, gedruk en in September 1890 deur die 'Ceres Sanatorium Company' uitgegee is, beskryf dr Gustav Adolph Robert Zahn, die distriksgeneesheer van daardie tyd, dat 'n bestaande losieshuis langs die poskantoor en regoor die landdroskantoor vir dié doel aangekoop, vergroot en ingerig is om aan die nodige vereistes te voldoen. Dié sanatorium is dus opgerig op die perseel in die Voorstraat waar die Standard Bank vandag nog geleë is.



11 Die eerste tering-sanatorium wat aan die eerste Standard Bank vasgebou was, met die eerste poskantoor aan die ander kant van die bank



12 Belmont Sanatorium vir teringlyers




Dr Zahn was aan die hoof van die sanatorium en daar word genoem dat dr Hurford ook daar behulpzaam was. Die voordele wat Ceres vir so 'n sanatorium kon bied, was die hoogte bo seespieël, skoon lug met baie osoon, en afwesigheid van suidoostewind en stof. Ceres het baie water gehad en die strate kon gereeld nat gehou word. (Stof het die oordraagbaarheid van teringkieme bevorder.) Die genoemde pamflet beveel ook aan dat indien pasiënte dit kon bekostig, hulle vir die wintermaande, wanneer dit baie nat op Ceres was, na Cradock moes gaan.

Heelwat later, in 1890, is 'n tweede teringsanatorium, Belmont, deur die Ceres Sanatorium Company vir die som van £8 000 gebou. Dit het goed ingerigte kamers vir twintig pasiënte gehad, elk met sy eie badkamer met water aangelê, asook 'n kaggel. Die eerste bestuurder was meneer R C Heberden en die pasiënte van dié sanatorium was ook onder die sorg van dr Zahn.

Die eerste koerant wat op Ceres uitgegee is, was die weeklikse *Ceres Standard* waarvan die eerste uitgawe op Saterdag 8 Mei 1886 die lig gesien het. Die uitgewers was Mader,

13 The Ceres Standard
van Saterdag, 12 Junie 1886



Carson & Kie. Meneer Carson het later na Engeland teruggekeer en Mader & Kie het met die publikasie van die koerant voortgegaan. Die koerant is met die hand geskryf, by wyse van deurslagpapier gekopieer en dan ook in dié vorm uitgegee. Eksemplare is teen ses pennies stuk verkoop.

Die eerste vyf uitgawes het verlore gegaan. Die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad besit egter 'n volledige stel kopieë van *The Ceres Standard* vanaf die sesde uitgawe van Saterdag 12 Junie. In dié uitgawe word onder andere berig dat mnr Price, die eerste sekretaris van die 'Landbougenoodskap', uitgetree het en opgevolg is deur M S Whiting, dat die Genootskap besluit het om 'n landbouskou in Februarie 1887 op die markplein op Ceres te hou (die markplein was op die hoek van die Voorstraat en Meulstraat, vandag Voortrekker- en Owenstraat), dat 1886 een van die droogste jare in menseheugenis was, en dat die suidoostewind baie stof opgewaai het. In September het daar egter vier en 'n half duim reën geval wat veroorsaak het dat die Dwarsrivier in vloed afgekom het en een voet hoër gestyg het as die vorige hoogwatermerk.

Volgens *The Ceres Standard* van Saterdag 12 Junie 1886 was daar ook, onder andere, 'n besigheid op Ceres wat deur ene A Solms bedryf is. Daar kon egter geen inligting of foto's oor die oprigting, aard of geskiedenis van dié besigheid gevind word nie.

Die eerste hotelle

.....


Mnr C J van der Merwe was 'n slagter en ook die eienaar van die eerste hotel op Ceres, naamlik die Pilgrim's Rest Hotel. Later is die Commercial Hotel op die mure van hierdie hotel gebou en mnr Van der Merwe se slaghuys het die naam Commercial Butchery gekry.



14 Pilgrim's Rest Hotel




15 'n Vrugtekarweierwa
voor die Commercial Hotel



Na mnr Van der Merwe was meneer C A R Brett die eienaar of bestuurder van die Commercial Hotel, en ná hom mnr C Schmidt, 'n Duitser. Dit is onseker welke een van die twee dié hotel na die Grand Hotel herdoop het. In die telefoongids van 1929 word aangegee dat mnr Schmidt die eienaar van sowel die Grand Hotel as die derde Ceres Hotel (kyk volgende paragraaf), op die hoek van Vos- en die Voorstraat was. Jockey Levin het die Grand Hotel in Augustus 1929 by hom gekoop en was die laaste eienaar van dié hotel. Na sy dood is die hotel gesloop. (Andrag Motors staan vandag op dié perseel.)

16 C J van der Merwe se
Commercial Butchery



Volgens foto's wat gevind is, was daar met verloop van tyd drie afsonderlike hotelle wat na mekaar die naam Ceres Hotel gedra het. Die eerste foto is in 1890 geneem en die naam van die hotel is duidelik leesbaar. Die eienaar was mnr A L C Bergmann, 'n gebore Hollander wat in 1873, terwyl hy eienaar van die hotel was, oorlede is. (Hy was die vader van Alexander Lodewyk Cornelius Bergmann (1861–1939), wat voorsitter was van die


Afdelingsraad vanaf 1925 tot 1938, asook van Ceres se skoolraad vir ongeveer 25 jaar.) Hierdie foto is in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad gevind maar sonder enige meegaande skriftelike of ander ophelderende inligting. Daar kan ook nie deur die agtergrond bepaal word waar hierdie rietdakhotel geleë was nie.



17 Die eerste Ceres Hotel




Die tweede Ceres Hotel was op die noordwestelike hoek van die Voorstraat en Munnikstraat, regoor die Engelse kerk geleë en dit was dié hotel wat, soos reeds beskryf is, in die 1920's afgebrand het. Die eienaar, mnr Bassingthwaite, was in finansiële ongeleentheid en die hotel sou die volgende dag per openbare veiling verkoop word. Hy het die gebou vroeg die oggend aan die brand gestee en homself in die kolehok om die lewe gebring. Die gebou het twee erkers aan die voorkant gehad. Volgens oorlewering bestaan daar vandag nog stories van hoe dit later daar op die perseel gespook het.



18 Die tweede Ceres Hotel





Die derde Ceres Hotel was op die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Vosstraat en was die ou Waverley Hotel wat later na Ceres Hotel herdoop is. Hierdie hotel was 'n dubbelverdieping met 'n houtbalkon aan twee kante op die boonste verdieping. Volgens die telefoongids van 1929 was mnr Schmidt, eienaar van die Grand Hotel in daardie jaar, ook die eienaar van dié Ceres Hotel. (Vandag staan die supermark Shoprite op dié perseel.)

Volgens geskrifte wat gevind is, word gemeld dat daar aan die einde van die negentiende eeu etlike hotelle en losieshuise op Ceres was.

Ceres in die jare 1890-1900



In 1890 is daar onder toesig van Oom Jan Keet twee swembaddens, een vir mans en een vir dames, op Ceres gebou. Vanaf Januarie 1892 kon Ceres se inwoners 'n maandkaartjie teen 2/6 of 'n jaarkartjie teen 12/6 koop om die swembaddens te gebruik. Mev Keet, wat die kaartjies verkoop het, het 'n kommissie daarop verdien in ruil vir toesighouding oor die baaiers.

Ceres se eerste musiekvereniging, die Ceres Musical Society, is in 1891 deur die bestuurder van die Standard Bank, mnr R W Graaie, gestig. In 1897 is dié vereniging se naam na die Ceres Musical and Dramatic Society verander.

Aangesien die dorp se strate in daardie tyd nie geteer was nie, is 'n waterkar gebruik om

die strate soggens nat te spuit en sodoende die stof wat deur voertuie opgewarrel is, te probeer verminder. Van die eerste waterkar is daar nie veel bekend nie. Dat daar egter een moes gewees het, kan afgelei word van die foto van die eerste watergeut wat in 1869 deur vloedwater vernietig is (kyk foto 9) en waarop die pyp waarmee die waterkar gevul moes geword het duidelik sigbaar is.

Wat wel bekend is, is dat 'n waterkar in 1892 vir £22 aangekoop is wat, volgens oorlewering, deur vier osse getrek is. Dié waterkar is die daaropvolgende jaar teen 'n wins van £1 aan die Afdelingsraad verkoop. Die volgende waterkar wat aangeskaf is, is (weer eens volgens oorlewering) deur vier esels getrek en is in die jare 1895–1896 gebruik.

In 1892 is Oom Jan Keet teen 'n salaris van £50 per jaar as superintendent van Ceres se strate aangestel. Hy was ook in beheer van die watermeul in Meulstraat wat water vanaf die Skurweberge aan die westekant van die dorp met behulp van die geut oor die Dwarsrivier na die oostekant van Ceres gebring het. Vir dié taak het hy 'n bykomende salaris van £90 per jaar verdien. Na die dood van dr Zahn op 30 Desember 1900 is Oom Jan ook deur die stadsraad as Ceres se gesondheidsbeampte aangestel.

Teen 1893 was Ceres reeds 'n volwaardige dorpie. In die *Argus Annual & South African Directory* van daardie jaar word Ceres soos volg beskryf:

Ceres is a very pretty and English-looking town, and was laid out in the year 1854; situated ten miles from Ceres Road Station, at the foot of Mitchell's [*sic*] Pass, through which Pass, remarkable for its beautiful scenery, the village is approached; it is surrounded by rugged mountains presenting a very volcanic appearance, and partly by mountains fairly clothed principally with varieties of the Protea. The town, which is about one and a half miles long, and a half a mile in width, has a population of nearly 1,800 inhabitants. It is bountifully supplied with water, the Dwars River running through the centre, and a never failing supply of the purest spring water has been brought in at an expense of over £4,000, from the Witzenberg range of mountains through the town, crossing the Dwars River in teak, on very handsome stone piers. Each street has a row of oaks, which grow luxuriantly on either side. Fruit is abundant. A branch of the Standard Bank is established here. Telegraphic communication from 8 a.m. to 6 p.m.; postal communication twice a day each way from Cape Town. Also a Public Library, with a very large collection of books. The climate is remarkably fine, and Ceres has been pointed out on several occasions by eminent medical men as a desirable site for a Sanatorium, which has now been started and is largely patronised. The main transport road formerly lay through this village. The construction of the railway has not, as was at one time supposed, interfered with the prosperity of this village. It is a marked feature in the progress of the place that nearly all the old buildings have been renovated, and many new ones erected within the last few years, and that

tree-planting is being extensively carried on. Ceres has an extensive back country, and with the trade of Calvinia and Sutherland passing through it, a ready market for the disposal of grain and other produce will always be afforded.

Ceres se Victoria Recreation Ground is in 1897 aangelê. 'n Fietsbaan is in 1899 daarby gevoeg, 'n croquet-baan in 1905, en 'n gholfbaan in 1907.

Vanaf 1899 is die akkers van die eikebome langs die dorp se strate verpag en op 26 Oktober 1899 is die eerste forelle in die Dwarsrivier geplaas.

Met die Boereoorlog van 1899–1902 is Ceres se skoolkomitee deur die Engelse afgedank. (Ceres se skoolkomitee was blykbaar die enigste een wat dié lot te beurt geval het.) Die hele skoolpersoneel is in die pad gestee en die skoolhoof, mnr Gericke, is, saam met sy eerste assistent, mnr Ackerman, as 'undesirables' verklaar en by Matjesfontein geïnterneer.

Die vroeë twintigste eeu



Die stadsraad se planne om Ceres van elektrisiteit te voorsien is eers teen 1910 ten uitvoer gebring toe die pype vir die water om 'n turbine aan te dryf, aangelê is. Die turbine is vir die bedrag van £2 000 deur die firma Koch en Dixie aangebring. Ceres se elektrisiteit is op 13 Februarie 1911 aangeskakel, met 'n kraglewering van 22 kilowatt. In 1911 is Charles Owen as amptenaar in beheer van hierdie elektrisiteitskema aangestel. Sy vergoeding was 'n salaris van £15.10s per maand plus die vrye bewoning van die ou meulhuis in Meulstraat. Intussen is vier 'spaarzaam ligte' bestel wat op die donkerste plekke in die strate opgerig is. Die plig om die ligte saans en soggens respektiewelik aan en af te skakel, was dié van die jonge heer Ulrich Reynecke.

Dié hidroëlektriese skema was egter nie heeltemal doeltreffend nie, veral in die somermaande wanneer die water nie so sterk geloop het nie. Derhalwe het die munisipaliteit in 1913 'n bykomende oliemasjien met 'n lening van £750 aangekoop. Die oorspronklike turbinestelsel van 1911 is in 1928 met dieselenjins en batterye vervang. Dié skema is op 17 November 1928 tesame met die nuwe betonbrug wat na mnr Van Breda vernoem is, ingewy.

Volgens wat vasgestel kon word was Ceres een van die eerste plattelandse dorpe wat elektrisiteit gekry het, en ongetwyfeld die eerste een wat 'n waterturbine vir dié doel aangewend het.

Die South African Bioscope Company het reeds in 1910 die reg verkry om, sodra elektriese krag beskikbaar sou word, bioskoopvertonings in Ceres se destydse stadsaal te hou. Volgens oorlewering was dié ou stadsaal regoor die NG-Moederkerk aan die westekant van Meulstraat geleë. Met die voltooiing van Ceres se nuwe stadsaal in 1910 en die koms van elektriese krag in 1911 is die ou stadsaal in 'n bioskoop omskep en aan The People's Bioscope Company verhuur. Rolprente is twee aande per week vertoon. Die aande wat daar nie bioskoopvertonings was nie, is die ou stadsaal as 'n rolskaatsbaan gebruik. Mnr H Baartman, wat die skaatsery gereël het, het die stadsaal vir dié doel teen 10/- per aand gehuur.

In 1908 is daar 'n ingenieur aangestel om 'n spoorlyn vanaf Ceresweg (Wolseley) na Ceres af te steek. Ten spyte van die ongelooflike koste van £2 000 wat daaraan verbonde was, kon die ingenieur geen hond haaraf maak nie, en die saak is gewonne gegee. Oom Jan Keet, wat daarna vir dié taak genader is, het daarin geslaag om die roete binne drie maande af te steek en uit te pen en dit nogal met behulp van baie primitiewe instrumente, waarvan hy die meeste self ontwerp en gemaak het. Die spoorlyn, wat op 18 Mei 1912 ingewy is, is van begin tot einde op Oom Jan se penne gebou. Die enigste plek waar daar van Oom Jan se penne afgewyk is, was by die Koffiegat en waterval, waar 'n tunnel vir die treinspoor gebou is, pleks van Oom Jan se penne te volg wat met 'n draai om die Koffiegat ingeslaan was.



20 Inwyding van die
spoorlyn tussen Wolseley en
Ceres op 18 Mei 1912



Op 10 April 1928 is die spoorlyn vanaf Ceres na Prince Alfred's Hamlet deur die destydse Minister van Spoorweë en Hawens, C W Malan, alom bekend as Charlie Malan, ingewy. Hierdie spoorlyn van 6 myl het £48 000 gekos om te bou, £10 000 meer as wat aanvanklik daarvoor begroot is.

Destyds was die stuk grond noord van Parkstraat bekend as Swartvlei weens die kleur van die grond. Dit was die gebied waar die vrygestelde slawe gewoon het. Om plek te maak vir die uitbreiding van die dorp is die nasate van die eertydse slawe in 1919 uit Swartvlei verskuif na die kleurlingwoonbuurt, die Rooikamp en The Glebe, waar die kleurlinge wat aan die Engelse Kerk behoort het gewoon het. Albei dié woonbuurte was aan die suidekant van Ceres geleë. Dit was klaarblyklik 'n langsame proses, want die laaste gesin, dié van Carolina Meiring, het eers in 1924 getrek.

Meulstraat, beter bekend as Mill Street (so genoem nadat die watermeul in ongeveer 1882 langs dié straat opgerig is), se naam is vermoedelik in die twintigerjare na Owenstraat verander, maar oor presies wanneer die naamsverandering plaasgevind het en na watter Owen dit vernoem is, kan slegs gegis word.

Dit is moontlik dat Meulstraat later na Charles Owen, hoof van Ceres se eerste elektrisiteitskema, vernoem is. Daar kon egter geen bewyse gevind word dat dit juis na hom was wat dié straat vernoem is nie. Dat Meulstraat wel later na Owenstraat herdoop is, blyk uit 'n poskaart in my besit wat ene Gerrit Snyman in 1925 aan 'Mrs J.W. du Plessis, Mill Street, Ceres' gepos het. Bo-oor die stuiwer- (halfpennie-)seël wat op die kaart geplak is, is die posstempel van Ceres se poskantoor met die datum 4 Desember 1925, duidelik sigbaar. Hiervan kan afgelei word dat die herdoop van Meulstraat na Owenstraat óf na 1925 moes plaasgevind het, óf dat dit dalk vroeër kon geskied het, maar dat die ou straatnaam nog deur sommige mense gebruik is nadat die straat reeds na Owenstraat herdoop was.

In 1923 is Ceres Fruit Growers Cooperation as 'n handelskoöperasie gestig om in die behoeftes van die boere te voorsien. Daar dit nie produkte hanteer het nie, het dit met die depressie van 1930 in finansiële ongeleentheid geraak. Die koöperasie het toe sy handelsbedrywighede gestaak maar nogtans bly voortbestaan totdat dit in 1952 in 'n verpak-kingsonderneming omskep is.

Dit was eers in 1931–1932 dat die eerste strate in Ceres geteer is. Hulle was Mantel- (die Voorstraat), Vos- en Munnikstraat, asook 'n deel van Buckland- en Owenstraat.

Die stigting van Prince Alfred's Hamlet



Ceres was van die begin af nie sommer 'n hierjy-dorp nie. Dit spog reeds vanaf die 1850's met sy eie 'voorstad', Prince Alfred's Hamlet. Dié 'voorstad' het sy beslag gekry toe George Sebastiaan Wolfaardt in Maart 1851 'n deel van sy plaas Rietvallei aan Johannes

Cornelius Goosen vir die bedrag van £6 000 verkoop het. Tien jaar later, in 1861, het Goosen 'n deel van hierdie grond, wat hy Wagenboomsrivier gedoop het, in 90 erwe opgesny wat hy eweneens vir £6 000 verkoop het en so die stigting van Prince Alfred's Hamlet tot stand gebring het.

Goosen het hierdie naam vir die dorpie gekies omdat die tweede seun van koningin Victoria, prins Alfred Ernest Albert, tydens sy omswerwing die eerste lid van die Britse vorstehuis was wat in Suid-Afrika voet aan wal gesit het. Dié swierige naam vir hierdie klein dorpie word egter net op amptelike dokumente en vir adressering van briewe gebruik. Vir die inwoners van Ceres en selfs vir dié van Prince Alfred's Hamlet is laasgenoemde dorpie al die jare maar slegs as 'Hamlet' in die volksmond bekend.

Die ou wapad van Ceres na die Kouebokkeveld het die Schaaprivier destyds met 'n drif gekruis. Die drif was vlak voor die ingang na Hamlet. Die gedeelte van hierdie pad wat die hoofstraat van Hamlet gevorm het, dra vandag die naam Wiehahnstraat.

Hamlet se eerste winkel en hotel, bekend as die Commercial Hotel, is deur John James Taylor in dié straat gebou. Sy oupa, ook John Taylor, is in 1788 in Scone in Skotland gebore en het in 1817 as predikant na die Kaap gekom. Een van dié se seuns het in Kaapstad gaan woon waar hy 'n besigheid gehad het en ook met renperde geboer het. Daar is John James in 1841 gebore.

As jongman het John James by Kimberley gaan diamante delf, waar hy die waarde van vervoerondernemings besef het. Terug van die diamantvelde het hy etlike muilspanne en waens aangeskaf en sy hoofkwartier op Hamlet gemaak waar hy die winkel en hotel gebou het. Die trein het toe nog net tot by Wellington geloop waarvandaan hy die goedere met sy muilwaens vervoer het. Hy het ook heelwat wingerd aangeplant en drank gestook om te verkoop. Sy vrou, Elizabeth, was van Wellington afkomstig.

Gedurende die Boereoorlog van 1899–1902 was daar van die jong manne wat by die Boerekommando wat in die Kouebokkeveld rondgetrek het wou gaan aansluit, maar hulle kon nie die kommando vind nie. Honger en moeg het hulle by die hotel aangekom en kos gevra aangesien hulle proviand gedaan was. Daar hy hulle geken het, was Taylor jammer vir hulle en het hulle van die nodige voorsien hoewel daar heelwat Engelse soldate by die hotel was. Iemand het hom egter gaan verraa en daar is op al sy goed beslag gelê. Hy en sy familie is ook aangesê om op Ceres te gaan woon waar hulle tot aan die einde van die oorlog gebly het. Na die oorlog het hy feitlik niks van sy goed teruggekry nie en moes hy die bietjie wat hy nog gehad het verkoop en 'n ander heenkome gaan seek. Hy is in 1915 in Johannesburg oorlede.

Dit is dan in 'n neutedop 'n oorsig van die ontstaan van Ceres, 'n dorp wat knus in die krater van 'n oeroue vulkaan rus. Dit is in dié dorp, omring deur beskermende bergkettings – die Skurweberge, Gydoberg, Waboomberg, Theronsberg en aan die punt van die Hexrivierberge, die majestieuse Matroosberg – waar ek gebore is, opgegroeï en al my lewensjare deurgebring het. Hierdie ryke herinneringe wil ek met u deel en u vertel van my jeugjare, my jongman-streke, my vriende. Maar bowenal wil ek u vertel van ons mense, die Ceresiete, van gister en eergister.



Plase by Ceres se oostelike ingang

As ek aan die verlede dink, gaan daar 'n kaleidoskoop van mense, plekke en gebeurtenisse voor my geestesoog verby, 'n warboel waaruit ek orde sal moet skep om 'n deurlopende verhaal te vorm. Dit is moeilik om te besluit waar om te begin.

My eie plaas, Quarta, waar ek tot aan die einde van 1993 woonagtig was, is aan die oostekant van Ceres geleë, en ek het al die jare die dorp van hierdie kant af binnegekom. My herinneringe aan Ceres en sy mense van toentertyd kom dus natuurlikergewys van die ooste- na die westekant van die dorp by my op. Derhalwe het ek besluit om u te nooi om saam met my van die oostelike ingang na Ceres tot aan sy westelike eindpunt, daar waar die Voorstraat teen die 'Nekkie' begin opkronkel en die begin van Michellspas word, te wandel. Agter in die boek is daar 'n aantal kaarte wat u kan gebruik om my wandeling met u deur die dorp, en later ook deur Ceres se kontrei, te volg. Ons begin by die drie plase Dubbelbreed, De Bosch, en Morceaux, wat destyds hier vlak voor die dorp se oostelike munisipale grens geleë was.

Dit is nie die doel om oor my as persoon te skryf nie, maar ek was so betrokke by en het so nou saamgeleef met die verlede, dat ek genoodsaak sal wees om sommige van my eie ondervindings in te weef.

Oom Piet Wolfaardt van Dubbelbreed



As ons in die vroeë twintigerjare Ceres uit die ooste van die Warmbokkeveld se kant af sou nader, kom ons daar waar die Ezelsfontein-pad afdraai, by Morgenzon, die plaas van

Oom Fanie Malherbe, verby. Morgenzon was vroeër, toe dit nog aan Oom Piet Wolfaardt behoort het, as Dubbeldbreed bekend. Van Oom Piet Wolfaardt word daar menige staaltjies vertel, onder andere dat hy sulke lekker brandewyn en dergelike goedjies gestook het. Ek kan nie vir die waarheid van die volgende staaltjie instaan nie, maar dit is soos dit aan my vertel is.

Soos vandag nog die gebruik is, het die Engelse Kerk Sondagoggende 'n vroeë diens gehad wat dan die lidmate geleentheid gegee het om nog so 'n besoekie of wat voor middagete te gaan aflê. Daar word vertel dat party van die lidmate van die Engelse Kerk danig bevriend met Oom Piet geraak het en heel dikwels na afloop van die kerkdiens by hom gaan kuier het. Met egte boeregasvryheid het hy dan vir hulle 'n ietsie voorgesit om te drink, met die gevolg dat sommige van hulle danig vriendelik vir middagete tuisgekom het. Die predikant het hierdie storie te hore gekom en besluit dat daar darem iets aan die saak gedoen moes word.

So het hy self een Sondagoggend na kerk sy treppie ingespan en by Oom Piet gaan besoek aflê. Of van die ander gaste hom gewaar het of nie, sal ek nie weet nie, maar hy was dié oggend die enigste besoeker op Dubbelbreed.

Oom Piet het hom vriendelik ingenooi, die tante het tee voorgesit, en hulle het lekker gesels. Die predikant het ook nie by die doel van sy besoek uitgekom nie, want hy kon nie bra so 'n ernstige saak te berde bring van hoor-sê nie. Toe hy aanstaltes maak om te vertrek, nooi Oom Piet hom om nog 'n wyle te vertoef en 'n ietsie sterkers saam met hom te geniet. Die predikant meen toe dat dit 'n gulde geleentheid sou wees om uit te vind hoe die groot aantrekkingskrag nou eintlik smaak.

Oom Piet het egter geweet hoe om 'n drankie te dokter wat onskuldig smaak maar met 'n goeie angel bedeed is, en die predikant het dit so geniet dat hy ook 'n tweede een gedrink het. En dis toe net daar waar sy arms en bene lammerig begin raak en sy spraak nie op die preekstoel aanvaarbaar sou wees nie. Oom Piet het toe self die predikant terug huis toe geneem, die perd daar uitgespan, in die stal gesit en voer gegee, en daarna teruggeloop plaas toe. Sy taak was afgehandel en die aanval afgeweer.

Wedervaringe op De Bosch

Van die plaas Dubbelbreed af loop die pad op die skeiding van De Bosch (Bosplaas) aan die suidekant en Morceaux aan die noordekant, twee van die pionierplase van die sagtevrugtebedryf.

Die plaas De Bosch het aan Oom Pieter en Ant Miemie Cillié behoort. Hulle twee oudste kinders, Pieter (alom bekend as Pietie) en Hester, was saam met my in dieselfde klas op skool. Pietie en ek was van kleins af boesemvriende en ek het derhalwe dikwels by hom op De Bosch gaan kuier.

Pietie was van jongs af lief vir diere en my eerste hondjie, Vlekkie, 'n foksterriër met bruin kolle, het hy dan ook vir my gegee. Sedertdien was ek nooit sonder 'n hond nie.

Op die agterstoep van De Bosch se ou opstal het ek leer driewiel ry, en was ek nie bietjie trots op hierdie prestasie nie!

Agter die woonhuis was 'n lemoenboord waar ons altyd lemoene gaan eet het wat maar taamlik suur was, want Ceres se klimaat is te koud vir lemoene. Die Titusrivier, 'n sytak van die Dwarsrivier, loop oor De Bosch. In dié rivier was 'n heerlike swemgat waar ons gereeld gaan swem het. Hierdie gat is vandag nog daar en ons het later as familie dikwels daar gaan piekniek maak.

Op De Bosch se werf was 'n yslike bobbejaan met 'n lang ketting aan 'n paal vas, met die houthok waarin hy snags geslaap het, bo-op die paal. Op 'n Sondag met Oom Pieter se verjaardag was daar 'n groot aanloop van vriende en familie om hom geluk te wens, en ons klomp kinders het almal op die werf baljaar. Oom Pieter se tweede jongste dogter, Ria, was 'n mooi kind en ons seuns was danig verlief op haar. Ek het ook 'n ogie op haar gehad, hoewel ek toe nog nie eers in die skool was nie, en het aan die ander vertel dat ek eendag met haar gaan trou. Hulle daag my toe uit om Oom Pieter om haar hand te gaan vra.

Ook nie links nie, stap ek somar na die voorstoep waar die mans sit en gesels, val die gesprek in die rede, en vra vir Oom Pieter of ek eendag met Ria kan trou. Daar was 'n doodse stilte en Oom Pieter was vir 'n oomblik uit die veld geslaan, maar toe hy tot verhaal kom, sê hy met 'n skalkse glimlaggie dat ek haar kon kry as ek die bobbejaan kon ondersit.

Maar Oom Pieter het my nie geken nie en ek maak somar dadelik aanstalties om die sakie te gaan afhandel en vat die pad na die arena toe.

'n Bobbejaan is egter 'n slim dier. Hy trek mos eers sy ketting styf en loop dan heen en weer terwyl hy ongemerk agtertoe beweeg om jou nader te lok. Terwyl ek my strategie uitwerk, trap ek in die strik en kom binne sy bereik. Hy gryp my aan die uitgestrekte regterarm, pluk my nader en sit my onder.

Hierna onthou ek nie veel nie, want dit was 'n blitsgeveg. Ek moes seker instinktief met my linkerarm voor my gesig gekeer het, want hy het die dikvleis net onderkant die elmboog aan flenters geskeur, maar gelukkig nie die spiere beskadig nie. Toe ek weer tot verhaal kom, lê ek op die naat van my rug met 'n see van gesigte rondom my. Die vrouens gil en die mans swaai arms om vir Kees te verwilder. Maar toe ek opkyk, sit Kees bo-op sy slaaphok op die paal en kyk met veragting op my neer. Ek kon sweer dat hy 'n meerderwaardige glimlag op sy bakkies gehad het.

Gehawend, bebloed en vernederd is ek uit die arena gedra, en ek het nie met Ria getrou nie. Na meer as sewentig jaar is die littenetekens van dié geveg nog duidelik op my arm sigbaar.

Pietie het sy hele lewe lank sy liefde vir diere behou. Hy het later jare 'n ingevoerde papegaai gehad wat feitlik nes 'n mens kon praat. Hy het ook 'n jong, mak leeu aangeskaf wat in die blomtuin rondgeloop het. Menige besoeker het hom boeglam geskrik as hy saam met Pietie op die stoep sit en tee drink en die leeu kom tussen die struik uit te voorskyn om te kom dagsê! Maar leeus, net soos bobbejane, het die gewoonte om later te groot en gevaarlik te word, en Pietie was genoodsaak om hom na 'n wildplaas te laat gaan.

De Bosch is later in drie dele opgesny. Die tweede deel is Lorraine gedoop, en die derde deel Forelle. Pietie het op die oorspronklike deel, De Bosch, geboer, sy een broer, Sarel, op Lorraine, en 'n ander broer, Malan, op Forelle. Hulle jongste broer, Koos, het op Laastedrif in die Kouebokkeveld (bo-op Swaarmoed) gaan boer en is vandag die voorsitter van Ceres Group (voorheen Ceres Fruit Growers). Hy het ook later Lorraine van sy broer Sarel gekoop voordat dié oorlede is.

My oupa se plaas, Morceaux

.....

Die plaas Morceaux was noord van die pad, regoor De Bosch, geleë. Danie en Maria Joubert, my oupa en oma van moederskant, het hier geboer.

Oupa was van die Paarl afkomstig en het vroeër onder andere met vrugte gesmous. In die Ceres-distrik het destyds oral soetsafraan- en kalbaspeerbome op die plase gegroei, en hy het die pere, asook ander vrugte, van die boere gekoop en bemark.

Daar hy gesien het dat sagtevrugte goed op Ceres aard, het hy besluit om hier met vrugte te kom boer, en rondgesoek om 'n plaas in die hande te kry. So het hy dan uiteindelik die

plaas Morceaux aangekoop. Dié plaas het uit drie stukke grond bestaan: 'n deel van die plaas Rietvallei, 'n deel van die plaas Schoonvallei, en 'n deel munisipale grond.

Die plaas het nie sy naam ontleen aan die Franse peervariëteit 'Glou Morceau', soos party mense geglo het nie, maar het dit op 'n heel interessante wyse verkry. Net nadat Oupa Joubert die plaas aangekoop het, het 'n Franse dame by hom kom besoek aflê, en hy het haar gevra om aan 'n naam vir sy plaas te dink. Nadat sy die geskiedenis van die plaas by hom gehoor het, het sy die naam Morceaux voorgestel, 'n Franse woord wat 'uit verskillende stukke saamgestel' beteken.

Oupa Joubert het self vertel hoedat hy aan die einde van die neëntiende eeu die eerste peerboord op die plaas aangeplant het. Volgens oorsese voorskrif het hy die bome 20 voet van mekaar af geplant, wat dan vir 'n mens reguit rye bome in vier rigtings gee as jy in die boord staan. Hy was nie bietjie trots op hierdie boord nie want volgens hom was dit die eerste vrugteboord wat op groot skaal in die distrik aangeplant is.

Op 'n Sondagmiddag, toe 'n vriend hom besoek, gaan wys hy hom die nuwe boord. Dié was heel beïndruk, maar vra hom toe: 'Maar Daantjie,' soos hulle hom genoem het, 'wie dink jy nou sal al hierdie vrugte opeet as die bome eendag dra?'



21 Danie en Maria Joubert
van die plaas Morceaux (my
oupa en ouma van moeders-
kant)



So het iemand van Calvinia se wêreld wat ook die boord gesien het, daar gaan vertel dat die boere so baie vrugtebome op Ceres het dat die goed glad in rye geplant moet word. Ek onthou nog hierdie boord wat voor die ou woonhuis gestaan het en vir baie jare goeie oeste gelewer het.

Oupa Joubert het vir Ouma, 'n nooi Van der Merwe, op die plaas Moerasvlei (later Boplaas) in die Kouebokkeveld ontmoet. (Moerasvlei word in sommige dokumente van 1824 en 1825 as Moddervallei aangegee.) Sy was die suster van die bekende Afrikaanse skrywer Boerneef se vader.

Dit was die gebruik dat ons gesin (Vader, Moeder en ons drie kinders), wat toe in Fabrikstraat op die dorp gewoon het, Sondagnamiddae op Morceaux gaan kuier het. Soms het ons soontoe gestap, maar later soms met die motor gery. Ek het ook dikwels as kind daar gaan kuier en het baie herinneringe uit daardie dae.

My oom Boetie

Oupa en Ouma Joubert het ses dogters gehad, waarvan een, Anna, my moeder was. Hulle enigste seun, Izak, is op vyf-en-veertigjarige leeftyd oorlede. Ons was baie lief vir hom en het hom 'Boetie' genoem. As Boetie Ceres toe geloop of met sy fiets gery het om besigheid te kom doen, het hy altyd by Moeder kom tee drink, en dan is ek toegelaat om op sy fiets in die straat voor die huis te ry.

Daar die fiets te groot vir my was, het ek 'side saddle' gery: my regterarm oor die saal gehaak, en my linkerhand wat stuur. My regterbeen het deur die raam gestee om die pedaal te trap, en gewoonlik was my regterkuit daarna pikswart besmeer van die ketting se olie.

Boetie het later vir hom 'n Red Indian-motorfiets met 'n 'side car' gekoop, maar die honde op die plaas het nie daarvan gehou nie en het hom gedurig gejaag. Toe hy eendag sy suster Myrtle se pragtige kolliel hond raakry, was die duiwel los. Myrtle het hom so sleggesê dat die see hom nie kon afwas nie!

Daar was ook 'n hanskraap op Morceaux se werf. Boetie het dié skraap geleer om wanneer hy sy hand na die skraap uitsteek, 'n paar treë terug te staan, dan met 'n vaart na hom toe aan te gallop en sy kop met 'n finale bokspring teen Boetie se hand te kom stamp.

Ek wou Boetie dié speletjie eendag nadoen, maar was heeltemal te lig in die broek. Die hanskraap het my onderstebo gestamp dat ek doer die kant val. Die skraap het blykbaar van hierdie nuwe speletjie gehou, want toe ek besig was om op te staan, kry ek die

volgende stamp op my agterwêreld. Terwyl ek die sand nog uit my mond spoeg, was dit weer so, maar teen hierdie tyd het ek so 'n keel opgesit dat Moeder en haar susters my uit die penarie kom red het. Die arme Boetie is lelik oor die kole gehaal omdat hy die skaap sulke slegte maniere geleer het. Die ding kon mos die arme bloedjie ongelukkig gestamp het!

Ek onthou nog dat Boetie 'n boorgat op die plaas laat boor en 'n 'Suction Gas'-enjin daarop gesit het om water te pomp. Die ding het egter meer gestaan as geloop en het op die ou end maar as 'n monument vir 'n mislukking gedien.

Boetie was 'n gesiene man en was trots daarop dat hy as lid van die 'Cape Town Club' aanvaar is. Die familie was egter geskok dat hy so spandawelrig kon wees: 'n dag in Kaapstad het hom soms tot soveel as £5 gekos!

Hy was eers verloof aan Maude Penz, 'n baie gawe meisie vir wie ons almal baie lief was. Om die een of ander rede is hy egter nie met haar getroud nie, maar met Annie Grobbe-laar, 'n nooi van Wellington. Hulle het een seun en twee dogters gehad. Die oudste dogter, Anne, later Anne McKenzie, het 'n bekende naelloopster geword. Hulle seun, Danie (alom bekend as Daan), het 'n mediese dokter geword en is later na Amerika waar hy getroud en later oorlede is.

My moeder, Anna

Anna, my moeder, was nog 'n tiener tydens die Boereoorlog van 1899–1902. In dié tyd was daar twee militêre kampe wat die Kakies opgerig het, een op die plaas De Bosch (net langs die pad waar die Provinsiale Administrasie se geboue vandag geleë is), en een oorkant die pad, op Oupa Joubert se plaas, Morceaux. Laasgenoemde kamp is dikwels deur die Kakies gebruik om oor te lê wanneer hulle op pad noorde toe was. Hulle het ook 'n gerolde doringdraadversperring tussen Morceaux en die dorp opgerig om toegang tot die dorp te beheer, met 'n bemande hek waardeur almal moes gaan om na of van die dorp te kom.

Moeder het egter korte mette met dié hindernis gemaak. Sy het altyd een van die kleurlingvroue op die plaas saam met haar geneem en dié het haar dan gehelp om deur die doringdraadversperring te klim wanneer sy Ceres toe wou gaan. Die kleurlingvrou het dan ook daar op Moeder gewag om haar weer deur die draad terug te help. (Dit bly vir my 'n raaisel hoe Moeder met die kleredrag van destyds deur 'n draadversperring soos dié kon kom, maar sy het dit vir die waarheid aan my vertel.)

Toe daar op 'n keer weer 'n kommando vir 'n paar dae op Morceaux vertoef het, het die drankies vryelik in die kamp gevloei, veral die dag voordat hulle die reis na die noorde voortgesit het. Die volgende dag het hulle vroegoggend begin woel en hier teen nege-uur se kant was hulle reeds weg. Moeder het om die barakke gestap om te gaan kyk of die kampplek skoon is, en kom toe op 'n Tommie af wat nog daar op die grond aan die slaap lê. Langs hom het sy perd, klaar opgesaal, gestaan, met al sy bagasie asook sy geweer op die perd se rug vasgemaak. Dit was egter duidelik dat die Tommie geensins haastig was om te vertrek nie.

By nadere ondersoek blyk dit toe dat hy nog so besope was dat hy nie kon opstaan nie. Sy makkers het hom skynbaar uit pure radeloosheid daar gelos. Moeder was egter nie al een wat inspeksie kom doen het nie, want 'n paar klein varkies het ook uit gewoonte kom kyk wat die Tommies vir hulle agtergelaat het. Onder hulle was enetjie wat die perde moes raakgetrap en sy rug beseer het. Hoewel hy 'n slepende agterlyfie gehad het, het hy heeltemal beweeglik met sy voorvoetjies geloop. Dit was op dié manier wat die varkie homself tot by die slapende Tommie gemaneuvreer het en met sy snoetjie in dié se gesig begin vroetel het, miskien deur die agterblewende drankwalms aangespoor.

Hierdie liefkosing het die Tommie dermate uit die slaap gewek dat hy eers so met een oog na die stoornis begin soek het. Toe sy blik op die varkie val, het die Tommie hom op sy elmboë gelig, die varkie se koppie met die hand gestreel en met groot deernis gesê: 'Friends we meet and friends we part.' Daarna het sy kop weer op sy arms teruggeval.

Namiddag, toe Moeder weer daar 'n draai gaan maak het om te sien of die Tommie al sy bewussyn herwin het, was hy reeds weg.

Oupa Joubert sou in dié tyd glo wyn verkoop het, miskien aan die Tommies, en is ook in die tronk gestop waar hy 'n hele ruk aangehou is.

My tante Myrtle

My tante Myrtle, Oupa en Ouma Joubert se tweede jongste dogter, het haar pragtige kolliehond met 'n wit kraag, die een wat Boetie amper met sy motorfiets verongeluk het, van iemand present gekry. Sy het hom die naam van 'Joelit' gegee. Nugter weet waar sy aan hierdie naam gekom het, miskien êrens in 'n boek gelees. Oupa was egter nie gediend met hierdie naam nie en het gesê dat dit 'n nonsense naam vir 'n hond is. Sy moet hom 'Jack' noem, maar Myrtle wou niks van dié naam weet nie. As Myrtle die hond 'Joelit! Joelit!' roep, dan roep Oupa hier van duskant af 'Jack! Jack!'. Hierdie oor en weer

geroepery het vir 'n geruime tyd voortgeduur, maar Oupa het later maar die handdoek ingegooi en Joelit het Joelit gebly.

My tante Borrie

My tante Borrie (Deborah), Oupa en Ouma Joubert se jongste dogter, was 'n laatlammetjie en sy en my suster, Mona, was omtrent ewe oud. Dié twee was byna sewe jaar ouer as ek en het altyd vir my weggehardloop omdat my geselskap hulle nie aangestaan het nie. Hulle het gereeld Ouma se gedroogde perskes gegaps en heerlijk daaraan gesmul, maar wou nooit vir my daarvan gee nie. Ek kon ook nooit uitvind waar hulle die perskes bêre nie, want hulle rokke het nie sakke gehad nie en hulle hande was altyd leeg. Toe ek hulle op 'n keer afloer, sien ek dat hulle hul hande onder hulle rokke insteek en dit daar by die rekkies van hulle destydse vroueonderklere uithaal. Ek het toe ook nie meer lus gehad vir gedroogde perskes nie.

Wanneer ek op Morceaux oornag het, het ek altyd by Myrtle en Borrie in die kamer geslaap. Dit was langs Oupa en Ouma se slaapkamer en Oupa kon vreeslik snork. Daar ek nie geweet het wat aangaan nie, het ek baie bang geword en dan het Myrtle my gepaai en verduidelik dat dit Oupa was wat so snork. Sy was egter altyd te vaak om te verduidelik hoekom hy so moes snork as hy slaap. Borrie is op 23 Januarie 1995 op sewe-en-tagtigjarige leeftyd oorlede.

Ouma Joubert

In die somer, wanneer die vrugte en groente ryp was, het Ouma Joubert op die stoepie voor die agterdeur gesit en die vrugte en groente geskil om dit te droog. Sy het altyd op 'n stofie gesit wat groter was as die gewones, want sy was 'n groot vrou.

Ouma het later beroerte gekry en daar, op Morceaux, in die slaapkamer op die dubbelbed gelê. Ek moes haar altyd gaan groet as ek daar kom en dit was vreeslik om die liewe Ouma met die vertrekte gesig daar te sien lê. Sy wou met my praat, maar kon nie. Ek sal daardie uitdrukking in haar oë nooit vergeet nie. Maar sy het my verjaardag onthou en vir haar een dogter, my Ant José, op een of ander wyse laat verstaan dat sy oudergevoonte vir my 'n koek moes bak. Op my verjaardag het hulle my na Ouma se kamer geneem. Daar, langs Ouma se bed, het Ant José in trane die koek aan my oorhandig en my meegedeel dat dit die koek is wat Ouma vir my laat bak het. Ek het Ouma daarna nie weer gesien nie.

Herinneringe aan Oupa Joubert

Na Boetie se dood het Oupa met die boerdery voortgegaan en teen daardie tyd het hy al heelwat vrugte vir die uitvoermark verpak. Die vrugte is destyds in houtkissies van verskillende groottes, volgens die grootte van die vrugte, verpak. Die gesaagde plankies is meestal van Swede af ingevoer en moes deur die boere self aanmekaar gespyker word.

Gedurende die vakansies het ek daar gaan 'kissies spyker', soos ons gesê het. Ons het dit op 'n stukwerkbasis gedoen. Vir die kleiner kissies was die loon een-en-ses per honderd, en vir die groter kissies, drie sjielings per honderd. Die groter kissies moes meer spykers kry as die kleineres – vandaar die loonverskille.

Henry Griffiths, 'n skoolmaat van my wat naby ons huis in Fabriekstraat gewoon het, het ook saam kom kissies spyker. Op 'n keer merk ek dat hy kort-kort na 'n ander deel van die pakstoor afdwaal en dan kou-kou terugkom. Hy wou my egter nie sê wat hy eet nie. Toe hy weer 'n keer so verdwyn, het ek hom skelmpies agtervolg en gesien dat hy 'n kisse wat reeds oopgebreek was, uit 'n kas haal en daaruit eet. Dit blyk toe dat dit gedroogde korente was wat Oupa voorberei het om op die destydse Rosebank-skou ten toon te stel. Dit was die pragtigste korente, goudgeel van kleur en elke korrel perfek gevorm.

Maar ek was toe in die nood, want Oupa was 'n kwaai mens en, hoewel ek nie op daardie tyd stip geweet het waarvoor die kisse korente bedoel was nie, kon ek sien dat dit vir 'n baie spesiale doel gebêre was. Ek het gelukkig nie self daarvan geëet nie maar was in 'n penarie: ek wou nie my maat verkla nie, maar het die gevaar geloop om ook van die stelery beskuldig te word.

Dit was egter nie lank nie voordat Oupa die verlies ontdek het en my vader daarvan vertel het. Vader het my so ongenadiglik onder hande geneem dat ek maar met die sak patats vorendag moes kom. Daar ek eerlik kon sê dat ek nie aan die kwaad meegedoen het nie, is ek verskoon, maar Henry is ontslaan en kon nie weer kom kissies spyker nie. Van toe af was dit nie meer lekker om daar te werk nie. Ek was nie net alleen nie, maar dit het ook al gevoel of Oupa my ook verdink het.

Oupa het Vrydae die kissies kom tel wat netjies teen die muur opgestapel was, maar ek was onnosel. Ek het die grootste kissies voor die kleineres gestapel en Oupa tel net die voorste rye en maak dan sy somme. So word ek vir minder kissies betaal as wat ek werklik gemaak het – hoewel Oupa dit nie so bedoel het nie. In elk geval wou ek vir Oupa 'n stert aansit omdat hy my meer vir die groter kissies moes betaal as vir die kleintjies. Ek

het nooit daaraan gedink dat daar veel minder van hierdie groter kisse op 'n stapel gaan nie.

Oupa was 'n gelowige man en daar is elke aand huisgodsdienst gehou, of, soos ons gesê het, 'Boeke gevat'. Nadat die huisbediendes die skottelgoed gewas het, het hulle ingekom en op die eetkamervloer teen die muur kom sit om ook mee te doen.

Oupa het eendag 'n belewenis gehad wat nóg hy, nóg enigeen van ons kon verklaar. Dit het een aand voor slaaptyd met hom gebeur toe hy, soos sy gewoonte was, 'n wandeling buite gaan neem het.

Voor die woonhuis was, tussen twee wit pilaartjies, 'n ysterhekkie wat toegang verleen het na daardie eerste peerboord wat hy geplant het. Hy vertel dat, toe hy deur die hekkie stap, 'n vrou geklee in 'n lang wit rok rakelings by hom verbygegaan het en toe skielik weer verdwyn het. Hy was doodseker dat dit nie sy verbeelding was nie en was hewig ontsteld, want hy was nie die soort man wat aan voorbodes en sulke klas dinge geglo het nie.

Hy het die familie van sy wedervaring vertel en vir Vader gevra om die volgende aand plaas toe te kom en saam met hom dieselfde wandeling te onderneem. Op dieselfde tyd as die vorige aand het hulle twee toe weer na die hekkie gegaan en daar gewag, maar hulle het niks gewaar nie. Ouma is kort daarna oorlede en of daar enige verband tussen die twee gebeurtenisse was, sal ons nooit weet nie.

Na Ouma Joubert se heengaan is Oupa weer getroud met 'n weduwee Aberg wat 'n seun en 'n dogter gehad het. (Die dogter, Lorraine, is later met Joubert Cillié, 'n kleinseun van Oom Piet Kalifornië van Wellington, getroud.)

Op sy oudag het Oupa 'n Hupmobile-motor gekoop en dit met minder sukses leer bestuur. Toe Oupa eendag deur die Nuwekloofpas ry, het die stuur uit orde geraak en het hy in 'n krans vasgery. Gelukkig het Oupa altyd op 'n stappie gery, want ek glo nie dat hyself veel vertrou in sy bestuurvernuf gehad het nie.

Nadat Oupa siek geword het, het ek hom dikwels gaan besoek waar hy op Morceaux in die stoepkamer op die groot dubbelbed gelê het. Hy was 'n stil man wat nie onnodig gepraat het nie, maar ek dink tog dat hy hierdie besoeke waardeer het.

Nadat hy in 1934 oorlede is, het ek gehoop dat die familie vir my 'n kans sou gee om op die plaas te boer, maar ek was seker nog te lig in die broek daarvoor. Morceaux is aan Oom Pieter Retief, uitvoerdruiveboer van De Doorns, verkoop. Hy het Oupa se geliefde

peerbome uitgehaal en Morceaux in 'n druiweplaas omskep. Sy nageslag het egter weer die wingerde uitgehaal en vandag is Morceaux weer eens 'n peerplaas.

Van die Morceaux van weleer het egter weinig behoue gebly want die ou geboue wat nog staande was, is deur die aardbewing van 1969 in puin gelê. Maar in my geestesoog sien ek nog die pragtige gekronkelde pilare van die swart ysterhekke aan die einde van die eikelaning wat toegang tot die werf verleen het – sierade wat moes swig voor die vooruitgang in die vorm van swaar vragmotors wat 'n breër toegang vereis het. Ek sien die lang woonhuis op die groot werf met sy sierlike eikebome, netjies gehark met die hopies blare wat wag om weggery te word; voor die agterdeur die groot puts, toegemaak met sinkplate, met die windpomp daarop; die gronddam agter die stoor waar ek Ouma se makoue met klippe gegooi het. Dis 'n skat van herinneringe wat ek vir niks ter wêreld sal verruil nie.



Die Voorstraat oos van die Dwarsrivier

Ons kom eintlik nou eers by Ceres se oostelike munisipale grens aan en is gereed om die dorp al met die Voorstraat langs binne te gaan. (Hoewel dié straat amptelik as Mantelstraat of selfs Main Street bekend gestaan het, het ons dit maar altyd die Voorstraat genoem.) Die Voorstraat begin daar by die houtvoetbruggie oor die riviértjie wat die Calvinia-pad, wat hier Ceres se Voorstraat word, kruis. Die eselwaens en perdekarre het deur die driffie langsaan die voetbruggie gery en dan al langs die eikelaning wat hiervandaan dwarsdeur Ceres tot by die Nekkies, aan die voet van die Rooikrans waar Michellspas begin, gestrek het. Hierdie pragtige groot eikebome is sedert 1899 deur die bruinmense gepag om die akkers in die somerseisoen wanneer hulle op die grond val, op te tel en te verkoop.

As ons in Retiefstraat sou afdraai, sou ons 'n gemesselde pilaartjie aan die oostekant van die straat, net daar waar Porterstraat in Retiefstraat doodloop, gevind het. Dié pilaartjie was deel van Morceaux se lyndraad. Aan albei kante van die pilaartjie was kramme ingemessel waaraan die drade styfgetrek en vasgebind was. Waarom die een kant van die pilaar regop was terwyl die ander kant skuins afloop, is 'n raaisel wat nie opgeklaar kon word nie. Moontlik was dit om meer stukrag aan die suidekant te gee sodat die drade eerste aan hierdie kant gespan kon word. Ons voorsate het meer kennis van ingenieurswese gehad as waarvoor ons hul soms krediet gee en Oom Jan Keet, met wie ons reeds kennis gemaak het, sou ons moontlik ook meer omtrent hierdie pilaartjie kon vertel. (In 1990, toe daar voorbereidings getref is om Retiefstraat te verbreed, is die pilaartjie opgebreek en verwyder.)

Paddavlei

Terug in die Voorstraat vind ons aan die westekant 'n plasie wat afgebaken word deur Retief-, Porter-, Cillier- en die Voorstraat. Op dié plasie, wat onder ons as Paddavlei bekend gestaan het, het daar 'n klein rooidakhuisie gestaan waarin mnr en mev Neilsen gewoon het. Hulle was Engelse mense, baie gaaf en groot vriende van my ouers. Mev Neilsen was 'n opgeleide verpleegster en het sowel die mense as die katte en honde van die buurt sonder vergoeding gedokter.

In 1925, toe die Sumner-gesin in hierdie rooidakhuisie ingetrek het, het Paddavlei die naam Schoongezicht gekry. John, die seun van die Sumners, het na ons skool, Ceres High School (wat later die Laerskool Gericke geword het), gekom en was 'n klasmaat van my van standerd vyf af.

John kon nie 'n woord Afrikaans praat of skryf nie en moes noodgedwonge die taal in die skool aanleer. Ons klasonderwyseres, Miss Huxham, het elke dag vir hom 'n paar Afrikaanse woorde neergeskryf wat hy by die huis moes gaan leer spel. Die volgende oggend moes hy hulle dan voor by haar tafeltjie hardop kom spel. Hoe het ons nie geskater van die lag toe hy die eerste oggend die Afrikaanse woorde in Engels probeer spel het nie! Miss Huxham het egter woedend uit haar stoel opgevlieg en die kinders, net soos hulle daar in die banke gesit het, van 'n kant af met 'n rottang deurgeloop. Sy was 'n derduiwel van 'n vroumens en, jy kan maar sê, met 'n rottang in die hand gebore. Ons het dit nie weer gewaag om te lag nie, in elk geval nie so dat jy dit sou agterkom nie. John was 'n baie gawe maat, het links geskryf met 'n pragtige handskrif, en was alom bemind.

(Ek het weer in 1992 met Miss Huxham kontak gemaak waar sy, in haar neëntigerjare, in die Silwerkruin Huis vir Bejaardes in Bredasdorp gewoon het. Hoewel sy doof was, het sy nog goeie gesondheid geniet. Sy het ook daarna 'n briefie aan my geskryf.)

Die Retiefs van Buckingham Palace

Aan die suidekant van die Voorstraat, op 'n gedeelte van De Bosch, het 'n huisie aan die westekant van die riviértjie gestaan. Hierdie huisie was bekend as Buckingham Palace, maar niemand kon my sê waar hierdie naam vandaan kom nie. Hier het Pieter Retief, broer van Ant Miemie Cillié, gewoon nadat hy met Bessie van der Merwe getroud is.

Pieter was 'n plaaswerker op De Bosch en was 'n rowwe man en, soos ons sal sê, 'n

ongeslypte diamant. Sy vrou, Bessie, was nie 'n maklike vroumens nie en het, soos sy ouer geword het, al meer en meer stroomop gebeur. Sy was een aand op 'n funksie waar 'n pragtige pop uitgeloot was, en het dan ook die wenlootjie getrek. Toe die wenner bekend gemaak word, was sy reeds weg huis toe en ek het onderneem om die pop vir haar te gaan wegbring. Dit was al laat en sy was al in die bed toe ek aanklop. Sy het die deur oopgepluk, en sonder om naand te sê, gevra wat de duiwel ek hierdie tyd van die nag aan haar deur kom staan en klop. Sonder om 'n woord te sê het ek die pop na haar toe uitgesteek. Haar grimmigheid het soos 'n newel voor die son verdwyn en is met 'n uitdrukking van verbasing en blydschap vervang. Die volgende oggend het sy my weer gebel en my vreeslik bedank vir die pragtige pop wat ek vir haar gebring het.

Pieter en Bessie se vryery het eintlik begin toe sy in haar pa se tuishuis in Lyellstraat gewoon het om haar broer, Johannes, wat saam met my in standerd ses op skool was, te versorg. Johannes was 'n groot seun en baie stout en mnr Conradie, die skoolhoof, het hom maar gedurig met die rottang deurgeloop, so erg dat hy op 'n dag weggeloop het huis toe en geweier het om weer skool toe te kom. Ek kan nie mooi onthou of mnr Conradie hom by die huis met die rottang gaan haal het of wat nie, maar daar het 'n herrie losgebars en ek meen dat Johannes uiteindelik die skool verlaat het.

Voor hul troue het Pieter altyd te perd by Bessie kom kuier en sy perd voor die huis aan 'n eikeboom vasgemaak. Iemand het een aand die perd losgemaak en skrikgemaak sodat hy huis toe gehardloop het. Pieter het vir die res van sy lewe die skuldige man gesoek, maar gelukkig nooit gevind nie.

Bessie was egter maar met almal oorhoops. As jy sê 'n ding is rooi sal sy volhou dat dit swart is. Die mense het haar egter maar so aanvaar, soos dit dan ook baie jare later, toe haar huis gevaar gestaan het om oorstroom te word, geblyk het. Dit was die tyd toe mnr Braam Fernhout 'n dam op sy plaas Vreeland, in die noordoostelike Warmbokkeveld, laat groter maak het deur die nuwe wal aan 'n stuk van die ou wal aan te las. Toe die vergrote dam mooi vol water was, het die nuwe wal van die oue begin losbars en daar was 'n wesenlike gevaar dat die dam sou breek. Die boere het van heinde en verre met hul werksmense en gereedskap opgedaag om die dam te probeer red.

Die dam was juis 'n opdamming in die riviértjie wat by Bessie se huis verbygevloei het. Indien dit sou breek, sou haar huis oorstroom word. Pieter was teen dié tyd reeds oorlede en ons het nie aan Bessie gedink voor daardie eerste aand na sononder toe iemand vra of ons nie vir haar moet gaan help om die huis veiligheidshalwe te ontruim nie. Iemand anders antwoord egter hier van dié kant af, 'Nee wat, dis nie nodig nie. As daar iets sou gebeur, sal sy stroomop swem en môreoggend weer hier by die dam wees!' Die dam se wal

is egter wonder bo wonder gered en Bessie het nie nodig gehad om hierdie keer stroomop te swem nie.

Oom Willie Oubrood se kafee

So 'n entjie verder aan vanaf Buckingham Palace, na die dorp se kant toe, het Oom Willie van Rensburg, alom bekend as Oom Willie Oubrood, sy kafee aan die suidekant van die Voorstraat gehad, waar hy goeie besigheid met veral die kleurlinggemeenskap gedoen het. Hy en die Tante kon vreeslik lekker gesels en, as jy iets daar gaan koop het, het dit gewoonlik lank geduur voordat jy weer op pad was. Hulle dogter, Magda, en haar man het later die besigheid oorgeneem toe die twee oues afgetree het, en die alombekende Wieldraai-restaurant daar naby opgerig.

Skoolmaats van Cillierstraat

As ons 'n bietjie verder in 'n westelike rigting met die Voorstraat aanstap, kruis ons Cillierstraat, wat in die twintigerjare 'n kronkelende riviértjie was. Dié riviértjie het onder 'n houtbruggie onder die Voorstraat deurgeloopt. Buiten hierdie bruggie en 'n driffie in Porterstraat was daar nie 'n ander oorgang oor die riviértjie nie. Aan weerskante was daar twee kronkelende paadjies parallel met die riviértjie wat, hoewel aan die westekant van Porterstraat af tot by die Rossouws se huis met 'n perdekar begaanbaar, eintlik net voetpaadjies was.

As kinders het ons in hierdie riviértjie paddas met rekkers geskiet, en platannas en kerpers met 'n gebuigde speld en stukkie gare, uit Moeder se werksmandjie gegaps, gevang. Die erdwurms wat ons as aas gebruik het, was volop. As jy 'n padda hier bo van die wal af mooi in die middel van die rug tref, het dit so 'n harde klapgeluid gemaak, en dan het almal geweet dat dit 'n voltreffer was.

Aan die westekant van die riviértjie, naby die Voorstraat, het die Hambly-gesin gewoon, en 'n bietjie verder noord, die Rossouws. Om by hulle huise te kom moes mens met die voetpaadjie langs loop. Willie Hambly, Willem Rossouw en die twee Griffiths-seuns, wat in Fabriekstraat gewoon het, was my speelmaats. Toe daar 'n epidemie van pampoentjies op die dorp uitbreek, het hulle almal siek geword en uit die skool gebly, maar ek kon maar net nie aansteek nie. (Ten spyte van al my pogings om ook pampoentjies te kry het ek tot vandag toe nog nie daarin geslaag nie.)

Willem Rossouw

Willem Rossouw was later nie meer tevrede om klippies en akkers as ammunisie vir sy rekker te gebruik nie en het 'n loodloper ontwerp. Willie Hambly, wie se pa 'n wamaker was, en Willem het die ammunisie daar in Willie se pa se werksplek gaan vervaardig. Die twee se vakmanskap was egter maar primitief en die koeël, so groot soos 'n albaster, was heeltemal misvorm en punterig. Willem wou die ding nietemin toets en soek toe 'n teiken wat hom in staat sou stel om, nadat dit sy slagoffer getref het, weer die prototipe in die hande te kry.

'n Kleurling met so 'n lang baadjie wat glad te groot vir hom was, kom toe juis op daardie oomblik verbygeloop en Willem, sonder om verder te dink, blaker hom hoog in die boud met die loodloper. Toe die loodloper met die trefslag so 'n klapgeluid maak, nes 'n padda wat die doodskoot kry, het ons geweet dat daar groot fout is. Gelukkig was daar 'n dosie vuurhoutjies in die kleurling se baadjiesak, maar ongelukkig was die dosie nie meer heeltemal vol nie. Die looper is dwarsdeur die dosie en moes later uit die slagoffer se boud verwyder word.

Dit was nie nodig om die saak by die gereg aan te meld nie want Willem se pa was 'n polisieman. Hy het somar self die hofsak gehou en die vonnis opgelê asook gevel. Willem het nie weer sy prototipe teruggevind nie. Hy het dit ook nie weer nodig gekry nie want die lus om verder met moderne artillerie en ammunisie te eksperimenteer het opgeraak.

Willie Hambly

Willie Hambly was so 'n vaal mannetjie met krom beentjies wat nie eens 'n vlieg te na sou kom nie. Hy het somar naer geword as ons 'n droë grashalmpie in 'n naaldekokker se stert steek om te sien hoe oulik dit dan vlieg.

In daardie tyd het John Munnik se ouers op Ceres ingetrek en het hy na ons skool toe gekom. John was 'n groot lummel van 'n vent en 'n gewetenlose boelie wat niemand met rus gelaat het nie. Hy het links geslaan en 'n ring op sy middelvinger gedra waarmee hy ons gesigte geskend het. Vyf houes met 'Monkeybrand' (mnr Conradie, ons skoolhoof, se bynaam) se rottang het hom nie juis minder aggressief gemaak nie, en ons kleintjies was vir hom so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Ons het hom die naam van John Boel gegee.

Die dag toe John Boel met Willie Hambly slaags raak het hy egter die fout van sy lewe gemaak. Willie het ewe goedig geglimlag en komkommerkoel gebly totdat John hom begin rondpluk het. Tot ons almal se verbasing vlieg Willie toe meteens onder hom in

soos 'n Dawid van ouds en moker die grote Goliat met dwarrelende vuiste dat hy nie eers kans kry om sy ystervuis tot aksie te bring nie. Die uiteinde van die geveg was dat John met 'n blou oog teen die tralies gestaan en huil het terwyl Willie nou nie juis 'n ophef van die saak gemaak het nie. Hierna was John 'n heel skaflike seun wat goed op die jaarlikse 'skoolsports' presteer het. (Ons het toe nog nie 'atletiek' gehad nie.)

Willie se suster, Gwendoline, is later met 'n sekere mnr Reilly getroud. Dié het 'n drukpers aan die suidekant van die Voorstraat, op die oosoewer van die Dwarsrivier (waar Katzenellenbogen & Fish se winkel later was), opgerig. Nadat Willie die skool verlaat het, het hy by dié drukpers gaan werk.

Met verloop van tyd het Willie die drukkery van sy swaer gekoop, 'n transaksie wat deur mnr Krige, 'n prokureur van wie ons later sal vertel, gefinansier is. Willie het met die drukkery voortgegaan totdat die Tweede Wêreldoorlog uitbreek het, waarna hy nie meer papier kon bekom om sy werk voort te sit nie.

Hy het daarna werk by die *Worcester Standard* op Worcester gekry en, met sy ondervinding, is hy spoedig tot bestuurder van daardie uitgewery bevorder. Daar hierdie bevoordeeling oor die koppe van ander senior werknemers van die uitgewery gegaan het, het dit tot ontevredenheid gelei wat hom baie hoofbrekens besorg het. Sy omstandighede het later so onplesierig geword dat hy sy pos bedank het.

Terug in Ceres het Willie etlike jare in die kantoor van Fowler's Service, Ceres se Fordmotorhawe van destyds, gewerk. Toe mnr Van Jaarsveld later die Western Province Press op Ceres kom oprig het, het Willie tot sy aftrede daar gaan werk.

(Na mnr Van Jaarsveld se dood het sy vrou nog 'n wyle met die besigheid voortgegaan, met Eileen Crompton (later Eileen Fernie) aan die stuur van sake. Die drukkery is later verkoop en het, nog later, verhuis van die Voorstraat (regoor die Roomse Kerk) na Hamletweg, op die perseel waar Piet Bosman se vrugtesapfabriek vroeër was.)

Die drukpers van mnr Reilly, wat later aan Willie Hambly behoort het, was egter nie die eerste een op Ceres nie. Die vroegste drukpers wat ek kan onthou was dié van mnr Weber, 'n kleurling, oor wie ek later sal vertel. Daar was ook later 'n ander drukpers in die Voorstraat, kort by die hoek van Retiefstraat. Dié het aan 'n sekere mnr Fraus behoort, maar hy het nie lank daarmee voortgegaan nie.

Willie se ouer broer, Norman, was 'n natuurliefhebber wat die berge rondom Ceres soos die palm van sy hand geken het. Hy het geweet waar die mooiste proteas groei en het ook seldsame blomme ontdek op plekke wat hy geheim gehou het. Hy het self hierdie blomme vir die jaarlikse skou gaan pluk, maar het sy geheim tot sy dood bewaar.

Mnr Brett se moerbeiboom

Langs die Hamblys, aan die noordekant van die Voorstraat, het mnr Brett gewoon. Hy het 'n yslike moerbeiboom in sy agterplaas gehad. Wanneer die vruggies ryp word, het die voëltjies daarin baljaar en die hele agterplaas bemors. Ek en my maats het toestemming verkry om hulle met ons rekkers te skiet, maar moes ons eers kom aanmeld. Ons ammunisie het die boom egter later so verflenter dat mnr Brett uiteindelik besluit het om maar die voëltjies se gemors bo ons s'n te aanvaar.

Die Baartman-gesin

Skuins oor mnr Brett se huis, aan die suidekant van die Voorstraat, was die eerste werklike groot huis, dié van Oom Lammie Baartman en sy vrou, Tannie Kate. Oom Lammie, vir wie die grootmense 'Baas Baartman' genoem het, was 'n bouer asook die eienaar van die saagmeule op die suidoostelike hoek van Fabriek- en Oranjestraat. Die saagmeule se gebou het groot skuifdeure gehad, maar ons is belet om dit te betree aangesien dit glo te gevaarlik vir kinders daarbinne was.

Eendag het ek eenkant by die deur gestaan en kyk hoe Oom Lammie een stuk hout na die ander deur die saag voer. Meteens het die saag net so 'n kort pieng-geluid gemaak – toe Oom Lammie sy wys- en middelvinger mooi glad teen die hand afsaag! Hy het die hand met die ander een by die pols vasgevat en al bloeiende by my verbygestrompel huis toe. Kort daarna het dr Munnik (van wie ek later meer sal vertel) van Vosstraat se kant af aangedraf gekom, somar kortpad gevat en oor die sloot gespring, en agter Oom Lammie aan om die hoek verdwyn. Terwyl ek nog verdwaasd daar rondstaan kom Oom Lammie se bruin handlanger na my toe aangestap, maak sy hand oop en wys wat hy daarin het. Dit was Oom Lammie se twee vingers, toe reeds potblou van kleur! Die wysvinger was nog gekrom soos hy die hout vasgehou het en die nael was lank en vuil. Ek staan nog en wonder of Oom Lammie dan nie sy naels saans borsel nie, soos Moeder vir my laat doen, toe ek so 'n nare gevoel op my maag kry. Ek het op die rand van die watersloot met my kaalvoete in die water gaan sit en siek geword, baie siek, en nie geweet waarom nie.

Oom Lammie se een dogter, Caroline, was my onderwyseres in standaard een en ook my eerste liefde. Ek het haar so liefgehad dat dit eintlik seer gemaak het. Ek het eendag twee spelfoute in my Engelse 'dictation' gehad en gehuil oor die skande wat my oorgekom het. Toe Desmond Smith my na skool daaroor gespot het, was ek so woedend dat ek hom sommer te lyf gegaan het. Oudergewoonte het die seuns kringetjie om ons gemaak en ons om die beurt aangemoedig. Na 'n ruk het Caroline ontsteld aangehardloop gekom en ons

uitmekaar kom maak, maar nie voordat ek 'n bloedneus en Desmond twee los voortande gehad het nie. Sy het my bloed met 'n verskoninkie vir 'n sakdoekie afgevee en Desmond se tande geïnspekteer. Hulle was darem nog daar, hoewel 'n bietjie wankelrig.

Nadat ons haar gedwee terug na die klaskamer gevolg het, het sy ons in die voorste bank sitgemaak en mooi met ons gepraat. Om ons gemoedere te laat sak moes ons 'n kwartier lank styf langs mekaar sit terwyl sy nasienwerk gedoen het. Hierdie prosedure moes 'n week lank elke middag na skool herhaal word, maar na drie dae is die vonnis opgeskort, daar ons reeds weer groot vriende was en allerhande kattedwaad begin aanvang het.

Oom Lammie se jongste dogter, Bernice, was ook saam met ons in die klas. Marius Malherbe van Morgenzon was danig verlief op haar. Hy het uiting aan sy liefde gegee deur haar agter 'n eikeboom voor te lê wanneer ons huis toe gaan, haar te vang en te soen, en dan die hasepad te kies. Na dié voorvalle het Bernice gewoonlik in trane by die huis aangekom. Caroline het besluit om haar sussie te hulp te snel en het Marius se liefde op 'n subtiële wyse laat afkoel. Sy het hom gedwing om Bernice voor die hele klas te soen, waarna sy hom self 'n klapsoen op die voorkop gegee het. Na hierdie episode was Marius nie meer so romanties ingestel nie.

Buiten Caroline en Bernice was daar was nog twee Baartman-dogters, Sophie en Nora. Ek weet nie of Sophie ouer of jonger as Caroline was nie, maar Nora was die tweede jongste dogter en 'n maat van my suster, Mona.

Oom Lammie se jongste seun, Rex, het in die bank gewerk totdat hy ernstig in 'n motorongeluk beseer is. Daarna het hy as boekhouer by verskeie instansies gewerk. Hy het ook 'n amateur-radiostasie gehad vanwaar hy met ander 'hams' oor die hele wêreld gepraat het. Saans, terwyl die stilrolprente in Catto se bioskoop vertoon is, was dit ook Rex wat die begeleidende musiek op die pianola of klavier gespeel het.

Oom Lammie het 88 jaar oud geword en sy vrou, Tannie Kate, 93.

Ye Old Tea Garden

.....

Op die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Fabriekstraat (waar Alpha Motors tans is), was die weduwee Lizzie Brent se Ye Old Tea Garden onder die pragtige eikebome. Gedurende die somermaande het sy tee en tuisgebakte lekkernye aan die gaste voorgesit, maar besigheid was nie so florerend wanneer die winter met sy koue, nat weer aangebreek het nie. Aangesien sy dit nie breed gehad het nie, het Moeder my so dan en wan met 'n mandjie eetgoedjies na haar gestuur. Die mandjie het egter nooit leeg teruggekom nie, al was daar maar net 'n suurlemoen of iets in.

Haar seun, Gerald, was 'n onbeskofte mannetjie van wie ons nie veel gehou het nie, en haar dogter, Laura, was verstandelik gestrem sodat Ant Lizzie baie tyd aan haar versorging moes bestee.

Oom Piet Coetzee

.....

Langs Ye Old Tea Garden, na die suidekant in Fabriekstraat, het Oom Piet Coetzee gewoon. Sy twee dogters, Hannie en Bettie, is later met Oom Boy en Ant Hannie Bosman, eenaars van die losieshuis Riverton se twee seuns, Boy en Mike, getroud. Oom Piet, wat later baie siek geword en bedlêend was, se vrou is op 15 Julie 1909 skielik oorlede.

Die volgende is 'n koerantknipsel oor haar doodsberig wat my ter hande gekom het (ek kon nie vasstel uit watter koerant dit kom nie):

Quite a gloom was cast over our little village on Thursday when Mrs. Coetzee, the wife of Mr. P. Coetzee senr., died suddenly. The deceased lady has not been in the best of health lately, but the end came most unexpected. Mr. Coetzee has been an invalid for some months, and his devoted wife died at his bedside – a good wife – fond mother – a friend to all. She will be missed by all, especially a large family of sons and daughters. The funeral took place on Saturday afternoon and was largely attended, showing the respect in which the deceased lady was held. Numerous wreaths were sent from the following sympathising friends: Mr. and Mrs. E. van der Merwe, “River View”, Mr. S.A. Celliers, Mr. and Mrs. Marshall, Mr. and Mrs. H. Krieger, Mr. and Mrs. P. Bosman, Mr. and Mrs. L. Boyes, Mr. and Mrs. E. Munro, Mr. and Mrs. J.B. Hambly, Miss M. Armstrong, Rev. E. and Mrs. Morris, the Misses Carson, Mr. and Mrs. C. Kieth and others.

Oom Piet Coetzee is weer later getroud.

Polisiestasie

.....

Regoor Ye Old Tea Garden, op die noordoostelike hoek van die Voorstraat en Fabriekstraat, was die polisiestasie met sy blou liggie. Die gebou het 'n taamlke hoë stoepie gehad wat met twee treetjies tot op die straatvlak gesak het. As die gereg 'n besopene met die hande onder die armholtes daar opgesleep het, het sy velskoene se hakke so woep-woep-woep teen die treetjies op geklap.

Die meeste geregsdienaars het kamaste en spore gedra, daar hulle gereeld die distrik te

perd gepatroleer het. Die perdestalle was agter die polisiestatie geleë en die perde is elke dag blink geroskam.

Piet en Therese Veldsman

Die noordwestelike hoekhuis oorkant die straat het 'n wit ringmuur aan die twee straatkante gehad. Dit was die huis van Ant Wiesie Cloete voordat Piet en Therese Veldsman daar ingetrek het. Piet het met 'n hees stem gepraat, was die eerste apteker wat ek kan onthou, en het sy besigheid regoor die Engelse kerk gehad waar mnr Fox later ingetrek het.

Piet en Therese was baie gawe en gewilde mense en sy was 'n mooi vrou, kort van postuur en so effens geset, maar nie om van te praat nie. Sy was ook baie musikaal en het gereeld gehelp met die organisasie van musiek- en ander konserte op Ceres. Daar is elke jaar verskeie sulke konserte gereël want ons was destyds daarop ingestel om ons eie vermaak te verskaf.

Hier vroeg in die twintigerjare het sy by so 'n geleentheid 'n orkes op die been gebring waarin al die musiekleerlinge – en daar was baie van hulle op Ceres – gespeel het. Toe ek egter uitvind dat ek die enigste seun in die orkes was (ek het die viool bespeel), het ek geweier om verder daarin op te tree, omdat ek gevrees het my maats sou sê dat ek 'n sissie is. Sowel Therese as my moeder en suster was baie kwaad vir my hieroor, maar Vader het verstaan en hom stilletjies aan my kant geskaar.

Die hoekhuis van die Veldmans is later aan Dawie Roux verkoop. Ná hom was mnr Metter die eienaar en bewoner van dié huis.

White Horse se motorhawe

Die suidwestelike hoek van die Voorstraat en Fabriekstraat (waar Belmont se buite-verkope vandag geleë is), was vroeër 'n oop erf met 'n tuiemaker se werkplekkie so 'n entjie terug van die straat af. Later het White Horse van Niekerk sy motorhawe daar gebou. Sy naam was Hendrik maar hy was alom bekend as White Horse omdat dit die naam was van die voggies wat hy taamlik mildelik gebruik het. White Horse het later sy motorhawe verkoop aan mnr Mynhard, wie se vrou die rooiste rooi hare gehad het wat ek nog ooit gesien het.

White Horse se broer, Stefanus, het 'n rooi gesig vol sproete gehad. Hy was bekend as 'Fanie Bek' en was getroud met Annie Bosch, 'n dogter van Ant Miemie Bosch. Annie het damesklere gemaak en verkoop – in dieselfde gebou as A M Frick se winkel, waarby ons later sal kom.

Belelie, die kleremaker

Langs White Horse se motorhawe, nog aan die suidekant van die Voorstraat, het Belelie sy kleremakerswinkeltjie gehad. Hy moes van Slamse afkoms gewees het maar was lig van kleur en het uitstekende naaldwerk gedoen. My vader het soms van hom gebruik gemaak om naai- en stikwerk vir hom te doen as hyself te veel werk gehad het. Belelie het 'n dogter gehad wat baie lig van kleur was, met pragtige blonde hare.

Moosa en Valli Ebrahim

Net langs aan Belelie se besigheid was Moosa Ebrahim se negosiewinkel, met Valli Ebrahim s'n regoor hom, aan die noordekant van die Voorstraat. As kinders het ons geglo dat Moosa en Valli broers was, maar of dit wel so was, weet ek nie. Moeder het al haar 'groceries' by Valli se winkel gekoop. Ons het hom almal 'Avalli' genoem. Ek weet nie hoekom nie, maar hy was maar net Avalli en klaar.

Soos al die ander klante, het Moeder haar boekie gehad wat Avalli voorsien het; somar so 'n klein blou notaboekie met haar naam voorin geskryf. Gedurende die week het Moeder boekgehou van die goedjies wat kort raak in die huis en Vrydagoggende is dié lysie gebruik om haar bestelling vir die week in Avalli se boekie op te maak. Op dieselfde dag het Avalli se kleurlingwerker die boekie kom haal en dit, saam met haar mandjie waarin die bestelling afgelewer moet word, na die winkel geneem. Gedurende die dag het Avalli dan die pryse agter die items op moeder se lysie ingeskryf, die bestelling opgemaak, 'n kardoësie klontjies as pasella daarby ingepak, waarna sy kleurlingwerker die 'groceries' in Moeder se mandjie by ons huis kom aflewer het. Aan die einde van die maand het Vader of Moeder die boekie na Avalli se winkel geneem om dit 'af te square' en die rekening te betaal.

Die huis van die Smiths

Net langs Avalli se winkel, aan die noordekant van die Voorstraat, het die Smith-familie

gewoon. Hulle seun, Desmond, was die seun met wie ek in standerd een slaags geraak het. Ek onthou nog die wit muurtjie voor hierdie huis, asook die lekker groot agterplaas waar ons destyds gespeel het.

Manewales by die Majestic Hotel



Langs Moosa se winkel, aan die suidekant van die Voorstraat, was daar eers 'n woonhuis. Dié is later gesloop en die Majestic Hotel is toe op daardie perseel gebou. Mnr Deterlie was die eerste eienaar van die hotel. Ná hom het eers mnr Cohen, en daarna mnr Brummer, die hotel gehad.

Mnr Brummer het 'n baie mooi vrou gehad wat baie jonger as hy was. Sy het hom glo later vir 'n ander man verlaat, maar ons kinders was nie veronderstel om van dié skande te weet nie. Dit was dinge waaroor die grootmense fluisterend gepraat het, maar as hulle so praat, het ons kinders varkoor gegooi om uit te vind wat aangaan.

Aan die agterkant van die hotel was 'n sementblad met 'n ronde visdam in die middel wat omring was deur 'n knie-hoë muurtjie. Dié sementblad is soms as 'n buitelugdansplek gebruik. Nadat ek die skool verlaat het, het ek 'n orkes gehad en ons het soms somar so vir die aardigheid, sonder vergoeding, by hierdie sementblad gaan musiek maak sodat die mense 'n bietjie kon skoffel.

By hierdie geleentheid was daar altyd 'n Kruger-kêrel wat sulke windmakerpassies maak het as hy dans, en gedurig in botsings met die ander dansers betrokke was. Een aand, toe hy in trurat met sy spektakels besig was, tref hy die visdam se muurtjie met sy kuite, slaan runsagteroor, en val met sy dansmaat bo-op hom in die water.

Dit was ook na afloop van een van hierdie dansaande by die Majestic Hotel dat twee mans, wie se name ons liefs nie sal noem nie, die aand 'n rydop gedrink het voordat hulle na Touwsrivier sou vertrek. (Om daar te kom, moes mens die Calvinia-pad neem, en deur die Warmbokkeveld en Theronsbergpas uit tot bo-op die berg ry. Nog 'n hele ent verder aan, waar die pad weer begin afsak, kom mens dan by Hottentotskloof – wat destyds 'n uitspanning was wat 'n ruk lank deur Oom Dawid Cohen, van wie ons later meer sal vertel, bedryf is – uit. Net anderkant Hottentotskloof het die pad na Touwsrivier na regs afgedraai, en om dié afdraai te kry, moes mens tot op die werf van die plaas Matjiesfontein ry, en daar weer skerp na links tussen die plaasgeboue deur afdraai. As jy laasgenoemde afdraaipad ignoreer, beland jy op die pad wat jou via die Swaarmoedpas, 'n baie steil en nou pas wat tot vandag toe nie geteer is nie, weer na Ceres toe terugbring.)

Na hulle hul laaste versterkinkie – wat nie die eerste een van die aand was nie – agter die blad gesit het, het die twee mans in die pad geval, is Theronbergpas uit en anderkant by Hottentotskloof af. In hulle benewelde toestand mis hulle toe die skerp afdraai na links op Matjiesfontein se werf, hou somar reguit aan en kom uiteindelik met die Swaarmoed-pas af, terug na Ceres toe. Met dié dat hulle die dorp inry, loop Sammy Baum by die Majestic Hotel voor hulle oor die straat. Dis net daar waar hulle toe by hom stilhou, en een van hulle met verbasing vra: ‘Haai, Sammy, wat maak jy dan hier op Touwsrivier?’

Die Majestic Hotel is later gesloop. (Op dié perseel is daar vandag ’n parkeerterrein.) Toe die Majestic Hotel nog in bedryf was, was daar ’n tweede hotel, die Waverley Hotel, op die aangrensende perseel (die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Vosstraat). Die Waverley Hotel was ’n dubbelverdiepinggebou met ’n houtbalkon bo-op. Dié hotel is egter vroeg in die twintigerjare, nadat die vorige Ceres Hotel afgebrand het, verkoop, opgeknop en herdoop na die Ceres Hotel. Ook dié Ceres Hotel is later gesloop en mnr Havenga het sy motorhawe op daardie perseel gebou. Die motorhawe is nog later deur Piet van Dyk gekoop en toe onder die naam ‘Van Dyk Motors’ bedryf. (Dit is die perseel wat vandag deur Shoprite beset word.)



22 Die Majestic Hotel links voor in die Voorstraat met die (derde) Ceres Hotel (voorheen die Waverley Hotel) langsaa



My vader se eerste woon- en werkplek



Net langs die Smith-familie se huis, en regoor die Majestic Hotel, was ’n groot erf wat aan my vader, Izak Botma, behoort het. Op dié erf was ’n woonhuis en ’n snyerswinkel, in een

gebou gehuisves. Vader was van Tulbagh afkomstig, het die snyersambag op Worcester geleer, en het net voor die Boereoorlog van 1899–1902 na Ceres gekom.

Gedurende die oorlog het 'n klomp 'joiners' Vader gaan verkla omdat hy glo dinge sou gesê het wat mens nie van die Tommies mag gesê het nie. Hy is ook deur laasgenoemde ondervra maar hulle kon nie juis afdoende getuienis kry om hom te arresteer nie. Vader is nietemin as 'n 'undesirable' persoon verklaar en moes hom derhalwe elke oggend, saam met nog 'n paar ander mans, by die Tommies se kantoor kom aanmeld. Dit was egter nie vir hom 'n groot probleem nie, want dié kantoor was somar naby sy snyerswinkel. So kon hy binne 'n ommesientjie weer terug by sy werk wees.

Die Engelse kommandant het egter 'n ander manier gevind om hulle uit te tart, en het die kantoortjie vir aanmelding na die Nekkies, vlak by die begin van Michellspas, verskuif. Verder het die Tommies nie my vader en die ander mans aangeteken wanneer hulle op die vasgestelde tyd hulle opwagting daar gemaak het nie. Hulle is gedwing om daar te wag so lank as wat dit die Tommies behaag het.

Om toe, op hulle beurt, die Tommies uit te tart, het Vader en sy maats dan allerhande soorte speletjies daar gespeel waartydens hulle vreeslik geraas en tekere gegaan het. Hierdie oor en weer getartery het uiteindelik daartoe gelei dat Vader gearresteer is en vir die duur van die oorlog na die konsentrasiekamp op Matjesfontein, knap suid van Touwsrivier, gestuur is.

Maar selfs op Matjesfontein kon die Tommies nie vir Vader onderkry nie. Hy was glad te veel van 'n platjie en het vir almal, inklusief die Tommies, allerhande poetse gebak.

So het hy my vertel van die uitkyktoring in die kamp wat 'n dakkie van sinkplate gehad het. Daar was seker nie die nodige spykers of skroewe beskikbaar nie, en die Kakies het gevolglik op elke hoek van die dak 'n kis vol boeliebies gehang om dit vas te hou. Toe die wind weer eendag waai soos dit net in die Karoo kan waai, waai die dak van die uitkyktoring, tot verbasing van die Kakies, ook af. Toe hulle daarna gaan ondersoek instel hoekom die swaargelaaide kiste nie die dak kon vashou nie, moes hulle vind dat die boeliebies uit die kiste gesteel was. Niemand sal weet hoe dit onder die oë van die Engelse wagte reggekry is nie!

Die toilet van die kamp het bestaan uit 'n dieperige sloot wat in die grond gegrawe is, en twee dikkerige mikstokke wat weerskante in die grond geplant is. 'n Disselboom is oor die sloot in die mikstokke geplaas, waarop hulle somar so op 'n ry gesit het. Op 'n dag het Vader die mikstokke 'gedokter' (ek weet nie hoe nie), en toe die vraag op die disselboom

swaar genoeg was, het die paal die gees gegee en saam met die hele vrag sittendes onder in die sloot beland.

Na die oorlog het Vader met die fiets van een van die Engelse rapportryers van Matjesfontein af huis toe gekom. Dit was 'n Raleigh-fiets met 'drop handles' – die einste fiets waarop ek twintig jaar later leer fietsry het. Hoe Vader hierdie fiets in die hande gekry het, het ek nooit kon uitvind nie.

Na die oorlog het Vader na Londen gereis om sy snyersdiploma te verwerf. Terug in Suid-Afrika het hy in 1906 met Oom Danie Joubert van Morceaux se dogter, Anna, in die huwelik getree. Hy het toe die huis in die Voorstraat as woon- en werkplek vir hulle laat bou. Hulle eerste kind, my suster Maria (Mona), is dan ook hier gebore. Later het hy 'n ander huis in Fabriekstraat gebou, waar ek die grootste gedeelte van my kinderjare gewoon het. (Vandag woon George en Peggy Potgieter op dié perseel.)

Nadat ons gesin na die huis in Fabriekstraat getrek het, het die Hoitsema-gesin ons eerste huis in die Voorstraat betrek. Later het hulle een kamer van die snyerswinkel, wat drie lokale gehad het, bygehuur, en The Handy House daar geopen. In hierdie winkel is speelgoed en allerhande snuisterye verkoop wat veral met Kersfees baie byval gevind het. Hulle oudste dogter was toe al met die posmeester, mnr Conradie, getroud, wat skuins oorkant ons huis in Fabriekstraat gewoon het.

Die jongste dogter van die Hoitsemas, Freda, was telefoniste en het by die sentrale gewerk, wat destyds net van agtuur soggens tot vyfuur smiddags oop was. Sy is later met Tat Cowper van Mazoe (spreek uit Masoie), wat voorheen 'n alkoholis was, getroud. Hy het beloof dat hy sy drinkery sou staak as sy met hom trou, en het die laaste sterk drank die aand voor sy troue op die ramparty gedrink. Daarna het hy nooit weer drank gebruik nie, en Freda het hom getrou bygestaan deur hom nooit alleen êrens te laat gaan nie. Sy het selfs saam met hom dorp toe gekom as hy die pos kom haal het. Hy was ook 'n natuurliefhebber en 'n kranige bergklimmer. Op sy sewentigste verjaardag het hy die laaste keer die Rooikrans tot op sy kruin uitgeklim, 'n prestasie wat min mense, indien enige, hom kon nadoen. Hulle het hierna na Agulhas verhuis waar albei van hulle hoë ouderdomme bereik het.

In 1925 het Vader sy snyerswinkel aan Kotze, die bekende snyers van Kaapstad, verkoop. Mnr Arnold het as bestuurder ingetrek en ook die huis betrek. Hy het later in 'n treinongeluk gesterf.

23 Kotze se snyerswinkel
wat hy van Vader gekoop het



Na mnr Arnold se tragiese heengaan het Oom Adam Rankin, wat onder mnr Arnold gewerk het, bestuurder geword en ook later die besigheid gekoop. Hy is later met die weduwee Arnold getroud wie se seun, Jimmy, 'n bekende figuur in musiekkringe was. Jimmy het, net soos sy oorlede vader, 'n pragtige sangstem gehad en was ook voorsitter van Ceres se Musiekvereniging. Ek het ook vir 'n rukkie klavierlesse by mev Rankin geneem, maar dit wou eenvoudig nie vlot nie. Sy wou my klassieke musiek leer speel en ek wou 'Sarie Marais' speel. Ek het reeds van my sesde jaar af klassieke musiek op die viool leer speel en was teen hierdie tyd net mooi keelvol daarvan.

Die uitspanning



Tussen Vader se snyerswinkel en Oom Tom Theron se slaghuis langsaan was daar 'n deurgang na 'n uitspanning wat agter die slaghuis geleë was. Die uitspanning het ook 'n tweede uitgang in Vosstraat gehad.

In daardie dae het Ceres 'n hele aantal sodanige uitspannings gehad, elkeen met twee toegange. Die uitspannings het gewoonlik aan winkeliers behoort wat dit gebruik het om hulle ware van die vele togryers, wat destyds die rol van vervoerkontrakteurs vervul het, in ontvangs te neem. Elke uitspanning het dus gewoonlik groot paksure gehad vir die opberging van wol, graan, huide, velle en ander produkte waarmee handel gedryf is. Die paksure het bakhoopte platvorms gehad om die op- en aflaai van produkte te vergemaklik.

Daar was gewoonlik ook 'n paar stalle vir die togryers se perde, esels en donkies. Die togryers het gewoonlik hulle eie seilvoerkrippe vir hulle trekdiere gehad wat hulle saam met hulle op hulle togte geneem het. Elke uitspanning het gewoonlik 'n waterkrip vir die trekdiere voorsien. Boere wat van afgeleë plase gekom het om inkopies te doen het ook dikwels hulle perdekarre en trekdiere by die uitspannings versorg.

Oom Vaatjie van Wyk



Oom Vaatjie van Wyk was een van die togryers wat altyd van die uitspanning agter Oom Tom Theron se slaghuis gebruik gemaak het. Oom Vaatjie se naam is nie net aan sy postuur ontleen nie, maar ook aan die vaatjie met 'n ietsie daarin wat altyd onder sy donkiewa gehang het, en wat hy gebruik het om die innerlike so dan en wan op sy togte te versterk. Hy het aan die suidpunt van Vosstraat, op die oostelike hoek, daar waar dié straat in die Kerkgrond-kleurlinggebied doodloop, gewoon.

Oom Vaatjie was maar lief vir sy doppie, en soos die ouderdom toegeneem het, het hierdie liefde saamgegroeï. Hy was 'n fris man met 'n groot maag en dié het tred met die omstandighede gehou. Toe hy hom weer eendag so effe vergryp het en dorp toe wou stap, het hy sy balans op die bruggie oor die leiwatersloot voor sy huis verloor en mooi netjies in die sloot neergeslaan. Hy het perfek daarin gepas en die water laat opdam totdat dit die straat en omgewing oorstroom het. Op eie stoom kon Oom Vaatjie nie daar uitkom nie en 'n hele paar mense moes kom hand bysit om hom uit te tel en weer staan te maak. Hy het nie die dorp gehaal nie.

As Oom Vaatjie met sy donkiewa gedurende 'play time' by die hoërskool verbygekom het op pad na die ou stasie wat langs die gholfbaan geleë was, het die seuns oor die draadheining gehang en 'Hôô! Hôô!' geskree – 'n bevel wat die donkies gewillig en gedwee gehoorsaam het. Oom Vaatjie het dan geen keuse gehad nie as om die sambok in te lê om die span weer aan die gang te kry.

Oorkant die skool was 'n huisie met 'n veranda vooraan wat deur 'n rankplant toegegroeï was. Agter hierdie skuiling was 'n hok met 'n papegaai in wat baie oulik kon praat. Ons kinders het hom natuurlik allerhande onweloweglike woorde geleer, tot groot misnoeë van die eienaar.

Eendag toe Oom Vaatjie weer met sy donkiewa gedurende skooltyd daar verbykom, het die papegaai besluit om namens die kinders te ageer en die donkies met gemak tot stilstand gebring. Toe Oom Vaatjie die stem daar van die stoep af hoor, het hy hom deeglik

vervies, van sy donkiewa afgeklim en die 'man' stadig bekruip, die sambok gereed in sy hand om hom uit te looi. Hy het die tuinhokkie met groot omsigtigheid oopgemaak en die treetjies soos in vertraagde aksie opgeklim. Maar toe Oom Vaatjie so vat-vat om die rankplant loer, skree die papegaai direk hier in sy oor: 'Voertsek, blêrrie fool!' Oom Vaatjie, skoon uit die veld geslaan met die aansig en aanhoor van die papegaai, het net daar in sy spore omgedraai, met die woorde: 'Maar kyk so 'n verdomde kenêrie!'

Oom Tom Theron

.....

Maar terug na Oom Tom Theron, eienaar van die slaghuis in die Voorstraat. Volgens aan my vertel is, het hy eers op die plaas Achtertuin (wat later onderverdeel is in Achtertuin, Buchuland en Quarta) geboer. Nadat hy Achtertuin aan 'n sekere mnr Rooke vir £200 verkoop het, het hy op die suidwestelike hoek van Munnik- en Pinestraat kom woon. Afgesien van die slaghuis in die Voorstraat het hy ook 'n melkery op sy groot woonerf gehad.

Oom Gielie Hugo, wat op die suidwestelike hoek van Vos- en Oranjestraat gewoon het, was die blokman in die slaghuis. Hy was sy hele lewe lank blokman in verskillende slaghuise op Ceres. Na sy aftrede het hy koster in die NG Kerk se Moedergemeente geword. Sy suster, Milla, wat vandag nog 'n inwoner van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes is, het die wonderlikste geheue wat ek nog teëgekom het. Sy was grootliks behulpsaam met die opstel van hierdie herinneringe.

Oom Tom het 'n kleurling met die naam van Ou Tak gehad wat met die melkery gehelp het. Dit was ook sy taak om die beeste soggens en saans veld toe en terug te jaag. Ou Tak het nie al sy varkies op hok gehad nie; om die waarheid te sê, hy het maar min varkies op hok gehad. As kinders het ons hom gedurig geterg, maar Ou Tak het nooit kwaad geword nie want hy het nie eens geweet dat ons hom terg nie.

Volgens wat my vertel is, het Oom Tom later met sy slaghuis na 'n perseel hoër op in die Voorstraat, die een aan die oostekant van Elite Drapers (waaroor ons aanstons sal berig) getrek. Dié slaghuis het hy later aan 'n sekere mnr Edwards verkoop. Mnr Jonker het later 'n bakkery langs hierdie slaghuis gehad. So ver ek kan onthou, het Oom Tom daarna 'n slaghuis in Vosstraat, tussen Dawid Cohen en sy seun, Losky, se besigheid en dié van die tandarts, mnr Koning, geopen.

Polly en Max kirsch se winkels



Langs Oom Tom se eerste slaghuys was Polly Kirsh se winkel op die noordoostelike hoek van Vos- en die Voorstraat, terwyl Max Kirsh s'n regoor, op die noordwestelike hoek, was. Hulle was broers. Polly was ook die eienaar van die plaas Oustasie, net anderkant Michellspas. Polly se jongste seun, Leon, het saam met my by mev Conradie, die posmeester se vrou, vioollesse geneem, maar hy het baie beter as ek viool gespeel. Sy ouer broer, Theo, het klavierlesse geneem, maar toe gee sy pa hom 'n fiets waarmee hy heeldag rondgery het pleks van klavier te oefen. Toe hy nie na mev Conradie se sin gevorder het nie, het sy hom toe uit pure radeloosheid na elke musiekles 'n uur lank by haar laat oefen. Dié maatreël het Theo se musiekloopbaan tot 'n vinnige einde gebring, want hy het nie weer vir sy lesse opgedaag nie.


In daardie jare het die boere in 'n groot mate hulle kruideniersware deur middel van ruilhandel gekoop. Veral botter en eiers is op dié manier vir winkelware ingeruil. So het dit telkens gebeur dat 'n plaasboer en sy vrou met 'n perdekar voor Polly se winkel stilgehou het, met die mandjie met botter en eiers voor hulle voete op die kar staangemaak. Polly het dan oudergewoonte nadergestaan om oor die prys te onderhandel. Hy het dan, sê, 'one and three' aangebied, maar nee, die Oom wou 'one and four' hê. So is daar dan oor en weer gekibbel totdat daar tot 'n vergelyk gekom is.

Terwyl dié onderhandeling aan die gang was het Max gewoonlik aan die oorkant van die straat in sy winkel se deur gestaan, arms gevou en die linkerskouer teen die deurkosyn, en die petalje rustig gade geslaan. Net soos dit lyk of Polly die onderhandeling gaan wen, het hy doodluiters oor die straat gestap, die mandjie met botter en eiers van die kar afgetel, en gesê: 'Kom maar na my toe, Miester, ek sal jou one and four gee.'


Toe Max later vir hom 'n ander besigheidskompleks gebou het, min of meer daar waar die laaste Ceres Hotel eers gestaan het, het mnr Baum van Prince Alfred's Hamlet af na Ceres getrek en Max se eerste winkel oorgeneem. Mnr Baum, 'n baie netjiese man en 'n ware heer, het vir baie jare daar handel gedryf. Baie jare later, na mnr Baum se dood, het sy seun, Sammy, wat net so 'n heer soos sy pa was, saam met sy swaer, Cyril Sarembock, die besigheid voortgesit.

Sammy was baie gelukkig op Ceres, en dit was vir hom 'n groot teleurstelling toe die besigheid later verkoop moes word en hy noodgedwonge na Kaapstad moes verhuis. Daar het hy 'n pos as handelsreisiger by 'n groot firma beklee. Sammy kon egter nie sy lot aanvaar nie en het op die ou end sy eie lewe geneem deur homself te skiet.

24 Polly Kirsch en sy
personeel voor sy winkel



25 Max Kirsch se winkel
regoor die straat van sy
broer, Polly, se winkel



Oom Dawid Cohen

Ou Oom David Cohen (by ons was hy gewoon as ‘Oom Dawid’ bekend) was ’n produkte-handelaar en het sy besigheid aan die westekant van Vosstraat, reg agter Max Kirsch se winkel, gehad. Lank voordat hy egter dié besigheid begin het, het hy, nadat hy glo ’n tyd lank eers as ’n smous in die distrik bedrywig was, ’n winkel by die Hottentotskloof-uitspanning, daar bo-op Theronsberg waar die Touwsrivier-pad uit die Calvinia-pad afdraai, gehad.

Nadat hy Ceres toe getrek het, het Oom Dawid sy besigheid in Vosstraat begin. Hy was ’n vernuftige besigheidsman wat met alles handel gedrywe het – huide en velle, wol, graan, perde en muile – enigiets wat jy wou koop of verkoop. So het hy eendag ’n ryperd aan

iemand verkoop wat gedurig sy ruiter afgegooi het. Toe die koper by Oom Dawid kom beswaar maak, het hy die volgende raad gekry: 'Man, as die perd wiep, maak 'n kliep aan sy stert vas!'

Toe Oom Dawid op 'n tyd 'n tweedehandse motor aangeskaf het wat hom dikwels in die steek gelaat het, moes hy baie spot van die mense verduur omdat iemand dit sowaar reggekry het om Oom Dawid te kul. Sy kommentaar was egter altyd: 'Maar hy het so 'n lekker hoeter!'

Oom Dawid het later die plase Roggevelei en Odessa in die Kouebokkeveld gekoop en daar geboer. Sy twee seuns, Losky en Elias, was goed bekend op Ceres en twee vooruitstrewende jongmanne.

Losky het later Oom Dawid se besigheid op Ceres bedryf terwyl hy ook op Odessa geboer het. Losky se seun het vandag 'n bekende perdestoetery op hierdie plaas. Losky het op gevorderde ouderdom Parkinson se siekte gekry en het al stadiger en stadiger begin beweeg asook baie gebewe. Na sy heengaan het sy weduwee nog baie jare, tussen al die oudhede wat sy en Losky versamel het, op Ceres gewoon.

Oom Dawid se tweede seun, Elias, het later op die plaas Ebenaeser naby Prince Alfred's Hamlet met hoenders en sagtevrugte gaan boer. Hy was 'n baie hardwerkende man en het ook vrugte van ander plase opgekoop en verpak. Hy is later met Daizy Singer van Tulbagh getroud, 'n aantreklike en aangename persoon wat ook baie gasvry was. Ek onthou nog wat 'n ware plesier dit was om by hulle te gaan besoek aflê.

Die ou kliptronk en kloktoring




Die ou kliptronk was naby die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Vosstraat geleë (waar die polisiekantoor vandag staan). Hier het die bandiete met hul driekwartlengte broeke en dwarsgestreepte oortruie soggens vroeg aangetree en is hulle kaalvoet en in gelid na die plase marsjeer waar hulle moes gaan werk. Die wag, in uniform en geweer oor die skouer, het hulle vergesel. Vyfuur die middag het hulle weer op dieselfde wyse teruggemarsjeer tronk toe.

Ons het maar altyd 'n sagte plekkie vir hulle gehad, en ek kan onthou hoe Oupa Joubert op Morceaux soms so 'n stukkie roltabak hier kort by hulle laat val het as die wag nie gekyk het nie. Dit was 'n openbaring om te sien hoe onopsigtelik daardie stukkie tabak opgetel word sodat jy, wat dophou, dit byna nie kan raaksien nie.

Reg op die suidwestelike hoek van Vos- en die Voorstraat, langs die tronk, het 'n klok aan 'n kloktoring gehang wat van klip gebou was. Ek kan nie onthou met watter geleentheid hierdie klok gelui is nie, buiten met die ingang van die nuwe jaar.

26 'n Blik op die kloktoring vanuit Vosstraat met die (derde) Ceres Hotel aan die regterkant



Meneer Estermann



Langs die kloktoring, nog steeds aan die suidekant van die Voorstraat (waar Ceres Fashion Saloon vandag is), het mnr Estermann, in vennootskap met mnr Joseph Kirsh, sy winkel gehad. Mnr Estermann was so 'n kort, dik mannetjie met kort beentjies en het regoor dr Munnik op die suidoostelike hoek van Vos- en Pinestraat gewoon.

Vroeg in die twintigerjare, toe die mense begin motors aanskaf het, het mnr Estermann vir hom 'n Studebaker met draadspeekwiele gekoop. Ek weet nie of dit as gevolg van sy kort beentjies was nie, maar hy kon maar net nie daarin slaag om die koppelaar behoorlik te beheer nie. Hy het altyd soos 'n naelloper weggetrek en dan twee gate in die gruispad agtergelaat soos die wiele geskop het.

Sy motorhuis was regoor die oprit na dr Munnik se agterplaas, en daar die motorhuis se vloer heelwat hoër as die straatoppervlak was, was die oprit taamlik steil. Dit was dus 'n hele operasie om die motor in die motorhuis te kry. As mnr Estermann die oprit te versigtig benader, stop die motor voordat hy bo kom en hardloop dwars oor die straat agteruit tot in dr Munnik se agterplaas. As hy weer met die langer aanloop genoeg spoed opbou,

ry hy agter teen die muur van die motorhuis vas. Sowel die muur as die motor het dan ook die gevolglike letsels getoon.

Mnr Estermann het die probleem probeer oplos deur 'n dik paal dwars teen die agterkant van die motorhuis se vloer aan te bring waar die voorwiele moes stop. Die paal was met kort houtjies teen die agterste muur gestut. Daarna kon hy met vertroue teen die paal vasry, wat die motor dan met 'n ruk tot stilstand gebring het. Maar eindag het hy die paal te vinnig bestorm. Die motor het dwars oor die paal gespring en die muur soos 'n bokram, wat eers op sy agterpote staan, van bo af gestamp. Dit het heelwat mannekrag geverg om die voorwiele weer oor die paal te lig en die motor uit die slagyster te bevry.

Mnr Michael L D S Epstein, 'Dental Surgeon'



Langs mnr Estermann se winkel was Barclays Bank, 'n geboutjie met 'n smal vooraansig wat diep na agter toe ingeloop het. Die bestuurder was mnr Klingbull, 'n man met 'n middellyfomtrek van na aan die twee meter. Hy het vreeslike klein voetjies gehad en ons het altyd gewonder hoe hy dit regkry om sy kolossale maag op hierdie voetjies te balanseer.

Toe Barclays Bank later na Max Kirsch se nuwe besigheidskompleks getrek het, het mnr Epstein, die tandarts, hier ingetrek. Dit was by hierdie einste tandarts waar Joubert, my jonger broer, eindag 'n groot moles gemaak het. Joubert was verskriklik bang vir 'n tandarts, nog banger as ek, maar die tandpyn het hom die vorige nag behoorlik laat les opsê. Ter onderskraging het Vader en ek hom die volgende dag na mnr Epstein se spreekkamers vergesel.

Terwyl Vader en ek voor in die wagkamer gewag het, het mnr Epstein Joubert in die agterste kamertjie in die stoel sitgemaak, en soos 'n barbier 'n groot wit laken oor sy bors gegooi en agter sy nek vasgestrik. Dr Hill was ook daar om vir Joubert 'n bietjie gas toe te dien sodat hy darem die pyniging van inspuittings gespaar kon word. Daar was egter 'n foutjie by die gasbotteltjie en toe dr Hill die gas begin toedien, bars die bottel met 'n harde knal.

Joubert het hom 'n papie geskrik, uit die stoel opgevlieg, en die volgende oomblik sien ons net hoe hy soos 'n dwarrelwind hier voor deur die wagkamer nael, met die doek wat soos 'n vlag in die suidoostewind agter hom aanwapper. Vader het nog gekree: 'Vang hom, Fraan!' maar toe ek by die deur uitkom, was ek net betyds om te sien hoe hy ooplê straat

af, terwyl hy die doek, somar so met een beweging, van sy nek afpluk en sywaarts weg-
gooi.

Piet Wilgers het voorkant, al klokluende met die twee borde wat oor sy skouers hang om
die bioskoopprent van die aand te adverteer, aangestap gekom. Toe dié probeer om Jou-
bert in sy vaart te stuit, word hy uit die grond geloop dat hy daar diekant in sy borde
verstrengel lê en die klok al beierende agter Joubert aanrol.

Ek was byna vyf jaar ouer as Joubert, maar hy het die groot bang gehad, en ek kon hom
eers daar kort by die brug van agter af inhaal. Vader moes my kom help om die arme,
byna histeriese Joubert al spartelende terug ter slagting te lei.

Die poskantoor

Skuins oorkant Mister Epstein se spreekkamers, aan die noordekant van die Voorstraat,
was die poskantoor, net langs Max Kirsch se winkel. Die poskantoor was maar 'n klein
geboutjie wat by die dorp van destyds gepas het, en daar was net een klerk agter die
ystertralies van die toonbank.

Mnr Nutt was destyds die posmeester en hy kon soms taamlik kortaf en onvriendelik
wees. Toe mej Basson, 'n onderwyseres, hom eendag vra of hy vir haar kleingeld vir £1
kan gee, het hy haar ingelig dat die Standard Bank net langsaan is. Sy koop toe 'n half-
pennieseël en betaal hom met die pondnoot. Hierop was sy antwoord, terwyl hy haar diep
in die oë kyk: 'You got me this time.' Mej Basson se reaksie op mnr Nutt se kortaf behan-
deling was egter baie kenmerkend van haar. Sy het altyd haar 'man' gekry – hoewel sy
nooit getrou het nie.

Mnr Nutt is later deur mnr Conradie opgevolg. Nadat die poskantoor na die perseel reg-
oor Luyt & Kie, aan die westekant van die Dwarsrivier, verskuif het, het mnr Newmark,
die prokureur, op die ou perseel ingetrek.

C W Newmark, 'Attorney'

Mnr Newmark, die prokureur, se woonhuis was regoor dié van mnr Estermann op die
noordoostelike hoek van Vos- en Pinestraat. Aan albei straatkante van die huis was 'n
hoë groen heining wat hom soveel privaatheid gegee het dat net die huis se dak van die

straat af sigbaar was. Hy het ook 'n motor aangeskaf, maar dié was somar 'n windmaker-motor wat by sy status gepas het. Dit het behoorlik soos 'n langwerpige negosiekis met venstertjies rondom gelyk. Dié motor was nie alleen die eerste sedanmotor op Ceres nie, maar het boonop ook nog 'four wheel brakes' gehad – die ander, 'gewone' motors het net aan die agterwiele gerem.

Mnr Newmark het nie self bestuur nie. Hy het dié kuns liever aan sy vrou oorgelaat, wat dit met mindere sukses bemeester het. Sy was 'n klein mensie en net haar twee ogies was bokant die stuurwiel sigbaar. Aan die oorkant van Vosstraat was 'n stormwaterafleislout, omtrent nege voet breed en ses voet diep, waarin mev Newmark beland het toe sy tussen die pedale onklaar getrap het. Die motor het soos 'n hond plat op sy stert in die sloot gaan sit met die neus al snuiwende in die lug.

Mev Newmark het eers histeries gegil en daarna 'n floute gekry. Die vrouens van die buurt het haar met 'n botteltjie vlugsout onder die neus bygebring en twee mans het hande gevat en haar al snikkende in 'n sittende posisie tussen hulle die huis ingedra. Ja, die motors het vir ons kinders heelwat pret verskaf.

Na mnr Newmark se aftrede het mnr Hauptfleisch die prokureurspraktyk oorgeneem.

Die Standard Bank

Langs die poskantoor was die Standard Bank (net daar waar dit vandag nog staan), met die bankhuis, waar die bestuurder gewoon het, net langsaan. (Die bankhuis moes 'n gedeelte van die perseel beslaan het waar die eerste sanatorium vir teringlyers vroeër gestaan het.) Die eerste bankbestuurder wat ek kan onthou, was mnr Elliot. Maar voordat mnr Elliot daar bankbestuurder geword het, het daar 'n sekere mnr Büchner in die Standard Bank gewerk.

Mnr Büchner het destyds na 'n nooi Du Toit wat op Prince Alfred's Hamlet gewoon het, gevry. Seker maar om 'n bietjie indruk op haar te maak, het hy een Sondagoggend met 'n huurmotor (ons het toe nog nie van 'n taxi gepraat nie) van Ceres af na haar huis gery. Daar aangekom, staan sy nooi se vader, wat 'n ouderling in die kerk was, net mooi gereed, geklee in sy manelpak en pluiskel, om kerk toe te stap. Met dié sien mnr Büchner 'n gulde geleentheid om sy aansien ook by die oom ietwat in te skerp, en vra toe die huurmotorbestuurder om sy aanstaande skoonvader, soos hy gehoop het, kerk toe te neem.

So gesê, so gedaan. Die oom neem toe, vir die eerste keer in sy lewe, sy sitplek, kiertsregop en pyp in die mond, op die agterste sitplek van die huurmotor in. Op pad kerk toe misreken die huurmotorbestuurder hom egter met die diepte van 'n stormwatervoor wat regoor die pad loop en ry hopeloos te vinnig daardeur, sodat die motor met 'n geweldige stamp aan die ander kant uitkom. Tegelykertyd wip die oom op die agterste sitplek so hoog dat sy kop hard met die motordak kennismaak, die pluiskeil tot oor sy ore gestamp word en die wêreld om hom in 'n wolk van rook en gloeiende pytabakas verander.

Ondanks dié voorval, is mnr Büchner later met die oom se dogter getroud en is nog later na die Standard Bank in Bellville verplaas. Hulle het twee seuns, Isak en Johan, en een dogter gehad. Isak het later 'n kafee in Bellville bedryf en Johan, wat 'n dwergie was en nooit getrou het nie, het tot sy heengaan as telefonis by die Hume Pype Company in Bellville gewerk.

Mnr Elliot, die bestuurder van die Standard Bank op Ceres, is later deur mnr Loubser opgevolg. Johnny Kerstein was die teller agter die toonbank en is later met mnr Loubser se dogter, Lulu, getroud. Johnny het nooit musiekonderrig ontvang nie, maar kon enige instrument onder die son bespeel. Hy het later die klavier in my orkes gespeel.


Volkskas het 'n tak op Ceres kom open in die tyd dat mnr Loubser bestuurder van die Standard Bank was. Om die nuwe opposisie opdraand te gee het mnr Loubser al sy kliënte besoek en lekkers aan die kinders uitgedeel.

Langs die bankhuis was 'n deurgang na nog 'n uitspanning wat agter die geboue langsaan geleë was. Soos by die reeds genoemde een, het hierdie uitspanning ook 'n toegang vanaf Munnikstraat gehad. (Hierdie twee toegange kan vandag nog gesien word, een langs die kantoor van Hauptfleisch & Hauptfleisch, en die ander regoor die agterplaas van die gewese Baumann's Store.)

Ek onthou nog die tyd toe die munisipaliteit besig was om die stuk van die Voorstraat teenoor dié ingang van 'n nuwe gruislaag te voorsien. Die bolaag van die straat is losgekap sodat die nuwe gruis goed met die padoppervlak kon bind. Veertien swart mans het skouer aan skouer in 'n reguit ry gestaan, pik in die hand. Die voorsanger het op 'n eentonige wysie geneurie: 'Haaibon siekabon siekabon' ... Woeps! kap almal gelyk, 'Haaibon siekabon siekabon' ... Woeps! Voetjie vir voetjie, dag na dag, week na week het dit op dié manier stadig in die Voorstraat op gevorder. Maar dit het nie veel saak gemaak nie, want tyd was volop en daar was in elk geval geen ander manier om die werk te verrig nie.

In dié tyd, so om en by 1922, het die munisipaliteit sy eerste vragmotor aangeskaf, 'n stoom-lorrie met soliede rubberbande. Oom Frikkie Steyn was die bestuurder en stoker.

Wanneer die vragmotor se asem opgeraak het teen die opdraande strate in die dorp, het Oom Frikkie 'n bietjie kole ingegooi, 'n rukkie gewag dat die stoomdruk opbou, en dan weer voortgestoom. Ons kinders wou vreeslik graag saamry, maar Oom Frikkie is verbied om kinders op te laai. Maar eendag het hy ons tóg skelmpies opgelaai en 'n straatblok ver laat saamry. As kind was dit vir my 'n tamaai groot vragmotor, maar dit kon nie so groot gewees het nie, want ek onthou nog dat ons paar kinders van die buurt byna die hele bak vol gestaan het.



27 Oom Frikkie Steyn met die munisipaliteit se stoomlorrie



Max Kirsch se winkelkompleks



Max Kirsch het later 'n winkelkompleks op die noordoostelike hoek van Munnik- en die Voorstraat gebou. Dié kompleks het sowel sy nuwe winkel as Barclays Bank, die apteek, Oom Petrus de Kock se winkel en haarkapperbesigheid, en Oom Piet du Toit se winkel gehuisves. Die apteker was mnr Fox, 'n rooikop Ier, wat 'n baie vriendelike en mooi vrou gehad het. Sy het later saam met vriende in 'n motorongeluk gesterf.

Oom Petrus de Kock het baie jare by Baumann's Store (waarvan ons netnou sal vertel) gewerk voordat hy sy eie besigheid in Max Kirsh se winkelkompleks begin het. 'n Mens moes deur sy winkel loop om by die haarkapperafdeling uit te kom. Laasgenoemde was die mans se bymekaarkompleks en ook die plek waar al Ceres se jongste nuus verkry kon word. Na Oom Piet du Toit se aftrede het Oom Petrus dié se winkelruimte gekoop, soontoe oorgetrek en tot sy dood sy besigheid daar bedryf.

Mnr Van Eck het as haarsnyer by Oom Petrus gewerk en was alewig besig om op te hou met rook. Hy moes dit betreklik maklik gevind het, want hy het gereeld elke maand

opgehou. Hy was van bed en tafel van sy vrou geskei (wat dit ook al mag beteken), maar hulle het bymekaar in dieselfde huis gewoon.

Oom Piet du Toit, van sy skooljare af bekend as Piet Jood, was 'n baie vriendelike en hulpvaardige man wat jou altyd met 'n glimlag gegroet het. Soos dit maar soms met ons almal gaan, is sy hulpvaardigheid op 'n dag verkeerd vertolk, wat tot 'n gruwelike misverstand gelei het. 'n Reisiger op pad na Calvinia het een oggend vroeg by Oom Petrus se haarkappery aangedoen om sy hare te laat sny. Daar hy die eerste kliënt van die dag was, was die meeste parkeerplekke nog leeg en kon hy sy motor reg voor die haarkappery in die straat parkeer. Die munisipaliteit was egter besig om die Voorstraat op te knap en, soos die noodlot dit wou hê, was dit juis dié parkeerplek wat 'n lelike slagget gehad het wat met gruis opgevol moes word. Toe die voorman van die munisipaliteit se werkspan die motor oor sy werkarea sien staan, stap hy daar en dan Oom Petrus se haarkappery binne, storm op die reisiger af daar waar hy in die stoel sit, beveel hom ewe onbeskof en sonder die nodige verduideliking om sy motor te verwyder, draai in sy spore om en stap by die deur uit. Die reisiger het toe ewe ongeërg, met doek en al om die nek, opgestaan, na die deur gestap, gesien dat sy motor reg parkeer was, en sonder om 'n woord te sê, weer in die stoel gaan sit.

Oom Piet Jood, wat van sy winkel af langs aan die skaakmat gestaan en dophou het, besluit toe om op taktvolle wyse 'n handjie te kom bysit. Hy stap toe Oom Petrus se haarkappery binne, nader die reisiger met 'n vriendelike glimlag op sy gesig, en vra hom in 'n sagte en hoflike toon of hy nie asseblief sy motor net so 'n bietjie vorentoe sou trek nie. Hy het egter ook nagelaat om die rede vir die versoek te verstrek. Toe die reisiger in Oom Piet se glimlaggende gesig opkyk, lees hy dié se goedbedoelde optrede heel verkeerd. Terwyl hy homself so half uit die stoel uitlig, snou hy Oom Piet toe: 'En vir wie de hel lag jy?'

Reg agter Max Kirsch se winkelkompleks was nog 'n uitspanning met een deurgang tussen die winkel en Standard Bank se bankhuis na die Voorstraat, en 'n tweede toegang na Munnikstraat.

Waar Munnikstraat in die Voorstraat doodloop



Die Engelse kerkie (dit is eintlik die St Andrew's Anglican Church, maar ons Afrikaners het dit gewoon die 'Engelse kerk' genoem) was maar altyd daar op die suidoostelike hoek

van Munnik- en die Voorstraat (maar was toe veel kleiner as wat dit vandag is). Die predikante het in die pastorie agter die kerkie gewoon en het van tyd tot tyd verwissel.



28 Die eerste St Andrew's Anglican Church met die pastorie in die agtergrond



Eintlik het Munnikstraat by dié pastorie doodgeloop, maar dit was steeds moontlik om met so 'n nou straatjie met 'n klein kronkel na oos verder na die kleurlingbuurt aan te ry. Reg by die kronkel het daar 'n ander paadjie na wes afgedraai na 'n pragtige strooidak-huis waarin Oom Ben Hough gewoon het. Dié huis was glo die oudste huis op Ceres omdat dit die opstal was van die plaas Rietvallei waarop die dorp oos van die Dwarsrivier oorspronklik aangelê is.

Oom Ben was agent vir die Prudential Versekeringsmaatskappy. Vandaar dat die huis die naam Prudentia gedra het. Oom Ben was 'n lang man wat met 'n piepfyn stemmetjie gepraat het, maar met 'n diep basstem in die kerkkoor gesing het. Hy was ook die eienaar van die skoollorrie wat die skoliere van Prince Alfred's Hamlet na Ceres se hoërskool vervoer het. Dit was somar 'n gewone vragmotor met 'n seilkap op en met drie lang banke oorlangs agter die stuurkajuit aangebring. Hoewel die skoollorrie Oom Ben se eiendom was, het 'n paar hoërskoolseuns gewoonlik as lorriebestuurders opgetree.

Toe ek in die skool was, het Gielie du Toit, seun van Oom Frans (Letjie) du Toit van Hamlet en ook 'n klasmaat van my, die lorrie bestuur. Ek het hom soms per geleentheid afgelos, veral wanneer hy siek was. Nadat ons twee die skool verlaat het, het Oom Albert du Plessis die vervoer van die skoliere waargeneem en dit was in dié tyd dat die ongeluk gebeur het.

Frans Conradie van die plaas Koelfontein, naby Hamlet, wat later administrateur geword

het, was besig om die lorrie te leer bestuur. Een middag toe hy met 'n klomp skoliere van Ceres op pad Hamlet toe was, het 'n kalf by Sopieshoogte voor die lorrie ingehardloop. Frans het te vinnig uitgeswaai, van die pad af gery en die lorrie het omgeslaan. Een van die Goosen-seuns is oorlede en 'n paar ander kinders het ook beserings opgedoen. Die ironie van die saak was dat die lorrie vir Louis Reynolds, wat na skool moes bly, weggery het, en dat die Goosen-seun op Louis se plek gaan sit het.

Mnr Krige & De Wet, prokureurs



Die dubbelverdiepinggebou op die suidwestelike hoek van Munnikstraat se verlengingstraatjie en die Voorstraat, het die prokureurskantore van Krige & De Wet in die onderste verdieping gehuisves. Die gebou was bekend as Hough's Chambers. Mnr De Wet het aanvanklik op die eerste verdieping van die gebou gewoon. Dié woonplek se ingang was van die verlenging van Munnikstraat af met 'n donker houttrap bereikbaar. Na 'n rukkie het mnr De Wet vir hom 'n windmakerhuis in Parkstraat gebou waar hy en sy vrou dan ook gaan woon het. (Barclays Bank het later in hierdie gebou ingetrek.)

Mnr E W Krige was die burgemeester van Ceres en jy kan maar sê hy wás Ceres. Hy was 'n klein mannetjie met die hart van 'n leeu en die beste afslaer wat ek ooit op 'n vendusie gesien het. Hy het sy bieërs en rondstaners voortdurend met spitsvondige grappe getrakteer. As jy jou weer kom kry slaan hy 'n artikel op jou toe sonder dat jy bewus was dat jy daarop gebie het. Sodra die bieëry lusteloos begin raak slaan hy somar die item op die tweede bod vir 'n belaglike prys toe, en daarna val die mense weer mekaar in die rede om te bie.

Ek het eendag 'n vendusie bygewoon wat hy op 'n plaas in die Warmbokkeveld waargeneem het. Een van die items wat opgeveil moes word, was 'n ou geroeste sinkwatertenk vol gate. Toe hy geen bod op dié artikel kon kry nie, het hy naderhand in desperaatheid uitgeroep: 'Magtig, mense, ek wens dat ék so 'n tenk gehad het!' Maar mens moet nie 'n boer onderskat nie, en toe 'n stem uit die bieërs se geledere ewe ongeërg vra: 'Hoekom koop jy dit dan nie vir jouself nie?', moes hy maar saam met hulle lag.

Mnr Krige was so 'n merkwaardige mens dat daar maar altyd een of ander noemenswaardige storie van hom sal oorbly. So was daar die Symingtons wat in 'n huisie op Ceres se skougronde (aan die voet van Rooikrans) gewoon het. Hulle een dogter, wat met Nicolaas Deetlefs van die plaas Schoonvallei getroud was, was vir 'n groot deel van haar

lewe 'n invalide asook kinderloos. Mev Symington self was 'n kwaai vrou wat vir geen dwiwl gestuit het nie, en die mense het van beter geweet as om swaarde met haar te kruis.

Mnr Krige was egter 'n man wat op sy eer gesteld was en het hom nie deur haar laat afskrik toe hulle eendag 'n potjie geloop het nie. Ek weet nie waarom die twee vasgesit het nie, maar hy het haar by haar huis gaan besoek om haar op haar plek te gaan sit. Toe hy aanklop, het sy die voordeur oopgemaak, maar hom nie ingenooi nie. Die uiteinde van die saak was dat hulle mekaar somar so in die deur in die hare gevlieg het.

Die een ding het na die ander gelei en albei het redelik warm onder die kraag geraak. Mnr Krige, wat nie daaraan gewoond was om met soveel minagting behandel te word nie, het op die ou end sy humeur verloor en haar 'n taai klap gegee. Mev Symington, wat weer nie daaraan gewoond was dat klappe na haar kant toe uitgedeel word nie, was eers uit die veld geslaan, maar het later, toe sy tot verhaal kom, 'n saak van aanranding teen hom aanhangig gaan maak.

Toe die hofsaak voorkom, het mnr Krige sy eie verdediging waargeneem. Maar waar hy altyd ander mense se sake vir hulle gewen het, was sy eie een van die weiniges waar hy nie die mas kon opkom nie. Hy is skuldig bevind en die keuse tussen 'n boete en tronkstraf opgelê.

Mnr Krige, wat toe eers regtig die hoenders in was, het toe besluit om die tronkstraf uit te dien – 'n besluit wat netelige omstandighede geskep het, want hoe sou dit nou lyk as die dorp se burgemeester in die tronk sit? Sy skoonseun, dr Ludwig Cohen, het toe maar tot die gemeenskap se redding gekom deur die boete te betaal. Daardeur het hy hom egter die toorn van sy skoonpa op die hals gehaal.

Mnr Krige was 'n baie knap prokureur en as hy die saak teen jou behartig het, kon jy maar solank die boete gaan betaal. As jy 'n plaas of woonhuis wou koop of verkoop sou hy dit vir jou vind of 'n koper in die hande kry. Hy was ook 'n geldvoorskieter van naam en het baie verbande op eiendomme gefinansier. Met die depressie van 1930, toe baie boere bankrot gespeel het, het hy dan ook heelwat plase besit wat hy moes oorneem omdat die boere nie hulle finansiële verpligtinge kon nakom nie.

Daarby was mnr Krige ook 'n kunsliefhebber wat met sy vele reise 'n groot hoeveelheid kunsskatte versamel het. Sy vrou was 'n wonderlike en vriendelike mens sonder enige 'sights', soos ons destyds gesê het. Sy oudste seun, Johan, was saam met my in die klas, en met dié se verjaardag is die hele klas die middag na skool na sy verjaardagpartytjie genooi.



Omdat dit darem gesiene mense was by wie ons moes gaan partytjie hou, het ons ouers ons ons Sondagklere, kouse en skoene inklusief, laat aantrek. Mev Krige het ons op die stoep ingewag, ons almal vriendelik gegroet, en toe gesê: 'Nou die eerste ding, trek die kouse en skoene uit!' Dié bevel is oombliklik met 'n oorverdowende 'Hoera!' uitgevoer, waarna ons weer vryelik en sonder pyn kon hardloop en spring.

Mnr en mev Krige het nooit 'n rolprent in Catto se vlooielik (waaroor daar later meer berig word) misgeloop nie en het permanent bespreekte sitplekke in die agterste ry teen die muur gehad.

In vergelyking met mnr Krige was mnr De Wet, sy vennoot, maar 'n stug persoon. Gedurende die Ossewatrek van 1938, toe ons Afrikaners baarde gekweek het, het mnr De Wet heelwat te sê gehad oor hierdie 'afskuwelike' gebruik. Kort daarna het hy 'n soort ekseem in sy gesig opgedoen en moes van toe af noodgedwonge 'n baard dra, maar hy het nie aan die feesvierings deelgeneem nie.

Sebba se winkel en die tuishuise



Langs Krige & De Wet se kantore, ook in Hough's Chambers, het mnr Sebba sy horlosie-winkel gehad. Hy het horlosies herstel en verkoop maar meesal in die deur gestaan en kyk wat in die straat aangaan. Ons was maar lugtig om daar besigheid te doen, daar ons as

kinders geglo het dat hy skelm was. Boonop het Vader my eendag geld gegee om iets by Sebba te gaan koop, en toe wou hy my nie afslag gee nie.



30 Hough's Chambers met Krige & De Wet se kantore, en aan die regterkant, Sebba se horlosiewinkel



Tussen Sebba se winkel en die volgende gebou na die westekant toe was 'n nou stegie waardeur 'n mens kon deurstep na Oom Ben Hough se huis asook na 'n paar ander tuishuise waar die boere met nagmaal oorgebly het. Een van hierdie tuishuise het aan Oom Kallie van der Merwe van die plaas Moerasvlei (later bekend as Boplaas), behoort. Oom Kallie en sy gesin het altyd met nagmaal en sommige ander geleenthede hier tuisgegaan. Ek onthou nog dat hulle seun Fanie, wat in 'n ongeluk betrokke was, tydens sy herstel in hierdie huis gelê het sodat hy binne bereik van 'n dokter kon wees.

Die ongeluk het gedurende oestyd gebeur toe Fanie as touleier moes optree voor een van die selfbinders waarmee daar destyds goeies is. Om die een of ander rede het die esels wat die masjien getrek het, geskrik, op loop gesit en Fanie onderstebo gehardloop. Met dié het sy een been in die lemme van die masjien beland wat die vel en vleis voor op sy skeen afgestroop het. Sy ouers het toe hulle tuishuis vir hom ingerig sodat hy daar kon bly vir die lang periode wat nodig was vir die been om te herstel. Hy het vir meer as 'n maand daar moes lê. Fanie was 'n kleinneef van my, en Moeder het my gereeld met lekkernye soontoe gestuur. So het ek dikwels daar by hom gekom dat hy lê en huil het van die pyn. Die been het egter met verloop van tyd heeltemal herstel, en sover ek weet, het Fanie nie weer las daarvan gehad nie.

Baumann's Store



Op die noordwestelike hoek van Munnik- en die Voorstraat was Baumann's Store, 'n

groot winkel wat reeds in 1855 deur mnr Jan Hendrik Munnik en sy swaer, mnr H L de Lange, gebou en bedryf is. Mnr Munnik se seun, George Glaeser Munnik, was die eerste bestuurder van die winkel. George het later 'n magistraat en, nog later, 'n senator geword. (Daar bestaan vandag nog teelepeltjies en ander artikels waarop die woorde: 'Made expressly for Baumann' uitgegraveer is.) Nadat die gebou in die vroeë twintigerjare afgebrand het, is die winkel herbou. (Nog later is dit in 'n moderne winkelkompleks omskep.)

Pikkie Daan was, as ek reg onthou, een van die werknemers by Baumann's Store. Hy was 'n klein kleurlingmannetjie met 'n potsierlike figuurtjie en het altyd 'n langbroek gedra. Pikkie Daan was 'n geesdriftige ondersteuner van Ceres se rugbyspan en het tydens wedstryde altyd langs die veld en agter die pale op en af gehardloop terwyl hy die span luidkeels aangemoedig en toegejuig het.

Baumann's Store het met verloop van tyd verskeie eienaars gehad, onder andere mnr Jacobs en mnr A T W Dreyer. Laasgenoemde was 'n gesiene persoon en het later burgemeester van Ceres geword. Die winkelgebou en -pakkamers het die volle lengte van Munnikstraat tot by die hoek van Oranjestraat beslaan en mnr Dreyer se huis was op die suidwestelike hoek van dié twee strate.

Gedurende sy ampstermyn het mnr Dreyer dit deeglik geniet om sy burgemeesterstatus te laat geld. Hy was so effe bombasties en het 'n sterk persoonlikheid gehad. Op 'n dag, toe daar 'n swaar sneeuval in die distrik was, het hy vername gaste gehad wat hy wou trakteer deur vir hulle die sneeu op die plato bokant Gydopas te gaan wys.

Bo-op Gydopas het die sneeu dik gelê, en toe mnr Dreyer en sy gaste daar aankom, was daar alreeds talle sneeukykers wat die verbygaande motors met sneeuballe bestook het. Dié van ons wat mnr Dreyer geken het, het sy motor in vrede deurgelaat. Die besoekers wat egter nie van ons kontrei was nie, het nie geweet wie hy was nie, en al sou hulle geweet het, sou dit ook nie verskil gemaak het nie want daar is met sneeuballe gegooi sonder aansiens des persoons.

Toe 'n goeie sarsie sneeuballe mnr Dreyer se motor tref, het hy stilgehou om die gooiers te vermaan dat mens nie sneeuballe na 'n burgemeester se motor gooi nie. Toe hy uit die motor klim, het sarsie op sarsie sneeuballe hom egter met soveel geweld getref dat hy noodgedwonge na sy motor moes terugvlug. Sy enigste uitweg was om die deur haastig toe te klap en die aftog te blaas. Maar hy was hoogs ontstoke dat die aansien syns persoons so minagtend deur die 'skorriemorries' deur die modder gesleep is, en dit nogal in die teenwoordigheid van sy hoë gaste.

Mnr Dreyer was nietemin 'n burgemeester wat baie vir Ceres beteken het. Dit was gedurende sy ampstermyn en as gevolg van sy ondernemingsgees en deursettingsvermoë dat die besluit geneem is om 'n opgaardam in die voetheuwels van die Skurweberge aan Ceres se westekant (op die grond van die destydse plaas Wakkerstroom) te bou, en om deur middel daarvan elektriese krag op groot skaal met 'n hidroëlektriese skema op te wek. Die skema, wat £128 000 gekos het en op 18 Julie 1953 ingewy is, het uit twee waterturbines bestaan wat elk 250 kilowatt kon opwek.

Katkisasie by Ant Hansie Smuts



Ant Hansie Smuts het langs Baumann's Store in die Voorstraat gewoon en sy het haar Bybel soos haar handpalm geken.

Ons jongmense wat lidmate van die NG Kerk wou word, het destyds nog nie kategese gehad nie. Pleks daarvan het ons somar Sondagskool toe gegaan. In dié tyd was dit ook ongehoord om as lidmaat van die kerk aangeneem en voorgestel te word voordat mens die skool verlaat het. Dit was die gebruik om so tussen sewentien- en twintigjarige leeftyd te gaan katkiseer, en Ant Hansie Smuts was die persoon wat ons eers so twee of drie weke lank in geestelike sake 'gebrei' het voordat ds McDonald ons vir katkisasie onder hande geneem het. As jy ná die voorbereidingsperiode by Ant Hansie uitgestap het, het jy jou Bybel en al die meegaande dinge geken, en jy het geweet hoe om regtig te bid. Die dae van gebedjie opsê was vir ewig verby.

Nadat ons by Ant Hansie klaar was, het ons vir 'n week of wat by ds McDonald in die ou kerksaal gekatkiseer. Daar was gewoonlik twee ouderlinge teenwoordig wat aan weerskante van die predikant gesit het. Hulle was altyd ten volle in manel en strikdas geklee, met die hardebolkeile langs hulle op 'n stoel. Anders as by Ant Hansie, het die katte-kwaad hier nie ontbreek nie.

Een van die ouderlinge, Oom Tom Theron, het 'n bleskop gehad. Piet Wolfaardt het ons altyd ingelig dat hy in der waarheid sy hare middelpaadjie kam!

In ons katkisasieklas was 'n seun wat doer uit die boendes gekom het met sy driekwartbroek, lang swart kouse en velskoene. Maar moenie 'n fout maak nie, hy het sy Bybel beter as ons geken. Gedurende een van dié klasse het iemand uit ons geledere 'n stukkie karton so groot soos 'n motor se nommerplaat geneem, en in groot letters daarop geskryf: 'Foreign specimen, for exhibition only', en dit skelmpies met 'n gebuigde speld agter op

die seun se rug vasgesteek. Hy was salig onbewus daarvan totdat ons op die stoele gaan plaasneem en die ding hom begin pla het.

Hy het die naambord met groot moeite van sy rug los gemaak, en omdat hy nie die Engelse boodskap kon lees en verstaan nie, dit aan ds McDonald wat daar voor op die verhoog gestaan het, gaan gee. Ds McDonald was erg verontwaardig maar dit was ook duidelik dat hy die humor van die situasie ingesien het. Sy skrobbering van die verhoog af het hy dan ook afgesluit met: 'Foreign specimen for exhibition only ... bid jou aan!'

Uitspanning agter Baumann's Store



Tussen Ant Hansie se huis en die laaste gebou voor die brug oor die Dwarsrivier was Oom Tom Theron se latere slaghuis, en langs die slaghuis, 'n voetpad van die Voorstraat na die uitspanning in Baumann's Store se agterplaas. Soos die ander uitspannings het hierdie een ook twee toegange gehad, in dié geval, albei vanuit Munnikstraat. Die skuur met sy wabakhoë stoep was in Munnikstraat by die ingang naaste aan Oranjestraat geleë.

Elite Drapers



Die laaste gebou in die Voorstraat by die brug is eers baie later opgerig. In dié gebou was Tilly en Annie Nel se damesuitrusterswinkel, Elite Drapers, asook 'n kafee en teekamer, die Lawn Tea Lounge, met 'n uitsig op die rivier. Onder die bome op die rivier se wal was tafeltjies en stoele op die groen gras aangebring waar ook versnaperings bedien is. Dit was 'n aangename en gesogte plek om tee te drink.

Die uithangbord voor Elite Drapers het nie alleen die winkel se naam geadverteer nie, maar het ook aangedui dat handgemaakte damesklere van die nuutste snitte daar opgetower word. So het Tannie Van der Merwe, alom bekend as Tannie Gydo, dan ook eendag daar aangeklop om 'n rokkie te laat maak. Sy was 'n kolossale vrou van wie vertel is dat sy 'n skaapboud vir ontbyt opeet. Nadat Tilly haar mate geneem het en die materiaal uitgesoek is, het Tannie Gydo half verskonend vir Tilly gesê: 'Ag, kindjie, as jou tafel te klein is om die rokkie op uit te sny, moet jy dit tog maar op kerkplein gaan doen.'



31 Die Lawn Tea Lounge
met Elite Drapers langsaaan



Tilly is later met Steve Conradie, broer van die posmeester en bouer van nering, getroud. Nadat hulle die besigheid verkoop het, het hulle Farm House, in Paddavlei, gekoop. Steve het die gebou wat daar gestaan het as 'n losieshuis ingerig. Die twee het die losieshuis baie jare lank daar bedryf en was veral bekend vir die uitstekende kos wat hulle bedien het. (Daar word vandag nog loseerders in hierdie losieshuis gehuisves wat tans as Die Herberg bekend staan.)

Mnr Enoles se barbierrwinkel

Ons stap nou eers weer terug na die suidekant van die Voorstraat, na die stegie langs Sebba se winkel. Aan die westekant van die stegie was 'n langerige gebou waarin mnr Enoles (spreek uit 'Ennoulees') se barbierwinkel en 'n kafee gehuisves was.

In die vroeëre twintigerjare, lank voordat Oom Petrus de Kock sy haarkappery op Ceres begin het, was mnr Enoles die enigste haarkapper op die dorp. Volwassenes het een-en-ses vir 'n haarsny betaal en kinders agt pennies. Hy het ook 'n prys van een sjieling vir volwassenes gehad, maar dan is jou baard met 'n 'cut-throat' geskeer. Die plek het altyd vol mans en seuns gesit wat op 'n beurt wag.

Dit was juis hier by mnr Enoles se haarkappery waar ek as jong seun een van my eerste lewenslesse geleer het. Terwyl ek my beurt afgewag het, het Oom Fanie Malherbe daar ingestap gekom. Toe hy sien dat ek die volgende persoon sou wees om aan die beurt te kom, vra hy my of ek nie bereid sal wees om my beurt aan hom af te staan nie. Deels uit

goeie maniere en deels omdat Oom Fanie 'n vername persoon was en dit my ego heelwat gestreel het om hom te kon help, het ek sonder huiwering ingewillig. Nadat mnr Enoles sy hare klaar gesny het, het hy ewe mooi dankie gesê, maar toe ek my plek daarna in die stoel wou inneem, is ek aangesê om agter in die ry in te val. Oom Fanie se beeld het somar heelwat in my estimasie gedaal.

Oom Johnny Darelis

.....

In die kafee langs mnr Enoles se barbierwinkel het Oom Johnny Darelis, 'n Griekse immigrant, sy besigheidjie op Ceres begin met die £10 wat hy vir hierdie doel geleen het. Hy was 'n hardwerkende man en het soggens voor ligdag sy kafee skoongemaak en uitgevee sodat alles netjies kon wees wanneer die eerste klant opdaag. Hy het vooruitgegaan en is later met 'n minsame Afrikaanse dame, Bettie, getroud.

32 Oom Johnny Darelis



Oom Johnny en sy vrou, Bettie, het later die gebou waar mnr Estermann en Joseph Kirsch eers hulle winkel gehad het, betrek en 'n damesuitrusterswinkel met die naam Ceres Fashion Saloon daar bedryf. Hulle het een seun, Basil, en drie dogters, Emmarine, Irene en Mavis, gehad. Bettie is in 1993 oorlede, maar die kinders en Oom Johnny, wat reeds diep in sy tagtigerjare is, het by die skrywe hiervan almal nog geleef.

Oom Johnny het gou die Afrikaanse taal op 'n praktiese manier bemeester, maar sy grammatika en uitspraak was nie heeltemal volgens die reëls nie. Hy het vandag nog die gewoonte om kort-kort 'n 'because why' in sy sinne in te vleg.

Die Bergmann-gesin

Langs mnr Enoles se haarkappery, waar Oom Petrus de Kock later gewoon het, het die Bergmann-gesin gewoon. Mnr A L C Bergmann was 'n lang, skraal en nogal heel gawe man. Hy was die skoolraadsekretaris asook voorsitter van die Afdelingsraad vanaf 1925 tot 1938.

Mnr Bergmann se dogters was egter vreeslik 'highfelootin' en 'up-stairs', soos die oumense gesê het. Hulle het altyd van 'home' gepraat as hulle Engeland bedoel en het geweier om 'n woord Afrikaans te praat. Iemand het gesê dat hulle in elk geval te onnosel was om Afrikaans te leer praat. Freda, die een dogter, het met 'n vreeslike 'Oxford accent' gepraat wat jou die piep gegee het. As jy nou noodgedwonge Engels met haar moes praat, het sy gedurig jou uitspraak gekorrigeer en aan die einde van die gesprek haar hande gelate in die lug opgegooi en gesê: 'Oh, this dreadful colonial accent!'

Haar ouer suster, Caroline, was 'n musiekonderwyseres wat ook in Londen gaan studeer het. Gedurende haar verblyf daar het sy 'n rou Engelsman, mnr Hodgson, ontmoet en is met hom getroud. Hy was 'n befaamde violis wat op negejarige leeftyd reeds in die Albert Hall in Londen opgetree het. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was hy 'n vegvlieënier wat afgeskiet is en daarna swartwaterkoors opgedoen het. Na sy herstel kon hy nie weer loop nie en moes die res van sy lewe in 'n rolstoel deurbring.

Mnr Hodgson en Caroline het ná die oorlog na Ceres teruggekeer waar sy klavier- en hy vioollesse gegee het. Hulle het toe in 'n huis aan die noordekant van Bergsigstraat, wes van die Dwarsrivier, gaan woon. Dit was in dié tyd dat ek by hom vioollesse geneem het. Hy het altyd in 'n leunstoel gesit terwyl hy les gegee het. Na my beskeie mening was hy een van die beste vioolspelers wat ek ooit gehoor het. Hy het altyd vertel dat dit sy ideaal was om een van die vier beste vioolspelers in die wêreld te word, maar sy gesondheid het

hom hierdie ideaal ontsê. Nadat hy oorlede is, het ek verder by verskeie dames lesse geneem, maar ek het beter as hulle gespeel en derhalwe belangstelling verloor.

Mnr Bergmann se derde dogter, Connie, was baie sieklik en, soos die mense gesê het, vol iepekonders. Daar het seker nie 'n dag omgegaan dat sy dit nie nodig gevind het om die dokter te gaan spreek nie.

Mnr Bergmann se enigste seun, Alec, was 'n rakker wat Ceres taamlik vroeg in die lewe verlaat het om 'n heenkome elders te gaan soek. In 1936 het Piet Wolfaardt, Martin Reynolds en ek hom in die destydse Lourenço Marques (nou Maputo) raakgeloop waar hy met die honderesies te doen gehad het. In daardie dae was Lourenço Marques bekend (of berug?) vir die honderesies wat daar gehou is en waarvan die weddenskappe 'n goeie bron van inkomste vir daardie land was. Daarna het ek Alec net een maal weer op Ceres gesien en weet nie wat van hom geword het nie.

Die suidoostelike oewer van die Dwarsrivier

.....

Die winkel van Katzenellenbogen & Fish was die laaste gebou voor die brug aan die suidekant van die Voorstraat. Agter die winkel was ook 'n uitspanning met twee toegange, een aan elke kant van die gebou. Hierdie besigheid is later deur Wolfie Fish oorgeneem en tot sy heengaan deur hom bedryf. Hy het 'n aangename persoonlikheid gehad, was besonder skrande in die skool, en was ook die Dux-leerling in matriek. Op sy oudag het Wolfie 'n beroerte-aanval gekry, en dit was tragies om die eens begaafde man aan 'n rolstoel gekluister te sien.

Aan die sykant van hierdie gebou, langs die westelike ingang na die uitspanning, was die eerste bioskopie op Ceres. Dit was eers baie later dat mnr Catto die nuwe bioskoop aan die oorkant, dit wil sê aan die westekant van die Dwarsrivier, gebou het.

Aan die suidekant van die Voorstraat, vlak langs die brug, het mnr Emil Andersson en sy gesin in 'n pragtige en statige strooidakhuis Friedrichs Ruh, op die oewer van die Dwarsrivier, gewoon. Voor en agter die huis was groot stukke grond wat deel van die erf gevorm het en waarop mnr Andersson op klein skaal geboer het. Hy was sy lewe lank met die sagtevrugtenywerheid gemoeid, het as sekretaris van verskillende verenigings gedien, en was ook by tye die sekretaris van Ceres Fruit Growers Cooperation voordat dié in 'n vrugteverpakkingsbedryf omskep is.

Dit is ook op mnr Andersson se erf waar die groot boom waarvan Lawrence Green in sy

boek *Beyond The City Lights* skryf, staan. Nadat mnr Andersson oorlede is, het die huis in die hande van die familie gebly en het sy skoonsuster, die weduwee Andersson, vrou van ds Andersson, met haar twee dogters hier ingetrek. Omdat die huis teen dié tyd al baie bouvallig was, het sy dit laat sloop en 'n nuwe huis op dieselfde plek as die oue gebou. Sy het hier gebly totdat sy oorlede is.

(Pieter Malherbe, vroeër van die plaas Ezelsfontein, het die huis op die vendusie na mev Andersson se dood gekoop, en dit kort voor sy heengaan weer aan Johan Roux verkoop.)

Hiervandaan stap ons oor die Van Bredabrug, 'n ou houtbrug oor die Dwarsrivier, sodat ons die westekant van Ceres se Voorstraat kan verken.



Die Voorstraat wes van die Dwarsrivier

Die dorp Ceres word netjies in twee dele gekloof deur die Dwarsrivier wat van noord na suid daardeur loop. Om van die oostelike deel van Ceres na die westelike een te kom, moet ons oor die Van Bredabrug stap. Hierdie ou houtbrug is in 1855 oor die Dwarsrivier gebou. Die Van Bredabrug, wat vernoem is na 'n lid van die Hoërhuis van die Ou Kaapse Parlement, was die tweede brug wat op hierdie plek oor die rivier gebou is.

Volgens ou foto's wat opgediep kon word, het die brug eers net een sybruggie vir voetgangers aan sy suidekant gehad. Later is 'n tweede een aan die noordekant van die brug aangebring. Laasgenoemde is deur die blankes gebruik terwyl die een aan die suidekant deur die nie-blankes gebruik is.

Daar is 'n hele aantal staaltjies wat ek oor die Van Bredabrug wil vertel, maar voordat ons daarby kom, wil ek u eers voorstel aan die mense wat in die twintigerjare besighede aan die noordekant van die Voorstraat, tussen die rivier en Lyellstraat, gehad het.

Catto se bioskoop en die Union Café



Reg langs die wesoewer van die Dwarsrivier was 'n gebou op hoë fondamente waarin Catto se bioskoop en die Union Café was.

Daar is aan my vertel dat mnr E W Krige – die destydse burgemeester van wie ek reeds vertel het – die bou van die bioskoop gefinansier het omdat hy en mev Krige so graag bioskoop toe gegaan het.


Mnr Catto was 'n Oosterling, blykbaar 'n Japannees, wat met 'n bruin dame, Caroline, getroud was, en sy was 'n dame in die ware sin van die woord. Daar word vertel dat daar in die Tweede Wêreldoorlog, net ná die Pearl Harbour-insident, 'n klompie Australiese soldate in die land was wat Ceres aangedoen het op hulle reis na die noorde. Toe hulle verneem dat mnr Catto 'n Japannees was, het hulle baie aggressief geraak en wou hom leed aandoen. Mnr Catto moes toe vir die duur van hulle besoek vir sy eie veiligheid in die tronk gehuisves word.

Dit was in die dae toe daar nog nie klankfilms was nie. Voor op die verhoog in die bioskoop was 'n pianola en 'n klavier om musiek te verskaf terwyl die rolprent vertoon is. Rex Baartman het die pianola hanteer en ook tussenin op die klavier gespeel.

Die week se rolprent is deur 'n kleurling, Piet Wilckers, met wie ons reeds kennis gemaak het, geadverteer. Hy het met twee vertoonborde, een voor en een agter die rug, en 'n welluidende klok in die hand, die dorp te voet deurkruis. Op hierdie borde was die naam van die prent asook hoeveel duisend voet dit lank is, aangebring. Dié inligting is afgesluit met die woorde: 'Don't Miss It!' Verdere advertering is deur mnr Catto self by die kafee gedoen deur aan almal wat daar 'n ietsie kom koop het, te sê: 'Very good picture tonight.'

Behalwe mnr Catto se rolprente het Piet Wilckers ook enige ander gebeurtenis wat op die dorp sou plaasvind, op dié manier geadverteer. Ons kinders het graag die honde agter hom gesit en as hy dan probeer het om hulle met die klok te verwilder, het hulle dit eerder as aanmoediging vertolk. Soos Piet dan deur die strate gevorder het, het die dorp se honde so beurt-beurt by die optog kom aansluit om met die blaffery te help. Dit was 'n ware sirkus om te aanskou.

Die Union Caf  met sy ho  stoep is deur Caroline Catto bedryf en was 'n gewilde tee-drinkplek. In die somer het sy soms die heerlikste roomys gemaak wat sy teen 'n sikspens



33 Die Union Caf  met
Catto se bioskoop langs-
aan



per bakkie of in 'n 'penny lick'-horinkie verkoop het. By hierdie geleenthede is 'n uithangbord met die boodskap, 'Ice Cream Today' vertoon, en as jy jou nie gehaas het nie, was die roomys klaar uitverkoop. In die winter is daar nooit roomys verkoop nie.

Caroline was pynlik skoon en netjies. Eendag nadat ek 'n tand laat trek het en nie te wel gevoel het nie, het ek eers vir 'n rukkie daar in die kafee gaan sit. Sy het dadelik gemerk dat daar iets met my skort en my na hulle slaapkamer geneem sodat ek op die bed kon rus. Die pragtige kamer met die dubbelbed en veersagte donscombars het so 'n indruk op my gemaak dat ek dit nooit sal vergeet nie.

(Vandag staan G H B Meubels op die perseel waar die bioskoop en Union Café destyds geleë was.)

Paul Louw

Langs die Union Café was die motorhawe van Paul Louw wat tóe al Ford-motors verkoop het. Die motorhawe was baie laer geleë as die gebou wat die bioskoop en kafee gehuisves het, weens laasgenoemde se hoë fondamente. Om die een of ander rede het die motorhawe se uithangbord aangedui dat dit 'Paul – Louw' se garage was, en my jonger broer, Joubert, het derhalwe altyd gepraat van 'Paul Strepie Louw'.

34 Paul Louw se motorhawe



Paul was 'n ongeslypte diamant met 'n hart van goud en het 'n wonderlike vrou gehad. Sy het onder andere daarvoor gesorg dat die klante hulle rekeninge vereffen het en die boekhouding van die motorhawe onder haar vlerk geneem, want as dit van Paul afgehang het, sou hy feitlik verniet gewerk het.

Paul was lief vir sy drankie. Nadat hy jou motor herstel en jy kontant daarvoor betaal het, het hy altyd die transaksie afgehandel met die woorde: 'Kom ons gaan maak 'n dop.' Vir hierdie doel was 'Die Oog' of 'Die Gat in die Muur' net langsaan.

My vader het in die dertigerjare 'n kontrak met Paul aangegaan om hom elke jaar van 'n nuwe motor te voorsien vir die som van £100. Die motor is vir die jaar gewaarborg, gedurende welke tydperk Vader moes onderneem om nie meer as 10 000 myl te ry nie en vir sy eie petrol en olie te betaal. Alle foute is egter gratis herstel. Die kontrak het ook 'n stel tasse wat in die motor se bagasiebak pas, en wat na afloop van die jaar kosteloos vir nuwes omgeruil sou word, ingesluit. Toe motors later duurder geword het, is daar ooreengekom om die jaarlikse koopsom na £150 te verhoog. Vandag klink dit na 'n sprokie, maar dit was werklik die geval.

Wanneer daar 'n nuwe model motor van Ford in die handel gekom het, het Paul eers self die motor ingestel en getoets, waarna almal wat kom kyk het, vir 'n demonstrasierit geneem is. Ek kan byvoorbeeld nog onthou toe die eerste V8-Ford aan die einde van die twintigerjare op Ceres aangekom het. Paul het die motor van die stasie af gebring en was nog besig om verstellings daaraan te doen toe ek by sy motorhawe opdaag. Nadat hy tevrede was dat die enjin mooi glad loop, het hy agter die stuurwiel plaasgeneem, my sonder seremonie aangesê om in te klim, en die pad gevat in die rigting van Michellspas.

In daardie dae was die grensdraad nog ver weg van die pad gespan, en nadat Paul die bruggie regoor die skougronde oorgesteek het, het hy meteens van die pad afgeswenk en tussen die pad en die grensdraad begin vetgee. My hart het in my keel geklop want ek was vas oortuig dat hy beheer verloor het oor die motor, wat toe reeds in die veld langs gebokspring het. Dit blyk toe dat dit maar net die eerste deel van die toetsessie was. Die tweede toets was om die motor se trekkrag te toets deur, nou weer terug op die pad, stadig en in hoogste versnelling daarmee teen die Nekkies uit te ry. Ná so 'n toetsrit was Paul ook sommer baie goed met die motor se nuwe fietjasies vertrou.

Hierdie roete het mettertyd Paul se roetinetoevoerterrein geword vir almal wat 'n demonstrasierit wou hê. Die mense het so half tou kom staan vir 'n ritjie en Paul was nie suinig om die Ford te laat loop nie. Geen wonder dat hy hierdie model by die dosyne verkoop het nie – een rit was genoeg om die voornemende koper se lus te wek en Paul was slim genoeg om dit te weet.

Paul se bestuursvernuf het hom egter eendag lelik in die steek gelaat toe hy die agtermiddag deur Michellspas gery het, die pad byster geraak en teen die afgrond afgestort het. Gelukkig was die treinspoor op dié plek 'n ent verder onderkant die pad en het sy val gestuit. Paul was nie erg beseer nie, maar soos die storie versprei het, het almal by sy

motorhawe aangedoen om die gebeurtenis eerstehands uit Paul se mond te hoor. So moes Paul sy ondervinding oor en oor vertel totdat daar later die dag 'n Engelsman opdaag wat toe ook die storie wou hoor.

Paul se Engels was nou nie juis om oor huis toe te skryf nie en sy relaas was min of meer die volgende: ‘Man, I was driving up the pass and as I come to the top of the Nekkie, the sun shine right through the glass into my eyes. I cannot see a damn thing before me and rided right over the precipice!’

Paul Louw het later met sy besigheid na 'n perseel verder wes, tussen Meul- en Bucklandstraat, aan die suidekant van die Voorstraat, getrek. Dié motorhawe het hy later aan mnr Fowler verkoop, wat dit op sy beurt aan Sakkie Jooste verkoop het. (Vandag staan die motorhawe bekend as Ceres Ford.)

Mnr Danneman se winkel en die uitspanning



Op die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat was die winkel van mnr Danneman. In dieselfde gebou was ook die kroegie ‘Die Gat in die Muur’, waarvan ons reeds geskryf het.

Agter Paul Louw se motorhawe en mnr Danneman se winkel was ook 'n uitspanning met sy twee toegange, een in Lyellstraat en die ander tussen ‘Die Gat in die Muur’ en Paul Louw se motorhawe in die Voorstraat. Dit is interessant dat al die uitspannings twee toegange gehad het, moontlik omdat die transportryers met donkiespanne gery het wat nie kort draaie kon maak nie. Hulle kon dan by die een toegang inry en by die ander een weer uit. Ek weet egter nie of die een toegang spesifiek vir inry en die ander een vir uitry was nie, want daar was nie ‘Geen Ingang’-tekens in daardie dae nie.

(Mnr Danneman se winkel is later aan mnr Hurwitz verkoop en vandag is Tattersall Club op hierdie perseel.)

Maar kom ons gaan drink eers 'n koppie tee in die Union Café en dan vertel ek u 'n paar stories oor die Van Bredabrug.

Die Van Bredabrug



Een van die stories is die een van die groot reën toe daar in Junie 1925, 23 duim (573 mil-

limeter) reën op Ceres geval het. Die Dwarsrivier het sy walle en die geboue aan die westekant van die rivier oorstroom en tot teen Riverton se stoep in Lyellstraat gelê. Paul Louw se motorhawe was onder water en net die bioskoop en die Union Café, met dié se hoë fondamente, het soos 'n eiland bo die water uit gestaan.



35 Die vloed van 1925, nadat die water al baie gesak het



Voor Paul se motorhawe verby het 'n stormwaterriool na die rivier geloop, en skuins voor die gebou was 'n mangat met 'n houtdeksel. Weens die drukking van die stormwater van sowel die rivier se kant as van bo af, is die deksel opgelig en is dit saam met die stroom meegesleur. 'n Kleurling wat besig was om lafenis teen die koue by 'Die Gat in die Muur' te kry, is deur die stormwater uit sy nes verdryf. Teen daardie tyd het hy egter genoeg koerasie gehad om die stormwater te voet aan te durf, en het koers gevat in die rigting van die brug. Op pad soontoe het hy egter van koers af geraak en op die oop mangat afgepyl. Hy was al tot byna onder sy arms in die water toe hy eensklaps, soos met 'n towerslag, onder die water verdwyn. Die opwaartse stroming in die mangat moes taamlik sterk gewees het, want 'n paar oomblikke later dop hy weer soos 'n kurkprop bo die water uit. Hy was gelukkig so nugter geskrik dat dit nie nodig was om hom te red nie.

Toe die stygende water die ryvlak van die brug bereik, het dit vir die toeskouers voorgekom asof die brug saam met die water begin lig. Of dit werklik die geval was, weet ek nie, maar toe die water weer begin sak, het dit gelyk asof die brug saam gesak het. Almal het asem opgehou om te sien wanneer die brug se rug sou knak en dit saam met die stormwater meegesleur sou word. Toe die brug al taamlik holrug was, het dit egter staande gebly, maar nie sonder skade nie.

Een van die houtpilare was beskadig en gevolglik is die brug as onveilig verklaar. Na

tydelike herstelwerk is ligte voertuie weer toegelaat om dit te gebruik, maar 'n drif waar-
 deur swaar voertuie moes gaan, is aan die noordekant van die brug gemaak. Na 'n jaar of
 wat, in 1927, is die ou houtbrug afgebreek. Die huidige betonbrug is in 1928 op dieselfde
 plek gebou.


Gedurende die tyd dat die brug herbou is, moes alle verkeer deur die drif gaan en vir 'n
 kort tydjie moes voetgangers 'n tydelike voetbruggie gebruik wat op blokke aangebring
 is. Op reëndae was dit 'n tydverdrijf om op die Union Café se stoep te staan en die verkeer
 dop te hou.

36 Die drif langs die Van
 Bredabrug na die vloed-
 skade



Aan elke kant van die drif het 'n vragmotor, toegerus met 'n lang ketting, gereed gestaan
 om bystand te verleen aan diegene wie se voertuig deur die malende waters van die rivier

37 Die nuwe betonbrug
 onder konstruksie in
 1928



tot stilstand gebring is. Iemand het dan die punt van die ketting die water in tot by die voertuig gesleep, en dit vasgekoppel. Die gestrande voertuig is daarna deur die vragmotor uitgesleep. Daar die uit- of deursleepdiens nie gratis was nie, het heelwat bestuurders maar besluit om die water self aan te durf, en menigmaal in die rivier bly steek. Diegene wat daarin geslaag het om op eie stoom deur te ry, is met luide toejuiging deur die toeskouers begroet.

Ek onthou ook nog die lekeprediker van die een of ander sekte wat hier op straat gepreek het in die tyd toe die brug herbou is. As ek reg onthou, was sy naam Piet Burger. Hy het by die Krugers in Fabriekstraat, langs die polisie se perdestalle, ingewoon. Soos Simson van ouds het hy 'n pragtige bos baard en lang hare gehad. Hy was ook 'n baie sterk man en het een aand 'n vol konka sement op die brug gedra en staangemaak sodat hy daarop kon staan en preek. Hy het baie graag uit Openbaring gepreek en onder andere groot plakkaat met 'n draak met sewe koppe as toeligtingsmateriaal gebruik. Ons kinders het dit geniet om na sy prekerie te luister, want sy stories was interessant.

Die suidekant van die Voorstraat aan die oewer van die Dwarsrivier

Ons stap nou van die Union Café na die suidekant van die Voorstraat. Die eerste gebou teen die oewer van die Dwarsrivier was dié waarin Oom Boy Conradie gewoon het en wat ook die snyerswinkel van Conradie & Hardick gehuisves het. Die gebou het 'n twee voet hoë stoep met 'n veranda oor die voordeur gehad. Mnr Hardick het 'n leidende aandeel in die organisasie van plaaslike konserte geneem maar het later aan geheueverlies gely. Ek onthou dat my vader hom soms gaan help het om sy sake in orde te kry. (Willie Orbit, 'n jong kleurling wat in die twintigerjare by mnr Hardick gewerk het, leef vandag nog en moet al in sy tagtigerjare wees.)

Waar hierdie gebou gestaan het, het dr Grobbelaar, wat ses jaar lank tandarts op Ceres was, later 'n woonstel en winkelkompleks opgerig. Ds Pienaar, emeritus, het nog later die gebou gekoop en self in die woonstel gewoon. (Sanlam asook Riana's Bloemiste is tans in hierdie gebou gehuisves, en dit dra nou die naam 'Martindale Building'.)

Langsaan, ook aan die suidekant van die straat, was mnr Marx se winkel. Langs mnr Marx, op die suidoostelike hoek van Lyell- en die Voorstraat, het mnr Max Green sy slaghuis gehad. Hy het 'n Duitse blokman gehad wat later selfmoord gepleeg het deur

homself in die slaghuis op te hang. Ons het nooit gehoor wat hom tot hierdie daad gedryf het nie.

Die gebou waarin mnr Marx se winkel en Max Green se slaghuis was, is later deur Oom Johnny Darelis gekoop. Oom Johnny het 'n winkelkompleks daar opgerig wat om die hoek tot in Lyellstraat gestrek het. (Hierdie kompleks huisves tans 'n hele klomp besig-hede, onder andere Leaders Meubels en King Fish-viswinkel.)

Piet Potlood en sy bure


Op die suidwestelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat het Piet de Wit, alom bekend as Piet Potlood, sy skryfbehoeftewinkel gehad. Hier het al die skoolkinders hulle potlode, liniale en skryfboeke gekoop. Waar Prudentia, die huis waarin oom Ben Hough gewoon het, die oudste huis aan die oostekant van Ceres was, was Piet Potlood se winkel die oudste huis aan die westekant van Ceres.

Die winkel van Piet Potlood is later deur mev Brink gebruik om 'n kafee te bedryf. Oom Arend Brink en sy vrou het net langs Piet Potlood se winkel in die Voorstraat gewoon. Oom Arend het ook 'n bakkerij net om die hoek in Lyellstraat gehad en sy kinders was bekend as 'die Bolletjies'. Adé, die jongste seun, was baie musikaal en ons twee het dikwels viool-duette by onthale en konserte gespeel. Hy het 'n pos in die Voortrekker-beweging gevul en was later omroeper vir die welbekende en geliefde radioprogram 'Vir Oupa en Ouma'.

Dr E Hill en A M Frick se winkel

Langs die Brinks (waar die munisipale geboue vandag is), was die gebou waarin dr E Hill se woonhuis en spreekkamer was. Hy en dr Munnik was op een tydstip die enigste twee dokters op Ceres. Dr Munnik het sy spreekkamer op die suidwestelike hoek van Vos- en Pinestraat gehad (ons sal later meer oor hom vertel).

Langs dr Hill se spreekkamers was 'n woonhuis. (Op dié perseel is later 'n nuwe stadsaal gebou wat vandag nog daar staan.) Aangrensend aan die woonhuis was 'n lang huis met 'n hoë stoep waar A M Frick en sy gesin gewoon het. Mnr Frick se winkel was net langs sy huis (waar die poskantoor later gebou is). Ons het reeds vertel hoe hierdie winkel later afgebrand het.



38 Die dokter se spreekkamers met die latere stadsaal langsaa en die tweede poskantoor heel regs



Riverton

Nou stap ons eers weer oor na die noordekant van die Voorstraat. Regoor Oom Piet Potlood se winkel, op die noordwestelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat, was die losieshuis Riverton. Dié losieshuis was die eiendom van Oom Boy Bosman, wat 'n bouer was.

Oom Boy se vrou, Ant Hannie, het die losieshuis bestuur. Sy sal deur die jongspan van destyds onthou word omdat sy so lief vir kinders was. Sy het elke jaar 'n Kerspartytjie vir al die dorp se kinders gehou en dit was een van die hoogtepunte van die jaar waarna ons almal uitgesien het. Lekkernye was volop en elkeen het ook 'n Kersgeskenk gekry. Moontlik het ons ouers self vir die geskenke gesorg, maar indien dit die geval was, het ons nie daarvan geweet nie. Dit was Ant Hannie wat al die eer en liefde vir hierdie geleentheid van ons ontvang het. Ja, sy was 'n tweede moeder vir elke jongeling op Ceres.

Oom Boy en Ant Hannie het vier seuns gehad: Boy, Mike, Awie en Piet. Boy en Mike is later met Oom Piet Coetzee (wat langs Ant Lizzie Brent, eienares van Ye Old Tea Garden, in Fabriekstraat gewoon het) se twee dogters, Hannie en Bettie, getroud. Boy het later 'n seun met die naam van Dan gehad. Mike se seun, Stanley, asook hul twee dogters, Molly en Elma, leef vandag nog.

Riverton is later aan Oom Frikkie Kirsten verkoop, wat dit op sy beurt aan mnr Kluys verkoop het.

Ant Borrie Botha en haar kinders



Aan die westekant van Riverton was Ant Wiesie Cloete se huis. In hierdie huis het die weduwee Ant Borrie Botha, haar seun, Theuns, en twee dogters, Ina en Molly, later gewoon. Ina is met Gus van der Merwe getroud, met wie ons reeds kennis gemaak het en van wie ons later meer sal hoor. Molly het weer met Johan Krige, die oudste seun van die burgemeester, getrou. Ant Borrie is ook weer getroud, dié keer met mnr Vlotman, 'n bouer van nering. (Ten tye van hierdie skrywe was Ina reeds oorlede, maar Molly en Theuns leef vandag nog.)

Ant Borrie se seun, Theuns, was 'n fris seun. Toe hy oud genoeg was, het sy ma vir hom 'n sportmotortjie gekoop waarmee hy Ceres se strate behoorlik platgejaag het. Eendag, toe hy op een van sy jaagtogte die straathoek by die kruising van Phillip- en Meulstraat, daar by die laerskool, te vinnig hanteer het, het die deur van sy sportmotor meteens oopgevlieg. Hy wou nog die draai met oop deur en al vat, maar verloor toe sy sit en beland, stuurwiel en al, so skuur-skuur op die naat van sy rug in die straat. Die motor het egter sonder stuurwiel en bestuurder teen hoë spoed voortgesnel. Theuns het verskrik opgespring en sy ryding stuurwiel in die hand te voet begin agterna sit. Voordat hy dit egter kon inhaal, het 'n eikeboom vir hom in die bresse getree en die motor sonder seremonie met 'n plat neus tot stilstand gebring.

Oom Gawie Hugo en Oom Flip Smit



Langs Ant Borrie se huis (waar Volkskas vandag is) was Oom Gawie Hugo se woonplek en bakkerij. Hy het die brood en bolletjies somar uit die bakkerij verkoop. Ek moes dikwels daar gaan brood haal en onthou nog hoe lekker die varsgebakte gebak geruik het wanneer die bakkerij se deur vroegoggend oopgesluit is. By dié geleentheid het ek altyd 'n gratis bolletjie ontvang, wat ek natuurlik op pad huis toe verslind het.

Oom Gawie was baie doof en 'n mens moes hard praat om met hom te kon kommunikeer. Hy het 'n fyn stemmetjie gehad en op 'n eienaardige manier gepraat. Soms, veral wanneer hy nie die gesprek in 'n geselskap kon volg nie, het hy somar die spreker in die rede geval met iets wat nie die vaagste verband met die onderwerp onder bespreking gehad het nie. So het dit dan ook eendag gebeur dat die geselskap waarin hy verkeer het oor die tragiese gebeure van 'n bekende in die omgewing se skielike dood gehandel het.

Oom Gawie het die geselsers só gesit en dophou, en toe sommer so uit die bloute, opgemerk: ‘Hertzog het darem vir ou Smuts lekker sleggesê in vandag se koerant, nè?’

Oom Flip Smit, ’n snyer van nering, het net langs Oom Gawie in die Voorstraat gewoon en gewerk. Hy en Oom Gawie was hul lewe lank aartsvyande en die twee het geen geleentheid laat verbygaan om hulle gevoel vir mekaar op luisterryke wyse te kenne te gee nie. Een Kersoggend, byvoorbeeld, toe Oom Gawie in sy voordeur staan en die wêreld beskou, sien hy dat Oom Flip hier langsaan oor sy tuinhekkie leun, blykbaar met dieselfde doel. Miskien was dit die Kersgety wat Oom Gawie in ’n meer gemoedelike stemming gebring het, want op dié dag is dit darem die gebruik om jou medemens met seën-wense te begroet. Dit moes seker met dié voorneme gewees het dat Oom Gawie toe na Oom Flip toe oorgestap het, maar iewers moes sy onderbewussyn die oorhand gekry het, want toe hy Oom Flip die hand gee, was sy woorde: ‘Nou ja, ’n geseënde Kersfees vir jou en verder kan jy in jou moer kruip.’

Oom Flip was maar ’n moeilike man. Geen wonder dat die kwaaijongens hom gedurig getreiter het nie. So het Gus van der Merwe en sy trawante een aand na ’n besoekie aan die Grand Hotel ’n paar blikkies helder verf uit Luyt & Kie, die winkel net langs Oom Flip se huis, gaan gaps en teen oom Flip se huis se mure stukkend gegooi. Die doel hiervan was, het hulle later verduidelik, om ’n bietjie kleur in sy lewe en sy huis te bring. Oom Flip het die voorval egter in ’n ander lig gesien en die saak by die polisie gaan aanmeld. Die saak is gelukkig buite die hof geskik onder voorwaarde dat Gus en sy trawante die huis se mure skoonmaak en die hele huis van buite moes oorverf.

Luyt & Kie



Die groot winkel langs Oom Flip se huis, Luyt & Kie, wat alles van rokmateriaal tot ysterware verkoop het, is in 1875, twintig jaar na Baumann’s Store, op Ceres opgerig.

Ek glo nie daar leef nog mense wat mnr Gabriel Jacobus Luyt (Oom Gawie), die oorspronklike eienaar van Luyt & Kie, geken het nie want hy is reeds in 1898 op 52-jarige leeftyd oorlede. Hy was met die dogter van J C Goosen van Prince Alfred’s Hamlet getroud. Oorlewering wil dit hê dat hy toe hy haar nog die hof gemaak het, altyd op die rug van ’n wit perd by haar gaan kuier het.

Oom Gawie Luyt se broer, James, het vier seuns gehad. Drie van hierdie seuns, John, Richard en Frederick, het in 1912 saam met die Springbokrugbyspan in Engeland en Europa gaan toer.

39 Luyt & Kie in die
dertigerjare



Oom Staaf

Oom Gustaf van der Merwe, alom bekend as ‘Oom Staaf’, het later Luyt & Kie gekoop. Hy was ’n gesiene persoon op Ceres, want sy winkel en Baumann’s Store was die twee grootste besighede op die dorp. Oom Staaf, sy vrou en drie seuns, Christie, Theo en Gus, het in Phillipstraat, aan die noordekant van die uitspanning wat reg agter die winkel was, gewoon. Christie is jonk aan maagkoors oorlede, Theo het hom as mediese dokter in Pretoria bekwaam, en Gus het later, na Oom Staaf se dood, die bestuur van Luyt & Kie onder toesig van sy moeder oorgeneem.

Ons het al telkens van Gus se kwajongstreke op Ceres vertel. Soos daar seker afgelei kon word, was Gus ’n bietjie loskop, ook wat die besigheid betref. Sy twee beste maats met wie hy gewoonlik die dorp op horings geneem het, was Attie Herbst en Nathan Sarembok. Die drie het ook glad te veel van hulle tyd in Jockey Levin, eienaar van die Grand Hotel, se kroeg verwyd.

Dit is dan ook te verstane dat Luyt & Kie onder Gus se bestuur geleidelik begin kwyn het. Gus se moeder moes noodgedwonge ’n nuwe bestuurder, mnr J G Reid, aanstel om sake reg te ruk. Nadat mnr Reid (oor wie daar later meer vertel word) Luyt & Kie weer op gesonde voet gebring het, het hy as bestuurder bedank en ’n erf in Vosstraat gekoop, waar hy sy eie besigheid opgerig het.

Gus is toe maar weer as bestuurder van Luyt & Kie aangestel. Soos verwag is, het die besigheid spoedig weer finansiële probleme ondervind. Oom Japie van Eeden, wat van Riviersonderend, waar hy 'n besigheid gehad het, gekom het, het daarna Luyt & Kie van die Van der Merwes gekoop. Sy seun, Koos, en Herman Viviers, wat die winkel se boekhouding waargeneem het, het later die besigheid van Oom Japie oorgeneem en dit bedryf totdat die kettingwinkels gekom en die private sakeondernemings verdring het.

Luyt & Kie se bestaan op Ceres is in 1988, na meer as 'n eeu, beëindig. So het die twee oudste winkels op Ceres, Baumann's Store en Luyt & Kie, in die vergetelheid verdwyn.

Die uitspanning agter Luyt & Kie



Die uitspanning agter Luyt & Kie het, soos al die ander, twee toegange gehad, een uit die Voorstraat tussen die winkel en Oom Flip Smit se snyerswinkel, en die ander uit Meulstraat.

Die skoliere wat op nabygeleë plase gewoon het, het daaglik met perdekarre skool toe gery en hier kom uitspan en die perde in die uitspanning se stalle versorg. Pietie Cillié, as oudste seun, was die koetsier van die eenperdkarretjie waarmee hy met sy broers en susters van De Bosch af skool toe en terug gery het. So het dit eendag gebeur dat die perd op pad dorp toe vir iets geskrik het en Pietie tussen die wiel en die bak van die kar ingeval het. Hoewel hy taamlik beseer en rou geskaaf was, het hy skool toe gekom asof daar niks gebeur het nie. Hy het sy broers en susters die dood voor oë gesweer indien hulle van die gebeure sou vertel. Die onderwyseres het egter gemerk dat daar iets met hom skort en, toe sy die saak ondersoek, gevind dat hy lelik gekneus en stukkend geskaaf was. Sy ouers moes hom kom haal sodat hy verpleeg kon word.

Die vier pleine op die kruising van Owen- en die Voorstraat



Al vier die hoekerwe by die kruising van Owen- en die Voorstraat was oop stukke grond waarop gras gegroei het. Hierdie pleine is hoofsaaklik as kampeerplek deur nagmaalgangers gebruik. Die NG Kerk het elke drie maande 'n nagmaaldiens gehad. By dié geleentheid het die boeregesinne van heinde en ver gekom om die diens by te woon. Dié wat nie tuishuise op die dorp gehad het nie, het met tente of tent-eselwaens op hierdie pleine oornag.

Reg op die noordoostelike straathoek by die kruising van die twee strate was 'n kraan met 'n slurp vooraan waarmee die waterkar wat gebruik is om die strate nat te gooi, gevul is. Die eerste waterkar wat ek kan onthou was 'n kar met 'n tenk daarop wat deur vier osse getrek is. Later het die munisipaliteit 'n tenkvrugmotor aangeskaf wat as die 'waterlorrie' bekend gestaan het. Vir ons kinders was dit 'n aardigheid om kort agter die waterlorrie te hardloop met ons kaal voete onder die spuitende water.

Sover ek kan onthou, was die naam van die bestuurder van die waterlorrie Samuel, maar van die ou kleurlinge op die dorp beweer dat Karel Skutters die eerste drywer van die oswaterkar was, en Koos Brink die bestuurder van die waterlorrie. Laasgenoemde was 'n baie netjiese en waardige kleurling met 'n groot hangsnor nes dié van Oom Danie Joubert, die koster van die NG Kerk. Oom Danie het met 'n fiets met 'drophandles' gery wat die kontoere van sy snor perfek gevolg het.

Die plein op die noordwestelike straathoek is, benewens deur die nagmaalgangers, dikwels deur ons klomp kinders gebruik om 'n tennisbal rond te skop as ons op pad na of van die laerskool was. Reg op die straathoek van dié plein het 'n rooi posbus gestaan. Hierdie posbus is gereeld op geheimsinnige wyse gedurende oujaarsnag met een of ander skreeuhelder kleur oorgeverf. Daar was 'n sterk vermoede dat die posbus se jaarlikse kleurverwisseling Gus van der Merwe se werk kon gewees het.

Op die westelike grens van hierdie plein het 'n huis met die naam 'Merwe Lodge' wat op die plein gefront het, gestaan. Die eienares van die huis, mev Van der Merwe, het een of ander gebrek in die bene gehad en is in 'n rolstoel deur haar huisbediende, 'n kleurlingvrou, rondgestoot. Mev Van der Merwe was alom bekend as 'Missies Voes'. Volgens oorlewering het sy hierdie bynaam gekry toe sy eendag 'n pampoen gekoop het wat, toe sy dit oopsny, binne-in heeltemal voos was. Sy sou toe gesê het dat die pampoen 'voes' was.

Miesies Voes was 'n onverdraagsame mens, en wat ons kinders betref, 'n gemene mens. Sy het ons verpes wanneer ons die tennisbal met groot lawaai voor haar huis rondgeskop het. Die gewone prosedure was dat sy haar huisbediende aan die binnekant van die glasvoordeur laat wagstaan het, en sodra ons die bal per ongeluk op die houtstoep geskop het, het dié gou die deur oopgepluk, die bal gegryp en daarmee die huis in verdwyn. Kort daarna het sy dan weer haar verskyning gemaak en die stukkend gesnyde bal na ons toe teruggegooi. As vergelding het ons dan die huis se sinkdak met 'n sarsie klippe bestook.

Die ou markplein was op die suidwestelike hoek van Meul- en die Voorstraat geleë. Langs die suidelike grens van die plein het twee huisies gestaan wat deur 'n heining, wat 'n goeie

nege voet hoog was, van die plein geskei was. In dié twee huisies het juffrou Calitz en Ant Mieta Prins onderskeidelik gewoon.

Mnr Spies, wat destyds stadsclerk op Ceres was, se een seun, Gert, was 'n onmoontlike mens wat maar altyd met kattekwaad besig was. Eendag het hy paalspring op die markplein ge oefen, eers oor hierdie een se kop en dan weer oor daardie een s'n. Dit was nie lank nie of sy maats daag hom toe uit om van die plein af oor die hoë heining voor juffrou Calitz en Ant Mieta se huisies te spring. Hulle was natuurlik salig onbewus daarvan dat juffrou Calitz juis op daardie oomblik besig was om wasgoed in 'n groot sinkbad in haar agterplaas te was.

Gert, ook nie links nie, vat toe 'n lang aanloop en laat waai oor die heining, maak dit nie heeltemal bo-oor nie, maar trek so half deur die heining en land pens en pootjies in die bad wasgoed. Juffrou Calitz, waternat gespat, het haar eers disnis geskrik en luidkeels gegil, maar nadat sy tot verhaal gekom het, het sy haar misnoeë oor die voorval luidkeels en in geen onsekere taal nie, te kenne gegee.

Die Burger-gesin het later in Tant Mieta se huis ingetrek. Hulle dogter, Ansie, kon pragtig sing. Sy het later met Sallie Herbst getrou.



40 Die eerste NG-kerkgebou op die hoek van Meul- en Murchisonstraat, ingewy op Saterdag 5 Mei 1855 en afgebreek in 1955



Die plein op die suidoostelike straathoek was maar altyd as ‘kerkplein’ bekend, selfs in vervloë dae toe die eerste NG-kerkie op die hoek van Meul- en Murchisonstraat geleë was. Hierdie kerkie was baie klein en kon weldra nie meer Ceres se groeiende NG-gemeente akkommodeer nie. Daarna, in 1881, is Ceres se pragtige en eens bekende ‘Klipkerk’ op die suidelike gedeelte van kerkplein gebou. Die ou kerkie op die noordwestelike hoek van Meul- en Murchisonstraat is toe in ’n kerksaal omskep. Kom ons gaan loer eers gou daar in, en dan vertel ek u van die kerkbasare wat destyds in dié saal gehou is

kerkbasaar

In die twintigerjare was die kerkbasaar ’n grootse geleentheid. Die NG Kerk se gemeente was baie groot en het die Kouebokkeveld asook die Karoo ingesluit. Die gemeentelêde het gevolglik van heinde en verre gekom om dié Saterdag se verrigtinge by te woon.

Die basaar is in die ou kerkie wat op die hoek van Meul- en Murchisonstraat geleë was, en wat toe in ’n kerksaal omskep is, gehou. Dié kerksaal het weldra ook vir hierdie geleenthede te klein geword. Om meer ruimte te skep is daar toe ’n afdak aan Murchisonstraat se kant langs die saal aangebou, wat aan die straatkant met ogiesdraad toegespan is. Hierdie bousel, wat baie nuttig by groot geleenthede te pas gekom het, het kort voor lank as die ‘duiwehok’ bekend gestaan.

Die jaarlikse kerkbasaar was tradisioneel ’n dag wat afgesonder is om gesellig saam met ander gemeentelêde te verkeer en haas om terug te keer huis toe, was ’n ongehoorde ding. Daar is gekoop, tee gedrink, geëet en sommer rondgestaan en gesels.

Benewens die eet- en drinkgoed was daar ook klerasie, speelgoed en allerhande artikels (soos by Avalli se winkel) te koop. Daar was byvoorbeeld ballonne met ’n fluitjie in wat fluit wanneer die ballon afblaas. By ongeveer die derde opblaas het die ballon gebars, waarna ons die mondstukkie andersom gedraai het en die fluitjie met die mond geblaas het totdat dit skoon hees geword het.

Daar was ook gooitolle met punte wat skeef en los was. Met die derde gooislag het die punt gewoonlik uitgebreek. Dan het ons maar die tol in die sak gestee, by die huis ’n skroef gaan indraai en die punt daarvan rond gevyl. Mens kon ook die mooiste glasalbasters met veelkleurige patrone binne-in op die basaar koop. Maar ons het hulle al van die vorige jaar af geken en geweet dat hulle somar stukke afsplint as hulle hard met ’n ghoen raakgeskiet word.

As ek reg onthou, is daar later ook ’n groot tent op die kerksaal se perseel opgerig (of

miskien was dit 'n groot seil wat daar gespan was) om as eetvertrek te dien. Die ete van egte boerekos, om nie eens van die poedings te praat nie, was ongetwyfeld die hoogtepunt by dié okkasie. Daardie groot bord kos wat deur die beste kokke in die gemeente voorberei is, was iets wat my vandag net sooibrand sou gegee het, veral wanneer dit verenig met die pannekoek en ander lekkernye wat mens in die loop van die oggend agter die blad gesit het. Vir ons kinders was die hemelse verskeidenheid poeding die toppunt van die ete. Ek het altyd 'angels' food' (vrugteslaai van vars vrugte gemaak) geëet, want dit was vir my iets waarsonder geen kerkbasaar ooit volmaak sou wees nie.

Dan was daar ook die veiling van lewende hawe en ander produkte wat deur die gemeentelede as dankoffers geskenk is. Die skape wat opgeveil moes word, het daar eenkant in 'n draadkraaltjie aan bondels lusern gestaan en vreet of somar net geblêr. Nadat die mense stelling om die kraaltjie ingeneem het, het die dominee 'n bod vir die eerste skaap gevra en daarmee was die veiling dan geopen.

Die veiling het soms nogal lank geduur, want party mense het die manier gehad om die skaap, nadat dit op hulle toegeslaan is, terug te gee om weer opgeveil te word. Dié grootse gebaar is dan met luide handeklappery begroet. Die volgende koper was dan so bietjie in die verleentheid want eintlik word dit so half en half van hom verwag om ook die skaap vir heropveiling terug te gee. Hierdie storie het tot vervelens toe aangehou totdat iemand die moed gehad het om sy gekoopte skaap te vat en te loop. Dit was nie sonder skuldgevoel nie, want as die duurbekomde slagding nie vir heropveiling teruggegee is nie, het die omstanders nie hande geklap nie.

So was daar vir 'n ieder en 'n elk te kus en te keur. Eers teen skemeraand het die verrigtinge ten einde geloop en is die perdekarre traag ingespan vir die terugtog huis toe.

Ceres se eerste stadsaal



In Meulstraat, aan die noordekant van die kerksaal (daar waar die NG-kerk se parkeerterrein vandag is), was Ceres se eerste stadsaal geleë. Dit was waarskynlik hierdie stadsaal wat in 1911 in 'n bioskoop verander is en aan The People's Bioscope Company verhuur is. Dié gebou is later omskep in 'n anneks vir McDonaldhuis, 'n koshuis vir laerskoolseuns.

Nou stap ons eers weer terug na kerkplein sodat ek u meer omtrent Ceres se bekende Klipkerk kan vertel.

Die klipkerk

.....

Ceres se Klipkerk het 'n lang en interessante geskiedenis gehad wat strek vanaf 1881 toe die kerk op kerkplein gebou is tot die vyftigerjare toe dit gesloop moes word.

Die Klipkerk was 'n sierlike gebou wat aan die buitekant met Tafelberg-sandsteenblokke en aan die binnekant met gewone stene gebou is. Albei kante is met klei gemessel. Die opening tussen die twee mure is met los materiaal opgevul. Dit was aan hierdie boumetode te wyte dat die Klipkerk binne 'n kort tydsbestek letterlik begin verkrummel het.

Binne tien jaar na voltooiing het die voorgewel na buite begin oorhel en het dit van die res van die struktuur begin losbars. In 1897 is uitgebreide herstelwerk aan die gebou gedoen, waartydens die voorgewel met ysterstawe aan die suidelike gewel geanker is. Hierdie maatreël was egter ongeslaag want die voorgewel het eenvoudig aanhou met oorhel en uiteindelik weer losgebars.

Omtrent drie jaar later was daar geen ander keuse nie as om die voorgewel tot op die grond af te breek en van nuuts af, hierdie keer met sement pleks van klei, te herbou.

Maar nog was dit nie die einde van die Klipkerk se probleme nie. Die sandsteenblokke het algaande verweer totdat reënwater na binne begin sypel en tussen die dubbele mure begin opdam het. Gevolglik het die binneste en buitenste mure van mekaar begin wegtrek en sodoende groter holtes in die binnemuurruimte geskep. Dié toestand het vir baie jare voortgeduur.


In die jare 1940–1950, toe ek as diaken in dié kerk gedien het en dus ook lid van die kerkraad was, was die kerkraad genoop om weer eens oor die reparasie van die Klipkerk te besin. Daar is toe besluit om die hulp van 'n groep argitekte in te roep. Al die argitekte was dit eens dat die onstabiele struktuur van die mure nie meer met herstelwerk gered kon word nie. Hulle het eenstemmig aanbeveel dat die kerk gesloop moes word, aangesien die wankelende mure intussen lewensgevaarlike afmetings begin aanneem het.

As 'n laaste alternatief het ek nog self die voorstel ingedien dat 'n nuwe kerk regoor, aan die westekant van Owenstraat (vroeër Meulstraat op die perseel waar die kerksaal vandag staan) gebou word, en dat die Klipkerk as 'n kerksaal gerestoureer word. Weens die slegte toestand van die Klipkerk se mure is hierdie voorstel summier deur die argitekte verwerp. Die besluit is toe geneem om die Klipkerk te sloop, en dit was 'n bitter pil vir die kerkraad om te sluk.

Die besluit om die Klipkerk te sloop het hewige kritiek van die gemeente ontlok, klaarblyklik weens misverstande oor die rede daarvoor. Die saak het selfs uitgekring tot die nasionale koerante, waarin daar hoogs ongegronde aantygings teen die kerkraad gepubliseer is. Ek kan egter met vertroue instaan vir die ware redes waarom die kerk gesloop moes word aangesien ek, in my hoedanigheid as lid van die kerkraad, persoonlik daarby betrokke was.

Met die sloping van die kerk het dit geblyk dat die argitekte se bevindings gegrond was. Die noordelike gewel, wat aan die begin van die twintigste eeu met sement herbou is en derhalwe baie stewiger as die res van die gebou was, is egter met baie groot moeite afgebreek. Mense wat die gesukkel waargeneem het, het rondvertel hoe stewig die mure van die kerk nog gestaan het en het dit as bewys aangevoer dat die kerkraad 'n dwase besluit geneem het om die Klipkerk te sloop. As hulle woorde maar van goud was!

(Mens wonder ook wat van die Klipkerk sou oorgebly het indien dit met die aardbewing van 1969 nog staande sou gewees het. Feit bly staan dat dit 'n sieraad uit die verlede was wat ons baie graag sou wou behou het.)



41 Die Klipkerk




Flip du Plessis se motorhawe en mnr Salvage se winkel

Aan die westekant van die markplein was die motorhawe wat eers aan Flip du Plessis

behoort het. Voordat hy die motorhawe gehad het, het hy motorherstelwerk in die agterplaas van sy pa, Oom Koos du Plessis, se wamakery op die suidoostelike hoek van Meulen Eikestraat, gedoen. (Ons vertel later meer oor Oom Koos en sy wamakery.)

42 Flip du Plessis se motorhawe



Flip het die motorhawe later aan Paul Louw verkoop, wat daarnatoe getrek het nadat hy sy eerste motorhawe onder by die brug verlaat het. Flip het hierna Oom Koos (Afarmpie) van Rensburg se motorhawe skuins oor die Voorstraat (waarheen ons netnou sal oorstap) gekoop en daarnatoe getrek.

Mnr Salvage was maar altyd die eienaar van 'n snoeperywinkeltjie. Sy heel eerste winkeltjie was regoor die laerskool op die suidwestelike hoek van Phillip- en Meulstraat (daar waar Ant Naomi van der Merwe later gewoon het). Na hy dié verkoop het, het hy 'n soortgelyke winkeltjie aan die westekant van die motorhawe wat deur Flip du Plessis aan Paul Louw verkoop is, geopen. Mnr Salvage was vreeslik bysiende en die kinders het hom gruwelik verkul. As hy hier naby hom met die geld werk of iets moes skryf, het hy sy bril bokant sy oë opgestoot sodat hy naby kon sien. Dit was dan dat jy iets gegaps het omdat jy geweet het dat hy nie daar ver kon sien nie.

Mnr Salvage het destyds sy spaargeldjies by Volksbeleggings belê en feitlik alles verloor. Na 'n lang lewe van toewyding en harde werk het hy op sy oudag 'n hulpbehoewende geword.

Ant Toelie Moller



Aan die noordekant van die Voorstraat, net langs Miesies Voes, het Ant Toelie Moller

gewoon. Sy het tiklesse gegee en die mense het altyd vertel hoe onversorg sy was. Een van die stories wat die rondte gedoen het was dat stukke van die gebakte eier wat sy die oggend met ontbyt geëet het, die middag nog aan die baard op haar bolip gekleef het.

Die Grand Hotel

.....

Aan die westekant van Ant Toelie se huis, min of meer regoor mnr Salvage se winkel, was die Grand Hotel. Hierdie hotel het 'n ryk geskiedenis gehad.

Vroeër jare het net die woonhuis van 'n sekere mnr Van Zyl op hierdie erf gestaan. In 1872 het mnr C J van der Merwe hier 'n hotel met die naam Pilgrim's Rest Hotel bedryf. Dié hotel is later deur mnr Schmidt, 'n Duitser, gekoop, wat nog 'n verdieping op die bestaande mure aangebou het, en die hotel toe na die Grand Hotel herdoop het. Soos reeds gemeld, word daar egter beweer dat dit die Commercial Hotel was wat op die mure van die Pilgrim's Rest Hotel gebou is en dat dit in der waarheid die Commercial Hotel was wat mnr Schmidt na die Grand Hotel herdoop het. Hoe dit ook al sy, mnr Schmidt sal altyd vir sy sêding onthou word: 'Come to the Grand Hotel; if not, why not?'

Mnr Schmidt se seun, Adolf, was 'n regte karnallie wat gereeld kattedwaad aangevang het. Toe mnr Schmidt 'n Oakland-motor met rooi draadspekwiele aangeskaf het, moes Adolf leer om dit te bestuur. Voordat hy vaardig genoeg in die kuns was, het hy 'n paar maats na Wolseley vir 'n plesieritt geneem, die pad in Michellspas byster geraak, en na benede gestort. Behalwe dat hy sy arm gebreek het, was hy en sy passasiers, wonder bo wonder, nie ernstig beseer nie. Die motor was egter 'n wrak. By die aanhoor van die nuus was mnr Schmidt se enigste woorde: 'Never mind the motor car, what about my son?'

Die Grand Hotel is later aan Jockey Levin verkoop. Jockey was 'n karakter op sy eie op Ceres – 'n klein, haastige mannetjie, altyd netjies geklee, wat jy nooit sonder 'n rooi blom in sy baadjielapel sou raakloop nie. Hy het altyd op 'n rooi blom vir sy lapel aangedring, by voorkeur 'n bergrosie, maar 'n angelier of roos was aanvaarbaar as 'n tweede keuse.

Jockey het meesal self mense in die kroeg bedien en 'n punt daarvan gemaak om so nou en dan 'free drinks on the house' te gee. As Gus en sy trawante die aand op hulle stukke was, het hulle so nou en dan oor die toonbank geleun, Jockey agter die nek gegryp, bo-oor die toonbank getel en langs hulle staangemaak. Jockey het dan maar net haastig na die deurgangklap op die punt van die toonbank gedraf en, sonder om dit op te lig, so effe gebukkend onderdeur die klap gestap om weer op sy pos agter die toonbank te kom. Sy

enigste kommentaar was 'n bedaarde vermaning: 'Gentlemen, gentlemen, please behave yourselves.'

Jockey het 'n goeie hart gehad. Hy het byvoorbeeld gereeld vir Miss Beth van der Merwe, van wie ons later meer sal hoor, haar gratis drankie in die hotel se 'lounge' laat bedien. Sy het haar plek gehad waar sy altyd gesit het en, nadat sy plaasgeneem het, is 'die gewone' aan haar voorgesit.

Jockey het een seun, Gerry, gehad wat 'n geoloog geword het. Gerry, wat vandag in Johannesburg woon, stel baie belang in die geskiedenis van Ceres en het in sy leeftyd heelwat gewens in hierdie verband ingesamel.

Jockey het altyd gesê dat daar 'n groot party gehou moet word wanneer hy die dag sterf, 'but remember, the empties must be returned'. Na Jockey se heengaan is die hotel gesluit. (Andrag Motors staan vandag op hierdie perseel.)

Die kliphuis

.....

Ons stap nou eers weer oor na die suidekant van die Voorstraat, na die kliphuis van Ant Ralie du Plessis. Hierdie huis het uit drie wooneenhede bestaan, elk met sy eie voordeur op die Voorstraat. Ant Ralie het in die oostekantste wooneenheid gewoon. Die ander twee was die tuiste van Ant Joey van Wyk, die orreliste van die NG Kerk. Ant Joey het die pos van orreliste tot 1915, toe sy bedank het, beklee. Sy is egter weer in 1918 in dieselfde pos aangestel en was die orreliste in die kerk totdat sy in 1947 afgetree het.

43 Die kliphuis van
Ant Ralie du Plessis



Flip du Plessis het later die kliphuis gekoop en daar gewoon terwyl hy eienaar van die Central Garage, skuins oor die Voorstraat, was. Die kliphuis is in 1955 gesloop en 'n nuwe huis is toe op hierdie perseel gebou.

Die Witkoppe

.....

Langs die kliphuis het die Van der Merwe-gesin gewoon. Hulle was bekend as die Witkoppe (om hulle van die Geelkoppe en Swartkoppe, almal Van der Merwes, te onderskei). 'Miss Trewwa' van der Merwe, wat ook in dié huis gewoon het, was egter een van die Geelkoppe. Miss Trewwa was die standerd drie-onderwyseres in die laerskool. Sy was kwaai, maar 'n goeie en regverdige onderwyseres. Miss Trewwa was die eerste leerkrag wat van 'recess' pleks van 'play time' gepraat het, en aan die begin het ons kinders nie geweet wat sy met hierdie woord bedoel nie.

Sy het ons, as straf vir ons menige oortredings, gedurende 'recess', wanneer die onderwysers gaan tee drink het, in die klaskamer laat bly sit. Die klaskamer het egter 'n buite-deur gehad en ons het spoedig geleer om 'n rukkie te wag nadat sy gaan tee drink het, en dan by hierdie deur uit te sluip om buite saam met ons klasmaats te gaan speel. Voordat die klok die einde van die pouse aangekondig het, het ons dan weer ewe gehoorsaam in die klaskamer gesit. Sy moes egter snuf in die neus gekry het want eendag het sy onverwags die klaskamer gedurende die pouse besoek en dit leeg gevind. Daarna was dit neusie verby met hierdie slimstreek van ons.

Avondgloor

.....

Aan die westekant van die Witkoppe se huis, op die suidwestelike hoek van Buckland- en die Voorstraat, was die huis Avondgloor waar mnr Henry Cloete en sy dogter, Eileen, gewoon het. Sy was 'n mooi dame en George Ford, wat naby Prince Alfred's Hamlet geboer het, het by haar gekuier.

Die Van der Merwes van die plaas Lakenvlei het later die Cloetes se huis gekoop. Nadat haar ouers oorlede is, het juffrou Bettie van der Merwe hier kom woon. Sy het later loseerders ingeneem. (Juffrou Bettie, soos sy alom bekend is, was nog ten tye van hierdie skrywe 'n inwoner van Maudie Kriel Huis vir Bejaardes.)

44 Juffrou Bettie van
der Merwe



Die firma Wm Spilhaus & Kie het later die erwe waarop die Witkoppe se huis gestaan het, asook Avondgloor, gekoop en 'n werkswinkel daarop opgerig, waar McCormic Deering-trekkers verkoop en nagesien is. Kowie van Dyk, wat met Hannatjie Perold getroud was, was eers bestuurder daar en het later die besigheid oorgeneem.

My broer Joubert het eendag 'n trekker by Kowie gekoop. Destyds is die trekkers nog in kiste verpak van oorsee af ingevoer, en moes dit na aankoms in die land eers aanmekaar gesit word. Daar Joubert haastig met die aflewering van die trekker was, het Kowie onderneem om dit sommer hier op Ceres te monteer. Die trekker is net so in die kis verpak op Ceres afgelewer en Kowie het aan die werk gespring. Kowie was 'n haastige man en het die trekker binne rekordtyd gemonteer en aan Joubert afgelewer.

Nadat Joubert baie jare met die trekker gewerk het, het hy dit na Kowie gebring om te versien. Toe Kowie die ratkas oopmaak, kry hy een van sy ringsleutels daarin wat al die jare al soek was en waaroor hy sy werktuigkundiges erg verpes het. Dat dié sleutel intussen nie tussen die trekker se ratte beland het nie, was 'n ware wonder.

Die Central Garage

Ons stap nou eers weer 'n entjie terug, na die noordekant van die Voorstraat, tot by die motorhawe van Oom Koos van Rensburg wat aan die westekant van die Grand Hotel geleë was. Hier het Oom Koos die destydse Chevrolet- en later die veel geprese Hupmobile-motors verkoop. Voordat hy die motorhandel betree het, het Oom Koos die saagmeul in Fabrikstraat van Oom Lammie Baartman gekoop en vergroot. Net soos Oom Lammie destyds sy twee vingers daar afgesaag het, het Oom Koos sy hand by die polsgewrig daar op dieselfde wyse verloor. Daarna het hy as Koos Afarmpie bekend gestaan.

Oom Koos Afarmpie het twee seuns, Nicolaas en Willem, gehad. Nicolaas was saam met my in dieselfde klas in die skool. Soos kinders maar was, het ons die gewoonte gehad om kaalvoet al in die leivore langs die strate skool toe te stap. Op hierdie wyse het Nicolaas eendag in 'n stuk bottelglas in die voor getrap en sy voet gesny. Daar waar hy uit die voor geklim het, het ons sy bloedspoor gekry, dit tot by die skool gevolg, en die gewonde gesoek en gevind. Daarna het hy die naam Jakkals gekry – 'n naam wat hy tot vandag toe dra. Om konsekwent te wees het ons sy broer, Willem, Wolf gedoop, 'n naam wat hy ook vir die res van sy lewe behou het. Wolf is reeds oorlede, maar ten tye van hierdie skrywe was Jakkals nog in die Strand woonagtig.

Flip du Plessis het later die motorhawe by Oom Koos Afarmpie gekoop, waar hy 'n Chrysler- en De Soto-agentskap bedryf het. Hy het die besigheid later verkoop, maar dit daarna weer teruggekoop. Flip het self die besigheid bedryf totdat hy tagtig jaar oud was. Op die naambord van die motorhawe het die woorde 'Central Garage – work done by owner' gestaan. Flip was bekend vir sy deeglike vakmanskap. Selfs in later jare toe die besigheid uitgebrei het, het hy geen voertuig uit die motorhawe laat gaan voordat hy dit nie self nagesien en getoets het nie.

Die Central Garage staan vandag nog op dieselfde plek, maar daar word nie meer voertuie verkoop nie. Nollie Engels gebruik dit tans as 'n perseel vir sy paneelklopper.

Oom Jan Stilsit

Langs die Central Garage, nog aan die noordekant van die straat, was die huis Tydelik, waar eers Oom Gert van der Merwe en daarna Oom Jan Hanekom gewoon het. Oom Jan was nie 'n baie haastige man nie en was bekend as 'Oom Jan Stilsit'. Oom Jan het onder

andere sementstene vervaardig en verkoop. Toe ek al 'n jongman was en op my plaas, Quarta, geboer het, wou ek daar 'n bouery aanpak. Ek het na sy stene gaan kyk daar langs die kerkhof waar 'n kleurling hulle vir hom gemaak het. Daar die stene vir my bra sanderig voorgekom het, het ek die kleurling gevra hoe sterk hy die mengsel aanmaak. Hy het my verseker dat hy een deel sement op vier dele sand gebruik, maar ek wou nie aan die aas byt nie en het daar rondgedrentel totdat hy weer 'n nuwe treksel meng. Dit blyk toe dat hy een klein handgemaakte kissie sement by vier kruiwagte sand gooi. Ek het toe maar my stene op 'n ander plek gaan soek.

Oom Danie Kotze se skoenwinkel

Op die noordoostelike hoek van Buckland- en die Voorstraat was Oom Danie Kotze se huis en skoenwinkel. Hy was eers 'n skoenmaker wat uitstekende werk verrig het, maar nadat hy met Jan Theron se suster, 'n nooi van Moorroesburg, getroud is, het hy die skoenmakery gestaak en die skoenwinkel oopgemaak. Hy leef ook vandag nog en is in sy tagtigerjare.

Oom Johnny Marais, prokureur

Oorkant die straat, op die suidwestelike hoek van Buckland- en die Voorstraat, was 'n woonhuis wat Oom Boy Conradie gebou het en waarin hy gewoon het nadat hy sy snyersbesigheid langs die Van Bredabrug verkoop het. Hierdie huis is later deur Oom Johnny Marais gekoop toe hy as prokureur sy intrek op Ceres kom neem het. Hy was 'n kort mannetjie wat die destydse nou broekies knap en kort bokant sy stewels gedra het. Sodoende het hy gou die bynaam 'Johnny Kortbroek' verwerf.

Oom Johnny was baie suinig. In sy praktyk het hy daarvoor gesorg dat hy die laaste stuiwer uit 'n transaksie put. So het Oom Robert Zulch van die plaas Perdefontein een Vrydag van die stasie af teruggekeer, al smagtende na 'n drankie, maar sonder 'n pennie geld op sy persoon. Hy klop toe by Oom Johnny aan en leen by dié £1, met die belofte dat hy dit die Maandag weer sou terugbetaal. Toe hy, getrou aan sy belofte, die Maandag by Oom Johnny opdaag om sy skuld te vereffen, moes hy tot sy verbasing verneem dat daar 'n sikspens rente op die lening betaalbaar was!

By 'n ander geleentheid het Oom Johnny by Paul Louw daar by sy motorhawe besoek afgelê om laasgenoemde oor 'n besigheidstransaksie te spreek. Soos die noodlot dit wou

hê, was die brandstofleweransiers juis op daardie oomblik besig om die ondergrondse tenks vol te maak. Die mangate se deksels was vir dié doel verwyder. Oom Johnny het nie gekyk waar hy loop nie, in een van die gate geval, en sy been gebreek. Oom Johnny het daarop aangedring dat Paul die verantwoordelikheid vir sy ongeluk moes aanvaar, en Paul was, ondanks die feit dat hy Oom Johnny se kliënt was, genoodsaak om al die mediese onkoste asook ander verbandhoudende uitgawes aan Oom Johnny te vergoed.

Oom Johnny het twee aangenome kinders, 'n dogter, Alberta, en 'n seun, Bert, gehad. Alberta was 'n mooi kort, gesette dame met 'n blou bloesende gelaatskleur.

Pietie Cillié het later Oom Johnny se woonhuis gekoop en hy het 'n lang tyd daar gewoon. Vandag is die perseel deel van die Hoërskool Charlie Hofmeyr se gronde.

Die stadsklerk se huis

.....

Op die noordwestelike hoek van Buckland- en die Voorstraat het mnr Spies, die stadsklerk, gewoon. Sy seun, Gert, was een van die karnallies op die dorp wat gedurig in die moeilikheid beland het.

Mnr Spies is later deur mnr Larkin as stadsklerk opgevolg maar dié het nie 'n baie gelukkige lewe op Ceres gehad nie. Hy het baie geld op perderesies verwed, en toe die munisipaliteit hulle kom kry, was daar fout met die stadsraad se boeke.

Mnr Larkin is op sy beurt deur Oom Johnny Louw as stadsklerk opgevolg. Oom Johnny het hierdie betrekking baie jare beklee. Hoewel hy baie konsensieus was, was Oom Johnny daarvoor bekend dat hy die deurmekaarste lessenaar gehad het wat jy jou kan voorstel. Hy het elke aand na werk met 'n arm vol boeke en papiere huis toe gestap sodat hy die dag se werk daar kon voortsit, maar ten spyte van sy vlytigheid het hy blykbaar nooit daarin geslaag om sy werk op datum te kry nie. Oom Johnny was egter 'n goeie mens en was Ceres se amptelike korrespondent vir *Die Burger*, maar het swaar gedra aan die kritiek wat so mildelik oor die munisipaliteit uitgespreek is.


Oom Attie van Niekerk

.....

Langs mnr Spies se huis was Oom Attie van Niekerk se motorhawe waar hy eers Chevrolet- en later Dodge-motors verkoop het. Voordat White Horse van Niekerk sy motor-

hawe suid van die Dwarsrivier, op die hoek van Fabriek- en die Voorstraat gebou het, het hy by Oom Attie gewerk. Sover ek weet, was hulle nie familie van mekaar nie.

45 Oom Attie van
Niekerk se motorhawe
met oom Attie regs



Die Dodge-motors van daardie dae was enig van hul soort omdat 'n mens nie die selfaansitter kon hoor wanneer die motor aan die gang gesit word nie. Hulle het, in der waarheid, nie 'n selfaansitter gehad nie, maar slegs 'n baie sterk ontwikkelaar waardeur die krag in die teenoorgestelde rigting gestuur is om die enjin te draai. Al hierdie motors was swart, net soos die Pedal Fords van daardie dae.

Hier, aan die noordekant van die Voorstraat, het die dorp geëindig, want die landdros se huis was toe nog nie daar nie. 'n Bietjie verder aan na Rooikrans se kant toe het 'n pragtige populierboom hoog na die hemel gerek. In die herfs het die goudkleurige blare pragtig teen die Rooikrans as agtergrond afgesteek. Ek het op een of ander plek 'n skildery gesien wat hierdie asemrowende toneel uitbeeld.

Die 'Mountain Rose'



Reg oorkant Oom Attie van Niekerk se motorhawe, aan die suidekant van die Voorstraat, het mev Puch (spreek uit Peeu) haar losieshuis, Mountain Rose, gehad. Hier het vyf onderwyseresse loseer wat onder die jongkêrels van die dorp as die 'Vyf Rose' bekend gestaan het. Die onderwyseresse aan wie hierdie romantiese titel toegeken is, was Kotie Burger, Via Human, Louise Malan, Bettie Lombard, en Elize Morkel.

Nadat mev Puch die losieshuis gesluit het, het die Vyf Rose by mev Deetlefs op die suid-

westelike hoek van Buckland- en Phillipstraat gaan loseer en die vryersklonge het hulle soontoe gevolg. Nog later het die Vyf Rose weer oorgetrek na die oostekant van die Dwarsrivier, na mev Duvenhage se losieshuis Oakfield, wat op die noordwestelike hoek van Munnik- en Pinestraat geleë was. Selfs met hierdie derde trek kon hulle nie die vryers afskud nie. So is Kotie Burger in 1942 met my getroud, Bettie Lombard met Charles Van Zyl, Via Human met Willie Conradie en Elize Morkel met 'n sekere mnr Le Clerque. Louise Malan is baie later as die ander Rose getroud, en wel met Phillip (Basie) Malherbe, broer van Pieter Malherbe van die plaas Ezelsfontein. Kotie is in 1955 oorlede en Via in 1988. Ten tye van hierdie skrywe het die ander drie Rose na my beste wete nog geleef.

Mev Puch het later haar losieshuis Mountain Rose verkoop aan mev Van der Heever, wat dit in 'n bakkerij omskep het. Mev Van der Heever was nie net bekend vir haar lekker brood nie, maar ook vir die lekker koeke en ander lekkernye wat sy daar gebak het.

Daarmee het ons wandeling deur die Voorstraat van die Ceres van eergister tot 'n einde gekom, maar dit is maar 'n klein deeltjie van die herinneringe wat ons soos 'n kleinood deur die jare bewaar het. Daar was nog 'n hele klomp Ceresiete wat elders in die dorp gewoon en gewerk het, en oor wie daar nog baie interessante staaltjies te vertel is.

In die volgende hoofstuk vertel ek u van twee gesinne wat destyds op plase net buite Ceres se noordelike grens gewoon het en met wie ek as kind baie goed bevriend was.



Plase by Ceres se noordelike ingang

Schoonvlei

.....

Schoonvlei is een van Ceres se oudste plase en is net noord van die dorp, aan die westekant van Hamletweg (die uitbreiding van Vosstraat wat die hoofpad na Prince Alfred's Hamlet word) geleë. Die pad na die plaashuis het afgedraai net anderkant 'n hoogtetjie op Hamletweg wat in die dae van die perdekar die eerste rusplek van Ceres af was waar die reisiger stilgehou het om sy perde 'n blaaskans te gee. Dié hoogtetjie het amptelik die naam Schoonvlei Halte gedra, maar het alom as Sopieshoogte bekend gestaan.

Volgens oorlewering het Sopieshoogte sy naam ontleen aan die volkies wat destyds te voet van Ceres na Prince Alfred's Hamlet geloop het en gewoonlik eers 'n wyle op dié hoogtetjie vertoef het om 'n bietjie te rus. By dié geleentheid is die wynbottel wat op die dorp gekoop is se prop verwyder om 'n versterkinkie vir die pad vorentoe agter die blad te sit.

Schoonvlei was voorheen deel van die plaas Rietvallei en word op vroeë landkaarte as De Oude Opstal aangedui. In daardie tyd was dit die eiendom van Petrus Jacobus François Wolfaardt, alom bekend as Oom Piet Wolfaardt. Oom Piet was getroud met Anna Maria Magdalena Wolfaardt, maar dit is nie bekend of hulle familie van mekaar was nie. Oom Piet het later Schoonvlei vir £3 000 verkoop en hom op die plaas Dubbelbreed aan die oostekant van Ceres gaan vestig.

Of Oom Piet Schoonvlei aan Ou Oom Nicolaas en Ant Wiesie Deetlefs verkoop het, weet

ek nie, maar hulle was later die eienaars van dié plaas. (Ant Wiesie se regte name was Anna Louisa, maar almal het haar 'Ant Wiesie' genoem.) Hulle het in Schoonvlei se pragtige rooibaksteen-opstal met sy wit stoeppilare, wat ná Oom Piet Wolfaardt se tyd gebou is, gewoon. Dié opstal kan vandag nog van Hamletweg af gesien word en skep 'n pragtige prentjie daar op die bult anderkant die riviértjie, met die blou berge as agtergrond. Later, na Ou Oom Nicolaas se dood, het sy broer, P A Deetlefs, alom bekend as Oom Pietjie, in die groot opstal ingetrek.

Ou Oom Nicolaas se een seun, ook Nicolaas (ons het hom Oom Nicolaas genoem), het ook later op Schoonvlei geboer en vir hom 'n ander huis 'n entjie suid van die ou opstal gebou. Hy is met Ant Bettie van der Merwe van die plaas Moerasvlei (later Boplaas) in die Kouebokkeveld getroud. Daar Ant Bettie 'n suster van my ouma was en haar kinders my eie kleinneefs en kleinniggies was, het ek 'n noue verbintenis met hierdie Deetlefs-familie gehad.

Ek het dikwels vir 'n paar dae op Schoonvlei gaan kuier en dit is van my soetste herinneringe uit my kinderdae. Die oudste seun, weer eens Nicolaas, wat tot 1990 op dié plaas geboer het toe hy op 81-jarige leeftyd oorlede is, was vyf jaar ouer as ek. Ek onthou hom as die hardwerkende seun van die plaas. Sy jonger broers, Andries, Isak en Jan, was my speelmaats. Hulle suster, Marie, was maar altyd besig om haar moeder met die huiswerk te help.

Ons kinders het dikwels vir Nicolaas, die ouer broer, koffie land toe geneem waar hy besig was om te ploeg, en ek onthou nog hoe ek met bewondering na daardie twee sterk arms gekyk het wat die ploeg so onverbiddelik op koers kon hou. Die sweet het op sy voorkop gepêrel en die muggies het lastig om hom gezoem en in sy ore gekruip. Daar was nog nie termosflesse in daardie dae nie en die hoë blou enêmmel emmertjie met sy lang hingseltjie moes vinnig by hom besorg word voordat die koffie koud word.

Ons seuns het in die buitekamer geslaap wat aan die huis gebou was. Toegang tot dié kamer was deur middel van 'n deur van die agterstoep af. Daar was 'n groot dubbelbed en 'n enkelbed in die kamer en ons het die beddens somar soos sardientjies van 'n kant af volgemaak.

Die lekkerste van my kuiers op Schoonvlei was dat ek nie nodig gehad het om elke aand te bad en my tande te borsel soos Moeder my by die huis laat doen het nie. Hier kort by die agterstoep het 'n sementwaterslootjie oor die klipgeplaveide werf geloop en ons het somar saans ons kaalvoete daarin afgespoel en afgedroog en dan was ons gereed vir slaap. Daar was ook nie sulke gestyfde lakens op die bed soos tuis nie, en dit was tog te lekker

om jou so in die komberse toe te woel en styf tussen jou maats te lê. Dis mos nie so allenig soos wanneer jy op jou eie bed slaap nie.

Die oudste broer, Nicolaas, moes vroeg opstaan om te gaan werk, maar ons ander kinders het soggens bly lê totdat Marie vir ons koffie gebring en uit die bed geboender het sodat sy die kamer aan die kant kon maak.

Oom Nicolaas het soms vir ons kinders werkies op die plaas uitgedeel, maar veral Andries het nie daaraan geglo om homself moeg te maak as dit vermy kon word nie, en het homself meestal lekker uitgedraai. Isak, aan die ander kant, was 'n sieklike seun en stil van geaardheid, miskien omdat hy nie altyd by ons kon byhou nie, maar hy was baie gaaf en sou nie 'n vlieg leed aandoen nie.

Jan het egter, wat energie en kwaaddoen betref, vir altwee dié broers van hom vergoed en daar was geen einde aan sy streke nie. Hy moes die beeste soggens veld toe jaag en saans weer gaan haal, en het allerhande planne bedink om die takie so gou moontlik afgehandel te kry. As die beeste nie vinnig genoeg na sy sin wou loop nie het hy een van die koeie se stert in die hande gekry, die punt dubbel gevou en geknak, en dan moes jy sien hoe haastig daardie bees die pad vat!

Jan se voete was hard en skurf en het soos twee skilpaaie gelyk. 'n Doring het nie 'n kat se kans gehad om deur sy voetsool te steek nie en daardie platdorings van destyds het hy net platter getrap. Omdat hy so fris was, het ons hom 'Jan Boekies' genoem. Almal, insluitende sy skoolmaats, was maar lugtig vir Jan Boekies. Hoewel hy ons nooit geboelie het nie, moes jy nie onnodig met hom gaan staan en skoorsoek nie. By tye wanneer ons met 'n tennisbal sokker gespeel het, was dit ons hoofdoel om die teenstanders van die bal af weg te skop eerder as om die bal self te skop. Wanneer Jan met sy twee kaalpote in die bondel ingevlieg het, het hy in 'n japtrap somar so 'n groot kom om hom oopgeskop.

Wanneer die familie nie op 'n Sondag kerk toe gegaan het nie, het Oom Nicolaas self 'n diens in die voorhuis gehou. Nadat daar uit die Bybel geles en 'n boodskappie gegee is, moes elkeen voor sy stoel op die vloer kniel, met sy elmboë op die stoel se sitplek, sodat die Oom 'n gebed kon doen.

Terwyl Oom Nicolaas een Sondag weer aan die bid was – en hy kon lank bid – hoor ek hoe Jan Boekies kort-kort saggies hier langs my giggel. Toe ek so skelmpies loer om te sien wat aan die gang was, sien ek dat sy geliefkoosde skipperhondjie onder sy stoel lê sodat net sy snoetjie langs die stoel uitsteek. Jan het dan 'n groot druppel spoeg bymekaar gemaak en dit mooi op die hondjie se snoetjie laat drup. Die hondjie het dan die nattigheid met sy voorpootjie van sy snoetjie afgevee, kompleet soos 'n kat wat sy gesig was, en

daarna weer ewe rustig gelê – totdat die volgende blerts kom. Hierdie proses is oor en oor herhaal totdat die gebed ten einde gekom het. Hoewel Oom Nicolaas baie mooi kon bid, kon ek nie veel van daardie oggend se gebed onthou nie.

Een keer per jaar het Oom Nicolaas ons kinders saam met hom met die voetpad langs oor die berg geneem om te gaan heuningbostee pluk. Ons is dan vroeg die oggend, elkeen met sy suikersakkie in die hand, van die plaas af weg, vanwaar ons oor die eerste bergreeks van die Skurweberg geklim het tot in die kloof bokant die plek waar die munisipale dam later gebou is. Op dié plek het daar nog die murasie van die ou plaashuis van die Van Stadens wat vroeër daar geboer het, asook 'n paar vrugtebome wat deur die bobbejane geplunder is, gestaan. Die Van Stadens het 'n ruk lank onder moeilike omstandighede op hierdie plasie geboer, maar het later die stryd teen die bobbejane gewonne gegee en dorp toe getrek. Al manier waarop die mense destyds op dié plaas kon kom, was met behulp van pakdonkies wat dieselfde voetpad waarlangs ons dié dag gekom het, moes neem. Andersins kon mens, ook met behulp van pakdonkies, van Ceres af deur die klofie waar die opgaardam vandag is, en daarvandaan met die vallei tussen die berge opklim.

Daar het ons dan heuningbostee gepluk totdat ons suikersakkies vol was. Nadat ons geëet het, is die terugtog weer aangepak sodat ons die agtermiddag laat weer op Schoonvlei kon terug wees. Voordat die tee wat ons gepluk het, drinkbaar was, moes Ant Bettie en Marie dit eers 'sweet'. Hierdie heuningbostee is die lekkerste tee wat ek ooit in my lewe gedrink het.

Baie jare later, toe ons al op hoërskool was, het Oom Nicolaas 'n tweedehandse Peerless-motor by Oom Flip du Plessis gekoop. Omdat Oom Nicolaas aanvanklik nie kans gesien het om dit te bestuur nie, het dit op sy seun, Andries, wat in dieselfde klas as ek op skool was, se skouers geval om die motor te leer bestuur. Namate sy bestuursvernuf toegeneem het, het Andries soms op 'n Vrydag- of Saterdag na donker skelmpies die motor gegaps om te gaan kuier. Intussen het Oom Nicolaas ook self geleer om die motor te bestuur, maar met minder sukses.

Een Saterdag toe Andries weer skelmpies met die motor by sy meisie op die dorp gaan kuier het, het hy dit onder 'n lampaal parkeer. Sy kuiertjie en veral die nagsê-gedeelte het taamlik lank geduur en toe hy uiteindelik weer by die motor terugkom, gewaar hy tot sy ontsteltenis 'n lelike duik in die motor se agterste modderskerm. Die enigste afleiding wat hy kon maak, was dat iemand die motor tydens sy lang afwesigheid moes gestamp het. Wat duidelik was, was dat hy nie die motor in dié verrinneweerde toestand huis toe kon neem nie.

Hy gaan klop toe vir Oom Flip du Plessis wakker en oorreed hom om die duik somar dieselfde nag nog uit te klop. Hulle het tot vroegoggend geswoeg om die takie af te handel, met die gevolg dat Andries in die vroeë oggendure 'n ongeskende motor in die waenhuis op die plaas kon gaan intrek.

Dié Sondagoggend het Oom Nicolaas homself klaargemaak om met die motor kerk toe te ry. Toe hy na die waenhuis stap, het Andries hom angstig deur die venster dopgehou. Toe die Oom die waenhuisdeur oopmaak, steek hy verdwaasd in sy spore vas, buk eers daar by die agterste modderskerm, en staan daarna weer terug om die motor mooi teen die lig te kon beskou.

Andries, wat toe al in groot nood verkeer het omdat hy gedink het dat sy pa die nasleep van die nagtelike duikkloppery raakgesien het, se moed het verder in sy skoene gesak toe Oom Nicolaas skielik omdraai en hom naderroep. By die waenhuis aangekom, kon hy kwalik sy ore glo toe Oom Nicolaas vir hom sê: 'Andries, nou kan ek die ding glad nie verstaan nie. Gisteroggend, toe ek die motor uitgestoot het, het ek in daardie eikeboom vasgery en 'n yslike duik in die modderskerm gekry, maar nou makeer die kar dan niks nie!' Ek wonder tot vandag toe wat Andries se antwoord was.

Nadat Andries die skool verlaat het, het hy as diamantspeurder op Alexanderbaai gaan werk. Daarna het hy weer op Ideaal, 'n deel van Schoonvlei, kom boer, waar hy vandag nog woonagtig is. Isak het later na Vredendal verhuis waar hy getroud is en ook deelyds geboer het. Hy is later daar oorlede. Jan Boekies het tot sy dood op Blouberg, ook 'n gedeelte van Schoonvlei, geboer. Marie is ook later getroud en het lank op Ceres gewoon totdat sy kort na Nicolaas oorlede is.

Die Sarembock-broers

Daar was destyds drie Sarembock-broers, Joseph, Jack en Louis, wat op plase wat aan die noordekant van Ceres grens het, geboer het.

Joseph, alom bekend as Joe, wat vermoedelik saam met sy broers uit Pruise na Suid-Afrika geïmmigreer het, se plaas se naam was dan ook heel gepas, Klein Preuss, ook bekend as Little Prussia. Little Prussia was aan die noordelike buitewyke van Ceres, regoor die plaas wat vandag as Vreeland bekend is, geleë. Joe se vrou, ook 'n Jodin, het die mooiste Afrikaans gepraat wat ek ooit van 'n uitlander gehoor het. Sowel haar uitspraak as grammatika was bykans perfek en sy het menige Afrikaner met haar suiwer taalgebruik in die skande gestee.

Joe Sarembock was een van die pioniers van Ceres se sagtevrugtebedryf. Voordat hy na Suid-Afrika geïmmigreer het, het hy eers twee jaar lank in Kalifornië in Amerika op 'n plaas gaan werk waar hy hom op hoogte van appel- en peerboerdery gebring het.

Na Joe se dood het sy seun, Nathan, wat, soos reeds berig, een van Gus van der Merwe se vriende was, die boerdery oorgeneem, maar hy het sodanig agteruit geboer dat die plaas later verkoop moes word. Nathan het in die Tweede Wêreldoorlog as soldaat op 'n troepeskip wat deur die Duitsers gekelder is, gesterf.

Jack Sarembock het op lang termyn 'n stuk van Schoonvlei se grond van die Deetlefse gehuur en daar met pruime geboer. Hy was bekend as Ceres se 'Kelseykonink'. Kelsey was een van die gesogte pruimvarieteite van daardie tyd.

Louis het op 'n plaas Vredebest, 'n entjie van Ceres af op die Calvinia-pad, met sagtevrugte geboer. Die grond in daardie omgewing is egter nie baie geskik vir sagtevrugte nie, met die gevolg dat hy maar later tou opgegooi en die plaas verkoop het. Louis het net twee dogters gehad.

In die volgende twee hoofstukke wil ek u graag op 'n wandeling deur die dorp neem en u voorstel aan enkele van die mense wat in die twintigerjare in Ceres woonagtig was.



Ander Ceresiete oos van die Dwarstivier

Ons huis in Fabrikstraat

Ek is in 1913 in Fabrikstraat gebore, daar bo-op die bult in die laaste huis wat destyds aan die westekant van die straat gestaan het. Lank daarna is daar ook 'n huis langs ons s'n op die suidwestelike hoek van Fabrik- en Porterstraat gebou, maar in die tyd waarvan ek skryf was dié perseel 'n groot tuin.

In my herinneringe was alles so groot, soveel groter as vandag. Die groot agterplaas waar ek as kleuter gespeel het, die tamaai tuin met sy vrugtebome en groente, die klossit wat doer ver van die huis af in die tuin gestaan het en – dan het die paadjie van die huis af soontoe nogal glad geraak op reëndae! Dit alles, buiten die klossit, staan vandag maar net op 'n gewone erf en ek kan nie verstaan wat van al die ruimte geword het nie.

Wat ek wel vandag kan verstaan is waarom Vader so gesukkel het om sy 1919-model T-Ford in die agterplaas omgedraai te kry, en waarom hy met sy 1924-model Maxwell 'n stuk van die druiwepriël saamgevat het straat toe.

Een van my eerste herinneringe was die houtkruwa met sy houtwiel wat onderstebo onder die vyeboom in die agterplaas gelê het, en hoe ek pens en pootjies daarop geklim het en die wiel met my hande om en om laat draai het. Ek moes bitter klein gewees het, want ek het hoog in die lug gesit.

Ek het niemand gehad om mee te speel nie want my suster, Mona, was byna sewe jaar

ouer as ek, en my broer, Joubert, was nog nie gebore nie. Ek onthou die nag toe Joubert in 1918 gebore is. Vader het my kom wakkermaak en op sy arm na die kamer gedra om met trots my nuwe boetie vir my te wys. Ek was bra teleurgesteld want hy het nie eintlik vir my na 'n mens gelyk nie, en sou beslis nie met my kon speel nie. By navraag het Vader my meegedeel dat die ooievaar hom gebring het. My belangstelling het eintlik meer by die ooievaar gelê en op my versoek om dié te mag sien, het Vader verduidelik dat die ooievaar ongelukkig reeds vort was om nog babas te gaan aflewer. Ek het gewonder of die ander babas almal so lelik soos my boetie, Joubert, was.

Ek het nog ryke herinneringe aan die dorpsmense wat in ons omgewing aan die oostekant van die Dwarsrivier gewoon het. Dié herinneringe is saamgebondel in my jonglewe – vanaf jong kind, opgeskote seun tot jong man. Soms oorskry my vertellings die limiet van die dertigerjare wat ek vir hierdie deel van my skrywe gestel het, maar dit is nou maar eenmaal so dat mens se wedervaringe in die lewe nie kunsmatig afgebaken kan word nie.

Die beskrywing van my herinneringe aan sommige van die mense van die 'onderdorp', dié wat destyds aan die oostekant van die Dwarsrivier gewoon het of bedrywig was, begin by die riviértjie wat toe nog deel van Cillierstraat gevorm het. Daarna werk ek geleidelik my pad deur verskillende strate op na die klein bruggie, Lovers' Bridge, wat die Dwarsrivier aan die noordekant van die dorp oorspan.

Mnr Isaac Raskin



Die Raskin-gesin het nie ver van ons af nie, langs die riviértjie op die noordwestelike hoek van Pine- en Cillierstraat, gewoon. Mnr Raskin was die eienaar van die koeldrankfabriek in die bo-dorp aan die westekant van die Dwarsrivier, in New Street, regoor die kerkhof. In daardie dae het die koeldrankbottels nog glasalbasters in hul nekke gehad wat as proppe gedien het. Hierdie glasalbasters het as uitstekende ghoene vir albasterspeel gedien en derhalwe het ons menige lê koeldrankbottel se nek vir hierdie doel stukkend geslaan.

Mnr Raskin en sy vrou het die resep geken om binne rekordtyd 'n groot kroos tot stand te bring, en dit het hulle nie lank geneem om 'n lang ry koppies staan te maak nie. As gevolg van die snelle gesinsaanwas het hy finansieel (en moontlik ook andersins) baie swaar gekry. Die groot Jodegemeenskap op Ceres het hulle egter getrou bygestaan en gehelp om die mas op te kom. Dit het vir ons andersgelowiges as 'n voorbeeld gedien om te sien hoe naasteliefde en -hulp uitgeleef moet word.

Oom Andries Louw

.....

Nie ver van die Raskin-gesin af nie, op die suidwestelike hoek van Porter- en Cillierstraat, het Oom Andries Louw gewoon. Hy was een van die vele huurmotoreienaars (ons het toe nog nie van 'taxi's' gepraat nie) van Ceres.

Daar het gewoonlik twee treine per dag heen en terug tussen Wolseley en Ceres geloop. Die stasie was destyds daar by die gholfbaan teen die voet van die Skurweberg, aan die suidwestelike eindpunt van die dorp. Passasiers was op huurmotors aangewys om na en van die stasie vervoer te word. Met die aankoms van 'n trein by die stasie het daar 'n hele aantal huurmotors gereed gestaan, en die bestuurders het dan die passasiers bestorm soos hulle van die trein afklim om hulle vervoerdienste aan te bied. Party het daarin geslaag om klandisie te kry, terwyl ander maar weer droëbek moes terugry.

Destyds was daar maar min Ceresiete wat hulle eie motors besit het en die trein was derhalwe die algemene vervoermiddel vir langafstandreise. Diegene wat na Kaapstad vir besigheid of wat ook al wou gaan, kon die oggend per trein van Ceres af vertrek en die aand weer op dieselfde wyse terugkeer. Indien hulle 'n trein in Kaapstad gehaal het wat te laat op Wolseley aangekom het om 'n verbinding na Ceres te kry, is daar 'n huurmotor gereël om hulle op Wolseley te gaan haal.

Die huurmotor was dus 'n onmisbare deel van die vervoer van reisigers in daardie dae en daarom is dit te verstane dat dit 'n winsgewende bedryf was waarin heelwat mense wou deel.

Oom Andries het 'n kleurlingbestuurder gehad wat hom gehelp het om die passasiers te vervoer. Een Sondag toe ek en Oom Andries se seun, wie se naam ook Andries was, op pad huis toe was van Sondagskool, het die kleurling met die huurmotor van 'n rit af teruggekom en ons langs die pad opgelaai. Ek het op die agterste bank gesit terwyl Klein Andries en die bestuurder op die voorste sitplek so aan die gesels geraak het dat hulle skoon van my vergeet het. Toe hulle by ons huis verbyry, besluit ek om hulle nie in hulle gesprek te steur nie, en klim somar daar goedsmoeds so in die ry agterstevoor uit die motor uit. Ek het my byna disnis geval en in die proses my 'sailor suit' bykans onherkenbaar geskend, maar my plan het gewerk want die huurmotor het doodluiters voortgesnel. Dit was nie lank daarna nie toe Klein Andries uitasem by ons huis aangehardloop gekom het om te verneem wat van my geword het, want hulle het my eers vermis toe hulle by Oom Andries se huis aangekom het. 'n Engeltjie moes my seker maar bewaar het.

Oom Andries en Ant Betta



So skuins oor ons huis in Fabriekstraat het Oom Andries en Ant Betta gewoon. Ek kan nie hulle van onthou nie want ek was nog te klein. Oom Andries was so'n klein mannetjie en Ant Betta was groot en geset, en as ek sê geset, dan bedoel ek gesét. Hulle was twee rustige ou mense en het gereeld 'n entjie met hul tweedisselboomkarretjie en perd gaan ry. Vir hierdie doel het Oom Andries sowel Ant Betta as die perd goed afgerig om die regte prosedure te volg.

Oom Andries het eers die perd opgetuig maar die disselbome nog los op die grond laat lê. Daarna het Ant Betta die karretjie, met sy hulp, al sukkelende bestyg. Eers dan het Oom Andries die disselbome opgelig sodat die perd mooi agteruit tussen hulle in kon terugtree. So gedaan, het Oom Andries die stringe vasgemaak en die karretjie bestyg. Daarna het hulle op 'n statige draffie in die straat af vertrek.

Die kwaaijongens van die omgewing, onder wie ook my vader, kon egter selde die versoeking weerstaan om Oom Andries en Ant Betta se uitstappie te saboteer. Eendag byvoorbeeld het hulle die karretjie se sitbankie skelmpies losgemaak, agtertoe geskuif en dit weer vasgeskroef. Oom Andries was natuurlik salig onbewus van hierdie aanpassing. By geleentheid van die volgende ritjie het die kwaaijongens op 'n afstand die beproefde prosedure staan en dophou, en toe Ant Betta oudergewoonte met 'n plof op die bankie plaasneem, slaan die karretjie runs agteroor en Tant Betta verdwyn, voete laaste, uit die gesigsveld. Kastig erg geskok het die kwaaijongens die egpaar te hulp gesnel. Oom Andries het egter eers vlugtig agter die karretjie om geloer, sy hande haltend in die lug opgesteek en gesê: 'Wag eers so 'n bietjie, kêrels, Ant Betta lê bietjie sleg.'

Daar Oom Andries se erf met 'n helling na agter geloop het, moes 'n mens met 'n stuk of ses betontreetjies van die agterdeur af na die werf afklim – 'n oefening wat Ant Betta kortasem gelaat het. Teen die huis se agtermuur was 'n druiweprieel wat in die somer sulke groot, sappige rooi druiwe gedra het. Oom Andries en Ant Betta kon egter maar min van hierdie pragtige druiwe te ete kry, omdat die kwaaijongens hulle gereeld daarmee voorgespring het.

Een betrokke jaar het die kwaaijongens weer oudergewoonte een nag die prieel kaalgestroop, met die uitsondering van een groot tros wat hulle reg teen die agterdeur bokant die treetjies laat bly hang het. 'n Onvergenoege Oom Andries het die volgende oggend die buurt in kennis gestel dat die persoon wat hierdie tros, wat hy spesiaal vir hom en sy vrou wou laat ryp word, sou probeer gaps, summier doodgeskiet sal word. Hierdie

waarskuwing het klaarblyklik op dooie ore geval want toe Oom Andries die volgende oggend die agterdeur oopmaak, was die tros druiwe weg – net die pitte, doppe en stengel van die tros het daar op die treetjies, waar die booswig sy maal genuttig het, gelê.

Daar die meeste van die huise in ons buurt huurhuise was, het die inwoners van tyd tot tyd gewissel, maar sekeres het wel blywende herinneringe gelaat. Mnr Greyling, 'n geregsdienaar, het later in Oom Andries se huis ingetrek, en ná hom mnr Conradie, die posmeester van wie ons reeds vertel het.

Oom Esterhuysen, transportryer

Op die noordwestelike hoek van Fabriek- en Pinestraat het die Esterhuysens gewoon. Oom Esterhuysen het transportwerk met 'n wa en span donkies gedoen. Ek het graag by hulle gaan kuier want die oom en tante was danig erg oor my. Die tante het my gereeld met haar lekker tuisgebakte beskuit bederf.

Toe Oom Esterhuysen een namiddag goedere op Little Prussia, Joe Sarembok se plaas, moes gaan aflewer, het ek oudergewoonte weer daar gekuier en gevra of ek mag saamry. Hy het ingewillig mits my moeder toestemming sou verleen. Ek het toe gou na ons huis toe gehardloop, maar eintlik net om voor te gee dat ek vir Moeder sou gaan vra, wat ek in der waarheid nie gedoen het nie daar ek oortuig was dat sy my versoek sou weier. Toe ek van ons huis af terugkom, was die Oom al op pad en het hy my somar so in die ry op die wa getel. So het dit dan gebeur dat niemand in die buurt geweet het dat ek saam met Oom Esterhuysen weg was nie.

Ek het die rit baie geniet en dit was al sterk skemeraand toe ons tuis kom. Teen dié tyd was die hele buurt se mense reeds angstig besig om na my te soek. Vader het my opgeraap, in sy arms geneem en hom na Moeder, wat toe al in trane was, gehaas. Sy het my hartstogtelik omhels en geliefkoos. Ek kon glad nie verstaan waarom almal so ontsteld was nie, maar het tog ook besef dat ek die verkeerde ding gedoen het. Tog het ek geen raas gekry omdat ek stout was nie. Dit was my eerste groot ondervinding van wat ouerliefde werklik beteken.

Vader het later, nadat almal tot bedaring gekom het, mooi met my gepraat en my vertel hoe ontsteld hulle was omdat hulle nie geweet het waar ek was nie. Hy het verduidelik dat hulle nie geweet het of ek dalk iets ernstig oorgekom het of dalk dood was nie. Vader het my laat belowe dat ek nooit weer êrens sou gaan sonder om vooraf te vra of te sê waarheen ek gaan nie, 'n belofte wat ek tot vandag toe nakom.

Oom Sarel du Plessis

Oom Sarel du Plessis, 'n broer van Oom Flip du Plessis, het verder suid van ons huis, ook in Fabriekstraat, gewoon. Hy was met Ant Hannie getroud en hulle het een dogter, Vera, gehad.

Ant Hannie was vreeslik gesteld op die netheid van haar huis en die vloere het altyd soos 'n spieël geblink. Daar was nie veel matte in die huis nie en sy het die vloere op haar knieë gepoleer. Almal het geweet dat wanneer jy by Ant Hannie in die huis was, sy weer vinnig die vloere agter jou gaan poleer het, of jy nou spore getrap het of nie.

Hoewel Oom Sarel Maxwell- en later ook Chrysler- en Plymouth-motors verkoop het, het hy nie 'n motorhawe in die ware sin van die woord gehad nie, maar slegs 'n werksplekkie waar hy self motors versien het. By geleentheid het hy 'n Chrysler Imperial aan dr Munnik (van wie later meer vertel word) verkoop. Dit was 'n vreeslike windmaker motor en, saam met Oom Sarel, het ek met hierdie motor die eerste keer in my lewe 50 myl per uur gery. Dit was 'n verskriklike gevoel want die pad het so vinnig nader gekom en onder ons deurbeweeg dat ek skoon dronk in my kop geword het. Toe dr Munnik later 'n ander motor aangeskaf het, het Oom Sarel hierdie Chrysler Imperial vir sy eie gebruik by dr Munnik oorgeneem.

Benewens motorhandelaar was Oom Sarel ook 'n kontrakteur wat graan op plase in die omgewing gedors het. Vir dié doel het hy 'n stoomenjin met ysterwiele en 'n dorsbak besit wat in die winter, wanneer dit nie dorstyd was nie, onder 'n afdak wat Oom Sarel aan sy werkswinkel aangebou het, gestaan het. Die afdak het ook as motorhuis gedien.

Eendag het daar 'n bruinman, wat soms vir Oom Sarel by die dorsery gehelp het, van een van die plase af by hom aangekom. Dié was so geswawel dat Oom Sarel hom aangesê het om eers sy roes by die dorsmasjien onder die afdak te gaan uitslaap. Die man moes egter in sy besope toestand probeer het om 'n vuurtjie onder die afdak aan die gang te kry, wat gou hande uitgeruk en 'n brand veroorsaak het waarin sowel Oom Sarel se dorsmasjien as sy Chrysler Imperial uitgebrand het.

Op 'n dag het daar 'n swerm bye op die sypaadjie voor mnr John Buck se huis, op die noordwestelike hoek van Fabriek- en Oranjestraat, ingetrek. Later het Oom Sarel die verantwoordelikheid op hom geneem om die heuning uit die bynes te gaan uithaal. Ek het daar rondgespeel en stap toe heel manhaftig saam met hom om die takie te gaan afhandel.

Oom Sarel het 'n stuk sak aan die brand gestee om die bye mee uit te rook en die nes versigtig genader, met my kort op sy hakke. Ek weet nie of Oom Sarel die saak verkeerd benader het en of die bye maar net omgekrap was nie, maar hul reaksie op die rook was

nie volgens die boek nie. Toe die swerm bye soos 'n almagtige sarsie koeëls uit 'n outomatiese geweer uit die nes uitbars om die rook te ontsnap, het Oom Sarel teen dieselfde spoed omgevlieg, my eers onderstebo gehardloop en byna disnis getrap, en toe rieme neergelê oor die straat na sy huis toe. Daar ek die agterhoede gevorm het, het ek ook nie op my laat wag nie, haastig weer orent gekom en hom met lang treë tot in hulle voorhuis gevolg waar Ant Hannie die voordeur meesterlik tussen ons en die swerm bye toegeklap het. Ek het nietemin 'n groot aantal bye ten prooi geval en Ant Hannie het haar hande vol gehad om al die angels uit te kry. Vir die eerste keer het ek gevoel hoe seer 'n by kan steek.

Oom At Ungerer

Regoor Oom Sarel, aan die westekant van Fabriekstraat, was 'n woonhuis waarin daar vroeër jare 'n egpaar gewoon het oor wie my Vader baie stories kon vertel. As ek die naam reg onthou, was dit Oom At Ungerer en sy vrou.

Een van Vader se stories was dié van Oom At en die groot griep van 1918. Baie mense op Ceres het die griep onder lede gehad, van wie ook baie gesterf het. Oom At het opsluit geglo dat hy ook griep gehad het en het die wens uitgespreek om op 'n aparte bed te gaan lê om te sterf. Hoe meer dr Munnik hom verseker het dat hy gesond was, hoe meer het Oom At geglo dat hy 'n slagoffer van die griep epidemie was en g'n mens kon hom tot 'n ander oortuiging bring nie.

In dié tyd is daar 'n depot op Ceres gestig om beddens en ander geriewe aan siekes te verskaf sodat hulle van die gesondes geskei kon word om sodoende oordrag van die siekte te probeer voorkom. Oom At het hom nie twee keer laat nooi nie en die pad depot toe gevat om vir hom 'n bed te gaan haal, wat hy ten aanskoue van almal op sy kop huis toe gedra het. Daar aangekom het hy die bed in 'n ander kamer gaan neersit, sy nagklere aangetrek, daarop gaan lê, en homself voorberei om sy Skepper te ontmoet. Oom At het egter, ten spyte van al sy voorsorgmaatreëls, nooit die griep gekry nie.

Die Griffiths-gesin

Die Griffiths-gesin het later, toe ek al in die skool was, in Oom At Ungerer se huis ingetrek. Die oudste dogter, Joyce, was 'n vriendin van my suster, en die twee seuns, Henry en Willie (van wie ek reeds voorheen vertel het), was my maats. Hulle vader was 'n geregsdienaar (of, soos ons in daardie dae gesê het, 'n poeliesman) en was getroud met 'n nooi Van Staden wat afkomstig was van die plasie in die vallei tussen die twee bergreekse

en net bokant Ceres se dorpsdam waar ek as jongeling soms saam met die Deetlefse van Schoonvlei gaan heuningbostee pluk het.

Een van die min dinge wat ek van die Griffiths se huis in Fabriekstraat kan onthou, is die groot suurlemoenboom wat in hulle tuin gestaan het en waarvan ons kinders altyd die vrugte moes gaan pluk. Daar die boom hoog was, moes ons daarin klim en ek kan goed onthou hoe die dorings ons gestee het.

Mnr John Buck

Dit was voor mnr John Buck se huis op die noordwestelike hoek van Fabriek- en Oranje-straat waar Oom Sarel du Plessis en ek probeer het om die bye van hulle heuning te beroof. Mnr Buck was 'n ouerige man en ek kan nie onthou wat sy nering eintlik was nie. Op die grenslyn van sy erf langs die leivoor het daar 'n digte kweperheining gegroei. Ons kinders het die gewoonte gehad om die kwepers daar te gaan gaps, meestal nog voordat hulle ordentlik ryp was. Om die kwepers in 'n eetbare toestand te kry, het ons hulle eers deeglik op 'n klip gekneus. Mnr Buck was baie kwaai oor sy kwepers en het ons gedurig by sy heining verwilder.

Mnr Buck, wat nie kon swem nie, het later om een of ander onverklaarbare rede 'n klip met 'n tou om sy nek vasgebind en homself in 'Governer's Pool', 'n diep watergat en gewilde swemplek bo in die Skurweberg waaroor later meer vertel word, gaan verdrink.

Raadslid Slabbert

Mnr Slabbert en sy vrou het op die suidoostelike hoek van Fabriek- en Oranje-straat gewoon. Mnr Slabbert was 'n boukontrakteur maar, soos die mense gesê het, 'n ongeslypte diamant, wat deur die mindergegoedes gekies is om op die Munisipale Raad te dien. Hy was 'n moeilike man en van samewerking was daar nie veel sprake nie, veral as 'n Raadsbesluit nie sy goedkeuring weggedra het nie. Toe mev Slabbert byvoorbeeld op 'n keer deur die gesondheidsinspekteur aangesê is om haar wasgoed wat sy op die grensheining langs die straat opgehang het, te verwyder, het die inspekteur hom vir eens en altyd die wrewel van raadslid Slabbert op die hals gehaal.

Die Munisipaliteit het, met die teenstem van raadslid Slabbert, besluit om bome langs Fabriekstraat te plant – 'n besluit wat kort daarna ten uitvoer gebring is. Die aanslag van die bome was goed, maar na 'n tydjie het al die bome in die omgewing van raadslid

Slabbert se huis begin vrek. By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar gate in die stamme geboor is waarin waarskynlik gif gegooi is. Die vandaal wat hierdie daad gepleeg het, is egter nooit gevind nie.

By 'n latere geleentheid het raadslid Slabbert die kontrak gekry om 'n gebou se dak te herstel. Toe hy besig was om die die balke te verwyder, het hy die onbesonne ding gedoen om hulle van die ander kant af na sy kant toe los te slaan. Met die loskappery het die hamer die teiken gemis en het hy sy eie voortande in een hou verwyder.

Oom en Tannie du Toit

Aan die oostekant van raadslid Slabbert se huis, in Oranjestraat, het Oom en Tannie du Toit gewoon. Hulle was twee klein mensies, taamlik bejaard, en het die lewe so stil-stil benader sonder om met die ander mense te meng. Die oom was altyd in 'n donker pak klere geklee en het 'n swart hoedjie, die bol in die middel gekeep, gedra. Die tannie met haar lang rokke het weer altyd 'n vaal manshoedjie, op dieselfde wyse gekeep, gedra.

Oom Du Toit was die eienaar van verskeie woonhuise in die omgewing wat hy verhuur het, en aan die einde van elke maand het hulle tweetjies van huis tot huis gewandel om die huurgeld in te vorder.

Die Paetzolds

Mnr en mev Paetzold het suid van raadslid Slabbert, in Fabriekstraat, gewoon. Hulle was 'n ouerige Duitse egpaar wat, soos dit vir ons voorgekom het, in groot mistiek gehul was. Hulle het afgesonderd geleef, geen vriende gemaak nie en selde die huis verlaat. Mnr Paetzold het somtyds na Avalli se winkel gestap om die nodige goedjies te gaan koop, maar vir mev Paetzold het ek nooit buite die huis gesien nie. Ons het vas geglo dat hulle hier vir iets of iemand kom wegkruip het.

Hulle huis se voordeur asook die werkkamerdeur het loergaatjies gehad, met klappies aan die binnekant sodat mens nie van buite af deur die loergaatjies binne in die huis kon inkyk nie. Mnr Paetzold het nooit die deur oopgemaak alvorens hy eers deur die gaatjie geloer het om te sien wie aan sy deur klop nie.

Mnr Paetzold was 'n skrynwerker van formaat. Benewens die pragtigste items, met ingelegde hout versier, wat hy gemaak het, kon hy ook enige fyn herstelwerk met groot vernuf doen. Hy het vir Vader 'n pyprakkie van donker hout gemaak, met Vader se

voorletters in ligte hout daarin ingelê. Een van my vioolstrykstokke wat gebreek het, is deur mnr Paetzold met 'n feitlik onsigbare las herstel.

Daar was ook nog 'n ander Paetzold-gesin op Ceres woonagtig (ek kan nie onthou presies waar hulle gewoon het nie), maar hulle was nie familie van mekaar nie. Hierdie mnr Paetzold het vrugtebome gekweek, gesnoei en geënt en ook daarmee geëksperimenteer. Hy het byvoorbeeld 'n snoeimetode vir vrugtebome gepropageer waarvolgens die bome se vrugteknoppe uitgedun moet word nog voordat die bome begin bot. Dié tegniek, het hy beweer, sou die vrugtebome goed laat dra. Die vrugteboere van daardie tyd het hom uitgelag, maar na al die jare se navorsing is hierdie metode vandag standaardpraktyk by vrugteboere.

Fabriekstraat se smidswinkel



Die eerste smidswinkel wat ek as kind kon onthou was die een wat in Fabriekstraat geleë was, skuins oor die geheimsinnige Paetzolds se huis, en net suid van Oom Lammie Baartman se saagmeul waarvan ek reeds vertel het. Ek kan nie onthou wat die eienaar van die smidswinkel se naam was nie, maar onthou hom as so 'n fris, sterk man met hare wat so effe gryserig was. Sover ek kan onthou het hy nie rytuie gemaak nie, maar net herstelwerk gedoen, ploegskare uitgeslaan en so meer. Dit was 'n kuns om te weet hoe om die metaal weer die regte temper te gee nadat dit warm gemaak en uitgeslaan is. Soos ek die ding verstaan, het dit daarvan afgehang hoe vinnig die metaal afgekoel word nadat dit uit die vuur gekom het. Indien dit nog te sag was het dit sommer omgelê, soos die mense gesê het, en as dit te hard geword het, het daar weer stukke uitgebreek.

Die ystersmede van destyds het waterstene wat met 'n slinger gedraai word, gebruik om gereedskap skerp te maak. Dit was harde werk en die eienaar het, volgens Vader my vertel het, maar altyd 'n plan beraam om dié takie op iemand anders af te skuif.

In Vader se tyd het die seuns, net soos ek, baie keer daar saamgedrom om te kyk hoedat die 'blacksmith', soos ons gesê het, 'n implement op die slypsteen skerpmaak – 'n situasie wat dié man tot sy voordeel uitgebuit het. As daar slypsteen gedraai moes word, het hy een van die seuns nadergeroep en hom vertel dat hy gehoor het dat dié so 'n baasslypsteendraaier is, en of hy dan nie gou vir hom sal kom wys hoe dit gedoen moet word nie. Om vir die 'blacksmith' te wys dat dié kompliment nie slegs ydele woorde was nie, het die seun dan met oorgawe die beste hand aan die slinger geslaan om sy kastige kuns te demonstreer en daarmee die takie in rekordtyd afgehandel. Die volgende keer wanneer daar weer slypsteen gedraai moes word, was dit weer iemand anders wat hom met 'n slap riem laat vang het.

Daar was destyds baie smidswinkelwerk op Ceres, want al die boere het met eselploë geploeg, en afgesien van die ploegskare wat gereeld skerp gemaak moes word, was daar ook ysterimplemente wat gebreek het en reggemaak moes word. Alles moes deur die blaasbalkvuur gaan om weer reggesmee te word, omdat daar toe nog nie so iets soos sweisapparate bestaan het nie.

By hierdie smidswinkel is ook perde en esels beslaan en die kleurling wat hierdie werk gedoen het, was bekend as Tat September. Sy gesig was aan die een kant geskend en sy een oog was ook beseer soos die diere hom van tyd tot tyd geskop het. Hy het nie 'n bang haar op sy kop gehad nie, en ek het staan en kyk hoedat hy soms ongepoetse diere beslaan het wat aan die skop en spring gebly het. Wanneer die dier darem te moedswillig geraak het, het Tat die poot met 'n riem vasgevang en opgetrek. Ek kan egter nie onthou presies hoe hy die riem aangesit het nie. Tat September, as ek reg onthou, het nie net by hierdie smidswinkel gewerk nie. Hy was die algemene perde- en eselbeslaner op Ceres en het by al die smidswinkels kom beslaan wanneer hy gevra is.

Mnr Alsten se koringmeul



Ons stap nou van die smidswinkel af in 'n noordelike rigting met Fabriekstraat langs en draai dan wes wanneer ons by Oranjestraat kom. 'n Entjie verder aan, aan die suidekant van Oranjestraat, was mnr Alsten se koringmeul geleë. Wat ek baie goed van mnr Alsten kan onthou, is dat sy klere altyd wit van die meel was.

Die hoë stoep aan die voorkant van die gebou waarin die meul gehuisves was, was altyd oortrek van die voëltjies wat die graankorrels wat daar rondgelê het nadat 'n vrag koring afgelaai is, kom oppik het. Dié voëltjies was vir ons kinders 'n groot aantrekkingskrag, want ons kon hulle maklik met ons rekkers plattrek. Dit was juis met een van hierdie geleenthede wat mnr Alsten my eendag 'n afgedankste pak slae gegee het omdat ek 'n kwikkie met my rekker geskiet het. Ons is mos van kleins af geleer dat mens nie kwikkies skiet nie.

Oom Dirk Stofberg, wamaker



Aan die westekant van mnr Alsten se koringmeul, op die hoek van Oranje- en Vosstraat, het Oom Dirk Stofberg gewoon. Hy was 'n wamaker van nering en het sy wamakery in die agterplaas van sy woonhuis gehad. Oom Dirk was 'n joviale mens, 'n ekstrovert en alom bemind.

Buiten sy talent as wamaker, was Oom Dirk ook 'n befaamde toneelspeler op die dorp. Daar is destyds, met die hulp van plaaslike talent, heelwat konserte in Ceres op die planke gebring, en dis dan ook hier waar Oom Dirk homself onderskei het. Hy het altyd die hoofrol vertolk en die gehoor gewoonlik laat skaterlag, want die stukke wat opgevoer is, was meesal komedies. Mnr Hardick, wat saam met mnr Conradie 'n snyerswinkel aan die wesoewer van die Dwarsrivier gehad het, was altyd die regisseur van hierdie konserte.

Oupa Michiel Hugo

.....

Gielie Hugo, wat die blokman in Oom Tom Theron se slaghuis was, en sy suster, Milla, het regoor Oom Dirk Stofberg op die suidwestelike hoek van Vos- en Oranjestraat gewoon. Milla is vandag 'n inwoner van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes. Met haar helder geheue was sy van onskatbare hulp met die opstel van hierdie skrywe asook met die kaart van Ceres in die jare 1920–1930.

46 Milla Hugo



Gielie en Milla se oupa, Michiel Hugo, het by Gielie en Milla ingewoon. Oupa Michiel Hugo en my eie oupa François, van Tulbagh, was ou vriende maar ek weet nie waar hulle vriendskap begin het nie want ek was toe nog baie jonk. Nadat my ouma oorlede is, het Vader en Moeder soms my oupa op Tulbagh gaan haal om vir 'n paar dae by ons te kom kuier. By dié geleentheid het Oupa gereeld elke oggend sy kerie geneem en stadig in die straat af gewandel om met sy ou vriend Michiel te gaan gesels. Oupa is in Februarie 1922 op 84-jarige leeftyd oorlede, en Oom Michiel in Maart van dieselfde jaar, op die leeftyd van 91 jaar.

Mnr Bredenkamp se koringmeul

Wes van Oupa Michiel se huis, omtrent in die middel van die straatblok, in Oranjestraat, was daar later 'n koringmeul wat aan mnr Bredenkamp behoort het. Teen dié tyd het mnr Alsten se koringmeul laer in die straat af nie meer bestaan nie, en dit kan wees dat laasgenoemde meul verskuif is na mnr Bredenkamp se perseel.

Wat ek van mnr Bredenkamp kan onthou, is dat hy altyd met een af ander soort uitvinding doenig was. Hy het byvoorbeeld allerlei patente uitgedink en gemaak waarmee hy sy koringmeul verbeter het.

Ceres se Togryersmuseum staan vandag op hierdie perseel.

Oom Izak Garsland van der Merwe

Oom Isak van der Merwe, wat eers op die plaas Garsland geboer het en alom as Oom Isak Garsland, en Oom Isak Kortjas, bekend gestaan het, het later in 'n huis naby die noordoostelike hoek van Oranje- en Munnikstraat kom woon. Oom Isak en sy vrou het tien kinders gehad: vyf dogters (Annie, Hettie, Fien, Jean en Marie) en vyf seuns. Een van hulle seuns is baie jonk oorlede. Die oorblewene vier seuns, Isak, Flip, Jan en Willie, was my maats en ons het altyd saam gespeel. Isak het later 'n haarkapper geword, eers op Ceres en later op Ashton waar hy ook 'n winkeltjie gehad het. Hy het met sy hart gesukkel en is op vroeë leeftyd aan 'n hartaanval oorlede. Flip het later op die noordwestelike hoek van Phillip- en Bucklandstraat gaan woon, en 'n skrynwerkery net langs sy huis bedryf. Hy is ook eendag onverwags aan 'n hartaanval oorlede. Jan, wat in dieselfde klas as ek op skool was, het later stadsklerk op Albertinia geword, waar hy net soos sy ouer

broers ook aan 'n hartaanval oorlede is. Die jongste broer, Willie, het ons die naam 'Duimpie' gegee want hy was klein van postuur.

Duimpie het later boekhouer geword en het baie jare vir mnr J G Reid gewerk. Hy is nooit getroud nie en het nadat sy ouers oorlede is in een van die kamers gaan bly wat op daardie tydstip aan die noordekant van Porterstraat, net daar waar Fabriekstraat in Porterstraat doodloop, vir loseerders opgerig is.

Duimpie was 'n baie konsensieuse mens, en was altyd betyds by die werk, wat hy met groot toewyding verrig het. Een Maandagoggend toe hy nie by die werk opdaag nie, het almal maar aangeneem dat hy siek was. Toe hy egter die volgende dag ook nie by die werk opdaag nie, is iemand na sy woonplek gestuur om na sy welstand te gaan verneem. Daar is Duimpie dood in sy bed aangetref. Latere ondersoek het getoon dat hy reeds 'n paar dae tevore aan 'n hartaanval beswyk het. So is al vier my maats van hierdie familie aan hartaanvalle oorlede.

Hulle vyf susters het egter ouer geword, en dit wil voorkom of hulle nie ook aan hierdie kwaal gely het nie. Die een dogter, Annie, is met Frikkie du Toit, wat baie jare kleremaker en mansuïtruster op Ceres was, getroud. Hy het later hier afgetree en daarna nog klere verstel by sy huis, in 'n motorhuis wat hy spesiaal vir dié doel ingerig het.

Oakfield



Met 'Oakfield', wat op die noordwestelike hoek van Pine- en Munnikstraat, maar diep in die straatblok, geleë was, het ons reeds kennis gemaak. (Dit was die laaste loseerplek van die Vyf Rose.) Maar Oakfield was op 'n tyd ook die woonplek van Ceres se legendariese gravin.

Gravin Maud Wodzicka se afkoms was onseker en ons weet nie of sy Duits, Pools of watter nasie was nie. Sy het 'n vreemde aksent gehad en derhalwe die indruk geskep dat sy nie van Suid-Afrikaanse afkoms was nie.

Die dame het baie gereis en op een van haar reise vir graaf Wodzicka raakgeloop, met wie sy dan ook later getroud is. Daar word vertel dat hy met die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer was omdat hy as 'n spioen verdink is. Na sy vrylating het hy 'n viswinkel op Stellenbosch bedryf totdat hy aldaar oorlede is.

Die gravin het toe na Ceres verhuis waar sy in Oakfield kom loseer het. Sy was altyd in

swart geklee, moontlik omdat sy tot haar dood oor haar gewese eggenoot gerou het. Sy is hier oorlede en is glo ook in Stellenbosch ter aarde bestel. Haar nalatenskap op Ceres was 'n boekie met haar naam voorin geteken wat sy aan iemand geskenk het.

47 'Oakfield'



Dr Munnik

In die twintigerjare was daar twee mediese dokters op Ceres, dr G C Munnik en dr Alexander (wie se voorletters of naam ek nie kan onthou nie). Hulle het reg teenoor mekaar op die suidwestelike en noordwestelike hoeke van Pine- en Vosstraat gewoon, waar hulle ook hulle spreekkamers gehad het.

Oor dr Munnik alleen kan seker 'n hele boek geskryf word omdat hy so 'n sterk persoonlikheid gehad het en so 'n veelsydige mens was. Afgesien van die feit dat hy 'n mediese dokter was, was hy ook 'n skilder van formaat, 'n navorser en 'n filosoof. Hy het altyd diep oor sake nagedink, en ek onthou nog hoe hy eendag vir my vader gesê het: 'My magtag, man, hierdie dinge kan mos nie somar vanself so gekom het nie!' Wat so kenmerkend van hom was, was dat hy homself so grof kon uitdruk, maar sonder om werklik lelik te praat. Ons het maar altyd gesê, hy praat maar so. As dokter was hy ver bo die gemiddelde vir die tyd waarin hy geleef het. Boonop het hy sy mediese kennis voortdurend opgeknop deur baie te lees en op sy elementêre manier navorsing te doen.

My vader se hartklop het 'n onderbreking in die ritme gehad, iets wat in later jare geblyk het 'n familiekwaal te wees. Vader het op 'n stadium 'n hartspesialis hieromtrent gaan

spreek. Dié het bevind dat Vader 'n ernstige hartaandoening had en dat hy vir drie maande in die bed moes bly. In dié tyd het dr Munnik Vader gereeld besoek. Toe Vader na 'n geruime tyd egter geen verbetering toon nie, het dr Munnik die probleem op hom geneem en ernstige opleeswerk oor hartkwale in sy eie boekery gaan doen.

Een oggend stap hy toe ewe luiters daar by Vader in en beveel hom op sy kenmerkende nors manier: 'Isak, staan op en trek jou klere aan dat ons kan gaan draf.' My vader was uit die veld geslaan, maar op sy vraag of sy goeie vriend en dokter hom dan nou wil doodmaak, het dr Munnik geantwoord: 'Toemaar, jong, jy sal nie vrek nie.' Na 'n half-myl se draffie het hy Vader weer ondersoek, waarna hy Vader beveel het om sy gelêery te laat staan en weer te begin werk, want, soos hy gesê het: 'Jy makeer wragtag niks nie.'

(Wat my vader se gesondheid betref – ook soos dit baie jare later geblyk het – het dr Munnik reg gehad. My eie seun, Isak, het hierdie einste hartafwyking geërf. As kind het ons hom deur verskeie hartspesialiste laat ondersoek wat dit, net soos dr Munnik, eens was dat dit 'n afwyking is wat geen risiko inhou nie.)

'n Ander insident wat ek onthou, is dat ek eendag tandpyn gehad het, en Vader my aangesê het om op pad skool toe somar by dr Munnik aan te gaan sodat hy na die tand kon kyk. Hy het my in die spreekkamer se deur laat staan en gesê: 'Maak oop jou bek dat ek kan sien.' Hy vat toe my onderkaak in sy linkerhand vas, reik met sy regterhand na die tang hier agter hom op die tafel, en eer jy kon sê 'mes', staan hy met my tand in die tang. Terwyl ek nog staan en tjank sê hy dat ek maar kan loop en 'Moenie die bloed op my erf uitspoeg nie – wag eers totdat jy deur die voorhekkie is.' Dit moes maar 'n melktandjie gewees het, maar ek is nietemin in trane daar weg.

Dr Munnik het die gewoonte gehad om 'Very good!' te sê as jy 'n vraag van hom beantwoord het. So het dit gebeur dat hy 'n vrou uit die Kouebokkeveld behandel het toe sy siek was. Na verloop van tyd ontmoet hy haar man op Ceres en verneem na haar welstand. Toe die man hom vertel dat sy oorlede is, het hy oudergewoonte, sonder om te dink, die gesprek met 'n 'Very good!' beëindig!

Dr Munnik het nie self motor bestuur nie. Wanneer hy pasiënte moes gaan besoek het sy vrou, wat heelwat jonger was as hy, as sy motorbestuurder waargeneem. Hulle het nie kinders gehad nie, maar het Oom Dirk Stofberg, die wamaker, se een dogter, Joan, aangeneem. Sy het by hulle gewoon, en soos ek verneem het, was sy later een van die erfgename in dr Munnik se boedel.

Dr Alexander

Dr Alexander het ek nie so goed geken nie, want hy is oorlede toe ek nog baie klein was. Daar word vertel dat hy sy eie lewe geneem het, en ek onthou nog die dag toe dit gebeur het. Ek was een van die omstanders wat gesien het hoe dr Munnik, met sy dokterstas in die hand, in aller yl oor die straat hardloop, en later weer al kopskuddend na sy spreekkamer terugkeer.

Na dr Alexander se dood het daar verskeie gesinne in sy huis gewoon. Ek moes gereeld daar gaan melk aflewer, maar het 'n heilige vrees vir hierdie huis gehad want ek was seker dat daar spoke was. Ek moes die melk by die agterdeur gaan aflewer. Die huis se agterplaas was toegebou met 'n muur waarin daar 'n groen deur was, wat toegang tot die huis se agterdeur verleen het. Elke dag as ek hierdie deur oopgemaak het, het ek van 'n beklemmende atmosfeer bewus geraak. Daarby was daar ook nog 'n eienaardige reuk. My nekhare het behoorlik gekriewel en ek het geen tyd verspil om uit daardie agterplaas uit te kom nie. Geeneen van die ander gesinne wat in dié huis gewoon het, het ooit spoke daar gewaar nie, maar vir my was dit nou maar eenmaal 'n spookhuis.

Die Rosenlefts

Die Rosenleft-gesin het op die suidoostelike hoek van Vos- en Porterstraat gewoon. Mnr Rosenleft was onder andere 'n skrynerker en het sy werksplek in die agterplaas van die woonhuis gehad. Hulle het twee seuns, Piet en Adolf, en een dogter, Gussie, gehad. Anders as haar twee broers, is Gussie nooit getroud nie.

Die Rosenlefts het ook, soos heelparty van die ander inwoners, 'n melkkoei gehad, want in daardie jare is die inwoners nog toegelaat om hoenders en beeste in die munisipale gebied aan te hou. Bedags het die beeste in 'n kamp noord van Porterstraat, aan die oostekant van Hamletweg (die verlenging van Vosstraat), gewei. Of dié kamp private eiendom was, weet ek nie, maar om dit as weiding te mag gebruik, moes daar 'n maandelikse fooi per bees betaal word. Dit was een van my huistakies om elke oggend voor skool ons beeste na die kampie te jaag en dit het dikwels gebeur dat, wanneer ek met my troppie daar by mev Rosenleft se huis verbykom, sy my gevra het om somar ook hulle bees saam te jaag. Vir dié diensie het sy my altyd met 'n lemoen vergoed, hoewel ek haar gereeld verseker het dat dit nie nodig was nie.

Die Rosenlefts se dogter, Gussie, was saam met my op skool, maar sy was ouer as ek en in

'n hoër klas. Sy was 'n baie toegewyde leerling en hoewel sy, soos ons almal, skool toe moes loop, was sy in haar hele skoolloopbaan net 'n halwe dag afwesig. Nadat haar ouers oorlede is, het Gussie alleen in haar ouerhuis bly woon en vir haarself gesorg.

Baie jare later, in Oktober 1992, het sy 'n beroerte-aanval gekry terwyl sy alleen in die huis was. Die bure, wat haar 'n tyd lank nie buite die huis gewaar het nie, het navraag by haar broer se seun, Frans, gaan doen. Dié het haar probeer opklop, maar kon niks verder uitrig nie omdat die huis goed met diefwering beskerm was. Hy het toe maar die polisie gaan haal wat van die motorhuis se kant af by die huis ingebreek het. Gussie is in haar slaapkamer, waar sy op die vloer langs haar bed gelê het, gevind. Hulle het haar onmiddellik na die hospitaal geneem, waar sy in so 'n mate herstel het dat sy weer 'n normale lewe kon lei.

Gussie het haar jare besonder goed gedra, en diegene wat nie geweet het nie, het haar ouderdom altyd hopeloos onderskat. In haar tagtigerjare was sy nog viets en wakker, en het met die veerkrag van iemand veel jonger geloop. Ten tye van hierdie skrywe was sy 'n inwoner van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes. Haar gesondheid het uiteindelik ingegee en later was sy 'n permanente pasiënt in dié inrigting se siekeboeg.

Willie du Toit

.....

Regoor die Rosenlefts, op die noordoostelike hoek van Porterstraat en Hamletweg, het Oom Willie du Toit, wat met ds Alheit se dogter getroud was, gewoon. Hulle seun, ook Willie, was my skoolmaat.

Willie was die trotse eienaar van 'n rugbybal en ons kinders het baie graag by hom gaan speel sodat ons die bal kon rondskop. Ons het egter hulle pragtige tuin met die geskopperry so verinnuwee dat sy moeder ons gevra het om liever op die ou tennisbaan onder in Porterstraat te gaan speel. Aangesien hy die eienaar van die bal was en dus baie meer oefening as ons daarmee gekry het, was Willie die baasskopper van ons almal. Geeneen van ons kon die bal so ver soos hy skop nie.

Willie het later elders gaan boer. Na sy aftrede het hy skoolopsigter by die Hoërskool Charlie Hofmeyr geword. Willie het intussen as 'n uitstekende kok ontpop en beoefen nog graag hierdie stokperdjie van hom, veral wanneer hy sy vriende onthaal.

Ceres se bou-aannemers

.....

Dit is merkwaardig hoeveel bouers van Nederlandse afkoms hier op Ceres was. Op een tydstep het hulle die boubedryf in Ceres oorheers.

Een van dié Nederlandse bouers, mnr Keyser, het noord van Porterstraat, aan die oostekant van Hamletweg, daar vlak teen die Morceaux-watervoor, gewoon. Hy was getroud met 'n nooi Van Zijl, een van die dogters van die Nederlandse Van Zijl-gesin wat in die Kouebokkeveld gewoon het. Hoewel mnr Keyser 'n bekende en gesogte bouer was, bestaan daar veel meer staaltjies oor sy skoonfamilie, die Van Zijls, as oor homself.

Sy skoonpa, ou Oom Van Zijl, was 'n Nederlandse immigrant wat maar bra sleg Afrikaans gepraat het. Hy het twee dogters gehad, een wat met mnr Keyser getroud was, en 'n ander, Joan, by wie 'n ou klasmaat van my, Hennie van der Merwe, gekuier het. Dit was ten tye van die groot oorstromings in Holland toe van die dyke gebreek en baie mense omgekom het. Een Vrydagaand, kort nadat die nuus van die oorstromings in Holland bekend geword het, het Hennie weer by Joan gaan besoek aflê. Uit ordentlikheid betuig hy toe sommer ook sy meegevoel aan sy aanstaande skoonvader. Die oubaas het dit baie waardeer, en op sy tipiese wyse geantwoord: 'Ja, het schijnt mij daar zijn een heel boel van de donders verzuipen.'

Joan het 'n vriendin gehad wat ons 'Baas Jannie' genoem het. Sy was 'n boeredogter van 'n gesin waar daar nie 'n seun was nie en het toe die plek van 'n seun ingeneem. Sy het dan ook altyd mansklerige gedra en was baie geheg aan haar fluweelmanspak wat sy in die winter gedra het.

So was daar eendag 'n vendusie op een van die plase in die Kouebokkeveld en Baas Jannie was ook daar met fluweelpak en al. Toe vee in een van die krale opgeveil is, het van die mans somar van die geleentheid gebruik gemaak om 'n bietjie water af te tap en hulle het nie betyds opgemerk dat Baas Jannie ook onder hulle was nie. Oom Piet Smit het vreeslik stadig gepraat, en toe iemand hom daarop wys dat daar 'n dame in die geselskap was, sê hy so ewe stadig: 'Maar die vroumens het mos nou my ... gesien!'

Mnr Keyser was 'n goeie bouer, maar het ongelukkig later probleme met sy oë ontwikkel en al swakker en swakker gesien. Hy kon nie meer motor bestuur nie, en wanneer hy afmetings moes doen, het hy dit so voel-voel gedoen en dan moes iemand anders vir hom die afmetings op die maatband lees. Hy is eendag skielik oorlede.

Buiten mnr Keyser was daar ook 'n ander Nederlandse bouer, mnr Peters, wat aan die

westekant van Hamletweg, maar heeltemal aan die noordekant, amper in die buitewyke van die dorp, gewoon het.

Mnr Peters was seker een van die beste bouers wat Ceres ooit gehad het. Hy kon met sement toor en wat hy ook al gebou het, het die toets van die tyd weerstaan. Toe ek al 'n jongman was en geboer het, het hy 'n keerwal en 'n voor in die Titusrivier, daar waar dié rivier aan my plaas, Quarta, se grens verbyloop, gebou. Dié keerwal en voor is tot vandag toe nog in gebruik en in 'n goeie toestand. Dit is waarlik 'n puik stuk bouwerk as in aanmerking geneem word dat die water wat uit die Tafelbergsandsteenberge afloop baie suur bevat, wat veroorsaak dat sement binne afsienbare tyd kan verweer. Sy seun, Tony, is 'n parapleeg en het vandag nog 'n fabriek op Ceres waar pale geteer word.

'n Geruime tyd nadat mnr Keyser en mnr Peters op Ceres was, het daar 'n derde Nederlandse bouer, mnr Steyger, na Ceres gekom. Hy het aan die oostelike buitewyke van Ceres, daar waar die Ezelsfontein-pad uit die hoofpad na Calvinia afdraai, gewoon. Mnr Steyger was met 'n oulike en vriendelike vrou getroud wat altyd met haar fiets in die dorp rondgery het. Sy was 'n verpleegster en het dan ook dikwels uitgehelp waar daar siekte was.

Hoe dit gebeur het, weet ek nie, maar eendag het sy met haar fiets teen 'n motor gebots en baie hard met die grond kennis gemaak. Die bestuurder van die motor het haar in die motor getel en eers na die dokter geneem voordat hy haar by haar huis terugbesorg het. Toe hy die aand mnr Steyger bel om na haar welstand te verneem, het mnr Steyger hom verseker dat dit heel goed met sy vrou gaan, 'Maar', het hy toegevoeg, 'is haar poepol blaauw!'

Nou het ek egter ietwat afgewyk van ons toer deur Ceres aan die oostekant van die Dwarsrivier en moet ek u terugneem na Porterstraat.

Die Sinagoge



Ons stap nou verder wes in Porterstraat op tot by die suidoostelike hoek van dié en Munnikstraat waar die Joodse Sinagoge en, aangrensend in Munnikstraat, die Talmud Torah-saal geleë is. Die Sinagoge is, so ver ek kan onthou, in die twintigerjare gebou en 'n tender vir die Ceres Talmud Torah Hall is op 25 Oktober 1932 deur die bouers Baartman en Slabbert vir die som van £775 gelewer. Ek kan nog die inwyding van hierdie saal onthou.

In daardie dae het Ceres 'n betreklik groot Joodse gemeenskap gehad. Die Joodse gemeente wat deur die Sinagoge bedien is, het egter ook Wolseley se distrik ingesluit. Daar was drie rabbi's wat na mekaar die Joodse gemeenskap bedien het, te wete rabbi M Rabinowitz wat van Bellville afkomstig was, rabbi Wittenberg, en daarna rabbi H Natas, wat later in mnr Estermann se huis op die suidoostelike hoek van Vos- en Pinestraat ingetrek het en die gemeenskap 28 jaar lank bedien het.

Rabbi Natas het net een oor gehad en ons het hom die bynaam 'Malgus' gegee. Iemand het hom glo met 'n motor in die Voorstraat, op die hoek van Baumann's Store, raakgery waar sy oor in die slag gebly het. Op 84-jarige leeftyd het rabbi Natas sy gemeente een aand bymekaargeroep en vir hulle gesê: 'My kinders, ek kan nie meer sien nie en gaan dus aftree. Maar moet julle nie ontstel nie, want solank julle vir mnr Metter by julle het, sal dit goed met julle gaan.' Rabbi Natas is kort daarna oorlede en mnr Wolf Metter het daarna vir baie jare die fort in die Joodse gemeenskap gehou.

Mnr Metter het ná sy huwelik in 1924 na Ceres gekom. Hy was eintlik 'n sakeman wat 'n winkel in Lyellstraat aan die westekant van die Dwarsrivier gehad het en later ook die woonhuis op die noordwestelike hoek van Fabriek- en die Voorstraat, waar mnr Veldsman vroeër gewoon het, gekoop het. Mnr Metter het al die dienste, buiten Brith Melah's, gelei. Hy kon natuurlik ook nie huwelike bevestig nie. Die gemeenskap het hom getrou ondersteun, en hy het altyd gesê dat hy nie 'n gemeenskap nie, maar een groot familie bedien het. Die geld wat mnr Metter vir sy diens as 'Gabba' verdien het, het hy na sy geliefkoosde inrigting, die Instituut vir Blindes in Jerusalem, gestuur.

Belmont Hotel

.....

Aan die noordekant van Porterstraat, vlak langs die oosoewer van die Dwarsrivier, was die eertydse Belmont Sanatorium vir teringlyers geleë. Toe die Brewelskloof Sanatorium vir teringlyers in die eerste dekade van die twintigste eeu kortby die dorp Nelspoort geopen is, is die Belmont Sanatorium in Ceres gesluit en die pasiënte na Brewelskloof oorgeplaas. In 1920 het ou Oom Phillip Malherbe van die plaas Ezelsfontein Belmont gekoop en tot 1944 bewoon, toe hy dit aan mnr Rankin verkoop het. Mnr Rankin het die gebou in 'n hotel omskep.

Die hotel het daarna twee keer van eienaar verwissel. Mnr Rankin het dit aan kolonel Knoble verkoop, wat dit op sy beurt in 1954 aan mnr S J Conradie verkoop het.

Faan en Betty Conradie het Belmont Hotel in 'n pragtige lushof met groot tuine, 'n swem-

bad, dieretuin en voëlpark ontwikkel. Na die aardbewing in 1969 het hulle die hotel weer herbou. Vandag word die Belmont Hotel nog deur die Conradies se dogter en haar man bestuur.

Die watervoor, die geut en Lovers' Bridge



Ons toer deur die 'onderdorp', dit wil sê die deel van Ceres wat aan die oostekant van die Dwarsrivier geleë is, het ons nou tot aan die westelike eindpunt van Porterstraat gebring. Die watergeut wat die inwoners aan die oostekant van die rivier van water voorsien het, het die water na 'n verdelingsdam naby die noordwestelike hoek van Porter- en Munnikstraat gebring, vanwaar dit verder met sluise en leivore na verskillende dele van die onderdorp versprei is. Soos reeds vermeld, moes die deel van Ceres oos van die Dwarsrivier op dié manier van water voorsien word omdat die rivier nie genoeg lopende water vir daardie kant van die dorp bevat het nie.

'n Deel van die water wat met die geut na die verdelingsdam gebring is, is met 'n watervoor gelei tot op die plaas Morceaux, wat gedeeltelik op munisipale grond aan die oostekant van die dorp geleë was. Die watervoor het 'n ent al langs die noordekant van Porterstraat geloop en dan noord in Hamletweg gedraai, waarna dit die straat oorgesteek het en al langs Joubertstraat, wat toe nog 'n ongebaande weg was, geloop het. Heel aan die oostekant van die dorp het die watervoor Joubertstraat skuins oorgesteek voordat dit by Retiefstraat uitgekóm het. Destyds het Hamletweg, Joubertstraat en Retiefstraat die grense van Morceaux gevorm.

Vir ons kinders het die geut 'n wonderlike uitdaging gebied. Ons het oor die Kleinbruggie tot bo by Oom Jan Keet se watermeul geloop, waar ons dan in die geut geklim het en die hele pad terug tot by die verdelingsdam geloop het. Die geut was so glad soos seep weens die mos en ander watergrasse wat daarin gegroei het. Boonop moes ons elke paar tree oor 'n dwarsbalkie klim wat bo-oor die sykante van die geut aangebring was, en dit was nie maklik om mens se balans daar te behou nie. Eintlik was dit 'n lewensgevaarlike speletjie waarmee ons ons daar besig gehou het, maar ons ouers was natuurlik salig onbewus van hierdie eskapades van ons.

Die Kleinbruggie self is ook vele kere deur ons as speelplek gebruik – nie soseer die loopgedeelte nie, maar eerder die houthandreëlings. Dié handreëlings was bo-op halfrond gemaak sodat daar nie splinters in die voetgangers wat daaraan vashou, se hande sou steek nie. Om as held te kwalifiseer, moes ons van die een tot die ander kant van die

bruggie bo-op een van die reëlins oor die rivier loop. Ek kan nie onthou dat ek ooit gekwalifiseer het nie, want ek het my hele lewe lank aan hoogtevrees gely. Dit bly egter slegs 'n wonder dat nie een van ons ons ooit te pletter geval het op die rotsagtige rivierbodem nie.

Net bokant die Kleinbruggie het die rivier so 'n effense draai gemaak en 'n gat uitgespoel wat een van ons geliefde swemplekke geword het. Ons het dit die 'Kleingaatjie' genoem. Hier het ons, ten aanskoue van al die voetgangers oor die Kleinbruggie, kaalstert gebaljaar. Maar niemand het ooit aanstoot geneem nie. Ek kan nog goed onthou hoe lekker warm die wit klippe langs die water was wanneer ons uit die koue water kom en daarop gaan sit!



Ander Ceresiete wes van die Dwarsrivier

Ceres se 'bodorp' strek van die wesoewer van die Dwarsrivier tot teen die voet van die Skurweberg. Soos ek vroeër berig het, moes mens deur Michellspas ry om Ceres van die westekant af binne te kom. Daar waar die pas sy laaste draai om Rooikrans maak, loop die treinspoor aan die suidekant van die pas, op die helling tussen die pad en die Dwarsrivier daar ver onderkant. Net voordat dit die Ceresvallei binnekom, loop die treinspoor deur 'n tunnel wat deur 'n rotswand gekap is. Net onderkant hierdie tunnel stort die Dwarsrivier met 'n pragtige waterval na benede in 'n diep, malende poel waarvan die water altyd 'n byna onheilspellende donker kleur gehad het. Hierdie poel was nog maar altyd as die 'Koffiegat' bekend, en was toe ek 'n hoërskoolkind was een van ons geliefkoosde swemplekke. Dit was ook die plek waar mens aan allerhande vereistes moes kon voldoen, en waar die manne as 't ware van die seuns geskei is.

Die koffiegat

.....

Langs die waterval was 'n natuurlike rotsgeut wat skuins ondertoe tot by die Koffiegat gestrek het. Een van ons geliefkoosde aktiwiteite was om dié geut eers goed met hande vol water nat te gooi en dan kaalstert daarop tot onder in die gat af te gly. Wanneer daar af en toe 'n nuweling by ons groep aangesluit het, is hierdie kunsie eers deur die ervarenes aan hom gedemonstreer en is hy dan kans gegee om dit self te probeer. Ons het hom eers gehelp om sy sit aan die bokant van die geut te kry, en sodra hy dan loslaat en op dolle

vaart na benede begin gly, het ons vinnig 'n handvol growwe riviersand onder hom ingegooi. Glo my, dit was 'n aardigheid om te sien hoe sy twee boude gloei as hy onder in die Koffiegat aanland!

Dat daar 'n grot agter die waterval is, was nie vir ons nuus nie, maar ek wonder hoeveel mense van hierdie grot bewus is, want om dit te bereik is glad nie so 'n maklike taak nie. Die grot is net van onder die water af bereikbaar en dus moet jy lank kan asem ophou voordat jy weer 'n teug vars lug kan neem. Mens duik hier vlak teen die waterval taamlik diep in die Koffiegat af tot jy so voel-voel 'n opening in die rotswand vind, swem daardeur, en dan weer 'n hele ent boontoe. Wanneer jy bokant die water uitdop, bevind jy jou in die grot.

Ek was net een maal in hierdie grot, maar dit was nie 'n aangename ondervinding nie. Die doodse stilte, onheilspellende skynsel van die lig en beklemmende eensaamheid het my half paniekbevange laat voel. Jan Verster (beter bekend as Jan Ogies), wat die baas-swemmer onder ons was, het eendag 'n nuweling wat dit nie kon regkry om diep genoeg te duik nie, probeer help om die grot te bereik. Toe hulle uiteindelik die opening in die rotswand bereik en Jan hom daardeur wou stoot, het die nuweling paniekbevange geraak, sy kop teen die rotsopening gestamp en 'n lelike snywond bokant sy oë opgedoen. Daar die kortste pad boontoe aan die grot se kant was het Jan die gewonde eers soontoe gedwing. Dit was egter 'n hele affêre om hom sover te kry om met sy bloeiende gesig die pad terug buitentoe aan te durf.

Daar was twee vereistes by dié swemplek waaraan 'n nuweling moes voldoen voordat hy as 'gesout' beskou kon word: hy moes bo van die waterval tot in die Koffiegat afduik of -spring, en hy moes die Koffiegat van kant tot kant kon deurswem. As hoogtevreeslyer was die eerste vereiste vir my 'n ware toets, want as mens eers op die waterval stelling ingeneem het, lyk dit verskriklik ver daar na die kolkende massa water toe. Dit het al my moed gekos om die sprong te waag.

Die dag toe Klaas Esterhuyzen (alom bekend as 'Klaas Blommetjie') hierdie toets moes deurgaen en lank daar bo-op die waterval gestaan en wik en weeg het, kon ek dit goed verstaan, maar daar was geen sprake van genade nie. Toe ons geduld naderhand begin opraak en Klaas Blommetjie nog steeds roerloos op dieselfde plek vasgenael staan, het Jan Ogies stilletjies agter hom gaan stelling inneem en hom 'n allemintige stamp van agter gegee sodat Klaas al gillende na benede geval het. Met dié was hy natuurlik van balans af sodat hy die water met 'n pensskoot tref en onmiddellik winduit was. Ons geskaterlag het tot 'n plotselinge einde gekom toe ons sien hoe hy hulpeloos onder die water verdwyn.

Soos een man het ons in die water geduik, Klaas daar uitgevis en hom langs die Koffiegat laat probeer sit. Maar dit was vir ons duidelik dat Klaas besig was om die gees te gee. Ons dra hom toe verder tot op die sagte sandbank daar naby, lê hom plat op sy rug daarop neer en begin eerstehulp toepas deur hom te pomp soos ons gesien het hulle altyd met die ouens op die rugbyveld doen. Maar verniet of ons hom kon bykry. Terwyl ons verslae daar sit en wonder wat om te doen, gaan Klaas se oë meteens oop en was hy weer met ons. Die verligting was so groot dat ons hom die tweede toetsspeletjie tot die volgende dag gespaar het.

Om aan die tweede vereiste te voldoen – dit wil sê om die Koffiegat van kant tot kant deur te swem – was eintlik net so erg soos die afduikery. Behalwe dat dit ’n baie breë gat is, is dit ook baie diep, en het die water in die middel ’n kolk gehad (of so het ons geglo). Die onheilspellende swart kleur van die water self het die opgelegde taak nog meer skrikwekkend gemaak.

Ek sal nooit die dag vergeet toe ek moes kwalifiseer nie. Solly Verster en ek het dit saam aangedurf terwyl die ervarenes op die vertrekpunt se wal saamgedrom en ons luidkeels aangemoedig het. Toe ek die halfpadmerk bereik, en vorentoe kyk, het dit kompleet vir my voorgekom of die oorkantse rotswal al verder en verder van my af wegwyk. My gô was toe al so te sê uit. Die gewaarwording dat daar niemand op die oorkantste wal gestaan het wat my te hulp sou kon snel nie, en dat ek lankal sou versuip het teen die tyd dat hulp van die vertrekpunt af ons sou kon bereik, het my moed verder laat krimp. Op die ou end was dit net die verskriklike vrees vir die donker, malende dieptes wat my aangedryf het. Toe ek die oorkantste wal uiteindelik bereik, was ek so pootuit dat ek net ’n rotspunt kon vasgryp en het ek somar so halflyf in die water bly hang.

As ek so daaraan terugdink, was ons manewales by die waterval en Koffiegat, om die minste te sê, lewensgevaarlik. Daar moes sekerlik engeltjies gewees het wat ons beskerm het, anders sou ek nie vandag hier kon wees om hierdie wedervarings te boek te stel nie.

Die dennebos



Die westekant van die dorp Ceres en die voet van die Skurweberg is destyds deur ’n groot dennebos geskei. Dié dennebos het ’n sekelmaan gevorm wat in die suide net noord van die Nekkies begin het, al langs die voet van die Skurweberg langs gestrek het, en om die noordekant van die dorp gekrom het tot ongeveer daar waar Bucklandstraat in Swartvlei

doodgeloop het. Ceres se inwoners het graag hul tyd verwyd deur met die vele wandelpaadjes wat deur die bos gekronkel het, te gaan wandel.

In die suidelike deel van die bos, vlak langs die Nekkie (as ek reg onthou was dit ongeveer daar waar die landbouskousaal later opgerig is), was 'n 'bandstand'. Die ronde fondament van hierdie 'bandstand' was ongeveer drie voet hoog, met 'n deursnee van tussen 18 en 30 voet. (Dit is moeilik om die presiese grootte te onthou, want sulke konstruksies lyk mos altyd vir 'n kind groter as wat hulle werklik is.) Die vloer was van houtplanke gemaak en het later aan die een kant begin vrot. Daar was 'n houtreëling rondom die fondament, behalwe by die trappies waarmee mens tot op die 'bandstand' kon klim. Ceres het destyds 'n blaasorkes gehad wat gereeld hier opgetree het. My oom Izak (Boetie, van wie ek reeds vertel het) was die dirigent van hierdie orkes. Behalwe Ceres se orkes, is die 'bandstand' ook dikwels deur ander blaasorkeste gebruik.

Blommeskou



Nie ver van die 'bandstand' nie, effens verder noord, was die blommesaal waar Ceres se jaarlikse blommeskou gehou is. Dit was in die dae toe Ceres se blommeskoue 'n groot affêre was, en toe ons nog glad nie 'n landbouskou gehad het nie.

Die blommeskou het altyd in die eerste naweek van Oktober, wat 'n vakansiedag ingesluit het, plaasgevind. Dit was toe al 'n instelling dat 'n spesiale trein gedurende dié naweek van Kaapstad na Ceres geloop het om die hordes mense na en van die skou te bring. Buiten die blomme wat vir die geleentheid teen die hange van die Skurweberg gaan pluk is, was daar destyds groot gedeeltes grond in die Ceres-distrik wat nog braak gelê het en wat 'n groot verskeidenheid pragtige veldblomme gelewer het. Die jaarlikse blommeskou was 'n attraksie wat heinde en verre bekend was en baie besoekers na ons dorp gelok het. As ek reg onthou, is die reuse-blommesaal, wat uit vier vlerke bestaan het, destyds spesiaal vir hierdie skou gebou.

Mev Krige, die burgemeester se vrou, was die sameroepster, of soos die mense gesê het, die 'convenor'. Sy het alles gereël en die voortou geneem met die werkery. Man en muis het kom help, en buiten die uitstalling van die blomme, was daar ook baie van die vrouens wat pragtige rangskikkings of 'arrangements' gemaak het. Sonder om afbreuk aan vandag se blommeskoue te doen, bly dit 'n feit dat hulle net 'n skaduwee is van dié wat ons toentertyd gehad het.

Sportgronde

Ceres se sportgronde het wes van Krigestraat, waar Phillipstraat eindig, begin. Daar was 'n rugbyveld, tennisbane en 'n atletiekbaan. Ek kan nog goed onthou toe die eerste pawiljoen, of die 'grand stand', soos ons dit genoem het, by die ou rugbyveld opgerig is.

Governor's Pool

Verder noord het die dennebos 'n kromming na oos gemaak, en so aan die westekant van Krigestraat en noordekant van Parkstraat, wat destyds die laaste straat aan die noordekant van die dorp was, gegrens.

Waar Bucklandstraat in Parkstraat doodloop, was 'n hek wat toegang tot die noordwestelike deel van die dennebos verleen het. Langs die hek, op die noordoostelike hoek van Parkstraat en die verlenging van Bucklandstraat, was die hekwaagter, Jan Jordaen, se huis. Die hek was egter meesal vir verkeer gesluit, aangesien daar toe nog geen kampeer- of ander geriewe in die dennebos was nie. Die pad wat deur die hek versper was, was destyds 'n sandpad wat deur die bos tot teen die wal van die Dwarsrivier geloop het. As mens dan verder al met die rivier langs tot in die voetheuwels van die Skurweberg loop (die laaste ent het eintlik taamlike klimwerk ingesluit) het jy by Governor's Pool, 'n baie gewilde swemplek en ook die plek waar mnr John Buck, van wie ons reeds vertel het, homself verdrink het, uitgekom.

Governor's Pool word deur rotse omring en die water was destyds so helder dat jy die forelle onder kon sien swem. Daar is ook hoë rotse by die gat vanwaar ons in die poel, wat baie diep was, afgeduik het. Die water was yskoud, maar as kinders het ons mos nie koud gekry as ons swem nie. Een van die dinge wat ons natuurlik altyd probeer doen het, was om tot op die bodem af te duik, maar dit was net die baasswemmers onder ons wat dit kon regkry. Nietemin het ons vas geglo dat jy, of jy nou die bodem bereik of nie, die hele tyd jou neus met die duim en voorvinger toegeknyp moes hou, omdat dit jou teen die hoë drukking onder in die dieptes sou beskerm en sou voorkom dat jou neus begin bloei.

Net soos die Koffiegat was Governor's Pool ook maar 'n gevaarlike plek om te swem, maar ons het daar nooit dieselfde soort noue ontkomings as dié by die Koffiegat gehad nie.

Kragstasie

In die Swartvlei-omgewing, aan die noordelike punt van Meulstraat waar die dennebos opgehou het, was Ceres se eerste kragstasie. In die twintigerjare is die elektriese krag vir Ceres deur dieselenjins en batterye verskaf. Die enjins het net saans geloop, en die krag wat verskaf is, was net vir elektriese ligte bedoel. Die huise het destyds nie kragproppe vir elektriese toestelle gehad nie. Daar was in elk geval nie krag gedurende die dag beskikbaar nie. Teen die tyd dat ek op hoërskool was, was Willie du Toit die man wat in beheer van die kragstasie was. Sy broer, Gielie, was 'n klasmaat van my.

Oom Jan Keet

Noudat ons meer bekend is met Ceres se noordoostelike buitewyke en landmerke, wil ek u graag aan enkele inwoners van die bodorp voorstel. Ons begin by die watermeul op die noordwestelike hoek van Meul- en Parkstraat, waar Oom Jan Keet, wie se naam al telkens in ons vertellinge opgeduik het, gewoon het.

Jan Bernard Zulch Keet (1848–1926) was 'n ingenieur van aansien. As jongman het hy hom vermoedelik as wamaker en bouer bekwaam nadat hy dié vakleerlingskappe onder leiding van sy skoonvader, P J Moler, ondergaan het. Waar hy sy ingenieursvernuf opgedoen het, kon nie vasgestel word nie, maar dat hy dié professie met groot welslae beoefen het, blyk uit sy oprigting van die eerste kiaathoutgeut en -voetgangersbruggie (Lovers' Bridge) in 1882, die vervanging van dié met 'n betongeut- en bruggie in 1904, die bou van Ceres se eerste swembaddens in 1890, en die afsteek en uitpen van die spoorlyn tussen Ceres Weg (Wolseley) en Ceres in 1911–1912. Daarbenewens het hy vir baie jare 'n verskeidenheid betrekkings in Ceres se Munisipale Raad beklee, onder andere as superintendent van Ceres se strate, as gesondheidsbeampte en as bestuurder van die dorp se watermeul.



Oom Jan het diep spore in die Ceres van ouds getrap. Op bladsy 7 van J P G Underhay en H C Hopkins se boek *Ceres Honderd Jaar Oud* (1955) word Oom Jan Keet soos volg beskryf:

In Jan Keet het Ceres 'n man gekry wat met sy forse gestalte en geniale aard nie alleen een van die bekendste persoonlikhede van die dorp geword het nie, maar wat ook die natuurlike gawes waarmee hy op 'n besondere wyse toegerus was, tot diens van die samelewing gestel het.

Oom Frans Snyman



Oom Frans Snyman het bo in Krigestraat, kort by die kromming van die dennebos, gewoon.

Oom Frans Snyman het gedurende die Boereoorlog van 1899–1902 op die plaas Kraaifontein as werknemer by die wamakery van dié plaas se eienaar, Oom Koos du Plessis (oor wie ons aanstons meer sal vertel), gewerk. In dié tyd moes hy in groot onmin by die Engelse verval het, want 'n klomp Kakies het eendag op die plaas opgedaag om na hom te kom soek. Toe Oom Frans die Engelse gewaar, het hy in 'n groot boom geklim en bo tussen die takke weggekrui. Die soldate het die hele wêreld gefynkam maar kon Oom Frans nêrens opspoor nie. Eers die volgende dag, toe die soldate weer vort is, kon Oom Frans uit die boom klim. Hy was so styf en koud dat hy byna nie kon beweeg nie.

Teen die tyd dat ek Oom Frans geken het, het hy op Ceres gewoon en, sover ek kan onthou, met 'n swart Dodge-motor gery. Sy een dogter, Anna, wat in dieselfde klas met my op skool was, was 'n regte rabbedoe. Ek kan nog goed onthou hoe sy smiddags na skool kaalvoet met die Dodge in die strate rondgejaag het, en dit terwyl sy nog gans te jonk was om 'n bestuurderslisensie te kon bekom. In daardie dae het die polisie hulle egter nie aan sulke beuselagtige oortredinkies gesteur nie. Ceres het in elk geval toe ook nog nie verkeersmanne gehad nie.

Oom Frans se seun, Koos, was 'n naelloper soos min. Koos het 'n boesemvriend, Servaas Verster, gehad wat net so 'n goeie naelloper was en dié twee het altyd die eerste twee plekke in die naellope op die jaarlikse 'skoolsports' beset. Koos kon egter vinniger as Servaas hardloop, maar omdat laasgenoemde so 'n goeie vriend van hom was, en dit het Koos my self vertel, het hulle soms onder mekaar ooreengekom wie watter keer eerste sou kom en wie tweede.

Jan Esterhuyzen



Oom Jan Esterhuyzen het in so 'n kasarm van 'n huis aan die noordekant van Eikestraat, net oos van die kruising van dié straat en Bucklandstraat, gewoon. Behalwe dat hy 'n vervoerkontrakteur was, is dit net sy treffende bynaam, Houtpikkie, wat ek eintlik van hom kan onthou. Almal het maar net van Houtpikkie gepraat, en daar was maar min mense wat sy regte naam geken het. Volgens oorlewering het hy dié bynaam te danke gehad aan sy pa, wat 'n houtwerker was en 'n groot, krom neus gehad het.

Oom koos du Plessis se wamakery



Een van die oudste wamakers wat ek kan onthou was Oom Koos du Plessis, wat in die

twintigerjare 'n wamakery kort by die suidoostelike hoek van Meul- en Eikestraat gehad het.

Oom Koos het heelwat van sy lewensondervindinge in Nederlands aangeteken en hierdie geskrif het gelukkig behoue gebly. Hy vertel dat hy op die plaas Waterkloof gebore is, maar ons kon nog nie uitvind waar hierdie plaas was en of dit nie dalk die plaas was wat as Waterryk bekend gestaan het nie. Dit wil voorkom asof die plaas iewers in die Kouebokkeveld was.

In 1865 het Oom Koos saam met sy vader na die plaas Elandsvlei getrek. Nadat sy vader oorlede is, het hy op 16-jarige leeftyd die wamakersambag by 'n sekere mnr J de Bruyn gaan leer. Hy het die werk baie moeilik gevind, want hy het twee liesbreuke gehad wat baie pynlik kon wees. As gevolg van die ongemak het hy die wamakery 'n ruk lank gestaak en begin boer.

Nadat hy deur ds J A Stegman met Anna Johanna Janse van Rensburg in die huwelik bevestig is, het hy weer met die wamakery begin en in 1892 sy eerste ysterwiel-kar gemaak. In 1893 het hy die plaas Kraaifontein (wat baie jare later na Uitsig herdoop is) gekoop en soontoe getrek om sy ambag daar voort te sit. Gedurende die Boereoorlog (1899–1902) het generaal Smuts eendag met sy kommando by Oom Koos op Kraaifontein aangedoen en hom versoek om van die kommando se perde te beslaan. Oom Koos het geweier. Daarop het generaal Smuts 'n prisonier aan Oom Koos toevertrou om vir die nag te bewaak. Dié het Oom Koos in die hoenderhok gaan toesluit. Soos die geluk dit wou hê, was die prisonier Oom Koos se eie broer, Stephanus, maar generaal Smuts het dit natuurlik nie geweet nie. Die volgende oggend toe generaal Smuts sy prisonier kom opeis, was sowel Oom Koos as Stephanus reeds lankal op Clanwilliam, waarnatoe hulle die nag gevlug het. Oom Koos meld nie of generaal Smuts hulle weer gevang het nie, maar dit wil voorkom asof dit nie die geval was nie.

Na die oorlog het Oom Koos vir 'n Jood borg gestaan. Toe dié bankrot gaan, het Oom Koos Kraaifontein verloor. In 1904 het hy die plaas verlaat en na Ceres getrek waar hy sy wamakery voortgesit het. Hier het hy dan ook sy eerste 'spiders' gebou. Die besigheid het so floreer dat hy naderhand sy vier blanke werknemers na veertien vermeerder het en ook ses kleurlinge in diens geneem het.

Oom Koos vertel hoe hulle sestien donkies voor 'n transportwa gespan het en dan tot tien karre met kort disselboompies daaragter vasgemaak het om te gaan verkoop. Die lang disselbome is op die wa gelaai. Sy seuns Flip en Sarel het soms hierdie werk verrig en het dan met 'n sak goue ponde teruggekom.

Oom Koos het sy voertuie met behulp van 'n brosjure geadverteer. ('n Kopie van dié brosjure is vandag nog in besit van een van sy kleinseuns, wat ook sy naam dra.) Die brosjure bevat 'n beskrywing en die pryse van die voertuie wat op versoek vervaardig kon word, asook getuigskrifte van vorige tevrede klante. Die pryse van die waens het gewissel tussen £23.00 vir 'n 'Trolly Wagen voor 2000 lbs.' en £68.00 vir 'n 'Veerwagen met kap en binnen regel'. 'Karren' is gemaak vir so min as £16.10 tot soveel as £60.00 vir 'Gewone Holbak achterschei, 4 zitplaatsen Kap-kar met loskap'. Die 'spiders' se pryse het gewissel tussen £30.00 en £75.00. Oom Koos se waarborg het soos volg gelui: 'Alle dese Rijtuigen en nog veel meer soorten na enig begeerte en omschrijving word door de ondergetekende vervaardigd en gewaarborgd voor 12, 18 en 24 maanden.'

As gevolg van teenspoed en slegte skuld het Oom Koos egter in 1915 bankrot gespeel. Hy het weer 'n besigheid begin, maar dié keer net vir kontant gewerk. Dit het goed gegaan en toe die ysterwielwaens begin verdwyn het, het hy begin om motorwielwaens te bou en lorriebakke te vervaardig.

In 1917, terwyl Oom Koos 'n Sinode van die Doppekerk in Bloemfontein bygewoon het, het 'n groot ramp hom getref. Sy seun Flip, wat toe al met motors doenig was, wou een aand brandstof in 'n Model T-Ford tap wat in die wamakery gestaan het, en het 'n lantern gebruik om in die donker te sien. Die petrol het vlam gevat en die gebou, met alles wat daarin was, het uitgebrand. Dit was vir Oom Koos 'n vreeslike slag. Hy het masjinerie ter waarde van £1 800 verloor, wat baie geld vir daardie dae was.

Asof hy nog nie genoeg teenspoed in sy lewe beleef het nie, het sy vrou kort daarna geval en haar heup gebreek. Nadat sy twee jaar bedlêend was, is sy oorlede. In sy lewensberig skryf Oom Koos hoe groot die dokters wat na haar omgesien het se rekeninge was, wat die onkoste van die begrafnis was, en dat die grafsteen die som van £15.2s.6d beloop het.

Ondanks al sy teenspoed het Oom Koos daarna weer sy wamakery opgebou, maar dié keer aan die oorkant van Eikestraat. Dit is dan ook op hierdie perseel waar ek met bewondering gekyk het hoe handig die wamakers te werk gaan. As daar 'n waband op 'n wiel gesit moes word, is daar eers 'n stuk band van die regte lengte van 'n lang plat yster afgemaak. Die afgesaagde stuk yster is deur 'n masjien gestoot wat met die hand aan 'n slinger gedraai is en die yster dan die ronding gegee het wat min of meer op die wiel sou pas.

Daarna het die fyn werk gevolg. Die ysterband in wording is eers baie sekuur gemeet om die regte lengte volgens die omtrek van die wiel te kry. Daarna is die twee punte met behulp van 'n blaasbalk rooiwarm (of was dit witwarm?) gemaak, op mekaar geplaas en

met hamers op die aambeeld geslaan totdat hulle aanmekaar gesmee was en 'n ronde wiel gevorm het. Daardie las was so netjies soos net 'n kenner dit kon maak en was 'n kuns wat met jare se ondervinding aangeleer is.

Op dié stadium was die ysterband te klein om om die wiel getrek te word en moes dit eers as geheel rooiwarm gemaak word om te rek. Wanneer dit groot genoeg was, is dit netjies om die wiel, wat op die grond lê, geplaas, en dan vinnig met koue water afgekoel om te krimp totdat dit styf om die wiel gepas het.

Die skilder van 'n kar of wa was ook 'n kuns wat net die kenner kon verrig. Die gewone verfwerk was eenvoudig, maar dit was die gebruik dat daar oral krulletjies en draaitjies van verskillende kleure op die bak en op die nawe en speke van die wiele geverf word. Hiervoor is 'n fyn, dun kwassie gebruik en die werk is vryhand gedoen sonder enige hulpmiddels om die figuurtjies eenders te kry. Ek het dikwels gestaan en kyk hoe handig die kwassie gehanteer is en hoedat die figuurtjies op die rytuig vorm kry.

Oom Koos het met die wamakery aangegaan totdat hy 80 jaar oud was en toe afgetree om 'n welverdiende rus te geniet. Hy is 'n jaar later op die leeftyd van 81 jaar oorlede. Twee van die waens wat hy gemaak het, staan vandag in Ceres se Togryersmuseum. Die een is in 1895 op Kraaifontein gebou en die ander een het hy in 1924 vir 'n sekere mnr Hanekom gemaak.

Een van Oom Koos se seuns, Nicolaas, het later ook 'n wamakery op die noordoostelike hoek van Meulstraat en New Street, gehad en het so die familie se wamakertradisie voortgesit.

Ceres High School

.....

In 1919, toe ek ses jaar oud was, het ek na die Ceres High School, wat in Meulstraat was en die oostelike helfte van die straatblok tussen Eike- en Phillipstraat beslaan het, gekom. Ek het elke oggend donsoordag opgestaan en die hele ent van ons woonhuis in Fabriekstraat skool toe gestap, en smiddags na skool weer teruggestap. Om die ver ent skool toe te stap was egter daardie dae niks besonders nie. Buitendien was ons altyd 'n hele klomp saam, want al my maats wat in ons omgewing gewoon het, moes net soos ek te voet skool toe gaan.

Toe die Hoërskool Charlie Hofmeyr in 1928 op Ceres gebou en in gebruik geneem is, is die ou Ceres High School na Laerskool Gericke herdoop.

Maudie Kriel

Maudie Kriel, wie se naam verewig is in die Maudie Kriel Huis Vir Bejaardes, was die sub B-onderwyseres by wie ek in 1920 skoolgegaan het. Sy het regoor die laerskool op die noordoostelike hoek van Meul- en Phillipstraat gewoon, waar sy ook na haar bejaarde vader omgesien het. Ek kan niks van haar moeder onthou nie en meen dat dié toe reeds oorlede was.

Maudie Kriel was 'n trotse vrou, het altyd fier en regop gestap en was 'n kwaai dog uitstekende onderwyseres. Wanneer sy op haar fiets gery het, het sy so kiertsregop gesit dat sy half agteroor geleun het. Dit is so ironies dat dit juis sy moes wees wat in haar latere lewe 'n siekte moes opdoen wat haar al meer en meer krom getrek het. Sy was later feitlik dubbeld gevou soos haar kop voor tussen haar skouers ingetrek het. Wanneer sy geloop het, moes sy haar kop met moeite optrek om voor haar te sien.

Na haar vader se heengaan het sy alleen gewoon en dit was moontlik in dié tyd dat die behoefte aan 'n huis vir bejaardes op Ceres by haar ingeskerp is. In haar testament het sy dan ook 'n bemaking vir hierdie doel nagelaat. Hoe jammer dat sy nie self die verwesenliking van haar ideaal kon beleef nie.

Mev Cashell

Baie jare later, na Maudie Kriel se dood, het mev Cashell (Cassell?) in hierdie huis ingetrek. Mev Cashell was 'n potsierlike en beneukse klein mensie wat altyd sulke platbol-, stywerandhoedjies gedra het wat op die lees van die destydse 'cheesecutters' geskoei was. Daar word vertel dat sy alles versamel het waarop sy haar hande kon lê en dat haar huis 'n opgaarplek van 'n mengsel van rommel sowel as outydse skatte was.

'n Mens het haar dikwels op straat sien ronddwaal waar sy haar glad nie aan die verkeer gesteur het nie en somar voor die bewegende voertuie ingeloopt het. Hierdie gewoonte het haar eendag egter duur te staan gekom. Ek het haar in die Voorstraat raakgeloopt en 'n paar woordjies met haar gesels. Toe ons gesprek beëindig is, het sy net daar omgedraai en somar reg oor die straat koersgevat. Met dié loop sy toe reg voor Luyt & Kie se aflewingsbode in wat op daardie oomblik met sy fiets met die groot mandjie 'groceries' voorop die straat afkom. Hy ry haar toe so sleg onderstebo dat sy so 'n slag omrol, en toe sy tot ruste kom, omring lê deur stukkende pakkies botter, suiker, koffie en nog wat.

Intussen het die wind haar hardebolhoedjie geskep en dit soos 'n wiel al vinniger en vinniger op sy rand in die straat afgedryf. Terwyl ek besig was om haar hier tussen die negosiegoed uit te sorteer en op te help, het iemand anders die hoed agternagesit, maar eers doer onder op die straatkruising ingehaal. Toe sy eers weer op haar twee bene staan, wou sy daar en dan die heel onskuldige afleweringsbode met haar kerie afransel. Dit het mooipraat gekos om haar tot bedaring te bring, waarna sy per motor huis toe geneem is.

Na haar heengaan is daar groot vendusie gehou.

Miesies Silk Finish

'Miesies Silk Finish' was 'n nooi Prins van geboorte wat met Oom Nicolaas Hugo getroud was. Sy het in 'n kolossale huis in Phillipstraat, 'n paar huise oos van die huis van Maudie Kriel en mev Cashell, gewoon. Maar dit was lank voor mev Cashell se tyd.

Nadat Oom Nicolaas oorlede is, het sy weduwee baie jare alleen in die groot huis gewoon voordat sy weer met 'n emeritus-predikant getroud is. Dié is egter kort na die huwelik oorlede. Aangesien sy in so 'n groot huis gewoon het en altyd baie netjies geklee was, was ons almal van mening dat sy baie ryk moes gewees het.

Daar word vertel dat daar destyds so 'n windmaker rok materiaal was wat veral vir die maak van aandrokke gebruik is. Dié materiaal het as 'ring velvet' bekend gestaan. Wanneer die rol materiaal nog vol was, was daar 'n strokie materiaal met die woorde 'silk finish' aan die punt – om aan te toon dat die materiaal van die beste kwaliteit was.

So word daar dan vertel dat Oom Nicolaas se weduwee vir haar 'n rok van hierdie materiaal laat maak het. Die beginstrokie van die rol het haar egter dermate geval dat sy die kleremaakster opdrag gegee het om vir haar 'n kopstukkie met die woorde 'silk finish' reg aan die voorkant te maak om by die rok te dra. Volgens oorlewering is haar bynaam, 'Miesies Silk Finish', van hierdie kopstukkie afkomstig.

'n Suster van Miesies Silk Finish was met een van die Fricks wat op Prince Alfred's Hamlet gewoon het, getroud. So het dit dan gebeur dat van dié se kinders op 'n daaglikse basis by haar op Ceres kom losêr het om die hoërskool op Ceres by te woon.

Die oudste seun, George, wat ons 'Blokland' genoem het, was 'n groot seun wat soggens met sy eenperdkar van Hamlet tot by Miesies Silk Finish gery het, die perd daar uitgespan het, en dan daarvandaan te voet na die hoërskool gestap het. Ons kleintjies van die laer-

skool het hom gereeld wanneer hy om die draai by die skool verbystap, uitgekoggel deur luidkeels 'Blokland! Blokland!' te skree en dan te sorg dat ons ver buite sy bereik bly. Hy het gewoonlik nooit die moeite gedoen om ons te probeer vang nie – buiten een oggend toe ons dieselfde roetine tot vervelens herhaal het.

Blokland het onverwags omgespring, ons maklik ingehardloop en een outjie gevang. Ons het vreesbevange tot stilstand gekom, in die afwagting om aanstonds die vermorseling van een van ons maats te aanskou. Wat was ons verbasing groot toe hy net die outjie se hare so lag-lag deurmekaarveeg en hom weer sagkens op die straat neersit. Op dié manier het ons uitgevind dat Blokland eintlik 'n baie saggeaarde en vriendelike seun was. Van toe af het ons 'n heel ander gesindheid teenoor hom gehad.

Blokland het op Stellenbosch verder gaan studeer. Daar het hy eendag gaan kyk hoe die ander studente boks. Toe hulle hom vra om ook die handskoene aan te trek en in die kryt te klim, het hy die versoek van die hand gewys met die verduideliking dat hy bang was dat hy dalk iemand kon seermaak. Die studente het sy beskeidenheid as verwaandheid geïnterpreteer, hom hardhandig in die bokskryt gelig en hom 'n paar bokshandskoene aangetrek. Sake het anders verloop as wat hulle beplan het. Hy het met die handskoene aan in die kryt gestaan terwyl een van die goeie bokkers hier voor hom rondgedans en kort-kort na hom geslaan het. Dié houe het Blokland somar so met die oop hande afgeweer, maar verder geen poging aangewend om self houe uit te deel nie. Die volgehoue aanmoediging van die omstanders het op die ou end waarskynlik die versoeking vir hom te groot laat word, want Blokland het meteens sonder waarskuwing afgehaak en sy opponent met een hou so katswink geslaan dat hulle hom uit die kryt moes dra.

Blokland het later die swaargewig-bokskampioen van die Universiteit van Stellenbosch geword, maar is op 'n vroeë leeftyd aan 'n hartaanval oorlede.

Oom Boytjie Engels



Oom Boytjie Engels, soos hy bekend was, het verder wes aan die suidekant van Phillipstraat regoor die laerskool gewoon. Hy was 'n huurmotoreienaar en -bestuurder. Oom Boytjie was goed bevriend met Paul Louw, saam met wie hy en nog 'n paar maats saans die wêreld so 'n bietjie opgevrolik het.

Nadat hulle een aand 'n paar drankies by die Majestic Hotel (of was dit die Grand Hotel?) weggeslaan het, nooi Oom Boytjie die klomp vir 'n rit met die nuwe huurmotor

wat hy so pas aangeskaf het. Almal wat wou het ingeklim en Oom Boytjie vat toe die Hamletpad, wat natuurlik destyds nog 'n gruispad was, met die versneller teen die vloer.

Daar by die kleurlingwoonbuurt, Bella Vista, maak die pad so 'n wye draai en is dit so effentjies opgevul. Oom Boytjie vat toe die draai 'n bietjie te wyd sodat die linkeragterwiel van die pad af teen die skuinste afgly. Die skielike verplasing van die insittendes se gewig op dié wiel veroorsaak toe dat party van die houtspeke die gees gee en die motor so 'n slag of wat omrol.

Gelukkig was niemand erg beseer nie, want die destydse motors kon mos nie vinnig loop nie, en buitendien was hulle van sulke dik staal gemaak dat die bakke nie somar opgefrommel het soos vandag se blikkarre nie.

Die joernalis wat 'n verslag van die ongeluk in *The Cape Times* laat plaas het, moes die kluts effens kwyg gewees het, want die volgende dag het daar 'n berig in die koerant verskyn wat soos volg begin het: 'A boy, Engels, had an accident last night ...'

Oom Boytjie se seun Arnoldus, alom bekend as Nollie, het homself as duikklopper bekwaam en het by Oom Flip se Central Garage gewerk. Na Oom Flip se dood het Nollie die besigheid oorgeneem en steeds met die duikklopper voortgegaan.

Koos Borsie

As ons met Bucklandstraat langs suidwaarts oor die Voorstraat, Murchison-, Bergsigstraat en New Street stap, kom ons uiteindelik by die huurhuis uit waar Koos Borsie gewoon het. Koos (ek meen dat sy regte van Esterhuysen was) het vroeër jare by Oom Dawid Cohen op die Hottentotskloof-uitspanning gewoon, toe dié nog daar 'n winkel gehad het. Daar het hy dikwels los werkies in die winkel gedoen, waarvoor Oom Dawid hom so af en toe vergoed het, meesal met 'n dop wyn.

Oom Isak Wolfaardt, een van Sebastiaan se nasate, wat in dié tyd op die ou plaas Verdun naby Prince Alfred's Hamlet geboer het, het een oggend vroeg van sy plaas af vertrek op pad na die Ceres Karoo, en het teen ligdag by die Hottentotskloof-uitspanning aangedoen. Daar het hy 'n geselsie met Koos Borsie, wat toe reeds in die winkel doenig was, aangeknoop, maar aanstons weer vertrek. Toe Oom Isak laat die namiddag op sy terugreis weer by Hottentotskloof aanrby, was Koos Borsie nog steeds daar, maar teen dié tyd reeds opsigtelik met 'n hele paar doppe agter die blad. Koos moes die gevoel gekry het dat hy hom teenoor Oom Isak vir sy lang oponthoud in die winkel behoort te verontskuldig.

Omdat hy graag Engels gepraat het, veral as die doppe al begin trek het, sê hy toe ewe ongeërg: 'You must not think that I stand here for sommer sou nie, I stand here to give mister Cohen a hand and to please myself!'

Koos het later Ceres toe getrek en in die huurhuis aan die suidpunt van Bucklandstraat kom woon. Hy het transportwerk gedoen en onder andere petrol na die Karoo, meesal na Middelpas, vervoer. In daardie dae is petrol nog in viergellingblikke verpak wat tweetwee in 'n houtkis, wat ons 'n 'paraffienkis' genoem het, verkoop. Hierdie kiste was baie nuttig en kon vir meervoudige doeleindes, onder andere vir die maak van stoele, gebruik word.

Koos was so 'n kort mannetjie wat 'n bril met baie dik lense gedra het, en seker nie altyd so goed kon sien nie. Vandaar dat hy soms in sulke snaakse situasies beland het, veral as daar in aanmerking geneem word dat hy ook maar lief vir sy doppie was. Volgens oorlewering het Koos sy bynaam gekry omdat hy pleks van 'n hemp, net so 'n los borsstuk gedra het. Ek het nooit self hierdie kledingstuk te siene gekry nie, maar dit is aan my vertel dat dit soortgelyk was aan die borsstukke wat saam met mansaandpakke gedra word.

Koos Borsie het met 'n Model T-Fordjie rondgery, en syne was al een van die gevorderde modelle wat een ruitveër gehad het. Die ruitveër het van bo af aan die buitekant van die ruit gehang maar was van 'n hefboompie aan die binnekant van die ruit voorsien wat met die hand heen en weer beweeg kon word om die veër dan dieselfde aan die buitekant van die ruit te laat doen. Wanneer die veër nie in gebruik was nie, is die hefboompie na die een kant beweeg en daar gelos sodat die veër nie die uitsig van die bestuurder kon belemmer nie. Soos dit egter met die meeste meganiese verbeterings gaan, is die eerstes geneig om een of ander skeet te ontwikkel wat dan in latere modelle reggestel word. So het hierdie veërs dan met verloop van tyd slytasie opgedoen wat veroorsaak het dat hulle op slegte paaie, wat destyds volop was, los geskud het en plotseling in 'n vertikale posisie reg voor die bestuurder se oë beland het.

Porterstraat, aan die noordoostelike kant van die dorp, het destyds 'n skotige opdraandjie gehad net wes van waar Fabriekstraat in dié straat doodloop, met die gevolg dat die bestuurders wat uit Fabriekstraat wes in Porterstraat ingedraai het, betyds moes vetgee om dit aan te durf. Dié afdraai uit Fabriekstraat was derhalwe taamlik uitgery en het 'n lekker stamp veroorsaak vir diegene wat reguit van wes na oos in Porterstraat af gery het en nie die afdraai na suid in Fabriekstraat geneem het nie. Daarbenewens het daar ook reg by die aansluiting van dié twee strate, aan die noordekant van Porterstraat, 'n lamp-

paal taamlik na aan die ryvlak gestaan. 'n Ry groot bloekombome, waarin die voëltjies baljaar het wanneer die bome in blom was, was reg agter die lamppaal.

So kom Koos Borsie op 'n dag teen skemeraand in Porterstraat afgery en toe sy gevorderde Model T die stamp vat, ruk die ruitveër los en hang hier reg voor hom teen die voorruit af. Hy was blykbaar onder die indruk dat dit die lamppaal was wat so skielik hier voor hom verskyn het, altans so het hy te kenne gegee. Om dié te ontduik, het hy skerp na links geswaai, in die paal vasgery en, behalwe sy motor se gekepte neus, 'n kragonderbreking in die hele buurt veroorsaak.

Maar Koos het nog nie die laaste van daardie paal gesien nie en dit was ook nie hulle twee se laaste ontmoeting nie. By 'n later geleentheid, dié keer helderoordag, het Koos weer in Porterstraat afgery. Op dieselfde plek haal die ruitveër toe weer dieselfde laai uit en hang meteens weer hier reg voor hom. Maar Koos laat hom nie twee keer met dieselfde slap riem vang nie. Hy swaai hierdie keer na regs, ry dwars oor die straat, en beland in die leiwatersloot aan die suidekant van die pad. Daar het Paul Louw hom met groot moeite met 'n kragvoertuig kom uitsleep. Intussen het Koos luidkeels, in onweloweglike taal en met oordrewe gebare, aan die omstanders probeer verduidelik wat gebeur het, terwyl hy allerhande metodes beskryf het insake sy voorgenome vermorseling van die dêm lamppaal.

Oom Org de Kock

.....

Oom Org de Kock, alom bekend as Oom Orgie, was die begrafnisondernemer en het naby die suidwestelike hoek van Meul- en Bergsigstraat, daar kort by die begraafplaas, gewoon. Hy was die verteenwoordiger vir Goodall & Williams in hierdie kontrei en ek wonder hoeveel mense hy in sy lewe gekis en begrawe het.

Die swart lykswa, wat deur twee perde getrek is, is in 'n klein geboutjie net binnekant die kerkhof in Meulstraat gehuisves. Alles aan die wa was pikswart en die kap het sulke swart klossies gehad wat los daaraan gehang en gebewe het wanneer die wa beweeg.

In daardie dae was daar nie koelgeriewe vir die lyke nie en die begrafnisse is spoedig na die dood uit die oorledene se huis uit gehou, soos ons gesê het. Die lyke is dan direk uit die huis in die lykswa gedra, waarna die begrafnis plaasgevind het.

Volgens oorlewering van die bruin gemeenskap was Tempie Vergotine en Frikkie Manuel die drywers van die lykswa.

Oom Orgie was 'n lewendige man op wie 'n mens kon reken in tyd van nood. Hy het elke maand sy rondte deur die distrikte van Ceres, Tulbagh, Wolseley asook die omliggende areas gery om die betalings op die menigte begrafnisboekies, wat almal maar destyds gehad het, in te vorder. Hy was baie lief vir kinders, seker maar omdat hyself nooit kleingood gehad het nie. Met sy rondtes het hy gewoonlik lekkergoed saamgeneem wat aan die kinders uitgedeel is.

In sy leeftyd moes Oom Orgie seker 'n miljoen myl of meer met sy verskeie motors afgelê het. Sover ek weet het hy al my voorsate hier op Ceres begrawe, want Oom Orgie was maar hier solank ek kan onthou.

Toe hy al op 'n gevorderde leeftyd was, het hy sy een oog in 'n fratsongeluk verloor. Met een van sy talle rondtes het sy motor 'n papwiel gekry. Toe hy die motor met die outydse domkrag wat hy gehad het van die grond af probeer kry sodat hy die wiel kon omruil, het die domkrag geglip. Terselfdertyd het die los hefboom waarmee die domkrag gepomp moes word, uitgespring en Oom Orgie met 'n harde slag reg in die oog getref. Oom Orgie het hom egter nie deur dié voorval en verlies van sy oog van stryk laat bring nie en sy werk daarna met een oog voortgesit.

Baie jare later, toe Oom Orgie weer vir hom 'n nuwe Chevrolet gekoop het, het hy gesê dat dié seker maar die laaste motor sal wees wat hy in sy lewe sal koop. Maar Oom Orgie het die bal misgeslaan. Hy het sowel hierdie motor as nog 'n ander een opgerig voordat hy oplaas weens ouderdom afgetree het.

Martin Kotze het later die amp van begrafnisondernemer by Oom Orgie oorgeneem, maar hy het sy rondtes so elke ses maande gedoen en dan het die klandisie hul boekies ses maande vooruit betaal. Martin het die manier gehad om sy mond so op 'n tuit te trek wanneer hy praat, en hy kon baie praat. Vandaar dat hy toe die bynaam van Toeter-bekkie gekry het.

Hoërskool Charlie Hofmeyr
.....

Die Hoërskool Charlie Hofmeyr, wat aan die westekant van Bucklandstraat, tussen Murchison- en Bergsigstraat geleë is, is in 1928 in gebruik geneem. Toe ek nog in die laerskool was, het ons in Fabriekstraat gewoon. Vader het in 1925 sy besigheid in die Voorstraat verkoop, waarna hy die plaas Eureka, digby Prince Alfred's Hamlet, gekoop en daar begin boer het. Ons het egter eers in 1927 na dié plaas verhuis, en vanaf 1928, my eerste hoërskooljaar, het ek ook saam met die ander skoolkinders van Hamlet met die

‘skoollorrie’ na Ceres se nuwe hoërskool gery. Ons het toebroodjies saamgeneem om met die middagpouse by die skool te eet, en dit was gedurende hierdie tyd dat ons soveel katterkwaad aangevang het.

Dit was gewoonlik gedurende die middagpouses (die skool het daaglik twee sessies gehad wat deur ’n lang middagpouse onderbreek is) dat die swemmery by die waterval en Koffiegat, waarvan reeds vertel is, plaasgevind het.

Wanneer ons nie gaan swem het nie, moes ons ander afleidings bedink om die tyd te verwy. Net soos by ons swemsessies, was Klaas Blommetjie dikwels die slagoffer van al die poetse wat ons mekaar gebak het.

Een van ons maats, Marius Malherbe, het ’n nuwe fiets met ’n ‘carrier’ agterop gekry om mee skool toe te ry. Een reëndag het hy met middagpouse met dié fiets op en af in die straat voor die skool gery. Elkeen het ’n beurt gekry om saam agter op die ‘carrier’ te ry. Toe Klaas se beurt kom, was hy te bang om op te klim. Ons het hom egter, ondanks sy luidkeelse protes, sonder seremonie op die ‘carrier’ getel, hom al hardlopende daar vasgehou en eers laat los toe Marius goed op spoed was. Klaas was egter so vreesbevange dat hy besluit het om daar en dan, sommer so in die ry, af te klim, maar beland toe op sy sitvlak in die modder en wip-wip so al agter die fiets aan soos een wat perdry.

By ’n ander geleentheid toe ons daar op die stasie rondgedwaal het, het ons die plan gekry om Klaas in ’n stilstaande goederetrok toe te sluit. Daar was egter ’n spoorwegamptenaar op die perron doenig wat ons plan kon dwarsboom. Ons sien toe dat dié man so vreeslik skeel was dat hy omtrent oor sy skouer kon kyk sonder om sy kop te draai. Piet Wolfaardt sê toe dat ons moet wag totdat hy na ons kant toe kyk, want dan weet ons hy kyk anderpad. Ons maak toe so, tel vir Klaas in die trok, grendel die skuifdeur van buite af toe en loop terug skool toe. Op die navraag oor hoekom Klaas die namiddag van die skool afwesig was en wat van hom geword het, kon daar geen verklaring gevind word nie. Die volgende dag was daar groot pêne.

Maar nog was dit nie die einde van Klaas Blommetjie se lyding nie. Reg langs die skool, net suid van Bergsigstraat, was daar ’n oop stuk grond en ’n gronddammetjie. Behalwe dat daar soms ’n klomp eende daarop geswem het, weet ek nie wat die doel van die dammetjie was nie. Een middagpouse het die kleurling wat die stuk grond en die dammetjie versorg het, sy kruit daar laat staan, wat ons dadelik weer op ’n blink idee gebring het. Ons het Klaas op die kruit gelaai en, met behulp van ’n paar klippe wat as trapplek gedien het, het ons die kruit met Klaas en al diep in die water gestoot. Daarna het ons die klippe verwyder en Klaas al klaende op die kruit in die middel van die dam

agtergelaat. So met die terugkyk het Piet Wolfaardt opgemerk dat dit lyk asof Klaas besig is om die Titanic te ry. Mnr Marais, ons chemie-onderwyser, het die kruise met Klaas daarop later deur die klaskamervenster gewaar en ons gestuur om hom uit sy penarie te gaan verlos.

Die feit dat een van ons maats, Gielie du Toit, se broer, Willie, in beheer van Ceres se kragstasie daar langs Swartvlei was, het ons eendag op 'n idee gebring hoe ons die skoolkinders wat smiddae by die huis gaan eet het, 'n poets kon bak.

Gielie moes gou by sy broer gaan verneem hoeveel krag daar in die batterye was (net om seker te maak dat ons plan met redelike veiligheid uitgevoer kon word) en het teruggekom met die nuus dat die krag laag genoeg is vir die doel waarvoor ons dit wou aanwend. Ons het toe 'n draad oor die elektriese kables voor die skool gegooi en die ander punt aan die skool se ystervoorhekkie vasgebind. Die idee was om diegene wat niksvermoedend aan die hekkie sou vat, 'n lekker elektriese skok te gee. Omdat ek skoene met speksale aangehad het wat nie die elektrisiteit gelei nie, is ek as hekswagter aangestel.

Ons het die hekkie toegemaak, die grond daaronder goed natgegooi en almal op die skool se voorstoep gaan stelling inneem in afwagting van die sports wat nou gaan plaasvind. Toe die eerste ou aan die hekkie vat om dit oop te maak, maak hy 'n boksprong wat al ons verwagtings oortref het. Met die tweede probeerslag het hy nog heelwat op die eerste sprong verbeter. Na die petalje stap ek toe doodluiters nader, maak die hekkie oop, laat hom deurkom en maak weer die hekkie agter hom toe sonder dat daar iets met my gebeur. Hy kyk my toe heel verbaas aan, vat weer van die ander kant af aan die hekkie, en verbeter nogeens sy rekordsprong van flussies.

Ons het hierdie prosedure tot vervelens toe herhaal totdat die seuns later soos 'n trop mofskape voor die hekkie saamgedrom het. Die mens se reaksie is darem snaaks, want elke keer wanneer ek 'n paar kinders laat deurkom en die hekkie weer gesluit het, het daar weer een in die slagyster getrap.

Toe hierdie ding die volgende dag op die lappe kom, was daar sommer baie groot moeilikheid.

By 'n ander geleentheid het ons gemerk dat ons geskok word wanneer ons aan 'n elektriese paal wat op die suidwestelike hoek van Bucklandstraat en New Street gestaan het, raak. Daar moes iewers 'n kortsluiting gewees het.

Terwyl ons nog daar naby besig was om mekaar poetse te bak, kom daar 'n foksterriërhondjie al snuffelend in die straat af. Hy draf heen en weer oor die pad om elke bossie en

eikeboomstam deeglik te beruik en dan goed of af te keur. By die paal aangekom, het hy dié ook besnuffel en aanvaarbaar gevind. Toe hy egter sy beentjie daarteen lig was dit asof 'n weerligstraal hom tref en, in die lug opgooi. Hy het net een angstige kef gegee, een of twee spronge in die lug gemaak, en in hoogste versnelling die straat af gevlug.

Dit was ook in hierdie tyd dat die bemarkers van die Chrysler- en Peerless-motors wedrenne tussen Johannesburg en Kaapstad gereël het om te sien watter motor die afstand in die kortste tyd kon aflê. In daardie tyd was daar nog nie motorwedrenbane in die land nie. Die agente wat bepaalde motormodelle van oorsee af ingevoer het, het beproefde jaagduiwels in diens geneem om dié motors deur middel van hierdie oorlandse tydenne te bemark. Omdat die destydse motors maar 'n relatief lae topspoed gehad het, was daar geen sprake daarvan dat so 'n tyden binne 'n dag afgehandel kon word nie. Die jaers moes meermale op dorpe langs die roete oornag. By dié geleenthede het hulle dan ook sommer vir verdere advertensie in die strate van die betrokke dorp rondgejaag, wat 'n groot gebeurtenis vir die inwoners was.

Gerry Bower was die renjaer wat Chrysler-motors op dié manier geadverteer het. Hy was die eerste om so 'n tyden van die Transvaal tot in Kaapstad te onderneem en het 'n rekord opgestel wat 'n lang tyd bly staan het. Die renjaer wat Peerless-motors op dié manier geadverteer het was 'n sekere mnr Ferreira. Ek weet nie wat sy voornaam was nie almal het hom gewoon as 'Ferreira' geken.

Wanneer die jaers hulle motors op Ceres kom bekendstel het, is die Voorstraat tydens dié geleenthede vir 'n wyle vir verkeer gesluit. Toe Gerry Bower die dag sy nuwe Chrysler-model hier kom demonstreer het, het hy ten aanskoue van honderde mense die Voorstraat afgejaag totdat hy die ongelooflike spoed van 50 myl per uur bereik het en daarna probeer het om die motor in die kortste moontlike afstand tot stilstand te bring. Die afstand is gemeet en aan die toeskouers bekend gemaak.

Op 'n later tydstip het Ferreira ook Ceres besoek om sy Peerless-model te demonstreer. By dié geleentheid het hy telkens teen 'n geweldige spoed suidwaarts in Bucklandstraat, verby die hoërskool, gejaag en daarna probeer om teen die hoogs moontlike snelheid wes in New Street in die rigting van die stasie af te draai. Met sy laaste probeerslag het die agterkant van die motor na links uitgeswenk toe hy die draai by die straathoek vat. Die linkeragterwiel het die ankerdraad van die elektriese paal – dieselfde paal waar die foksterriërhondjie so 'n genadelose elektriese skok opgedoen het – getref, en die motor het omgeslaan. Aangesien die seilkap van die motor afgeslaan was, het die motor dwarsoor Ferreira teen die skuinste af gerol. Hy was onmiddellik dood. Ons Hamlet-ouens het nog

die volgende oggend na die letsels wat die motor op die straat se ryvlak agtergelaat het, gaan kyk.

Mnr J P A Marais (Pammies)

Mnr J P A Marais, alom bekend as Pammies, was ons chemie-onderwyser. Buiten dat hy baie van chemie geweet het, was hy ook briljant in matesis. Ons het baie by hom om hulp gaan aanklop wanneer ons nie ons matesisonderwyser, mnr Paul Roux, se verduideliking van 'n matesisprobleem kon verstaan nie. Pammies het die kuns verstaan om moeilike stellings so klinkklaar te verduidelik dat mens hulle nooit weer vergeet het nie.

Pammies het eers skuins oor die hoërskool op die noordoostelike hoek van Buckland- en Murchisonstraat gewoon, maar het baie jare later, toe hy burgemeester van Ceres geword het, sy intrek in 'n huis bo in Meulstraat, net noord van die kruising van dié en Parkstraat, geneem. Hy was 'n suinige man, en selfs gedurende sy ampstermyn as burgemeester het hy 'n flenter van 'n motor gehad, wat hy nooit verseker het nie. Daar Ceres nooit 'n ampsmotor ter beskikking van sy burgemeesters gehad het nie, is die burgemeester se privaatmotor maar altyd gebruik om amptelike gaste en hooggeplaastes te vervoer. So moes menige minister en ander hoogdrawendes wat Ceres destyds besoek het, gediend wees om in Pammies se ou krok vervoer te word. Pammies se verweer was altyd dat as sy motor goed genoeg vir hom was, dit ook goed genoeg vir die ministers was.

In die vroeë twintigerjare, nog voordat die hoërskool in gebruik geneem is, het Pammies 'n motor met 'n 'sleeve valve'-enjin gehad. Ek meen dat dit 'n 'Willy's Knight'-motor was wat hierdie nuwe soort enjin op die mark gebring het, maar Pammies s'n was die enigste een van hierdie model wat ek gesien het. Dit was blykbaar nie 'n baie suksesvolle model nie en die feit dat dit gedurig 'n blou rokie agtergelaat het, het getuig van die heelwat olie wat dit verbruik het.

Pammies was ook die eerste trotse eienaar van 'n motor met 'balloon tyres' op Ceres. Hulle was 'n klein bietjie groter en breër as die nou, harde bandjies van destyds en was ook nie so styf soos dié gepomp nie, en het glo heelwat sagter gery.

Pammies het oud geword, suikersiekte opgedoen en in sy laaste dae baie sleg gesien. Dit was deel van sy daaglikse roetine om elke oggend na die Volkskasbank te gaan om na die balans in sy lopende rekening te verneem. Die kassiere het hom naderhand so goed geken dat hulle reeds die nodige gegewens reg gehad het wanneer hulle hom by die deur sien inkom het. So het ek eendag langs hom by die toonbank gaan staan en hom met die

gebruiklike ‘Goeie môre, mnr Marais’ gegroet. Hy het na my kant toe gekyk en gesê: ‘Ek kan jou nie sien nie, maar ek ken jou stem, François.’ Die een lens van sy bril was kruis en dwars gebars, maar hy het gesê dat dit nie saak maak nie omdat hy in elk geval niks met daardie oog kon sien nie.

Ten spyte van sy swak sig het hy nog sy motor bestuur met mev Marais langs hom om hom, soos die navigator in vandag se tydrenne, as ’t ware op die pad te lei. Die plaaslike motoriste het sy motor geken en hom die voorkeureg op die pad gegee, maar dit was net die engeltjies wat hom teen dié van elders beskerm het. Sy motor het wel die letsels gedra van die geut se afvoerpyp wat hy van die muur afgery het en nog so ’n paar onbenullige teenspoedjies, maar niks ernstigs om van te praat nie.

Mnr en mev Marais het hulle laaste dae in die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes deurbring en tot op die einde elke Sondagoggend die NG Moederkerk besoek om daar te kom sit en slaap. Die mooi gewoonte om kerk toe te gaan was so diep by hulle ingewortel dat die gemeente hulle maar so aanvaar het en hulle, indien nodig, wakker gemaak het wanneer die diens tot ’n einde gekom het.

Oom Danie Faure

.....

Oom Danie Faure het regoor die hoërskool, aan die oostekant van Bucklandstraat, gewoon. Almal sal hom seker onthou as die man met die pragtige handskrif. Dit was seker as gevolg van hierdie talent dat hy die sekretaris van verskeie verenigings asook skriba van die NG Kerk was. Oom Danie was ’n saggeaarde persoon en jy kon jou maar altyd na hom wend as jy hulp nodig gehad het. Hy was ’n kenner van alle bekende en onbekende prosedures en as jy nie geweet het hoe om ’n probleem te benader nie, kon jy met vertroue by Oom Danie gaan aanklop.

Nurse Du Toit

.....

Nurse Du Toit het maar altyd daar op die suidoostelike hoek van Buckland- en Murchisonstraat gewoon. Sy was die vroedvrou wat seker die meeste van Ceres se babas in die wêreld ingehelp het. Haar huis was spesiaal vir hierdie doel ingerig, ook nog toe ek al getroud was, sodat al drie my kinders in hierdie huis gebore is.

Dr Badenhorst het baie jare later ’n private hospitaaltjie aan die noordekant van Eike-

straat, tussen Meul- en Bucklandstraat (wat toe al na Owen- en Van Riebeeckstraat onderskeidelik herdoop is) opgerig. Daar dié hospitaaltjie ook as kraaminrigting gedien het, het die verwagte moeders soontoe gegaan. Teen daardie tyd het Nurse Du Toit opgehou met werk.

Miss Beth van der Merwe

.....

Met Miss Beth van der Merwe het ons vlugtig kennis gemaak toe ons voorheen by Jockey Levin se Grand Hotel gaan inloer het. Miss Beth het aan die westekant van Bucklandstraat, tussen Murchison- en die Voorstraat, kort duskant die hoërskool, gewoon. Haar huisie was omring deur 'n boskasie van struik en bome. Ons het haar geken as 'n eksentrieke oujongnoot wat 'n wrok teen die lewe, en somer ook teen die hele wêreld gekoester het.

In der waarheid was Miss Beth 'n baie bekwame en goedgeleerde persoon. In haar jonger jare was sy 'n onderwyseres. Sy was ook baie kunstig en sou 'n groot bate vir die samelewing kon gewees het as sy net nie so beneuks was nie. Wat in haar lewe verkeerd geloop het, weet ek nie, maar niks en niemand in hierdie wêreld het haar sarkastiese en bytende tong vrygespring nie. Kritiek en byname het sy vryelik uitgedeel en party van laasgenoemde was nogal baie paslik.

So was daar 'n afgetrede boer wat sy tyd op die stoepbank voor sy huis verwyd het. Sy hoedjie het altyd so effe skeef op sy kop gesit en sy foksterriërbrakkie het óf kietsregop langs hom gesit, óf by sy voete gelê. So het hy almal wat verbyloop gade geslaan, met spesiale aandag aan die jongere, skone geslag. Dit was juis die tyd toe die His Master's Voice-grammofoon baie gewild was en geadverteer is deur 'n uitbeelding van die outydse grammofoon met die trompethoring en 'n wit hondjie wat voor die trompet na sy baas se stem sit en luister. Miss Beth het die afgetrede boer toe die bynaam van His Master's Voice gegee.

Miss Beth het altyd, waar sy ook al gaan, in die middel van die straat geloop en bewaar die siel wat dit sou waag om vir haar te toet. Nee, alle motors moes vir haar padgee en sy het jou goed laat verstaan dat 'the right of way' uitsluitlik hare was.

Toe ek al 'n jongman was, het ek haar eendag, daar voor Paul Louw se motorhawe, stilletjies met my motor van agter genader en die toeter oorverdowend hier kort agter haar geblaas. Toe sy omdraai om haar sê te sê was ek haar een voor, klim gou uit die motor uit, maak die deur met 'n swierige swaai oop en nooi haar om in te klim sodat ek haar huis toe

kon neem. Ek het nog selde 'n donderweergesig so 'n gedaanteverwisseling sien ondergaan.

Ek wis toe ook waarvandaan sy op pad was huis toe, want Kowie Adriaanse het my die vorige dag vertel dat hy haar genooi het om vroegoggend by hom te kom inluister na die rugby-toetswedstryd tussen Nieu-Seeland en Suid-Afrika. Daarom ook dat sy heelpad huis toe Kowie se lof besing en my vertel het watter 'gentleman' hy is.

Miss Beth was mal oor rugby en het nooit 'n groot wedstryd se kommentaar oor die radio misgeloop nie. Tommy Gentles was destyds skrumskakel vir die Springbokke en met een van die Engelse toere het sy vir hom 'n trui gebrei en gestuur. Ek wonder of die ding ooit gepas het. Hy was haar rugbyheld, maar ongelukkig kon dieselfde nie van al die ander Springbokrugbyspelers gesê word nie.

Ek het haar eendag by haar huisie besoek, en was dit 'n belewenis! Die meeste van die stoele se matte was stukkend, maar dit het nie saak gemaak nie, want elkeen van hulle was so vol rommel gepak dat daar in elk geval nie plek was om te sit nie. Dit het soos 'n ou pakkamer daarbinne gelyk. Die gordyne was almal toegetrek en die atmosfeer in haar huis was net so somber soos haar gemoed.

Sy moes egter ook dikwels onder die streke van Ceres se kwaaijongens deurloop. Een Oukersnag het dié klomp, onder wie ook Gerry, Jockey Levin se seun, haar hele huis en tuin, die bome en struik inkluis, met toiletpapier versier. Daar is rolle en rolle papier gebruik. Nog lank daarna het Miss Beth loop en vertel dat sy die hele jaar nooit nodig gehad het om toiletpapier te koop nie. Soos ek haar geken het, glo ek egter nie dat sy die repe en repe papier agterna weer mooi opgerol het nie.

Predikante van die NG kerk



Om by die NG Kerk se pastorie uit te kom, stap ons van Miss Beth se huisie suid in Bucklandstraat af en draai dan oos in Murchisonstraat. Die pastorie is aan die noordekant van Murchisonstraat geleë, net langs die destydse kerksaal.

As ek aan die predikante van destyds dink, sien ek hulle as hoog verhewe bo die lidmate, mense wie se woord wet was en met wie daar nie op die gewone wyse gepraat en gerede-neer kon word nie. Ek het die gevoel gekry dat hulle so half alleen eenkant gestaan het. Almal het na hulle opgesien en daar is nie so openlik kritiek teenoor hulle uitgespreek nie; intendeel, diegene wat so iets sou waag sou waarskynlik deur die ander gemeentede-

tereggewys word. Nee, hulle was onaantasbaar en die gemeentelede het hulle met groot respek bejeën.

En tog wonder 'n mens, waar vandag se predikante so 'n integrale deel van die lewe uitmaak en so innig saam met die lidmate die wel en wee deel, hulle nie meer seën op hulle werk kry nie. As klein kind was ek so half bang vir die predikant, maar as ek vandag 'n kinderdiens bywoon, wat ek baie graag doen, dan is dit te pragtig om te sien hoedat die leraar met sy preek saam met die kinders leef en hulle daarby betrek.

Ds McDonald

Die eerste NG-predikant op Ceres wat ek kan onthou was ds McDonald. Hy was kwaai maar het vir my my eerste Bybel gegee die dag toe ek Sondagskool toe gegaan het. Voorin het hy geskryf dat dit 'n geskenk aan François Botma was met die datum 1922 daarby. Ek het die Bybel vandag nog en kan skaars verstaan dat die Afrikaans waarin dit geskryf is soveel van vandag s'n verskil. Ja, die wêreld het verander gedurende die laaste sewentig jaar.

Ds McDonald het vier seuns gehad, Tommy, André, Roelie en Bernard. Bernard was saam met my in dieselfde klas op skool. Hy het later argitek geword en op Paarl gepraktiseer. Na sy aftrede het hy in die Strand gaan woon waar hy in 1990 oorlede is. Tommy het 'n onderwyser geword en het elders skoolgehou, sodat ek nie veel van hom af weet nie.

André het ook predikant geword en was baie jare in die Vrystaat op verskillende dorpe in die bediening. Gedurende sy skooljare was hy een van die staatsmakers in die hoërskool se rugbyspan, gewoonlik as senter of heelagter. Nadat hy die skool verlaat het, het hy na die Universiteit van Stellenbosch gegaan om hom as predikant te bekwaam. Ook daar het hy in die eerste rugbyspan gespeel.

Mnr Markotter, wat 'n legende in rugbykringe was, het eendag staan en kyk hoedat hy oefen en hom laat roep. Hy het André aangesê om die volgende keer met 'n skrumptet te kom oefen, en het hom van toe af as agsteman ingespan. Nadat hy vir die Springbokrugbyspan gekeur is, het hy 'n roemryke loopbaan as rugbyspeler gehad. Hy is in Julie 1991 oorlede (terwyl ek hierdie deel geskryf het).

Die vierde McDonald-broer, Roelie, was van jongs af maar 'n bietjie van 'n loskopman-netjie wat maar alte lekker onder die meisies geflankeer het. Hy was die een wat meesal die motor vir sy vader bestuur het want dié het nooit self bestuur nie. Roelie het later 'n mediese dokter geword, maar aan drank verslaaf geraak. Eendag, toe daar iets verkeerd

geloop het met die geboorte van 'n baba waarvoor hy verantwoordelik was, is daar beweer dat hy tydens die bevalling onder die invloed van drank was. Hy het probeer om selfmoord te pleeg deur homself in die kop te skiet, maar die poging was onsuksesvol. Hy het bly leef maar was daarna nooit weer heeltemal normaal nie.

Ds Van Loggerenberg

Nadat ds McDonald sy emeritus ontvang het, het ds Van Loggerenberg hom opgevolg. Teen dié tyd was ek al 'n jongman en het as diaken onder hom gedien. Ds Van Loggerenberg was die laaste NG-predikant op Ceres wat die gemeente alleen bedien het. Aangesien die gemeente vinnig gegroei het, moes daar daarna twee predikante aangestel word.

Ds Van Loggerenberg was 'n lewendige man wat sowel die gemeente as die kerkraad vasgevat het, en sy wil laat geld het. Geen wonder dus dat daar van die gemeentede was wat nie van hom gehou het nie. Die tye het teen dié tyd verander en nie almal was meer geneë om hulle deur 'n predikant te laat hiet en gebied nie.

Ds Van Loggerenberg het 'n wonderlike geheue gehad. Nadat hy later 'n beroep na die Tweetoringkerk in Bloemfontein gekry en soontoe verhuis het, is hy weer genooi om op Ceres te kom preek (ek dink dat dit met die inwyding van die nuwe kerk was). Daardie dag het sy preek bestaan uit tekste wat hy aangehaal het uit baie van die begrafnisredes wat hy gedurende sy bediening op Ceres gehou het. Hy kon natuurlik nie al die mense wat hy hier begrawe het se tekste noem nie want dit sou te veel tyd in beslag neem, en so is die teks van die rede met die begrafnis van my vader nie genoem nie. Toe ek hom later gaan groet sê hy: 'O ja', en hy noem die teks wat hy met Vader se begrafnis gebruik het somar so uit sy kop uit sonder om te weifel.

Hiermee kom ons dan aan die einde van ons wandeling deur Ceres se strate. Van al die mense wat destyds hier gewoon en gewerk het, het ons maar net enkeles leer ken. Dan was daar ook ander kleurvolle karakters wat aan almal bekend was, bloot omdat hulle so 'n intieme en onmisbare deel van die destydse gemeenskap gevorm het. Naas Pikkie Daan (die geesdriftige rugbyondersteuner wat by Baumann's Store gewerk het), Piet Wilckers (die dorp se adverteerder), en Ou Tak, was daar ook nog Ou Gaaidien, en die vissmous.

Ou Gaaidien was 'n kleurling wat, net soos Ou Tak, nie al sy varkies op hok gehad het nie en somar so oral rond los werkies verrig het. Almal het hom maar jammer gekry en, as daar nie 'n werkie vir hom was wanneer hy aangeklop het nie, het hy 'n stukkie kos gekry. Maar Ou Gaaidien was baie op sy eer gesteld en, as hy kos ontvang het sonder om daar-

voor te werk, het hy sy weldoener versoek om hom 'n emmertjie te leen. Dié het hy dan daar êrens by die lokasie vol geel klei gaan maak en as vergoeding vir die kos na sy weldoener teruggebring. Ou Gaaidien het ook die bynaam Twee Oulapdief gekry omdat hy die gewoonte gehad het om 'n oulap se suiker en 'n oulap se koffie by die winkel te koop en dan uit te loop sonder om daarvoor te betaal. Hulle het hom maar laat begaan, want hy het nooit meer as twee pennies se kos gekoop wat nie betaal is nie.

Ek kan ongelukkig nie die naam van die vissmous onthou nie. Hy was 'n kleurling wat van huis tot huis met die 'viskar', 'n eenperdkarretjie wat deur 'n besonder flukse perd getrek is, gery het. Hy het sy teenwoordigheid aangekondig deur op 'n beuel te blaas. Die huisvrouens het dan straat se kant toe gestaan om te sien watter soort vis daardie dag te koop was. Aangesien daar nie koel- en vrieskaste was nie, was dit feitlik al vis wat destyds op Ceres beskikbaar was. Die vis moes vars van Kaapstad af per trein vervoer en gou, voordat dit kon sleg word, verkoop word. In die warm somermaande was die vis in ys verpak om dit vars te hou. Gesoute snoek was 'n geliefkoosde dis in daardie dae en, ook omdat dit lank gehou kon word, het dit 'n goeie afset gehad.

Dit dan wat betref enkele van die mense wat tot ongeveer 1930 in Ceres gewoon en gewerk het.

In hierdie tyd was daar enkele oorlewerings oor legendariese figure en gebeurtenisse in ons omgewing in die omloop. In die volgende hoofstuk vertel ek meer hiervan.



Legendariese gebeurtenisse en persoonlikhede

Die destydse moord op Jan van Dyk, 'n plaasboer in die Ceres-distrik, en die omswerwing van Dirk Ligter en Koos Sas, twee legendariese persoonlikhede wat diep spore in ons kontrei getrap het, is slegs ten dele geboekstaaf. Die grusame verhaal van die Van Dyk-moord en meeste van die vertelling oor die omswerwing van Dirk Ligter en Koos Sas berus grotendeels op oorlewering en daarom kan daar nie altyd vir die waarheid van hierdie vertelling ingestaan word nie. Daarsonder sou die geskiedenis van Ceres egter nie volledig kon wees nie.

Die Van Dyk-moord

.....

Jan van Dyk was 'n vrygesel wat om en by 1914 op die plaas Ouplaas (later Slagboom) gewoon het. Ouplaas was diep in die Witzenberge geleë. Om daar te kom, moes mens deur Prince Alfred's Hamlet en met die Gydopas tot bo-op Gydoberg ry. Op die kruin van die berg draai die pad na Ouplaas (Slagboom) na wes af, waar dit oor die Skurwebergreeks tot in 'n vallei in die Witzenberge loop.

Jan van Dyk is deur een van sy plaaswerkers vermoor, maar daar is minstens twee weergawes van presies hoe en waarom die moord gepleeg is.

Volgens een van die oorleweringe was 'n kleurling, Adam Tas, die voorjong op Jan van Dyk se plaas. 'n Ander kleurling, genaamd Johannes, het saam met Adam Tas op die

plaas gewerk. Volgens dié oorlewering sou Adam besluit het om die eienaar van die plaas, Jan van Dyk, te vermoor, omdat dié owerspel met Adam se vrou sou gepleeg het.

Die storie lui verder dat Jan, op pad huis toe van die veld af, eers by Adam en Johannes aangedoen het waar hulle besig was om 'n draadheining te span. Daar sou hulle hom oorrompel en, soos hulle gedink het, doodgeslaan het. Nadat hulle eers die bloed van hulle hande gaan afwas het, het hulle na die plaasopstal gestap, daar ingebreek, en 'n maaltyd genuttig met die kos wat hulle daar gevind het. Gedurende dié tyd het hulle besluit om Van Dyk se lyk in die plaasdam te gaan gooi.

Van Dyk was egter nie dood nie, en toe die twee weer by hom kom, het hy regop gesit en hulle gesmeek om sy lewe te spaar. Johannes, wat begin bang word het, sou hom seker laat lewe het, maar Adam was onverbiddelik en het dadelik 'n groot vuur begin aanpak. Toe dit goed aan die brand was, het hulle Van Dyk in 'n groot streepsak gestop en hom in die vuur gegooi waar hy doodgebrand het.

Die dik rookwolk het die mense van die buurplaas se aandag getrek. Hulle het gaan ondersoek instel en die bykans uitgebrande lyk daar gevind.

Die twee plaaswerkers is gearresteer en in die tronk aangehou. Volgens een oorlewering sou Johannes se gewete hom sodanig gepla het dat hy weens onsteltenis in die tronk oorlede is nog voordat hy verhoor kon word. 'n Ander oorlewering lui weer dat Johannes nie in die tronk gesterf het nie, maar kroongetuie geword het en derhalwe nie vir die moord vervolgt is nie. Hoe dit ook al sy, slegs Adam is op die ou end vir die moord verhoor.

Na sy skuldigbevinding is Adam, weens versagtende omstandighede, nie gehang nie, maar tot twintig jaar gevangenisstraf gevonnissen. Hy het ook nie die volle vonnis uitgedien nie, maar is met die besoek van die Prins van Wallis aan Suid-Afrika vrygelaat.

Mnr Lourens van Dyk, 'n afstammeling van Jan, wat tans op dieselfde plaas, maar nou bekend as Slagboom, woon, stem egter nie saam met dié weergawe van die moord op sy voorsaak nie. Hy het in sy besit 'n fotokopie van 'n foto en 'n kaart, asook 'n koerantknipsel waarin berig word dat Jan Hendrik van Dyk in 1866 op die plaas Ouplaas gebore en in 1914 op dieselfde plaas deur 'n bruinman, Adam Tas, vermoor is.

Die berig lui dat Van Dyk, soos die gebruik was, gereeld sy wol na die landbousaal op Ceres gebring het om te verkoop. By een van dié geleenthede kon Jan nie sy wol verkoop kry nie en moes onverrigtersake na Ouplaas terugkeer. Daar aangekom, het sy plaas-

werker, Adam Tas, gedink dat Jan die geld wat hy vir sy wol gekry het, by hom moes gehad het. Op Adam se navraag daaromtrent het Van Dyk die saak probeer verduidelik en so is 'n woordewisseling tussen die twee ontken, waartydens Tas sy kop verloor en Van Dyk met 'n byl probeer doodkap het. Toe Van Dyk na 'n ruk egter nog tekens van lewe toon, het Tas hom in 'n leë wolsak gestop en probeer verbrand. Tas is tronkstraf opgelê, maar is met die besoek van die Prins van Wallis aan Suid-Afrika vrygelaat.

Die foto wat saam met die koerantknipsel op 'n vel papier geplak is, toon ses mans, met gewere bewapen, wat in 'n ry staan, met 'n bruinman wat voor hulle op die grond sit. Die kaart wat klaarblyklik tydens die verhoor in die hof gebruik is, dui die verskeie plekke op die plaas aan waar verbrande dele van Jan se liggaam gevind is.

Dit wil dus voorkom of 'n ander weergawe van hierdie moord wat beweer dat Van Dyk se liggaam eers in stukke opgekap is voordat dit verbrand is, deur die kaart gestaaf word. Dit is nietemin verbasend dat daar vandag so min ware gegewens omtrent so 'n grusame moord beskikbaar is.

Dirk Ligter

Oor Dirk Ligter, 'n legendariese figuur in die geskiedenis van Ceres en die Kouebokkeveld, is daar reeds baie geskryf. Boerneef, byvoorbeeld, het vertel hoedat Dirk eendag uit die niet in die deur van een van die buitegeboue op Oom Kallie van der Merwe (Boerneef se vader) se plaas Moerasvlei (later Boplaas) in die Koue Bokkeveld, verskyn het om verlof te vra om oor die plaas te loop. Nadat Oom Kallie ingestem het, het hy en Dirk nog eers 'n bietjie gesels, waarna Dirk weer in die niet verdwyn het om sy reis te voet voort te sit. Dié kuns om somar so onverwags te verskyn en dan weer te verdwyn was juis een van Dirk Ligter se bekendste gawes. Sy grootste gawe was egter sy buitengewone vermoë om myl na myl voort te draf. Op hierdie wyse het hy klaarblyklik menige spogryperd in die stof laat byt.

Die meeste van die stories wat oor Dirk Ligter vertel word, stam bloot uit mondelinge oorlewering. So vertel Oom George Kershoff wat destyds op die plaas De Vlei in die Kouebokkeveld geboer het maar tans op Ceres woon (daar waar ons as kinders by mnr Brett voëltjies in die moerbeiboom geskiet het), dat hy Dirk Ligter goed geken het. Oom George is ook al diep in sy tagtigerjare, maar sy geheue is nog helder.

Dirk Ligter was 'n veedief, maar die eienaardigste van sy veestelery was dat hy net op sekere plase gesteel het en ander plase met rus gelaat het. Verder het hy bloot vir eie

gebruik, maar nooit in groot maat nie, gesteel. Op sy oudag, toe hy al sy stelery laat staan het, het hy op die plaas Skilderykloof (anderkant Swartruggens, diep in die Koue Bokkeveld) gewoon. Dit was in dié tyd dat hy dikwels by Oom George kom gesels het en hom vertel het hoekom hy slegs by party plase vee gesteel het.

Die boere wat geneë was om hulle oorfloed met hom te deel en hom toegelaat het om 'n skapie of wat sonder verlof te slag, het hy nie graag weer geteister nie, maar diegene wat hom laat vervolg het wanneer hy sy honger op ongeoorloofde wyse gestil het, het hy verplig om verder in sy kosbehoefte te voorsien.

So, byvoorbeeld, het Dirk nie op Moerasvlei skaap geslag nie (dit word ook deur Boerneef beaam). Maar, volgens wat Boerneef vir Oom George Kershoff vertel het, kon Dirk nie die Hough-families wat op die plaas Elandsvlei geboer het, met rus laat nie. Op dié plaas het hy een nag 'n bees bekruipt, die dier se hakskeenseninge afgesny om dit te

49 Oom George
Kershoff



immobiliseer, en dit daarna geslag. Daar die vleis vir hom te veel was, het hy net die een boud saamgevat en die res van die karkas daar laat lê. Die Houghs het hom nooit daarvoor vergewe nie en het daarna weke lank koelbloedig op hom jag gemaak. Dirk kon nie die nodigheid van dié vervolging insien nie – watter verskil kon een bees dan nou maak uit die oorvloed van vee wat daar op hulle plaas rondgelopen het? Van toe af het hy hulle telkens met ’n slim set van die plaas af weggelei en in hulle afwesigheid vir hom ’n stukkie vleis daar gaan haal.

Een aand toe hy weer daar in die veld rondloop, het Dirk op ’n boer se trop skaap wat uit die kraal gebreek het, afgekom. Hy het toe die skaap mooi bymekaargemaak, terug in hul kraal gejaag en by die opstal gaan aanklop om die boer van sy goeie daad in kennis te stel. Soos die noodlot dit wou hê was die polisie juis in daardie geweste na hom op soek en het daardie einste nag op dié boer se plaas oornag. Uit dankbaarheid vir Dirk se optrede het die boer die polisie in sy huis besig gehou, terwyl sy vrou vir Dirk ’n stukkie padkos gegee het en hom opdrag gegee het om hom uit die voete te maak. Getrou aan sy filosofie, het Dirk nooit weer op daardie plaas skaap gesteel nie.

Dan is daar ook die storie van ‘Die Witperd Van Calvinie’ waarvan daar verskillende weergawes bestaan. Volgens een oorlewing is Dirk Ligter in Calvinia se kontrei deur die polisie vasgetrek en moes hy deur ’n konstabel te perd na Ceres gebring word. In daardie dae was dit die gebruik dat die gevangene die hele pad langs die ruiter moes draf. Gedagtig aan die feit dat Dirk so goed kon hardloop, het die konstabel die beste perd, ’n pragtige wit hings wat glo die aarde kon skeur, vir dié doel uit die polisiestalle geneem.

So is Dirk Ligter en die konstabel op die wit hings die oggend vroeg uit Calvinia weg. Die konstabel het die perd ’n goeie pas laat handhaaf en Dirk het gemaklik saamgedraf, ghitaar onder die arm. Na ’n lang ent, toe die perd begin sweet vat, het Dirk die pas so ’n bietjie versnel en moes die konstabel die perd se pas by Dirk s’n aanpas. So het dit voortgegaan totdat die perd nie meer Dirk se pas kon volhou nie en begin agterraak het. Toe Dirk al ’n goeie voorsprong gehad het, het hy sy ghitaar onder sy arm uitgehaal, dit om sy nek gehang, en, terwyl hy lustig voortdraf begin sing: ‘Die Witperd van Calvinie, hy kan loop maar hy kan my nie sien nie!’

Die konstabel, wat toe al ’n bietjie in die nood geraak het, skreeu toe agter Dirk aan dat hy ’n rukkie moes wag sodat die perd ’n blaaskans kon kry. Dirk het egter ongeërg teruggeskreeu dat hy haastig was en liewer by Ceres se aanklagkantoor op die konstabel sou gaan wag. So gesê, so gedaan, en toe die konstabel en die blasende wit hings uiteindelik op Ceres aankom, sit Dirk lankal houtgerus daar vir hom en wag.

Oorlewering wil dit hê dat dit dié insident was wat tot die oorsprong van die liedjie ‘Die Witperd van Calvinie’ gelei het.

Dan is daar ook nog die storie van Willem van der Merwe van die plaas Kleinfontein, wat ook eendag te perd op pad was na die Sederberge toe Dirk Ligter plotseling uit die niet hier langs sy perd verskyn en doodluiters met hom begin saamdraf. Hy weet nie juis hoe Dirk daar gekom het nie, want die een oomblik was daar niemand nie, maar toe hy weer hoor, groet Dirk hom met ’n gedweë ‘Môre Baas’. Dirk het ’n lang ruk so gesels-gesels saamgedraf en Willem het naderhand onrustig begin word omdat mens nooit geweet het wat Dirk in die mou voer nie. Toe hulle egter uiteindelik daar by die Grootrivier aankom, het Dirk heel onskuldig totsiens gesê, afgedraai en, net so ongesiens as wat hy verskyn het, meteens in die niet verdwyn.

Dirk het nie baie oud geword nie (ons weet nie hoe oud nie) en is op die ou end aan tering oorlede. Hy is na die Conradie Hospitaal in Kaapstad gestuur waar, volgens oorlewering, Oom Frans Snyman die laaste persoon van Ceres was wat hom lewend gesien het. Dirk Ligter is êrens in Kaapstad begrawe, in weerwil van sy wens dat hy sy laaste rusplek in die Ceres-Karoo wou hê. Oorlewering het dit dat hy ’n hele paar seuns gehad het wat besonder flukse werkers was.

Koos Sas

.....

My belangstelling in Koos Sas, die berugte veedief en moordenaar wat destyds ’n groot deel van die Boland geteister het, is aangewakker deur ’n besoek aan Montagu se museum in 1991, waar Koos Sas se skedel, tesame met ’n aantal ou foto’s en koerantknipsels en ander aantekeninge oor sy doen en late, in ’n netjiese glaskassie uitgestal was. By verdere navraag het die kurator van die museum, mnr Leon W Vorster, en sy assistente, mev Joubert, die literatuur oor Koos Sas aan my beskikbaar gestel, wat my tot groot hulp gekom het by die boekstaving van die geskiedenis van dié legendariese figuur.

Maar soos dit nou maar met oorgelewerde geskiedenis gaan, blyk dit dat daar vele weer-gawes van Koos Sas se bedrywighede bestaan. Die stories wat die ouer garde nog van Koos Sas kan vertel is legio, en dit is jammer dat hulle nie almal te boek gestel kan word nie, of hulle nou waar is al dan nie.

Ant Naomi van der Merwe, wat vandag al diep in haar tagtigerjare is en vroeër op die plaas Langrivier in die Ceres-distrik woonagtig was, stem byvoorbeeld nie altyd saam met

die weergawe van Koos Sas se doen en late, soos dit in die koerantknipsel van Montagu se museum weergegee word nie.



50 Ant Naomi van der
Merwe



Die koerantknipsel stel dit dat Koos Sas van Touwsrivier se wêreld afkomstig was. Hy was dus nie 'n boorling van Ceres nie, maar het nogtans as voortvlugtige vir die gereg ook hier in ons distrik diep spore kom trap. Aanvanklik het hy, op soek na werk na Montagu verhuis waar hy tussen 1917 en 1922 die meeste van sy manewales aangevang het.

Koos Sas was maar klein van postuur met 'n besonder dik nek en klein voetjies waarmee hy met verbysterende vaart oor die aarde kon voortsnel. Sy fisiese bou, insluitende sy skedel, was 'n sterk aanduiding dat die Boesmanbloed nog dik deur sy are gevloei het. Net soos Dirk Ligter, was hy sku vir werk en dol oor skaapvleis wat hy vir homself, meestal sonder die vergunning van die skaapboere, toegeëien het. In teenstelling met Dirk Ligter, wat slegs 'n veedief was, was Koos Sas egter ook 'n moordenaar.

As gevolg van Koos se skaapstelery en -slagtery het daar eendag 'n hewige tweestryd tussen hom en konstabel Tonie Swanepoel van Montagu ontstaan. Dit het begin toe Koos 'n geweer by mnr Kriel van die plaas Rooikrans in die Montagu-distrik gesteel en daarmee in die rigting van Touwsrivier gevlug het. Hy is deur die polisie agtervolg en dit was juis konstabel Swanepoel wat hom betrap het waar Koos en sy vrou heerlik aan 'n gebraaide skaapboud gesit en smul het. Albei is net daar in hegtenis geneem en stewig geboei. Op pad terug na Montagu het konstabel Swanepoel Koos se vrou op Oom Dawid Burger se plaas Anysberg in tydelike bewaring gelaat.

Soos die gebruik was, moes Koos Sas op die lang terugtog langs konstabel Swanepoel se perd draf. So het hulle tot by veldkornet Bennie Burger se plaas Allemorgensfontein gevorder waar die veldkornet besluit het om hulle verder te vergesel en sy perd laat opsaal het. Koos het die twee met 'n skewe glimlag beskou, konstabel Swanepoel gevra of hy sy baadjie kon uittrek, oor sy skouer gekyk en gesê: 'Ek is reg, julle kan maar kom.'

Soos hulle gevorder het, het Koos al vinniger en vinniger gedraf en teen die tyd dat hulle by die Hoek van die Berg, naby Montagu, aangekom het, moes die twee ruiters hulle perde vurig aanspoor om by die rateltaai Boesman by te bly. By Montagu aangekom, is hy verhoor en moes daarna 'n ruk lank tronkstraf uitdien.

Hy was skaars uit die tronk uit, of hy slag weer onwettiglik 'n skaap in die Keisie-kontrei. Dié keer het konstabel Swanepoel hom op die plaas Boontjiesrivier vasgetrek. As deel van sy straf moes hy saam met die ander bandiete in die Kingnarivier gaan werk. Robert Rowe moes die bandiete oppas, maar toe hy weer sy oë uitvee het Koos Sas daar digby op 'n hoë randjie gestaan en vir hom geskreeu: 'Kyk vir oulaas hoe ek lyk; ek groet jou, ha-ha!' Na dié ontsnapping het Koos Sas na die Ceres-distrik uitgewyk waar konstabel Swanepoel hom weer eens in hegtenis kom neem het.

Nadat hy sy hardepad op George uitgedien het, het Koos Sas soos die spreekwoordelike kat weer na Montagu teruggekeer, waar hy by mnr Boetatjie Botha (seun van dominee S Botha van Stellenbosch), wat 'n winkeltjie op die plaas Hoek-van-die-Berg gehad het, om werk gaan aanklop het. Hoewel Boetatjie teësinig was om hom in diens te neem, het hy dit tog gedoen, maar moes hom dieselfde dag weer in die pad steek omdat hy nie sy werk behoorlik gedoen het nie.

Koos het brom-brom daar weggestap en eers 'n rukkie agter 'n bos gaan lê totdat Boetatjie die winkel gesluit het, maar nog daar binne doenig gebly het. Dis net toe dat Koos na die winkel terugstap om 'n bietjie meel by Boetatjie te bedel. Toe Boetatjie buk

om die meel uit te haal, het Koos hom met 'n stuk hout 'n geweldige hou oor die kop geslaan en daarna sy keel afgesny.

Met dié moord was die polisie weer eens op Koos, wat daarna eers na Touwsrivier pad-gegee het en daarvandaan na Kaapstad gevlug het, se spoor. Toe Koos 'n ruk daarna in die Worcester-distrik uitslaan, het 'n boer wat hom aan sy foto herken het, hom in hegtenis geneem en aan die veldkornet oorhandig.

Die veldkornet het Koos Sas geboei, op sy perdekar gelaai en die lang tog na Worcester se polisiestasie aangedurf. Teen skemeraand het Koos die veldkornet versoek om tog net 'n oomblikkie stil te hou sodat hy sy litte kon rek. Toe Koos se voete grond raak het sy klein handjies soos seep deur die boeie geglip en het hy die hasepad gekies. Die veldkornet het nog agter hom aan geskiet, maar alles vergeefs – Koos Sas het weer eens die gereg ontglip.

Die Worcesterse polisie het egter daarin geslaag om hom weer aan te keer en so het die arme konstabel Tonie Swanepoel weer eens die opdrag ontvang om Koos op Worcester te kom haal en na Montagu te neem waar hy verhoor moes word.

Op die dag van die verhoor was daar so 'n gedrang van mense dat die deur van die hofsaal skoon van die kosyn afgeruk is. Koos Sas is skuldig bevind. Hy moes egter weer na Worcester geneem word, 'n taak wat konstabel Tonie Swanepoel vir die laaste keer suksesvol kon onderneem.

Sommer die eerste nag nog het Koos saam met twee ander gevangenes uit die Worcesterse tronk ontsnap en na Namakwaland gevlug waar hy vir vyf jaar spoorloos verdwyn het. Koos Sas is daarna voëlvry verklaar. Sy foto is in al die koerante geplaas en ook aan alle polisiekantore gestuur, maar hy het soos mis voor die son verdwyn.

Intussen het Koos Sas vir die eerste keer in sy lewe op 'n plaas Droodaap, in die distrik van Springbok, werk gekry. Alles het goed gegaan totdat konstabel Jurie Dreyer dié plaas op 8 Januarie 1922 op 'n patrollierit besoek het. Terwyl hy met die plaaseienaar staan en gesels het, het die konstabel sy sakboekie uitgehaal en met dié val Koos Sas se foto per ongeluk ook uit sy sak uit. Die boer het hom dadelik as een van sy werknemers herken.

Om hom nie agterdogtig te maak nie het die boer Koos, wat saam met die ander plaaswerkers daar naby doenig was, opdrag gegee om 'n emmer water te gaan haal. Koos het egter dadelik onraad gemerk, die veld in gevlug en sodoende nogeens die gereg ontsnap. Toe hy egter na 'n rukkjie teruggesluis het om sy goed te kom haal, het die geslepe Boesman die laaste fout van sy lewe gemaak.

Konstabel Dreyer het hom daar met sy Martini Henri met 'n 303-kaliber Lee Metford-loop ingewag. In 'n laaste wanhopige poging om weer te ontsnap het hy rieme neergelê die randjies in. Konstabel Dreyer het hom genadeloos agtervolg en, toe hy hom onder skoot kry, dooierus gevat en die sneller getrek. Koos Sas het in sy spore dood neergesak.

Toe Ant Naomi van der Merwe dié weergawe van Koos Sas se geskiedenis hoor, het sy sonder enige weifeling gesê: 'Nee jong, hierdie storie is nie reg nie. Ek onthou nog vir Koos Sas soos die dag van gister en jy kan maar vir La ook gaan vra.' (La is haar noemnaam vir haar vriendin, Ant Lena van der Merwe, gebore Du Toit, die dogter van oorlede Oom Sarel Breekbeen (du Toit), die destydse eienaar van die plaas Bo-Bokfontein in die Koue Bokkeveld.)

'Kyk,' vertel Ant Naomi verder oor Koos Sas, 'Hy het mos 'n Botha-man daar by Montagu rond vermoor. Glo vir hom meel gevra en toe met 'n stuk hout doodgeslaan. Daarvandaan het hy na die Kouebokkeveld gevlug tot daar by Lewies (Louis) Hanekom op Kunje. Ek was toe 'n dogter van so tien jaar oud in Bo-Bokfontein se plaasskool en ons kinders het eendag met "play time" vir Koos Sas daar sien verbyloop. Hy het 'n swart baadjie en 'n ligte broek aangehad en 'n goue horlosie op sy arm gedra. Ons het hom "Môre, Outa" gegroet en hy het nog teruggegroet en met ons gesels. La se oupa het ook nog daar aangekom en vir Koos gesê: "Mag, maar jy het mos 'n lekker horlosie aan die arm!" Omdat ons destyds die koerant eers 'n maand na die tyd gekry het, het ons nog niks definitiefs van Koos Sas geweet nie, maar ons het wel van sy dinge te hore gekom. Nietemin het ons nie daardie dag geweet dat dit juis met hom was wat ons gesels het nie.

'Toe die Hanekoms van Kunje uiteindelik die koerant met die kiekie van Koos Sas daarop in die hande kry, het hulle vir die eerste keer van die moord te hore gekom. Daar het ook in die koerant gestaan dat Koos Sas 'n merk op sy voorarm gehad het. Kyk, 'n moord was mos in daardie dae 'n vreeslike ding en, soos die nuus versprei het, het die mense al hoe banger geword vir die moordenaar in die omloop.

'Dit was daardie einste dag toe Koos Sas by ou Oom Lewies aangekom het en hom gevra het of hy maar daar by die kleurlinge op die plaas mag slaap. Toe die Oom inwillig, sê Koos Sas dat hy dan so honger is en of die Oubaas dan nie tog vir hom 'n stukkie brood het nie. Hulle gee toe vir hom 'n stuk brood en met dié dat hy sy hand uitsteek om dit te vat, eien hulle hom as Koos Sas, die moordenaar, aan die merk op sy arm. Maar hulle het maar vir eers niks gesê nie, en Koos het by een van die kleurlinge in dié se stroois gaan slaap.

'Theunis, Oom Lewies se seun van so agtien-neëntien jaar oud, was 'n sterk man, en sy

een suster, Hessie, moes jy ook nie met die kaal hande aanpak nie. Dié twee besluit toe om Koos Sas die nag te gaan vastrek, maar toe hulle die stroois se deur oopmaak, staan Koos klaar op sy voete. Hulle sê toe vir hom dat hulle hom kom vang en probeer toe om hom te pak, maar Koos was so sterk soos 'n os en het vreeslik terugbaklei. Theunis was egter te sterk vir hom want sien, in daardie dae het die boere nog self gewerk en was sterk mense, en buitendien het die voorjong op die plaas ook nog vir Theunis geleer om hand te speel. Hulle het Koos uiteindelik oorrompel en vasgebind. Koos Sas weet toe vir Hessie te vertel dat daar waar hulle twee weer mekaar ontmoet, die gras nooit weer sal groei nie, en dat sy maar moet weet dat hy weer sal loskom.

'Die volgende oggend loop die storie toe op die plaasskool dat Theunis en Hessie Koos Sas gevang het, en sowaar, met "play time" kom die perdekar, met Koos agterop vasgemaak, daar verbygery. Hy is na die veldkornet, wat op Onder-Bokfontein gewoon het en ook die naam Sarel du Toit gedra het, geneem. (Die veldkornet was 'n neef van Sarel Breekbeen en die pa van Piet Pikkadellie.) Net die gedagte dat ons nog die vorige dag met Koos Sas gestaan en gesels het, het ons die horries gegee.

'Ewentwel, die veldkornet het Koos toe met die kar en perde gaan wegbring Ceres toe. Toe hulle daar by Nooitgedacht (vandag die plaas Gydo) kom, sê Koos vir die veldkornet: "Ai, Baas, my lyf is nou al so seer van die ongemaklik sit. Sal Baas dan nie asseblief 'n bietjie stilhou en vir my laat afklim dat ek my bene 'n bietjie kan rek nie?"

'Die veldkornet maak toe so, maar hy het nie geweet dat Koos reeds sy hande agter sy rug losgekry het nie en, toe sy voete grond vat, het hy laat spaander. Die veldkornet wou hom met die rewolwer skiet, maar dié weier toe om af te gaan en Koos ontsnap toe net daar. Koos Sas het later self vertel dat hy onder aan die bruggie daar in Gydopas gehang het en hoedat die polisie heen en weer bo-oor hom met hulle perde gery het toe hulle hom kom soek het.

'Nou moet jy weet hoe bang die mense was toe hulle hoor dat die moordenaar weer vry was. Theunis se susters het vir hom gemaak by hulle in die kamer slaap want nou moes hulle bymekaar bly. Maar Koos Sas het nooit weer hiernatoe teruggekom nie en is glo weg na Clanwilliam en daarvandaan na Van Rhynsdorp.

'So kort by 'n koppie daar naby Van Rhynsdorp was daar 'n dam waar Koos Sas eendag kom water haal het. Ek weet nie watter soort werk hy gedoen het nie, maar toe hy by die dam kom, gewaar hy perderuiters daar naby. Toe hy sien dat dit polisiemanne was, het hy dadelik gevlug. Maar die polisie het hom gesien en op hom begin skiet, want hy was mos

voëlvry verklaar. Elke keer as hulle hom raakgeskiet het, het hy so 'n sprong van klip tot klip gegee, so het iemand my vertel.

‘Maar die polisie het hom al op sy bloedspoor langs gevolg totdat hulle hom daar doodgeskiet het. Toe hulle sy lyk daar optel, het hy nog Botha se baadjie aangehad, want dié se naam het nog duidelik agter in die nek van die baadjie gestaan.’

Ant Naomi se weergawe van die storie van Koos Sas word ook deur ander bejaardes in die kontrei beaam, maar elkeen het sy eie draaitjies en tierlantyntjies wat bygelas word.

Nadat Koos Sas doodgeskiet is, is daar verskeie foto's van hom geneem. Sy skedel was so kenmerkend van dié van 'n Boesman dat dit vir navorsing aan die Departement Fisiologie van die Universiteit van Stellenbosch gestuur is. Die skedel is mettertyd aan Montagu se stadsraad terugbesorg, waarna dit in die plaaslike argief beland het. Vandaar dat dit vandag in die Montagu-museum bewaar word.



My plaasbure in die jare 1930-1940

Vervolgens wil ek u graag vertel van my lewe as 'n jong plaasboer in Ceres se distrik, en van my bure en ons wedervaringe. Ek begin maar by die begin, dit wil sê by die tyd toe ek op Vader se plaas Eureka, digby Prince Alfred's Hamlet, die boerdery leer ken het.

Die wording van 'n plaasboer



Ek het aan die einde van 1930 gematrikuleer en sal nooit die eerste oggend toe die skool die volgende jaar heropen het, vergeet nie. Van Eureka af kon ek die skoolbus daar bo in die grootpad sien verbyry skool toe. Dis eers toe dat die werklikheid tot my deurgedring het dat my skoolloopbaan finaal verby was en dat ek 'n heel nuwe fase in die lewe moes betree.

Dit was my begeerte om vir ingenieur te gaan studeer, maar dit was die Groot Depressie van 1930-1933 en daar was net nie geld om universiteit toe te gaan nie. Vader het voorgestel dat ek maar eers vir 'n jaar of wat op Eureka moes uithelp totdat daar uitkoms kom.

Ek het saam met die arbeiders ingeval en moes saam met hulle werk. Vader het my ook die eerste jaar soos een van hulle behandel, in die sin dat ek geen leidende posisie beklee het nie, en dieselfde werk as hulle moes doen. Ek was jonk en rou en moes alles uithaal om tred te hou met die geharde kleurlinge wat destyds nog in die ware sin van die woord gewêrk het.

Een van hulle, Andries Basson, was groot en sterk en so 'n toegewyde werker dat niemand op die plaas by hom kon kers vashou nie. Hy het my as 't ware onder sy vlerk geneem, my gebrei, gehelp en aangemoedig. Wanneer ons spanwerk gedoen het, het hy altyd gesorg dat hy langs my werk. As 'n stuk grond omgespit moes word, het ons almal in 'n ry gewerk, met so vier of vyf graafwydtes wat deur elke man omgespit moes word. Andries was gewoonlik so 'n kop voor die res van die span en wanneer hy sien dat ek begin agterraak, het hy so ongemerk 'n paar graafspitte in my strook gevat.

Wanneer ons 'n graanland met die sekel moes afoes, het hy my op dieselfde manier gehelp en so af en toe 'n bondel uit my strook uitgesny. Soos ons dan gewerk het, het hy my voortdurend moed in gepraat: 'Toe maar, Basie, kom maar, kom maar, jy kan mos!'

Ek het geswoeg en gesweet en mettert tyd 'n liefde vir die boerdery ontwikkel: die geur van die grond soos dit vroegoggend blinksooi agter die ploeg maak, die voëls wat hier om jou fladder om die wurmpies uit die omgedolwe sooie op te pik, die reuk van natgeswete esels as jy aftuig en die genoegdoening as jy vanaand kyk na die dag se taak wat afgehandel voor jou lê.

Jy saai, en die grond se kleur verander na groen soos die graan ontkiem, dit groei, word ryp, en jy oes dit af. Jy snoei die vrugteboom in sy kaal wintergewaad, die lente bring sy bloeisels, die vruggies en die blare. Jy sien elke dag hoe die vrugte groter en groter word totdat jy hulle gaan afpluk. Die natuur voorsien en jy werk saam met haar en word lief vir haar. Sy kan ook wispelturig wees met haar stormwinde, hael en ander teenspoed, maar volgende jaar is sy nog daar en is weer gewillig om haar oes te gee.

Ons het as gesin op Eureka geboer. Gedurende die oestyd van die vrugte het ek die gradering en sortering in die pakstoor gedoen. Moeder en my suster, Mona, het saam met 'n paar kleurlingvroue die verpakking gedoen en Vader was in beheer van die plukkery. Vir 'n ekstra inkomste het ons spanspek tussen die vrugtebome geplant en ook 'n melkery bedryf.

Ons het hard gewerk en daar was nie geld om vakansie te gaan hou nie. Soms het Vader ons op 'n Saterdagavond bioskoop toe geneem vir ontspanning na die week se harde werk. My kakiehemde en fluweelbroeke is gelap wanneer hulle skeur of deurgeskif het. Hoewel die Depressie ons maar almal arm gemaak het, was ons gelukkig om in die sweet des aanskyns ons brood te verdien en ons was nie bang vir werk nie.

Dit was veral in dié tyd dat Andrew en Gladys Huyshamer dikwels by ons kom kuier het.

Andrew en Gladys Huyshamer

.....

Andrew Huysamer het al die jare by die firma Krige & De Wet as klerk gewerk en het die mooiste handskrif gehad wat ek ooit gesien het. Andrew het altyd Vader se inkomste-belasting opgemaak (en later, na Vader se heengaan, het hy ook myne gedoen). Hy wou nooit vergoeding daarvoor hê nie en daarom het dit die gebruik geword dat ons hom elke Kersfees 'n geslagte speenvarkie gegee het.

Andrew het eers onder in Fabriekstraat regoor mevrou Brent gewoon en later, toe ons na Eureka getrek het, het hy Vader se huis bo in dieselfde straat gekoop en tot sy dood toe daar gewoon. Hy was met Gladys getroud en hulle het twee seuns en een dogter gehad. Gladys was 'n baie gawe en opgeruimde vrou en, in teenstelling met Andrew wat stil en saggewaard was, was sy 'n ekstrovert wat altyd oorgeborrel het. Sy kon soms vreeslik lelik en grof praat maar niemand het haar dit kwalik geneem nie want dit was maar soos Gladys was.

So het sy eendag saam met Wally Bath en sy vrou by ons op Eureka kom kuier. Haar maag was ontsteld en toe hulle aanstalties maak om terug te ry, sê sy dat Wally moet opskud dat sy by die huis kon kom. Wally se ryding was maar oud en afgeleef en dit het nie gou genoeg na Gladys se sin Ceres toe gevorder nie. Sy het Wally kort-kort aangesê om op te skud met die gevolg dat hy dit later heel op sy senuwees gehad het. In sy paniek ry hy toe reguit met die Voorstraat aan plaas van by Porterstraat af te draai en draai eers doer onder in Pinestraat af om weer terug in Fabriekstraat te kom. In skone desperaatheid skreeu Gladys toe vir Wally: 'As jy nie vir my nou by die huis kry nie, skyt ek myself en jou hele kar vol!'

Andrew en Gladys se oudste seun, alom bekend as Cookie, het tydens die Tweede Wêreldoorlog aangesluit en was in die lugmag waar hy as waarnemer saam met die loodse gevlieg het. Hy was op Wingfield gestasioneer en dit was ook daar waar hy in 'n vliegongeluk gesterf het. Hy het pas van 'n vlug teruggekeer, en toe die waarnemer wat met die volgende oefenvlug moes saamgaan nie beskikbaar was nie, is hy gevra om in dié se plek te gaan. Die loods het blykbaar met die landing te vinnig hoogte verloor, in die kragdrade voor die aanloopbaan vasgevlieg, en neergestort. Hoewel die loods, sover ek kan onthou, nie ernstig beseer was nie, het Cookie gesterf.

Cookie was, nes sy vader, 'n goeie gholfspeler en kon die balletjie myle ver slaan. Omdat hy so saggeaard was, was sy ouers baie lief vir hom.

Andrew en Gladys se tweede seun, Robin, was 'n rowwe man wat sy motor soos 'n besetene bestuur het. Andrew het vir hom 'n rooi Morgan-sportmotor gekoop waarmee hy die wêreld op horings geneem het en die strate van die dorp as renbaan gebruik het. Hy het later 'n uitstekende motorwerktuigkundige geword en lank op Worcester by 'n motorhawe gewerk. Robin was (en is vandag ook nog) 'n uitstekende gholfspeler, alhoewel hy die balle met alle mag rondgemoker het en die spel nie baie ernstig benader het nie. Gholf het letterlik in die are van Andrew en sy twee seuns gevloei.

Andrew en Gladys se enigste dogter, Peggy, is later met George Potgieter getroud en hulle het drie dogters gehad. George is 'n lewendige man en het baie jare in die ysterwareafdeling van J G Reid se winkel gewerk. Hy was die beste verkoopsman wat ek ooit teëgekom het, en het toegesien dat alle klante flink bedien word. Dit maak nie saak waarmee of met wie hy besig was nie, maar as jy by die deur instap groet hy jou: 'Good morning, Mister Botma,' of wie jy ook al was. Al manier om vir hom eerste môre te sê was om skempies by die agterdeur in te sluip en hom so uit te vang. Maar andersins het jy nie 'n kat se kans gehad nie!


George kon ook 'n aantal swart tale vlot praat en dit was 'n aardigheid om te hoor hoe hy met die swartes gesels terwyl hulle bedien word. Geen wonder dat dié mense vir hom soveel respek gehad het nie.

Vader koop die plaas Quarta



Aan die einde van my eerste jaar op Eureka het ek besef dat ek na aan die natuur moet leef en, hoe lief ek ook al vir masjinerie was, ek deel wou hê aan Moeder Aarde soos die Skepper haar vir ons gegee het. Ek het besluit om te boer.

Na afloop van die Depressie het Vader, in Oktober 1936, besluit om nog 'n vrugteplaas te koop en so het hy en ek na die destydse Radlet, 'n plaas in die Warmbokkeveld so ses myl oos van Ceres, gaan kyk. Ek onthou dat dit Vader dronkgeslaan het dat daar 'n vrugteplaas in dié omgewing kon wees, omdat dit eintlik saaiwêreld is. By die plaasgrens aangekom, was daar 'n smoelneukerhek om oop te maak, en Vader het nog gesê dat 'n boer wat nie eens 'n ordentlike hek by die ingang van die plaas kan hang nie, nie 'n watwonderse boer kon wees nie.



51 François Johannes
Botma as jong plaasboer



Kort na die hek was daar so 'n skerp draai in die pad. Toe ons om hierdie draai ry, het ons seker die grootste verrassing van ons lewens ondervind. Ons het op die draai stilgehou en met bewondering die asemrowende toneel voor ons aanskou. Ons was bo-op 'n plato en onder ons het seker een van die mooiste natuurtonele denkbaar ontvou: 'n lowergroen vallei vol vrugtebome wat tot teen die Skurweberg se voet aan die oorkant strek, met die rivier wat daardeur kronkel. Dit was 'n ware oase omring deur saailande.

Vader het Radlet gekoop en dit na Quarta herdoop omdat die plaas die vierde deel is wat van die oorspronklike plaas Rietvallei, waarop Ceres aangelê is, afgesteek is.

So het dit dan gekom dat Vader my die oggend van 1 November 1936 op Quarta gaan aflaai het met die woorde: 'Fraan, hier is jou kans in die lewe.' Ek het die leisels as voorman op die plaas in die hande geneem.

Die volgende oggend het die volkies my daar onder by die pakstoor ingewag waar ek so 'n klein bekendstellingstoespraakie gelewer het. Wat doen mens nou as vreemdeling om die boerdery op 'n plaas wat jy glad nie ken nie aan die gang te kry? Ek het maar gesê dat

alles voorlopig sal voortgaan soos in die verlede en dat hulle maar moet aangaan met die werk waarmee hulle besig was.

Ek het die plaas deurgestap (ons het destyds nog nie bakkies gehad om mee te ry nie) om my op hoogte van sake te bring. Die boorde was baie netjies bewerk en daar was nie 'n onkruidjie te bespeur nie, maar die oes was klaar deur die kodlingmot opgevrete. Die spuitmasjien was 'n speeldingetjie wat glad nie opgewasse was om die pragtige groot bome ordentlik by te kom nie.

Toe ek die boekhouding nagaan, moes ek vind dat alles tot die fynste besonderhede aangeteken was – 'n seker teken dat die vorige voorman, mnr Jeffery, die meeste van sy tyd in die kantoor moes spandeer het. By nadere ondersoek is hierdie vermoede van my bevestig, want ek moes tot my ontsteltenis uitvind dat sowel sy finansies as sy boerdery in 'n benarde toestand was. As gevolg van die swak bestuur van my voorganger het die komende oes ook nie enige bemoedigende beloftes ingehou nie. Ek het besef dat my eerste boerderyjaar op 'n groot verlies sou uitloop, maar het die uitdaging aanvaar en met die hulp van Bo daarin geslaag om die daaropvolgende jaar 'n goeie wins te toon.

David Versfeld van Achtertuin



My buurman was David John Versfeld wat ook vroeër op Ceres op skool was maar sy hoërskoolloopbaan by Bishops in Kaapstad voltooi het. Hy het daarna op sy pa se plaas Achtertuin, wat aan Quarta grens, kom boer. Daar was kwalik twee maande verskil in ouderdom tussen ons twee (hy is op 11 Januarie 1914 gebore en ek op 25 November 1913) en dit is so beskik dat my en David se lewens vir meer as 'n halwe eeu 'n parallelle baan sou volg. Op daardie stadium was ons altwee ongetroud en groot vriende. Ons het saans oor en weer gekuier of saam nooiens uitgeneem, en menige koue winteraand voor my kaggelvuur gesit en gesels.

Op reëndae wanneer die stormwind buite gewoed het, het ons dikwels in Achtertuin se voorkamer tafeltennis gespeel. Ons was later so gekonfyt in die spel dat ons vier winkelkies op die hoeke van die tafel geplaas het en dan probeer het om die balletjie daarin te slaan – en ons het nogal soms daarin geslaag! In die een hoek van die kamer was 'n taamlieke groot bars in die muur. David het 'n stukkie papier daaroor geplak. Wanneer 'n rukwind die huis getref het, het ons eers gaan kyk of die bars nie groter geword het en die

papierstrokie geskeur het nie. (Ek weet nie juis wat ons sou gedoen het indien die bars groter sou geword het nie.)

Toe ons een jaar een van hierdie storms in Desembermaand gekry het, het ek daarna deur die boorde gestap om die skade te bepaal. Die pruime het feitlik alles afgewaai, en by die grens van die twee plase aangekom, het David van die ander kant af ook daar aangekom. Ons staan nog so in mekaar se leed en deel toe ek sien dat daar net een pruim aan die boom waarby ek gestaan het, oor was. Ek het dit afgepluk, op die grond gegooi en gesê: ‘Vat nou maar hierdie een ook, dan is die boom mos klaar geoes!’ Daarna het ons albei beter gevoel.

Sedert Vader Quarta meer as ’n halfeeue gelede gekoop het, was daar nog nooit ’n grens-draad tussen ons plaas en Achtertuin nie. Besoekers vra dikwels hoe ons weet wie se vrugtebome wie s’n is en of ons nie mekaar se vrugte soms per ongeluk afoes nie. Maar dit het nog nooit gebeur nie en hierdie goeie buurskap duur vandag nog voort tussen David se seun, Peter, en my eie seun, Isak, wat intussen die twee plase oorgeneem het.

David was meganies aangelê en hoewel hy nie enige opleiding in hierdie rigting gehad het nie, was hy een van die beste werktuigkundiges wat ek geken het. Daarby was hy ook ’n handige man en mens kon jou daarin verlustig om te sien hoe maklik en gou hy ’n taak kon afhandel. Dit het altyd voorgekom asof hy stadig en tydsaam werk, maar daardie twee hande het baie werk in min tyd verrig. Hy het ’n goed toegeruste werkswinkel gehad waarin hy al die vertakkinge van meganiese werk soos sweis, draaibankwerk en wat nog meer verrig het. Aan planne maak het dit hom ook nie ontbreek nie. Hy het baie van sy plaasmasjinerie se onderdele wat vervang moes word, self gemaak en die eindproduk het nooit vir die fabriekgemaakte een agteruitgestaan nie – trouens, dit was meesal van beter gehalte as die gekoopte een.

In die vyftigerjare het ek motorhekke op die plaas en op die hoofplaaspad, daar waar dit by die Ezelsfonteinpad aansluit, gebou. Toe ek een winteroggend juis by laasgenoemde motorhek doenig was, kom David met ’n motorfiets daar aangery. As ek reg onthou, was dit ’n Ariel wat hy weer êrens gekwansel het en besig was om na te sien en op te knap. Hy oorreed my toe om ’n entjie met die ding te gaan ry, maar maak my eers so ’n bietjie touwys. Ek het nie veel van motorfietse af geweet nie, en hierdie een was een van die eerstes waarvan die ratte met die voet verwissel is.

Ek het ’n paar nat ‘topbootse’ aangehad en die Ezelsfonteinpad, wat destyds nog nie geteer was nie, was vol slaggate wat vol water gestaan het van die vorige nag se reën. Ek het die reis versigtig na die Myburghs se plaas, Buchuland, se kant toe aangepak, en dit

het heel goed gegaan. Na 'n rukkie het die ding nie meer vir my so gevaarlik gevoel as wat ek aanvanklik gemeen het nie.

Met die terugkom was ek reeds vol vertroue, té vol, en besluit om die fiets ordentlik te laat draf soos dit 'n jongman betaam. Ek stoot hom in sy tweede rat en skop die pedaal wat die ratte wissel. Maar dis toe net daar waar die nat sool van my 'topboot' van die rubber-pedaal van die rathefboom afgly, ek my balans verloor, voete in die lug agteruit op die saal skuif, en die versneller heel oopdraai.

Die gevaarte het meteens met verbysterende vaart versnel en oorverdowend begin dreun, en ek skuif net altyd agter toe op die lang saal en kan nie daarin slaag om die versneller toe te draai nie. Daar ek ook van balans af was, ry ek baie meer slaggate raak as wat nodig was en kom so in 'n wolk van bruin modderwater in die pad in David se rigting afgejaag. Hoe ek uiteindelik weer die motorfiets onder beheer gekry het sal ek nie kan sê nie, maar David het my later vertel dat hy nooit kon dink dat ek so ongepoets kon ry nie!

Later het David nog 'n Ariel, dié slag met 'n tweeslagenjin, bygekoop en daar hy toe twee motorfietsie gehad het, het hy laasgenoemde aan my geleen om mee te ry. Ons het op ons plase met die goed gespeel totdat ek tot my leed uitgevind het dat 'n motorfiets jou ook soos 'n perd kan afgooi.

Dit was in die somer en die gruispad het so 'n lekker sandlagie langsaan gehad soos die voertuie die los sand na die kante toe uitgewerk het. Ek het nog so ewe windmaker daar by die Eilandboord op my plaas verbygesif toe ek vir 'n klip in die pad moes uitswaai en die los sand aan die kant van die pad tref. Daar het ek uitgevind dat 'n motorfiets se voorwiel nes 'n gewone fiets s'n nie reguit in die sand kan loop nie. Die fiets het onder my uitgegly en daarvandaan het die fiets en ek in verskillende rigtings die reis voortgesit. Hy het onder een peerboom gaan skuiling soek terwyl ek in 'n ander een se skaduwee 'n lêplek gekry het.

Daar het my motorfietsryery tot 'n einde gekom totdat ek, baie, baie jare later soms met 'n veldfietsie hier op die plaas rondgekuie het, somar net so vir die aardigheid. Maar ek loop my storie vooruit.

My en David se getroude lewens



In 1940 het Magda Retief van Wellington en Kotie Burger van die Strand as onderwyseresse na die Laerskool Gericke op Ceres gekom. David het by Magda begin kuier en

ek by Kotie, en weldra het die gekuiery 'n ernstige wending begin neem. David en Magda het verloof geraak en dit is vanselfsprekend dat ek 'n bietjie afgeskeep gevoel het omdat David nou meer tyd aan Magda as aan my bestee het.

Teen hierdie tyd was ek ook al byna 28 jaar oud en het besef dat ek ook aan trou moes begin dink. Ek het in elk geval genoeg rondgeflankeer en het die behoefte gevoel om die volgende fase van die lewe te betree. So het Kotie en ek dan ook in 1941 verloof geraak.



52 François en Kotie op
hul troudag



David en Magda is op 27 September 1941 in Claremont (Kaapstad) getroud. Kotie en ek is kort daarna, op 11 April 1942, in die Groote Kerk in Kaapstad getroud. David en Magda se drie kinders, Peter, Ian en Anne, en ons drie kinders, Isak, Jessie en Annetjie, is

so saam-saam gebore en vir dertien jaar het ons baie gelukkig as getroude bure langs mekaar gewoon. Daarna het die noodlot albei ons gesinne begin tref.

Met Kotie se vier-en-veertigste verjaardag op 2 Mei 1955 het Magda 'n heerlike fyngekookte hoender vir ons gestuur om met die middagmaal te eet. 'n Baie klein beentjie wat in die vleis agtergebly het, het in Kotie se keel vasgesteek. Omdat dit 'n bietjie hinderlik vir haar was, is ons die volgende dag dokter toe om dit te laat verwyder. Dié het gevind dat die beentjie te diep agter in die keel was om in 'n spreekkamer uit te haal, en het 'n afspraak by 'n hospitaal in Kaapstad gemaak om dit te laat verwyder. Ons is op 4 Mei na Kaapstad om die operasietjie te laat doen en Kotie het onder narkose gesterf.

53 François en Kotie se
drie kinders, Annetjie,
Isak en Jessie



In 1957 is ek met Annatjie Nel getroud en die lewe het voortgegaan. Maar die noodlot het na twaalf jaar weer ingegryp en op 3 Januarie 1967 is Magda skielik die aand aan 'n hartaanval oorlede. 'n Jaar later, op 14 September 1968, is David met Enid Smit, 'n nooi wat oorspronklik uit Mafeking se wêreld gekom het, getroud. Enid is 'n baie liewe mens wat destyds matrone by die Ceres-hospitaal was.

Die lewe het dit ook so beskik dat sowel David as ek 'n kind moes afgee – hy 'n seun en ek 'n dogtertjie. Nadat Annatjie en ek vyf jaar lank getroud was, is ons enigste kind, Lacia, 'n dogtertjie, op 26 September 1962 gebore. Twee weke daarna, op 5 Oktober, is Lacia asook twee ander babas wat ook in die Ceres-hospitaal gebore is, aan 'n onbekende kiem oorlede.

David se jongste seun, Ian, is later met Reneé van Dyk getroud. Hulle het vier kinders, een dogter en drie seuns, waarvan die jongste een na Ian se dood gebore is.

Op 9 Mei 1987 was Ian saam met vriende na die motorresies op Killarney. Met die terugreis het hulle gestop om hulp te verleen aan 'n ander motoris wat langs die pad met 'n onklaar motor gestaan het. 'n Derde voertuig het met albei stilstaande voertuie gebots en Ian is so ernstig beseer dat hy twee dae later oorlede is.

In 1988 het David vir die tweede keer in sy lewe prostaatkanker gekry. Hy moes pal vir behandeling gaan en weldra was dit duidelik dat sy toestand nie verbeter nie. Ek het dikwels by hom in sy kantoortjie langs sy werkswinkel gaan gesels, soos die gebruik was, en het gemerk hoe hy stelselmatig agteruitgaan. Waar ons deur al die jare soms die grootste twak kon kwytraak en uitgelate daaroor kon lag, het ons geselstrant al hoe ernstiger en besadiger geraak, seker maar omdat ons die toekoms aangevoel het.

In Augustus 1988 sou Annatjie en ek met vakansie na die Transvaal gaan. Voor ons vertrek het ek David, wat toe reeds bedlêend was, gaan groet. Ek het hom 'n laaste handdruk gegee en gesê dat ek hom weer sou sien wanneer ons terugkom, maar ek het



54 David John Versfeld
en sy tweede vrou, Enid



geweet dat ek nie die waarheid praat nie. Terwyl ons in Pretoria by my dogter Annetjie gekuier het, het ons die bitter nuus ontvang dat David op 30 Augustus 1988 oorlede is. David se oudste seun, Peter, wat intussen met Ingrid Starke, 'n nooi afkomstig uit Muldersvlei se kontrei, getroud is, het daarna die boerdery op Achtertuintuin voortgesit.

Oom Albertjie Prins

Oom Albertjie Prins het op Die Erfie, destyds 'n gedeelte van David se plaas, Achtertuintuin, gewoon. Hy was 'n bouer wat met klip en klei gebou het. Hy het baie volkshuise en ander geboue op my plaas opgerig waarvan almal die aardbewing van 1969 oorleef het.

Op Quarta is 'n kleigat wat baie goeie bouklei het en al die bure het maar vir dié doel hier kom klei uithaal. Die klip het ons somar hier in die rante op die plaas bymekaargemaak en na die bouverseel aangery. Wanneer Oom Albertjie gebou het, het hy 'n spesifieke klip vir elke spesifieke plek in die mure uitgesoek. Daarom moes daar altyd vooruit vir 'n goeie voorraad bouklip gesorg word sodat hy volop klippe gehad het waaruit hy sy keuse kon maak.

Dit het maar lank geneem vir Oom Albertjie om 'n gebou te voltooi. Al hulp wat hy wou hê was een handlanger, en verder het hy alles self gedoen. Soms het daar ook teenspoed gekom wanneer dit skielik begin reën het en die bouklei in die geboude muur nog nat was. Die klei het dan in 'n pappery verander sodat die pasvoltooide stuk muur inmekaarge-tuimel het. Gewoonlik was dit darem nie meer as net een dag se werk wat op dié manier verlore gegaan het nie.

Oom Albertjie het ook self die dennehoutkappe vir die dak van bome gesaag wat op die plaas gegroei het en dit was dan net die dakspare en sinkplate wat gekoop moes word, asook die hout vir die deure en vensters.

Wanneer die voeë tussen die klippe in die mure skoongekrap en dan met sement gevoeg is, kon jy verseker wees dat hierdie gebou vir baie jare sou staan.

Oom M R du Toit

Oom Gielie du Toit, alom bekend as Oom M R, was 'n buurman van my wat 'n legendariese figuur op Prince Alfred's Hamlet en Ceres was. As seun en jongman was hy

bekend as Giel Jaaitjie, 'n naam wat hy volgens sy seun, Piet Sap, van sy vader geërf het daar dié ook as Piet Jaaitjie bekend was.

Oom M R het altyd gesê dat hy nie kan onthou of hy op Hamlet gebore is of as kind soontoe gekom het nie, maar hy het die eerste deel van sy bestaan daar deurgebring, skoolgegaan en later geleer om vrugte te droog, 'n kuns wat hy by uitstek bemeester het. Ook geen wonder dat hy so baie jare feitlik al die pryse vir sy droëvrugte op Ceres se landbousskou ingepalm het nie.

Volgens my goeie vriend Martin Reynolds my vertel, was Oom M R van jongs af 'n vindingryke persoon wat allerhande takies onderneem het om geld te maak. So het hy ook nuwe en tweedehandse fietsonderdele op verskillende wyses bymekaargemaak, fietse daarmee gebou en hulle dan verkoop. Omdat hy moes raap en skraap om genoeg onderdele te bekom, het hulle nie altyd goed by mekaar gepas nie, maar hy was 'n man wat kon planne maak.

So het dit dan eendag gebeur dat hy nie twee ewe groot wiele in die hande kon kry nie en het toe 'n groot wiel agter gesit en 'n kleiner een voor. Die fiets het toe stert in die lug en kop in die grond soos vandag se Mercedes- en BMW-motors gestaan en het nie heeltemal tuis op die grond gelyk nie.

'n Kleurling wat sinnigheid gehad het om die fiets te koop het dan ook sy bedenkinge oor die fiets se verhoudings gehad, maar Giel Jaaitjie het sy storie reg gehad. Hy vertel toe vir die aspirantkoper dat die fiets vreeslik lig trap want dit loop mos altyd afdraand! Of die transaksie uiteindelik beklink is sou ek nie kan sê nie.

Oom M R het gedurende die depressie van 1930 'n plaas vir 'n sekere mnr Koos Joubert op die Oranjerivier in die distrik Barkly-Wes gaan aanlê, maar toe dit nie daar wou vlot nie het hy maar weer teruggekom na Hamlet.

Oom M R was jare lank voorman, soos ons destyds gesê het, by Oom Isak Wolfaardt op die plaas Verdun, en toe laasgenoemde later die plaas Monte Carlo kort by Ceres gekoop het, het Oom M R en Oom Isak se seun, Piet, eers saam daar geboer. Later het Oom M R vir Piet uitgekoop en so die alleeneienaar van Monte Carlo asook my buurman geword.

Oom M R was 'n haastige man wat nie langpad geloop het as daar 'n kortpad beskikbaar was nie, en is so draf-draf deur die lewe. In die somer het hy 'n kortbroek met velskoene sonder kouse gedra, en met daardie twee dun beentjies van hom het hy die wêreld kafdraf. Toe sy vrou, Ant Mienie, eendag vir Oom M R sê: 'Sies Gielie, kyk hoe vuil is jou

broek! Kan jy dan nie 'n ander een aantrek nie?', was sy antwoord, 'Maar dit kan nie wees nie. Ek dra hom nog maar net veertien dae!'

Destyds het elke boer nog sy eie vrugte gepak en die uitval gedroog. Ek het 'n ooreenkoms met Oom M R aangegaan om my uitvalvrugte om 'n deel te droog en hierdie deel van my oes is dan by hom op Monte Carlo gelewer.

So het dit dan gebeur dat hy aan die einde van die seisoen vir my laat weet het dat hy reeds die opbrengs van my deel van die vrugte ontvang het en dat ek die geld moes kom haal. Ons het na sy kantoor gegaan en sy lessenaar het omtrent gelyk soos myne wanneer ek na 'n maand se vakansie weer tuiskom. Die stapels dokumente het my hart in my skoene laat sak en ek het my maar klaargemaak vir Oom M R se lang soektog na 'n naald in die hooimied.

Maar moenie glo nie. Hy het sy oog so vir 'n oomblik oor die stapels dokumente laat dwaal, sy een hand uitgesteek en uit die middel van een van die stapels 'n dokument uitgetrek. Dit was die verkoopsbriewe van my deel van die oes. Ek het gewonder om welke rede ek twee liasseerkaste met honderde lêers daarin in my kantoor het terwyl Oom M R se hopieselsel so vinnig en doeltreffend werk.

Oom M R was eers met 'n dame van die destydse Rhodesië getroud en later met Ant Mienie Pienaar, 'n liewe klein mensie wat eers 'n verpleegster was. Sy en Oom M R het met alles reggekom buiten met laasgenoemde se manier van motorbestuur. Hy het, soos die volkies sê, geen respekte vir 'n motor gehad nie: die versneller en rem was net daar om platgetrap te word, en die stuurwiel om gedraai te word. By 'n verkeerslig wag hy net totdat die kruislig oranje word en dan vlieg hy weg sodat hy reeds halfpad op pad na die volgende verkeerslig is teen die tyd dat die res van die verkeer begin beweeg. Dit was dus so half te wagte dat toe 'n ander motoris eendag in die kruisverkeer gepoog het om die rooi lig te klop, Oom M R halsoorkop in hom vasgejaag het.

Voordat daar 'n oorgang was by die Romansrivier-spoorwegkruising, daar in die vlakte tussen Michells- en Bainskloofpas, kort voor die aansluiting van die pad na Worcester, het Oom M R eendag toe hy met sy vragmotor op pad Kaapstad toe was, daar in 'n trein vasgejaag. Gelukkig is net sy een arm beseer. Min gepla het hy per geleentheid huis toe laat weet dat hulle vir hom 'n ryding soontoe moes stuur. Pleks om terug te ry huis toe, soos mens sou verwag, het hy dadelik daarvandaan afgesit Kaap toe om sy besigheid daar af te handel, en eers die aand laat na Ceres teruggekeer. Hy het eers die volgende dag 'n dokter oor sy beseerde arm gaan spreek.

Oom M R het destyds toe die brandstofbeperkings ingestel is, 'n outomatiese Valiant-

motor gehad, maar hy het sy eie manier gehad om brandstof te bespaar. So het hy en sy jongste dogter, Karen, weer een oggend soos 'n wildewragtig van die plaas af na Ceres gejaag toe hy besluit om sy besparingsveldtog in werking te stel. Net daar waar die Ezelsfonteinpad tussen die destydse kaasfabriek en die grensdraad van die plaas Forelle deursny, wou hy die rathefboom in neutraal stoot om die voertuig tot by die T-aansluiting met die Calviniaapad vry te laat loop, maar hy het te hardhandig met die hefboom gewerk en dit somar dwarsdeur tot in trurat gestoot.

Hoe die ratkas hierdie mishandeling kon weerstaan weet ek nie maar die resultaat was, om die minste te sê, chaoties. Die agterwiele het getrutol en die voertuig het aan die bokspring gegaan soos 'n rodeoperd wat sy ruiter wou afgooi. Toe dit nie daarin kon slaag nie, verlaat dit die pad, kloof 'n pad deur Forelle se grensdraad oop en stroop so 'n paar peerbome kaal van vrugte, blare en takke.

Die motor was 'n wrak maar Oom M R se beskermengeltjie het weer op sy skouer gesit en hy en Karen het wonderbaarlik niks om van te praat oorgekom nie.

Toe ek later daar verbyry dorp toe was die motor reeds verwyder, maar van die skade in die boorde kon ek aflei dat daar 'n groot ding moes gebeur het. Ek stop toe om die affêre van naderby te beskou, en die eerste ding waarop my oog val was 'n nommerplaat wat daar tussen die afgeskeurde takke en blare lê. Toe ek dit optelsien ek dat dit Oom M R se motor se registrasienommer, CT 303, was. Op Ceres aangekom is ek eerste na Central Garage waar net die motorwrak gestaan het, maar van Oom M R was daar geen spoor nie. By navraag moes ek uitvind dat Oom M R reeds weer met 'n nuwe motor daar weg is huis toe.

Op pad terug plaas toe ry ek eers by Monte Carlo aan om na sy welstand te verneem, maar kry net vir Ant Mienie by die huis wat my vertel dat Oom M R daar onder in die boord is. Ek ry toe maar soontoe en vind hom daar waar hy die nuwe motor, nog met die garagenommers aan, ry dat dit sulke boksprings oor die waterleiwalle maak.

Oom M R se gehoor het hom later in die steek gelaat, maar hy kon maar nie met die gehoortoestel regkom nie. Hy het vertel dat die ding te deurmekaar praat.

Hy het ook sy hele lewe skyfgeskiet en was 'n goeie skut. Toe sy oë later probleme begin veroorsaak, het hy vir hom 'n nuwe tegniek uitgewerk. Daar hy die kol nie meer mooi kon sien nie, het hy sy geweer op die boonste linkerhoek van die skyf ingestel en op dié manier nog goeie resultate behaal.

Met sy tagtigste verjaardag het ons Oom M R gaan gelukwens. Hy was nog wonderbaar-

lik sterk, en hoewel sy seun, Rossouw, reeds die boerdery oorgeneem het, het hy homself nog met sy eie boerderytjie besig gehou. Hy het sy skapies en beeste gehad wat hy nog self versorg het, het nog 'n bietjie vrugte gedroog, en soms tot almal se ontsteltenis, op 'n trekker geklim om 'n werkie te verrig. So het hy eendag 'n ongeluk gehad toe die trekker hom raakgetrap het. Weer eens het sy beskermingengel op sy skouer gesit en Oom M R het feitlik ongeskonde daarvan afgekom.

Daar hy baie graag gelees het, het hy in sy tagtigerjare een van sy oë laat opereer. Hierdie operasie het sy sig dermate verbeter dat hy op die ouderdom van 86 jaar besluit het om die ander oog ook te laat opereer. 'n Dag of wat na die operasie het hy verveeld geraak in die hospitaal en besluit dat dit tyd was om huis toe te gaan. Hy het sy mense laat weet om hom te kom haal en homself uit die hospitaal laat ontslaan.

By die huis aangekom het hy die aand brandhout vir die kaggel gaan haal, die vuur aangepak en aangesteek, en toe Ant Mienie hom daarvoor aanspreek, het hy gesê dat hy mos nie die hout met sy oog dra nie! Hy het my vertel dat die tweede oogoperasie nie so suksesvol soos die eerste een was nie – wat my geensins verbaas het nie.

Rossouw het die plaas later verkoop en Oom M R en Ant Mienie het in Ceres Tuiste, 'n huis vir bejaardes, gaan woon waar hy op die ouderdom van 89 jaar oorlede is en op 29 Februarie 1992 ter aarde bestel is.

Oom Klaas Esterhuyzen

Sover ek kan onthou, was Oom Klaas 'n oom van Klein Klaas Blommetjie wat saam met ons op skool was. Oom Klaas het vroeër by Oom Isak Wolfaardt op die plaas Verdun gewerk en later by Oom M R nadat dié Monte Carlo gekoop het.

Oom Klaas was 'n hardwerkende man wat ook graag in die lewe wou vooruitkom, maar soos so dikwels die geval is, het hy nie oor die middele beskik om sy eie grond aan te skaf en te boer nie. Met verloop van tyd het Oom M R perskebome aangeplant op die deel van Monte Carlo wat teenoor my plaas, Quarta, se grens, aan die oorkant van die Titusrivier, geleë was. Die aanslag van die boompies was nogal mooi, ten spyte daarvan dat hy nie die boompies besproei het nie; hy was van mening dat hulle heel goed onder droë kultivasie sou aard.

Oom M R was 'n goeie mens wat altyd ander wou help en het dit dikwels tot sy eie nadeel gedoen. So het hy dan op versoek van Oom Klaas hierdie boord aan laasgenoemde

verhuur of verkoop – ek weet nie presies wat die geval was nie – om hom op hierdie wyse 'n kans in die lewe te gee. Daar was egter die voorwaarde aan die transaksie verbonde dat Oom Klaas nie van Oom M R se beurtwater uit die Titusrivier op die grond mag aanwend nie.

Nou moet ek eers verduidelik dat al die plase wat aan die oewer van die Titusrivier geleë is, waterbeurte uit dié rivier het. Die verdeling bepaal byvoorbeeld dat Achtertuintuin en Quarta gesamentlik geregtig is op 72 uur per week van die volle stroom, waarvan Quarta een derde en Achtertuintuin twee derdes sou benut. David Versfeld en ek het toe 'n ooreenkoms aangegaan – wat vandag nog bestaan – dat sy plaas, Achtertuintuin, drie dae van die week, sestig uur per dag, water uit die rivier sou pomp en dan elk van die drie nagte agt uur lank water vir Quarta sou deurlaat.

Daar die rivier baie min val op Quarta het, het ek 'n sandsakwal daarin gepak om 'n dam te vorm wat dan hierdie nagwater opvang sodat ek dit die volgende dag kon uitpomp. Wanneer ons gesamentlike beurt verstreke was, is van die sakke verwyder om die water vir die onderste oewerbewoners deur te laat. Hierdie ooreenkoms werk al vir meer as 50 jaar tot almal se bevrediging, maar Oom Klaas het tydelik 'n stok in dié wiel gesteek.

'n Rukkie nadat hy die perskeboord van Oom M R verkry het, het hy die ingewing gekry dat die bome darem baie beter sou aard as hulle natgelei kon word en het hy sy strategie mooi daarvolgens beplan. Ek het 'n getimmer daar oorkant die rivier regoor my waterpomp gehoor maar my nie daaraan gesteur nie, en omdat die rivieroewers destyds nog taamlik ruig was, kon ek buitendien nie sien wat daar aangaan nie.

Toe ek egter een oggend vroeg my waterpomp aan die gang wou sit, kom ek agter dat die sandsakdam in die rivier leeg is. Toe ek oor die sandsakwal na die oorkantste wal stap, sien ek met verbasing wat die doel en resultate van die getimmer wat ek tevore gehoor het, was. Daar staan sowaar 'n tuisgemaakte waterpomp, bestaande uit 'n Dodge-motorenjin wat saamgeflans is met 'n sentrifugale pomp, en met dié se suigslurpie wat nog in die leë sandsakdam in die rivier lê. Ek sien ook dat dit heelwat vernuf moes geveer het om hierdie kontrepsie saam te stel. Die enjin was nog louwarm en die boompies naaste aan die rivier was lekker natgelei. Daar kon geen twyfel bestaan oor wat van my nagwater geword het nie!

Die beste oplossing vir hierdie netelige probleem, het ek gedink, was om nou my eie strategie uit te werk om die saak met die minste moeite en onenigheid op te los. Daardie dag het ek eers maar my pomp met 'n droë keel laat staan. Die aand na uitvaltyd het ek oudergewoonte gaan eet, en na 'n rukkie weer my skrede rivierwaarts gewend. So met die

naderkom kon ek hoor hoe die Dodge-enjin lustig brom en toe ek oor die sandsakwal by die pomptoestel kom, sien ek hoedat my beurtwater stadig maar seker uit die verkeerde kant van die rivier verdwyn.

Ek het toe die pomp se suigslurp uit die water gelig sodat dit 'n klomp lug sluk en het sodoende die enjin, wat nie van 'n spoedreguleerder voorsien was nie, se vrag dermate verlig dat die toere die hoogte ingeskiet het. Daarna het ek op my kant van die rivier op die sandsakwal onder 'n bos gaan stelling inneem om verdere verwickelinge af te wag. Dit was nou 'n kwessie van óf Oom Klaas kom betyds ondersoek instel, óf die Dodge hardloop homself te pletter.

Oom Klaas kon nie te ver van die rivier af gewees het nie, want die enjin het nog gebrul toe ek hom brom-brom deur die krakende bosse teen die rivierwal af hoor aanstorm. Toe hy die pomp se slurpie op droë grond sien lê, moes hy afgelei het dat daar sabotasie gepleeg is. Van die enkele sinsnedes wat ek deur die geraas van die enjin kon hoor, moes hy vreeslik lelik gepraat het terwyl hy inderhaas in die enjin rondgevroetel het om dit tot stilstand te bring voordat die flenters waai. Maar ek kon nie sy diskoers mooi volg nie.

Toe daar uiteindelik 'n doodse stilte oor die aandskemering neerdaal, was hy nog besig met '... en wie de dônner ...' toe ek kliphard hier agter hom sê: 'Naand, Oom Klaas. En wat is jy nou eintlik besig om te doen?'

Oom Klaas het hom asvaal geskrik en so byna van die sandsakwal afgetuimel en in die water beland wat hy wou uitpomp. Hy bly my tot vandag toe 'n antwoord skuldig. Hy het net daar in sy spore omgedraai en is al brommende aangaande '... mense wat nie vir 'n arm man iets oor het nie ...' daar weg. Ek het eintlik so half skuldig gevoel en kon nie my eie grap na waarde geniet nie.

Oom Klaas se boerdery was nie suksesvol nie en hy is daarna maar weer die wêreld in. Wat uiteindelik van hom geword het weet ek nie, maar snaaks genoeg, tot vandag toe voel ek nog jammer vir hom. Hoe sou dit met hom gegaan het as hy mý voorreg kon gehad het om sy eie plaas te besit?



My dorpsvriende in die jare 1940-1969

Terwyl ek op Quarta geboer het, het ek ook baie kennisse en goeie vriende op die dorp gehad. Onder hulle was die dokters wat op Ceres gepraktiseer het, die dominees van die NG Kerk en nog vele ander. Maar ek begin graag deur van mnr Reid, 'n goeie kennis en bekende persoonlikheid op Ceres, te vertel.

Mnr J G Reid

Mnr J G (Jimmy) Reid het hier op Ceres as 'n wewenaar aangeland en, hoewel hy 'n tyd lank by Jessie Botha, 'n aansienlike weduwee, gekuier het, het daar nie iets van gekom nie. Hy het nooit weer getrou nie. Hy het aanvanklik as 'n klerk by die winkel Luyt & Kie in die Voorstraat gewerk, maar het later sy eie ysterwarewinkel in Vosstraat geopen.

Mnr Reid het elke oggend self sy winkel kom oopsluit en eiehandig toesig gehou dat dit voor openingstyd ordentlik skoongemaak word. Daar hy elke oggend vroeg 'n koue bad geneem het, het hy vroeg-vroeg in die straat afgestap gekom met sy rooi, bloesende gesig en jou die indruk gegee dat hy net gou die wêreld so 'n entjie gaan versit.

Hy was ook 'n kranige rolbalspeler. Dit was so komieklik om te sien hoedat hy telepaties met die hout probeer kommunikeer nadat hy dit gerol het. Sy kop en skouers beur eers na een kant toe soos hy die rollende hout betrag en dan gee hy weer so 'n treetjie na links of regs om die hout op die regte trajek te stuur.

Mnr Reid was op 'n tyd burgemeester en het die taak met groot erns benader. Hy het

egter probleme met sy gebit gehad wat die mode gehad het om los te kom in sy mond, veral as hy 'n toespraak moes lewer. Wanneer die spul dan hier in sy mond uit rat uit geraak het, het hy so 'n slurp gegee, die span weer met die tong bymekaargemaak en vasgebyt en dan weer sy toespraak hervat.

Ek het destyds 'n orkes op die been gebring met Pieter Malherbe van die plaas Ezelsfontein as pensklavierspeler, Dolfie Roux wat by die spoorweë gewerk het as saksofoonspeler, Johnny Kerstein as pianis en ekself as violis. Ons het gereeld geoefen en by verskillende okkasies opgetree. Johnny kon vreeslik 'sincopate' dis nou as mens allerhande draaitjies en tierlantyntjies so al om die wysie speel sodat niemand kan uitmaak wat jy nou eintlik speel nie.

So het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie een Saterdagmiddag 'n kontreikonsert van Ceres af kom uitsaai. Ons orkes is gevra om die musiek te lewer en mnr Reid, as burgemeester, moes die verwelkomingsrede lewer. Ons is vroegtydig saamgeroep om alles voor die tyd te organiseer, maar die aand met die konsert wou dinge maar net nie vlot nie.

Toe ons orkes so 'n rukkie voor uitsaaityd 'n bietjie litte wou losmaak, was my pianis so hoog in die takke dat ons nie kans gesien het om hom voor 'n mikrofoon te laat optree nie. Ek het toe inderhaas vir Lydia Louw van die plaas Cascade, naby Prince Alfred's Hamlet, gaan haal om ons te kom uithelp. Daar sy nog nie voorheen saam met die orkes gespeel het nie, was sowel sy as ek ontsettend senuweeagtig. Boonop het sy nie ons orkes-trasie geken nie en ek sê toe dat sy maar net akkoorde moet 'vamp'.

Nadat die aankondiger die nodige gedoen het, het die orkes weggeval met 'Suikerbossie', as ek reg onthou, maar ek sou dit liefswou vergeet. Die burgemeester moes hierna sy verwelkomingsrede lewer en ek was nog besig om 'Suikerbossie' met 'n swierige, vooraf-geoefende draai af te eindig toe mnr Reid, in sy haas om sy sê te sê, my met viool en al voor die mikrofoon uit die grond uit loop. Dis toe net daar wat sy gebit uit rat uit raak en die laaste wanklanke van die viool deur sy geslurp versmoor word. Gelukkig het dit darem beter gegaan soos die aand gevorder het en ons almal meer ontspanne geraak het.

Soos elke persoon, het mnr Reid sy eie gesegdetjies en maniertjies gehad, en dit was juis die aand met die kontreikonsert dat hy sy geliefkoosde 'Let us bymakaarstaan' gebruik het, 'n sêding wat hy by elke moontlike en onmoontlike geleentheid kwyt geraak het.

Dr Meiring

Dr Hill, van wie ons reeds berig het, se praktyk is in 1943 deur dr Meiring oorgeneem. Ek het dr Meiring geken nog voordat hy na Ceres gekom het. Hy was met Retha Mouton van die plaas Watervlei, naby Wellington, getroud, en dit was juis met haar wat ek goed bevriend was voor haar troue.

My seun, Isak, was die eerste baba wat dr Meiring op Ceres in die wêreld gebring het, en dertien maande later het hy ook bygestaan toe ons tweelingdogters die eerste lig gesien het.

Daar ons goed met die gesin bevriend was, het ek dikwels daar besoek afgelê en so hul wel en wee met hulle meegemaak. So onthou ek dat ek hom eendag besoek het toe hy siek en in die bed was. Retha het hom met koue kompresse op die maag gedokter en dit was merkwaardig hoe gou hy herstel het. Ek kon die versoeking nie weerstaan om sy been oor die saak te trek nie en met my volgende besoek in sy spreekkamer gevra of ek 'dr Retha' kon spreek.

Hulle het twee seuns gehad en hy het allerhande speelgoed gekoop waarmee hulle, asook hyself, kon speel. So vind ek hulle een Saterdagmiddag op die agterstoep van die huis waar hulle besig was om 'n stoomenjintjie aan die loop te kry. Ek het die meegaande pamflet se instruksies noukeurig gelees terwyl hy hulle uitvoer en die twee seuns die petalje gadeslaan. Toe die voorgeskrewe prosedure voltooi is en die knoppie gedruk word, het die enjintjie tot ons almal se verbasing lustig voortgestoom. Ek lees toe die laaste instruksie wat soos volg lui: 'Father, do let your children play with it sometimes!' Ek kan nog sy skaam, blomende laggie voor my geestes oog sien.

Dr Meiring was 'n aangename persoon en baie beminde op Ceres – so beminde dat hy tot almal se verbasing 'n verhouding met een van sy vroulike pasiënte aangeknoop het. Hy het Ceres verlaat en van Retha geskei. Dr Lubbe, wat intussen met hom in vennootskap getree het, het met die praktyk voortgegaan totdat dr Basson in 1954 na Ceres gekom het om by die vennootskap aan te sluit.

Dr W M S Basson

Ek het dr W M S (Bill) Basson as jong seun leer ken toe hy saam op skool was met my eerste vrou, Kotie, se jongste broer, Wollie Burger.

Dr Basson se vrou, Bunny, het ek in 1944 op sonderlike wyse ontmoet toe sy nog 'n leerlingverpleegster was. Ek het die Sondagoggend ons tweelingdogters, wat toe nog net 'n paar maande oud was, in hul stootwaentjie op die grasperk by my huis op die plaas Quarta rondgestoot. Meteens hoor ek jongmense wat gil en uitbundig lag en sien 'n swetterjoel jong dames in die pad teen die bult af op fietse aangejaag kom. Een het geval en nog 'n paar bo-oor haar, en die res het in dolle vaart teen die hoogte af voortgesnel. Ek het besef dat die fietse se remme uit orde was en gesien dat hulle nooit die draai voor hulle in die pad sou kon baasraak nie. Die pad na ons woonhuis het op hierdie draai vertak en reguit na die huis toe geloop, maar die hek voor die werf was gesluit. Gelukkig het ek kopgehou, die tweeling net daar gelos, en rieme neergelê om die hek oop te maak. Ook net betyds want die fietsryers – dis te sê dié wat nie daar bo in die pad rondgestrooi gelê het nie – het die vertakking na Quarta se werf gekies en soos die wind by my verby deur die oop hek gesuis.

Terwyl en nadat die gewondes verpleeg is, het almal om die tweeling saamgedrom om dié twee wonderwerkies gade te slaan. Daar is tee bedien en 'n genoeglike uurtjie saam deurbring. Dit blyk toe dat hulle 'n groep leerlingverpleegsters was wat die naweek op Ceres kom kuier het en fietse gehuur het om die omgewing te besigtig.

Bunny was een van hierdie groep en nooit het ek kon dink dat ons paaie weer sou kruis nie, nog minder dat ons later soveel wel en wee saam sou beleef.

Dr Basson was 'n uitstekende en geliefde dokter, en was daarop gesteld dat alles volgens etiket gedoen moes word. Hoewel ons goeie vriende was het nóg hy, nóg Bunny ooit 'n pasiënt se naam in ons teenwoordigheid genoem. By tye, wanneer hy as superintendent by die plaaslike hospitaal ageer het, moes die personeel aldaar in hul spoor trap en sorg dat alles volgens regulasies gedoen word.

Hy het die gewoonte gehad om wysieloos te loop en fluit wanneer hy êrens heen op pad was, en as hy 'n pasiënt gaan besoek het, het dié hom altyd aan sy gefluitery herken soos hy die siekekamer nader.

Bill en Bunny het ook saam met ons die leed van die heengaan van my eerste vrou, Kotie, sowel as dié van haar moeder (my skoonmoeder) deurgemaak, die vreugde van my tweede vrou, Annatjie, se dogtertjie se geboorte gedeel, en tien dae later ook laasgenoemde se heengaan betreur.

Dr Basson het 'n paar vennote na mekaar gehad. Die laaste een was dr Smit, wat die praktyk oorgeneem het toe Bill na ongeveer dertig jaar afgetree en verhuis het. Soos die noodlot dit wou hê, was ek dan ook sy laaste pasiënt wat hy op Ceres behandel het. Ons

was almal jammer toe hy Ceres verlaat het, die gholfklub ook, want hy was 'n goeie speler. Daar is vandag nog van sy ou pasiënte, wat al diep in die tagtig is, wat beweer dat daar nog nie weer so 'n goeie dokter soos dr Basson op Ceres was nie.

Dr Badenhorst

Dr Munnik, wat op die hoek van Vos- en Pinestraat gepraktiseer het, se praktyk is later deur dr Badenhorst, 'n vurige Afrikaner, oorgeneem. Hy het dan ook 'n leidende aandeel in die Ossewabrandwag gehad, en was ook die stigter van Die Trekmaats op Ceres.

Dr Badenhorst was op Ceres bekend as die 'mangelmechanic' en het hom dit blykbaar ten doel gestel om 'n mangellose Ceres te skep. Een en almal se mangels was besig om hulle gestelle te vergiftig en moes onverwyld verwyder word. So is die mangelpasiënte dan versamel totdat daar so twintig of dertig was, en dan het dr Karl Bremer uit Kaapstad na Ceres gekom om die takie te kom afhandel.

Dr Badenhorst het (ek sal nie sê met hierdie doel nie) die eerste hospitaaltjie op Ceres regoor die Laerskool Gericke in Eikestraat tot stand gebring. Hoewel dit maar taamlik primitief was, het dit tog in 'n groot behoefte op die dorp voorsien en moet hy alle eer vir hierdie mylpaal kry.

Dr Van Niekerk

Dr Badenhorst het sy praktyk aan dr Van Niekerk verkoop. Hoewel dr Van Niekerk altyd stug en onvriendelik voorgekom het, is ek egter nog altyd van mening dat hy 'n introvert was en nie maklik na buite kon kommunikeer nie. In sy wese was hy 'n goeie mens. Hy het die naam Blinksteweltjies gekry omdat sy stewels altyd so mooi gepoets was. Daar is beweer dat hy self sy stewels gepoets het omdat niemand anders dit na sy sin kon doen nie.

As gevolg van sy persoonlikheid het hy baie van sy pasiënte verloor en die praktyk het al kleiner en kleiner geword totdat daar later feitlik niks van oor was nie. Sover ek kan onthou was Oom Phillip Malherbe, Pieter Malherbe van die plaas Ezelsfontein se pa, een van sy laaste pasiënte en na dié se dood glo ek nie dat dr Van Niekerk altyd genoeg kos gehad het om te eet nie. Dis so jammer, want hy was 'n goeie geneesheer.

Een aand met Hermine Pouw se verjaardag het al die vriende daar partytjie gaan hou, en oudergewoonte 'n bietjie in die voorkamer gedans. Dr Van Niekerk het juis met haar gedans toe hy 'n hartaanval kry en onmiddellik sterf. Ek sal daardie aand nooit vergeet nie, en Hermine het daarna nooit weer 'n verjaardag kon vier sonder om aan dié hartseerdag te dink nie.

Drs O'Malony, Pikkie Joubert en Chris Barnard

Dr O'Malony het ook 'n praktyk op Ceres kom open. Ek het hom as kind leer ken toe hy by ons bure, die De Marilacs, kom kuier het en ons saam in die Waboomsrivier geswem het. Hy het toe nog met krukke geloop, daar hy as kind polio gehad het. Later het hy dermate herstel dat hy, hoewel mank, wel sonder krukke oor die weg kon kom. Hy het eers sy praktyk op die suidwestelike hoek van Munnik- en Porterstraat gehad en later na die huis in die Voorstraat, waar Ant Hansie Smuts vroeër gewoon het, getrek.

Drs Pikkie Joubert en Chris Barnard het as jong dokters by dr O'Malony kom aansluit en ook later vennote in die besigheid geword. Nadat dr O'Malony Ceres verlaat het, het drs Joubert en Barnard met die praktyk voortgegaan totdat laasgenoemde later verder gaan studeer en die beroemde hartspesialis geword het wat die eerste hartoorplanting in die wêreld gedoen het. Dr Joubert het hierna verskillende vennote gehad totdat hy in 1989 afgetree het.

Naas die geneeshere dien ook die NG-predikante wat tot 1969 op Ceres gedien het vermeld te word.

Ds Du Plessis en ds De Swart

Nadat ds Van Loggerenberg Ceres verlaat het, het ds Du Plessis en ds De Swart saam die NG-Moedergemeente bedien.

Ek kan onthou hoe ons ds Du Plessis onder by die Wittebrug gaan ontmoet het en hoedat hy eers daar 'n paar woorde gespreek het. Hy het 'n baie sterk stem gehad en net daar het hy ons oortuig dat ons hom goed sal hoor as hy preek.

Ds De Swart is kort daarna beroep as medeleraar. Voordat hy gekom het, het hy eers na die pastorie kom kyk, wat ons juis besig was om op te knap in afwagting op sy koms.

Daar ek op die eiendomskommissie gedien en dus betrokke by hierdie Operasie Skoonmaak was, het ek ds De Swart en sy vrou dié dag in die pastorie ontmoet. Ek het baie van hom gehou en ons het later ook baie goed klaargekom. Hy het altyd van mense wat boeke leen en nie weer teruggee nie, gepraat as ‘goeie boekhouers’.

Soos so dikwels die geval is, het die gemeente se probleme ook saam met die twee predikante gekom. Daar was maar gedurig haakplekkies en dit was my vermoede dat die oorsaak meestal eerder tussen die twee pastoriemoeders as tussen die leraars gesoek moes word. Hoe dit ook al sy, dit het soms deurgeskemer dat die verhoudinge nie altyd was soos dit moes wees nie, maar om so ’n saak reg te benader word Salomo se wysheid benodig. Die veilige weg is maar om voor te gee dat jy niks opmerk nie terwyl almal weet dat alles nie pluis is nie.

Ds Du Plessis en De Swart het ons verlaat en is opgevolg deur ds Coetzee. Baie jare later het ek ’n begrafnis in die Strand bygewoon waar ds De Swart, as emeritus, die begrafnisrede gehou het. Na die verrigtinge het ek hom gaan groet en hy was tog te bly om my te sien. Ons het lank gesels en kort-kort sê hy: ‘Man, maar jy lyk goed.’ Hy het my genooi om saam met hom huis toe te gaan, maar ek was te haastig en moes die uitnodiging van die hand wys. Dit was tot my spyt, want die volgende begrafnis wat ek in die Strand bygewoon het, was syne. Toe ek mev De Swart ’n handdruk gaan gee, het sy my vertel hoe hy die vorige keer vir haar kom vertel het dat hy my weer ontmoet het en dat ons so lekker gesels het.

Ds Jan en mev Retha Coetzee

Na die afskeiding van die Kouebokkeveld-, Hamlet- en Ceresvalleigemeente het die Ceres-Moedergemeente weer net een predikant gehad, en so was ds Coetzee en sy eerste opvolger weer alleenheersers.

Ds Jan Coetzee het in die vyftigerjare die bediening van die NG-Moedergemeente op Ceres oorgeneem. Hy en sy vrou, Retha, was twee mense wat diep spore op Ceres getrap het en ook hier afgetree het. Ek was ook diaken gedurende sy bediening en het heelwat saam met hulle deurgemaak. Hy was ’n uitstekende prediker en jy het selde, indien ooit, gesien dat hy van notas gebruik maak. Wat meer is, hy het die kuns verstaan om jou wakker te hou tydens sy preke deur gedurig sy stem te wissel, dan hard en dan weer fluisterend sag. Hy het self vertel dat, as hy sien dat die mense vaak raak en so hier en

daar 'n ultjie knip, hy eers sy stem sag maak en dan weer bulderend hard. Op dié manier het hy my ook 'n paar keer in die bank laat wip soos ek skrik.

Hy het 'n wonderlike humorsin gehad en was goeie geselskap, maar kon ook soms sy humeur verloor en dan taamlik lelik wees – tog so menslik.

Mev Retha Coetzee was 'n mooi en ook 'n joviale mens en het almal aangespreek as 'Poppie', met die gevolg dat sy later self die bynaam Poppie gekry het. Sy was 'n flukse vrou wat oral die voortou geneem het, maar soms was daar van die dames wat ontevrede was omdat sy, na hulle mening, te veel besluite op haar eie geneem het. Hoe dit ook al sy, die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes was haar baba en daar het sy haarself uitgeleef tot die laaste toe.

'n Verjaardag het ds Jan en mev Retha nooit vergeet nie en ek het elke jaar 'n kaartjie van hulle op die regte tyd ontvang met die pragtigste boodskappies daarop. Nadat hy sy emeritus ontvang het, het hulle op Ceres afgetree en hier bly woon.

Predikante van die Moedergemeente na afloop van die aardbewing

.....

Nadat ds Coetzee sy emeritus ontvang het, het die Moedergemeente seker 'n rekord daargestel deur ek meen dit was sestion beroepe uit te bring alvorens ds Boshoff aangeneem het. Hy was eers 'n onderwyser voordat hy verder vir predikant gaan studeer het, en Ceres was die eerste gemeente wat hy bedien het. Hy het net na die aardbewing van 1969 hierheen gekom.

Gedurende sy bediening het die moedergemeente sodanig gegroei dat dit nodig geword het om 'n tweede leraar te beroep. Ds Longland van Stampriet in die destydse Suidwes-Afrika (nou Namibië) is as medeleraar na Ceres beroep, en daar dit so 'n onbekende van was, het iemand my in alle eerlikheid gevra of dit ds Longland van Stampriet was of ds Stampriet van Longland.

Ds Boshoff het later 'n beroep na die Paarl aangeneem en ds Louw het hom op Ceres opgevolg. Ds Longland is later deur ds Marais opgevolg.

Nou word dit eers weer tyd dat ek oor Ceres se gewone mense berig. Nico Vos was 'n bouer en 'n goeie vriend van my. Hy het eers by mnr Vlotman se bou-aannemery gewerk en later 'n vennoot in dié besigheid geword. Nico is later met Oom Willie Louw se dogter getroud.

Eendag het 'n paar van ons saam met Nico Kaap toe gery om na een of ander groot rugbywedstryd op Nuweland te gaan kyk. Ons is die oggend taamlik vroeg van Ceres af weg met die doel om eers die Kaap op horings te gaan neem voordat ons gaan rugby kyk.

Destyds moes 'n mens van Ceres af deur die Paarl en etlike voorstede ry om in die Kaap te kom en, soos vandag ook die geval is, was daar maar gedurig 'spietkops' op die pad om niksvermoedende reisigers in spoedlokkvalle te vang. Die verskil was net dat hulle mens toentertyd twee-twee, maar so 'n ent uit mekaar uit, elk met 'n stophorlosie in die hand agter die pilaartjies en muurtjies voorgelê het. Soos jy by eers die een en dan die ander verby ry, druk elkeen respektiewelik hul stophorlosies. 'n Derde konstabel stop jou dan 'n ent vorentoe en dan moet jy wag totdat die ander twee met die twee tikkende horlosies aangestap kom. Die twee horlosies se knoppies word dan ter aanskoue van die oortreder teenmekaar gedruk om hulle te stop, en die verskil in tyd bepaal die spoed wat jy gery het.

Nico, wat dikwels vir besigheid Kaap toe moes ry, het min of meer geweet waar die geregsmanne gewoonlik stelling ingeneem het, en soos ons vorder, het hy ons telkens ingelig wanneer ons vir hulle op die uitkyk moes wees. Elke keer as ons een sien, het Nico by hom stilgehou en ewe onskuldig gevra of die man dan nie asseblief vir hom kan sê hoe laat dit is nie.

In Kaapstad aangekom, het ons eers by die Delmonica-kafee gaan teedrink, 'n asbakkie daar gegaps, en daarna teruggestap na die Parade waar ons die motor geparkeer het. Op pad motor toe het ons, soos mans maar maak wanneer daar nie dames by is nie, vreeslik geraas en grappe met die verbygangers gemaak – wat almal gelukkig in 'n goeie luim aanvaar het. Hulle kon sien dat ons van die plaas af kom en het seker maar gemeen dat ons nie juis van beter weet nie – wat waarskynlik ook 'n korrekte afleiding sou gewees het.

Ds Pienaar, emeritus-predikant, wat op Ceres gewoon het, was ook saam met ons. Hy was toe al 'n bejaarde man en het die pretmakery terdeë geniet, maar kon as gevolg van sy status en kleredrag nie meedoen nie en het altyd so 'n paar tree agter ons aangekom asof hy nie by ons hoort nie. Op Nuweland se pawiljoen moes hy egter maar tussen ons sit en

in die verte staar asof hy nie weet wat om hom aangaan nie. Hy was egter gaaf genoeg om nie ons pret te bederf nie.

Manie Swarts

.....

Manie Swarts het in die vyftigerjare 'n vervoerbesigheid op Ceres gehad. Teen dié tyd het die karweiers nie meer met drie- of vierton-vragmotors gery nie maar met twintigton-gedrogte wat ook nog twintigton-sleepwaens getrek het. Die vervoerregulasies was toe ook al heelwat opgeknep en die bestuurders van hierdie groot vragmotors moes ook swaarvoertuiglisensies besit.

Eendag was een van Manie se bestuurders siek en daar was nie ander genade nie, Manie moes maar self instaan en die vragmotor bestuur. Juis op dié dag het hy 'n vreeslik omgekrapte maag gehad wat aanmekaar gekramp en gegor het, maar hy moes maar vir lief neem en die ongemak verduur want die goedere moes afgelewer word. Op pad staan daar toe twee dienspligtiges wat duimgooi, en daar sy eie seun ook in daardie tyd sy diensplig gedoen het, het Manie dit sy plig geag om die twee te help.

Met dié dat sy maag so ontsteld was, het hy nie lus gehad om te gesels nie en beduie toe met sy hande aan die twee rylopers dat hy doof is en dat hulle maar moes inklim. Soos hulle ry, sit die twee dienspligtiges heerlik met mekaar en gesels terwyl arme Manie net die hele tyd moet walgooi teen die woelinge in sy maag. Dit was nie lank nie of hy voel dat die winde begin loskom en uitkoms soek, en kon dit later nie verhelp om so 'n opgeskote een met donderende vreugde te laat ontsnap nie. Die twee dienspligtiges was eers stomgeslaan, maar toe merk een van hulle verontwaardig op: 'Sies, hoe skyt so 'n dowe dônner!' Manie moes noodgedwonge uitbars van die lag en net daar het sy doofheid tot 'n einde gekom.

Oom Dawie Malherbe

.....

Oom Dawie Malherbe was van toeka af bekend as 'n regte korrelkop. Hy het vroeër die plaas Achterfontein besit, maar later in die dorp kom woon. Hy was ook die eienaar van die plaas De Rust in die Warmbokkeveld, maar het nooit self daar gewoon nie. Hy het sy seun, Flip, as De Rust se plaasbestuurder aangestel. Flip het De Rust geërf nadat Oom Dawie oorlede is, maar die plaas omtrent onmiddellik daarna verkoop. Maar ek loop my storie vooruit.

Toe Oom Dawie van sy plaas Achterfontein dorp toe getrek het, het hy die perseel in Owenstraat waarop die ou watermeul vroeër gestaan het, gekoop. Hy was ook die eienaar van etlike geboue op Ceres wat hy verhuur het, onder andere ook die gebou wat hy spesiaal vir Volkskasbank laat inrig het. Hierdie gebou is op 'n perseel wat regoor die munisipale kantore in Voortrekkerstraat (vroeër die Voorstraat) geleë is. In die vroeë vyftigerjare het daar drie pragtige eikebome reg voor dié bank gestaan.

Met verloop van tyd het die Volkskasgebou krake in die mure gekry en Oom Dawie het dit toegeskryf aan die wortels van die drie eikebome wat, volgens hom, onder die fondamente van die gebou sou ingegroei het. Hy het derhalwe die munisipaliteit met die versoek genader om die bome te verwyder omdat hulle sy gebou beskadig het. Nadat die munisipaliteit regsadvies ingewin het, het hulle Oom Dawie meegedeel dat hulle nie hul weg oopsien om aan sy versoek te voldoen nie. Aangesien die meeste van Ceres se strate destyds nog met eikebome beplant was, het die munisipaliteit gevrees dat daar 'n president geskep kon word indien hulle stilswyend verantwoordelikheid sou aanvaar.

Oom Dawie was egter nie met hierdie besluit gediend nie en het daar en dan besluit om 'n saak teen die munisipaliteit aanhangig te maak. En so het daar in 1951 op Ceres 'n hofsaak ontstaan wat opslae deur die hele land gemaak het en ook voorbladnuus in die koerante was. Dit het bekend geword as die 'Saak van die eikebome'.

Soos dit maar met alle hofsake gaan, het dit later nie net by die barste in die mure gebly nie, maar is daar ook bykomende sake aangevoer soos dat die koste verbonde om die geute van die gebou skoon van blare te hou vir Oom Dawie, volgens sy eie berekening, soveel as sestion sjielings per jaar gekos het.

Ondanks Oom Dawie se dapper poging het hy egter sy saak verloor. Maar hy het onmiddellik appèl teen die uitspraak aangeteken. Op dié stadium was daar al groot geld ter sprake maar Oom Dawie was vasberade om die munisipaliteit, soos hy gesê het, 'op hulle plek te sit'.

Die appèlsaak is aanhangig gemaak, inspeksie is ter plaatse gedoen, en die saak het voortgesleep terwyl die kostes opgeloopt het. Ten einde laaste het Oom Dawie weer eens sy saak verloor en moes hy sy eie koste sowel as dié van die munisipaliteit betaal – wat heelwat meer as sestion sjielings beloop het. Daar is destyds beweer dat Oom Dawie sowat vyf duisend pond moes opdok, wat vir daardie dae baie geld was. Met daardie bedrag kon mens destyds 'n skaflike huis bou.

Dit dan die 'Saak van die eikebome' soos dit aan my vertel is. Maar net om seker te maak

het ek die hofstukke van die saak nagegaan, waaruit dit blyk dat dié oorlewering nie heeltemal met die waarheid strook nie.

In werklikheid het Oom Dawie die oorspronklike hofsaak verloor maar nie die interdik teen die munisipaliteit gekry soos hy versoek het nie. Party van die kostes moes wel deur die munisipaliteit betaal word, en in sy uitspraak op 30 Maart 1951 het die regter ook die munisipaliteit opdrag gegee om die bome se takke wat oor die gebou gehang het, te verwyder.

Miskien sou die saak baie makliker opgelos kon gewees het indien die munisipaliteit destyds ‘hulle kop gebruik het’. Voor Oom Dawie se woonhuis in Owenstraat het daar net so ’n pragtige eikeboom gestaan waarop hy baie heilig was, omdat hy altyd sy motor in dié se koelte parkeer het. Mens wonder dus wat sou gebeur het indien die munisipaliteit Oom Dawie in kennis sou gestel het dat hulle die bome voor Volkskas sou verwyder asook dié een voor sy woonhuis – voordat laasgenoemde ook sy huis se mure laat kraak!

Dit was nie lank na die ‘Saak van die eikebome’ nie dat Oom Dawie ’n tweede keer swaarde met die owerhede gekruis het. Dit was die dag toe die Provinsiale Administrasie die nuwe pad na Calvinia en die Karoo regoor sy plaas De Rust kom staan en afsteek het. Oom Dawie was baie omgekrap dat die ‘goeie’ grond van sy plaas deur so ’n breë nuwe pad in beslag geneem moes word, en was van mening dat hulle mos eerder breë paaie in die Karoo kon bou waar die grond goedkoop is, maar waarom nou juis hier in die Warmbokkeveld op sy duur plaasgrond?

Om sy misnoeë oor die saak te kenne te gee laat Oom Dawie toe ’n groot plaasdam afsteek net daar waar die pad langs moet loop en laat dit ook somar klaar bou. Sodoende, het hy geredeneer, sal hulle verplig wees om die pad te verlê, en het al loop en vertel hoe lekker hy die Administrasie uitoorlê het.

Hy het hom egter deeglik misgis, want toe hy weer sien, steek die Administrasie ’n brug regoor sy dam af. Hy is toe kennis gegee om die hoogte van die damwal te verstrek sodat die brug volgens die stand van die water in die dam ontwerp en gebou kon word. Oom Dawie was egter nie van plan om hom so maklik te laat vang nie en was slag gereed vir hulle. Hy gee toe ook ’n hoogte vir die wal aan, waarvolgens die brug toe ook beplan en gebou is.

Om Dawie het skaars gewag totdat die brug voltooi is, toe hy sowel die damwal as die uitloop vir die water verhoog en daarmee veroorsaak dat die brug te laag in verhouding met die stand van die water geword het. Hy was egter nog besig om in sy mou te lag toe hy kennis van die Administrasie kry om die damwal na die oorspronklike hoogte, soos

deur hom aangegee, te verlaag. Versuim om dit te doen sou veroorsaak dat regstappe teen hom geneem sou word waarvoor hy alle kostes sou moes dra. Oom Dawie het eers geweier en, as ek reg onthou, gesê dat hulle maar moet voortgaan met hulle ‘stappe’, want dit was sy grond en sy dam en hy sou dit so groot maak soos hy wou.

Maar, moontlik gedagtig aan die ‘Saak van die eikebome’, het sy selfvertroue ietwat geknak en hy het later maar die damwal weer na die oorspronklike hoogte laat afskaal. Dié dam met die brug daaroor bestaan vandag nog op die Calviniapad tussen Ceres en die voet van die Theronbergpas.

Oom Dawie het die manier gehad om almal met wie hy praat ‘Uncle’ te noem en het, soos hy ernstig oor ’n saak raak, die luisteraar voortdurend met die een hand voor die bors gestoot. So het hy my eendag op die stoep van die poskantoor raakgeloop waar ek my pos uit die posbus kom haal het. Toe ek omdraai, het Oom Dawie voor my kom stelling inneem en een van sy ernstige sake aangeroei. Daar ek met my rug teen die ry posbusse gestaan het was daar nie padgeekans nie. Oom Dawie het my aaneen met die hand voor die bors begin stoot sodat dit algaande moeiliker geraak het om op ons gesprek te konsentreer. Met elke stoot teen my bors het my rug ritmies dog pynlik teen die posbusse gestamp.

Oom Dawie se vrou, Ant Miemie, was vir baie jare siek en bedlêend, maar Oom Dawie het haar vooruitgegaan.

Jan Theron

.....

’n Persoon wat sekerlik gemeld moet word, is die legendariese Jan Theron. Hy het op Moorreesburg grootgeword en het na Ceres gekom om onder mnr Reid by Luyt & Kie as klerk te werk. Nadat mnr Reid sy eie besigheid in Vosstraat begin het, het Jan daar by hom gaan werk.

Jan Theron was ’n joviale persoon, altyd vriendelik en opgewek en alombekend en -bemind. Hoewel dit hom aan katterkwaad nie ontbreek het nie, was Jan nogtans altyd ’n heer. Sy drankies het hy geniet tot by ’n perk deur homself vasgestel, en niks kon hom beweeg om ‘nog net enetjie’ te drink as hy sy perk bereik het nie.

In sy kaskenades saam met die ander jongmanne het hy op een tydstip ’n gemiddeld van omtrent een motorongeluk per maand gehad, maar niemand is ooit dood of ernstig beseer

nie. Hy het destyds 'n Packard-sportmotor gehad waarmee hy die wêreld platgejaag het – met 'n beskermengeltjie op sy skouer.

Toe Michellspas die eerste keer herbou is, het Jan Theron en Sakkie Jooste een aand met hulle meisies oor die pas gery om êrens te gaan kuier. Met hulle terugkeer het Jan 'n uitstaande rots in die pas getref en is die motor teen die berghang afgestamp. Gelukkig was daar 'n groot plat rots net so 'n bietjie laer as die pad, waarop die motor toe sonder teenspoed tot rus kom. In die stikdonkerte klim Sakkie toe uit die motor, trap oor die rand van die rots, tuimel dertig voet na benede en breek sy arm. Jan het hom later gevra of hy dan nie tevrede was met die ongeluk soos hy dit beplan het nie.

Jan het later met 'n nooi Van der Westhuysen getrou, en nadat hulle twee seuns gehad het, is sy oorlede. Daarna is hy met Joan, 'n niggie van sy eerste vrou, getroud, by wie hy ses dogters en een seun gehad het.

In daardie dae het ons nog nie sulke rygoed soos bakkies gehad nie. Om daarvoor te vergoed het party mense somar 'n ou motor se bak agter die voorste sitplek afgesny en dan 'n houtbak op die agterste deel van die onderstel gebou. Toe Jan eendag deur Wellington ry, trek 'n ou oom by 'n vulstasie uit en ry reg voor hom in. Jan was so onverhoeds gevang dat hy die oom se motor 'n lekker stamp van agter gee. Hy klim toe maar uit, stap nader en sê heel onskuldig: 'Tag Oompie, nou kan jy darem vir jou 'n lekker viskarretjie maak, nè!'

Jan se sake het later sodanig verbeter dat hy vir hom 'n motorhawe opgerig het – eers op die hoek van Oranje- en Vosstraat waar mnr Havenga vroeër sy motorhawe bedryf het en later op die hoek van Pine- en Vosstraat waar vroeër mnr Estermann en later die Joodse rabbi gewoon het. Hy het met Mercedesse en Volkswagens gehandel.

Hy het goeie sakevernuf gehad en sy motorhawe het floreer, maar ongelukkig het sy gesondheid hom later in die steek gelaat. As gevolg van swak bloedsomloop moes albei sy bene bokant die knieë afgesit word, waarna hy op 'n rystoel aangewese was.

Na sy operasie het Andries (Vann) van der Westhuysen en Johan (Soppies) Hauptfleisch hom by die hospitaal in Kaapstad gaan haal. Om die tragiese omstandighede te probeer verbloem, het hulle hulleself ewe vrolik voorgedoen, maar hulle het nie met Jan rekening gehou nie. Hulle het eers al Jan se besittings uit die hospitaalsaal na die motor gedra en toe vir Jan self gaan haal. Dis tóe dat Jan vir Soppies sê dat hy agter die deur moet kyk want sy twee bene staan nog daar en of Soppies hulle nie ook asseblief sal saambring nie. Net daar het Soppies se aangeplakte opgeruimdheid soos mis voor die son verdwyn en

moes hy vinnig by die venster gaan uitleun. Dié was een van Jan se geliefkoosde stories wat hy oor en oor met smaak kon vertel.

Kort daarna het Vann en Soppies vir Jan 'n rystoel by die mediese depot in Kaapstad gaan haal. Toe hulle die rystoel by die depot op die sypaadjie uitstoot, het Vann met sy logge liggaam daarin plaasgeneem en het Soppies hom die straat af tot by die motor se parkeerplek gestoot. Sover as wat hulle gaan, was die voetgangers hulle behulpsaam. By die straatkruisings word hulle gehelp om die rystoel van die sypaadjie se rand af en op te tel, die verkeer hou stil om hulle kans te gee om die straat oor te steek, en dit gaan net voor die wind. By die motor op die Parade aangekom staan Vann toe ten aanskoue van 'n klomp eers verbaasde en daarna verontwaardigde toeskouers doodluiters uit die rystoel uit op, en help Soppies om dit op te vou en agter in die motor se katebak te bêre. Asof niks skort nie vertrek hulle toe terug Ceres toe.

Jan het hom ongelooflik goed by sy omstandighede aangepas en sy besigheid ongesteurd voortgesit. As jy hom vra hoe dit met hom gaan, het hy altyd gesê: 'Op my wiele, op my wiele!' Hy het sy motor sodanig laat aanpas dat hy dit self kon bestuur, hoewel meer besadig as vroeër.

Na sy operasie moes hy ophou met rook, maar het nog skelmpies so nou en dan 'n dampie gemaak. Dit moes natuurlik by die werk geskied want Joan het tuis 'n streng ogie oor hom gehou. Wanneer hy sigarette, 'n koerant of iets dergeliks op pad werk toe wou koop, was daar altyd iemand wat hom te hulp gesnel het. Hy hoef maar net voor die kafee stil te gehou het, of enigeen daar naby het gewoonlik na sy motor toe oorgestap om te hoor wat hy nodig het. Die bestelling en geld is dan by Jan geneem en die nodige is weer by hom in die motor afgelewer.

Baie van sy vriende het kort-kort vir 'n rukkie by sy kantoor ingedraf om 'n paar woordjies met hom te gesels. Meesal wou hulle belangstelling toon en hom opbeur, maar ek het soms gevind dat dit met my net andersom werk as wat my bedoeling was, en dat hy my bemoedig het in stede van ek vir hom.

Jan het in 1987 in sy rystoel by sy motorhawe aan 'n hartaanval beswyk, en so het hierdie kleurvolle karakter ons onverwags verlaat.

Dr H A Reinach

.....

Dr H A (Herman) Reinach het as jong tandarts na Ceres gekom, en hoewel ek heelwat

ouer as hy was, het ons groot vriende geword. Hy het dikwels vir my om raad kom vra en altyd gesê dat ek vir hom 'n tweede vader was.

Herman is later as lid van die munisipaliteit verkies en het weldra Ceres se burgemeester geword. Sy praktyk het floreer en hy het 'n gesiene persoonlikheid op Ceres geword.

Later het Herman, sy vader, Boet Botha en ek die plaas Wolwekloof naby die Wittebrug en die plaas Mostertshoek gekoop met die doel om 'n vakansieoord vir kleurlinge daar te ontwikkel. Nadat ons na meer as twee jaar nie 'n permit van die regering vir dié doel kon kry nie, het ek my aandeel aan Herman verkoop omdat ek geen rente op my belegging gekry het nie. Later het hy tog daarin geslaag om so 'n permit te bekom en het 'n pragtige kompleks daar opgerig wat goed aftrek gekry het. In 1991 het hy Wolwekloof aan die een of ander streekdiensteraad vir meer as 'n miljoen rand verkoop, waarna dié raad self die vakansieoord bedryf het waarvoor hulle ons destyds nie 'n permit wou toestaan nie.

Herman het hom ook op die boerderygebied begewe, L'Île de France-skape van Frankryk af ingevoer, die plaas Prinshof in die Warmbokkeveld gekoop en daar stoetskape geteel. Hy het bekendheid verwerf vir die goeie skape wat hy geteel het en weldra een van die land se bekende telers geword.

Intussen het Herman verder gaan studeer, 'n ortodontis geword en na Bloemfontein verhuis vanwaar hy verskillende dorpe bedien het. Op gevorderde leeftyd het hy van sy vrou, Petro, geskei en daarna met 'n baie jong dametjie getrou.



Ceres van gister in puin

Die aardbewing van 29 September 1969 was 'n ondervinding wat enige mens wat dit deurgemaak het seker nooit sal kan vergeet nie. Dit was dan ook dié gebeurtenis wat aanleiding gegee het tot die boekstaving van die kosbare herinneringe aan die Ceres van gister wat binne een nag van die aardbodem verdwyn het.

Quarta skud en bewe

Hoeveel keer het mense my nie al gevra nie wat my gewaarwordings was gedurende daardie vyf-en-vyftig sekondes wat die aarde onder my gebokspring het en alles wat los was, en baie wat vas was, rondgestrooi het – toe mure om jou ineengetuimel het en die omliggende brandende berge jou in 'n kraal van vuur vasgekeer het.

My antwoord was, en sal altyd wees, dat die grond onder mens se voete die enigste vaste ding is wat jy het, en wanneer dit aan die beweeg raak en daar niks is waaraan jy kan vashou nie, word jy soos 'n dier. Party van ons het gouer as ander tot verhaal gekom, maar dit was ongelooflik om te sien hoedat sommige van ons die kluts heel kwyd geraak het.

Daar was byvoorbeeld die geval van die motorhuis waar die agtien duim dik betonlatei bokant die deur uitgeskud en agter die motor wat in die motorhuis geparkeer was, te lande gekom het. Die verskrikte eienaar het in sy angswaas die motor aan die gang gèsit, in trurat bo-oor die latei gery sodat die swart bandmerke daaroor gelê het, die pad gevat, uit die dorp uitgejaag en sy vrou en kinders net so op die sypaadjie laat staan. Hulle is

later deur ander mense opgelaai en saamgeneem, want om een of ander rede wou almal uit die dorp uit vlug.

Die meerderheid van Ceres se inwoners het in die rigting van Calvinia gejaag tot by 'n hoogtetjie buite die dorp. Dit het dan ook nie lank geduur voordat hierdie hoogte die naam van Bangbroekhoogte gekry het nie.

Die naskokke van die aardbewing was ontsettend en het soos gewerskote geknal, en hierdie skokke het die geboue al meer en meer uitmekaar laat bars. Dié skokke het maande voortgeduur en vandag, na byna dertig jaar, kry ons soms nog ligte skokke.

Ek het net die dag voor die aardbewing van Nieu-Seeland, waar ek op 'n sending van die Sagtevrugteraad was, teruggekeer. As gevolg van die vermoeiende vlug kon ek nie daardie nag goed slaap nie, en het op die dag van die 29ste September na 'n goeie nagrus uitgesien. Ons is die aand vroeg bed toe en was reeds om vyf minute oor tien aan die slaap toe die geweldige slag met die daaropvolgende trillings ons omgewing tref.

Ek het, snaaks genoeg, dadelik geweet dat dit 'n aardbewing was, maar my pogings om uit die bed op my voete te kom was vergeefs. Die bed het heen en weer oor die vloer gedans en ek kon nie vastrapplek kry nie. Intussen kon ek hoor en sien hoe stukke pleister en die portrette van die mure afval, en die kaste vorentoe en agtertoe wieg terwyl die kasdeure oop en toe geswaai het.

Toe ek uiteindelik uit die bed uit kon kom het ek eerste aan ons foksterriërhondjie wat in die kombuis voor die Agastoof geslaap het, gedink. Ek het kaalvoet met net my pajamas aan gehardloop om haar te gaan haal, haar opgeraap en na buite rieme neergelê waar my vrou, Annatjie, reeds op die grasperk gewag het.

Toe ek buite kom en sien dat die berge met 'n eienaardige gloed reg rondom ons brand, het ek eers gedink dat daar 'n vulkaniese uitbarsting moes gewees het en dat ons in die middel van die affêre vasgevang was. Gelukkig het my gesonde verstand my laat besef dat, indien dit die geval sou wees, ons nie meer sou geleef het nie. Die eienaardige gloed van die vlamme is veroorsaak deur die stof wat die lug gevul het, maar wat ons nie in die donker kon sien nie.

Soos ons daar op die gladgesnyde grasperk gestaan het, het ons telkens sonder rede vooroor geval en nie geweet wat aan die gang was nie. Later het ons eers gehoor dat dit S-golwe was wat onder ons deur beweeg het en die grond onder ons voete soos 'n wafferse oseaan laat duin het.

Ceres se elektriese kragtoevoer is onmiddellik onderbreek, maar ons het gelukkig nog krag op die plaas gehad daar ek destyds nog my eie kragopwekker gehad het.

My seun, Isak, wat destyds lid van die Kommando was, is feitlik onmiddellik in dié hoedanigheid opgeroep om op Ceres te gaan diens doen. Die Kommandolede het eers al die huise nagegaan om seker te maak dat daar nie brande ontstaan het nie. Daarna moes die hoofkraan by die opgaardam in die berg, waar Ceres sy water vandaan kry, toegedraai word. Party van die toevoerpype na die dorp het gebreek en het nie net gedreig om 'n deel van die dorp te oorstrom nie, maar ook om die dam te laat leegloop – en water was reeds op dié stadium 'n onontbeerlike oorlewingsbron. Dit was nie 'n maklike taak nie, want soos die Kommandolede teen die voetheuwels opgeklim het, is hulle gebombardeer met rotse en klippe wat bo in die berg losgeruk is en op hulle afgepyl het, terwyl die skurende klippe sover as wat hulle val, die omgewing om hulle verder aan die brand gestee het.

Terwyl ons nog half verdwaasd op die grasperk rondstaan, het dit my bygeval dat ek vir ons klere in die huis sal moet gaan haal want ons was almal nog in ons nagklere geklee. Maar elke keer as ek by die voordeur wou instap, het die wêreld weer aan die skud en ruk gegaan en moes ek maar weer die aftog blaas. Na talle onvrugbare probeerslae het ek besluit om vas te byt en kon tot in ons slaapkamer vorder. Min het ek geweet dat die klere wat ek daar geneem en buite gaan aantrek het, ek vir 'n week nie weer sou uittrek nie.

Dieselfde nag nog het etlike motors by ons op die plaaswerf opgedaag, almal tot barstens toe gevul met vriende en kennisse wat uit Ceres na ons gevlug het met die hoop dat dit hier rustiger sou gaan. Hoewel dit nie die geval was nie, het die blote samesyn baie gehelp om die verskriklike vrees in 'n mate te versag.

Die mense, waarvan heelparty bejaardes was, het eers verdwaasd in hulle motors wat met die skuddings heen en weer gewieg het, bly sit. Ons het besef dat 'n nuwe verantwoordelikheid ons hier in die oë staar en het dadelik begin help om die mense uit die motors te kry en op die grasperk te laat plaasneem. Later, toe ek meer moed bymekaar kon skraap, het ek dit weer in die uitmekargebarste huis gewaag om komberse te gaan haal sodat ons die mense meer gemaklik vir die nag kon maak. Ek het ook sommer 'n bottel whiskey, wat ek nog die vorige dag vir 'n vriend uit Nieu-Seeland saamgebring het, opgeraap. Buite gekom, is komberse en sopies aan die mense uitgedeel, laasgenoemde om ook die geestelike 'n bietjie te versterk. Dit was 'n lang nag waarin niemand juis aan slaap gedink het nie.

Noodmaatreëls

.....

Die volgende oggend met ligdag toe dinge ietwat bedaar het, was die eerste tekens van die skade sigbaar. Buite het die skoorsteen langs die huis op die grond gelê. Die strooi van die strooidak het by die een gewel uitgeskud, 'n groot gat in die dak gelaat en ook op 'n hoop langs die huis op die grond gelê.

Toe ek die huis binnegaan, was ek stomgeslaan by die aanskoue van soveel verwoesting. In die eetkamer waardeur ek die vorige aand gehardloop het om ons hondjie in die kombuis te gaan haal, het die muurkaste se deure oopgeskud en Annatjie se flesse ingemaakte vrugte, groente en konfyt het aan skerwe in 'n taai hoop op die vloer gelê. Dit was nie daar toe ek vroeër daar deur is nie, want anders sou my kaalvoete aan flarde gesny gewees het. Kaal stene het my met 'n grynsag begroet waar die pleister van die mure afgeval het en nog steeds besig was om af te val en in hope op die vloer te versamel.

'n Onbeskryflike gevoel van verslaenheid het my oorval. Dit het gevoel asof my hele lewe in 'n ashoop voor my lê. Gelukkig was daar werk en verantwoordelikhede wat my uit hierdie bui van mismoedigheid terug na die werklikheid geruk het.

Ek was destyds voorsitter van Ceres se tak van die Rooikruisvereniging en het dadelik saam met Annatjie, wat die sekretaresse was, probeer om met die hoofkantoor in Kaapstad in verbinding te tree. Nodeloos om te sê was alle telefoon- en ander kommunikasie-verbinding tot niet. Ceres was van die buitewêreld afgesny. Ons het toe maar besluit om solank 'n noodkamp op my plaas, Quarta, op te rig en het summier aan die werk gespring. 'n Geskikte plek is kort by die woonhuis uitgesoek, water is soontoe aangelê, en putstelsel- sanitêre geriewe is aangebring.

Maar ons het besluit om die haweloses en vlugteling wat die vorige nag en nog daardie oggend in sarsies by ons opgedaag het, vir eers op die groot grasperk voor die huis te laat slaap. Ons kombuis was nog bruikbaar en die Agakoolstoof, hoewel dit 'n ent van die muur af weggeskuif het, was ook nog in werkende toestand. Daarby het ons Aga-waterverwarmingstoestel ook nog gewerk en ons was dus heelwat beter daaraan toe as die dorpsmense wat sonder krag en warm water moes klaarkom.

Annatjie en ek was so besig met reëlins tref dat ons eers die volgende dag teen die aand se kant 'n blaaskans kon kry om dorp toe te ry. Weer eens was ons sprakeloos ten aanskoue van die verwoesting wat die aardbewing daar gesaai het. Teen daardie tyd van die dag was heelwat mense reeds weg Bangbroekhoogte toe om die nag daar in hulle motors te gaan slaap, maar daar was andere wat geheel en al haweloos was.

Op die sypaadjie voor hul verwoeste spoghuis het ons 'n vrou en haar kinders gevind wat op bondels komberse gesit het. Ons het hulle goed geken en stilgehou om na hulle omstandighede te verneem. Sy vertel ons toe dat haar man en haar getroude seun in die tou gaan staan het om te wag vir tente wat per vragmotor uit Kaapstad gebring sou word, maar niemand het geweet hoe laat die vragmotor daar sou aankom nie. Ons het hulle dadelik genooi om maar liewer by ons op die plaas se grasperk te kom slaap. So het dié gesin, die seun met sy familie asook 'n paar van hulle werknemers deel geword van die mense wat 'n ruk lank by ons op die grasperk kom oornag het. Die vragmotor wat die tente sou gebring het, het ook nooit opgedaag nie. Ons het later gehoor dat dit op pad Ceres toe met tente en al uitgebrand het.

Die daaropvolgende paar nagte het 'n hele aantal gesinne met honde, katte en al by ons op die plaas kom slaap. Elkeen het sy eie komberse gebring en ons het somar so op 'n ry op die grasperk bed gemaak. Die honde was vir my 'n openbaring. Hier was van alle groottes en soorte teenwoordig, maar die hele spul het in die grootste harmonie verkeer. Elke hond het getrou by sy baas se bed gaan plek inneem en gedurende hierdie tyd het daar nooit 'n enkele hondegeveg plaasgevind nie. Hulle het nie eens vir mekaar gegrom nie.

Eers toe die telefoonverbindings na 'n paar dae weer herstel is kon ons met die Rooikruis-hoofkantoor in Kaapstad in verbinding tree. Reëlins is getref om noodhulp te verleen. Ek het my plaasvragmotor na Kaapstad gestuur om tente te gaan haal. Dié het ons in die noodkamp wat ons reeds voorberei het, opgeslaan en 'n hele paar gesinne, onder andere ook dié wat ons op die sypaadjie voor hulle huis op die dorp gevind het, het daarna hul intrek daar geneem.

Ek het vroeër gemeld dat ek die klere wat ek die nag met die aardbewing aangetrek het vir 'n week nie sou uittrek nie. Saans het ons somar buite by een van die krane op die grasperk gesig gewas en tande geborsel. Ek het my stewels uitgetrek en net so onder die blote hemel onder die komberse ingeklim en van vermoeienis en ontsteltenis soos 'n klip geslaap. Soggens was my gesig en hare waternat van die dou en dan het ek net my gesig afgedroog, my hare gekam en my stewels aangetrek. Toe daar later tente uit Kaapstad aangekom het, is twee daarvan aan ons afgestaan. Dié het ons op die grasperk opgeslaan sodat Annatjie en ek, en my seun, Isak, en sy gesin ook uiteindelik 'n dak oor ons koppe gehad het.

En toe kom die groot reën. Dit is eienaardig dat daar so dikwels na aardbewings swaar reën val, en 'n mens wonder of dit as gevolg van die stof kan wees. Ons het al in die tent op die grasperk geslaap, maar dit het so straf gereën dat die water op die skuins grasperk

dwarsdeur ons tente geloop het. Die toue van die tente het weens die nattigheid styf getrek en elke keer as 'n naskok ons tref, het hulle soos ghitaarsnare gepieng. Ek het dan soms snags opgestaan om die toue skiet te gee sodat die ghitaarspelery end kon kry.

Hoe verklaar jy dit?

Daar het ook snaakse verskynsels met die aardbewing voorgekom, party wat verklaar kon word maar andere nie. Daar was die geval van pilare en skoorstene wat horisontaal deurgekraak het maar nie na benede getuimel het nie. Met die eerste aardbewing het die boonste gedeeltes ongeveer 'n kwartdraai saam met die horlosie gedraai en oorhoeks op die onderste gedeeltes gestaan. Met die tweede aardbewing het hulle weer in die teenoor-gestelde rigting gedraai en weer oorhoeks na die anderkant toe gestaan. Die geleerdes het ons vertel dat die episentrum van die eerste aardbewing noord van ons was, en dié van die tweede suid, maar hoekom die goed so eienaardig gedraai het kan ek tot vandag toe nie verstaan nie.

Dan was daar die geval van die meer as 60 bierbekers wat Annatjie op ons reise vergaar het. Hulle het in ons sonkamer op die gordynkappe van die twee groot vensters gestaan, een waarvan noord front en die ander een wes. Al hierdie bekere het op die vloer gelê, maar daar was nie een wat stukkend, gebars of gesplint was nie. Hoewel daar 'n volvloer-mat in die kamer was, sou 'n mens dink dat die bekere in 'n sekere mate opmekaar moes geval het, siende dat hulle van twee kante af na mekaar toe geval het.

Nog 'n snaakse verskynsel was dat glasware wat oënskynlik niks oorgekom het nie, na verloop van tyd somar uitmekaar gebars het. Ek het 'n stel groot glasbatterye vir elektri-siteitsvoorsiening gehad wat op spesiaal vervaardigde rakke gestaan het, elkeen in 'n eie houtafskorting sodat dit van die ander geskei was. Hulle was blykbaar nie beskadig nie, maar na verloop van tyd het een van die batterye se suur begin uitlek. Ek het dit verwyder en buite geplaas waar dit binne 'n week totaal verkrummel het. Dieselfde het met 'n tweede en 'n derde gebeur.

Annatjie se glase, veral die goeies wat so mooi gesing het wanneer jy jou klam vinger op die rand vryf, het na verloop van tyd ook onverklaarbaar uitmekaar gebars. So onthou ek hoe sleg my skoonsuster Marita Japie (ek het twee Burger-skoonsusters met die naam Marita en daarom is hulle van mekaar onderskei deur die naam van elkeen se man agter-na te las) gevoel het toe sy een van die glase afgedroog en dit somar in stukke in haar hand gebreek het. Die mense het vertel dat die molekules van die glas deur die trilling van

die aardbewing versteur is en die glas sodoende bros geword het. Hulle het dit vergelyk met Caruso wat glo met sy stem op 'n sekere noot glase kon laat bars. Maar die genoemde glasware was nie gebars na die aardbewing nie, in elk geval nie so dat 'n mens dit kon sien nie.

Dan was daar massiewe rotse in die berg wat deurgebreek het, en veral in een geval waar 'n stuk so groot soos 'n groot kamer tot binne in 'n vrugteboord gerol het waar dit vandag nog lê. Dan was daar weer 'n ronde rots wat soos 'n voetbal op 'n plat rots bly lê het sonder om van plek te verskuif. Daar was net geen orde in die gebeure nie en alles het so onwetenskaplik gelyk.

Ander onverklaarbare verskynsels was die geval van die ondergrondse besproeiingspype in die vrugteboorde wat so netjies gebreek het soos 'n mens hulle nie met die hand sou kon deursaag nie, en die punte by die breuk was so glad asof hulle met 'n masjien gepoleer was. Sommige turbinepompe het ook, soos die skoorstene, effe gedraai sodat hulle uit lyn was met die pyplyne waaraan hulle gekoppel was. Op party plekke was daar skeure wat in die grond oopgegaan het en waaruit daar, in sekere gevalle vir 'n dag of so, sterk lou water gevloei het.

Selfs vandag nog verander die oppervlak van die grond gedurig en die water van ons waterkoelkas vloei byvoorbeeld dán na die een kant toe oor en dan weer na die ander kant toe. Ons kry vandag ook nog aardskokke, veral wanneer dit kwaai reën. Die leke sê dis omdat die holtes onder die aarde met water gevul word, maar dis natuurlik louter twak.

'n Laggie by die traan

In die eerste paar weke na die aardbewing was niks vir ons snaaks nie, want die voortdurende aardskokke het ons sensitiwiteit afgestomp, en party van ons het in elk geval in 'n permanente toestand van angs geleef. Maar met verloop van tyd het ons gevoelens en waarnemingsvermoë weer na normaal teruggekeer en kon ons die humor in die talle voorvalle wat plaasgevind het, raaksien.

So was daar die geval van mnr Mocke, wat in die woonstel bo-op Luyt & Kie se winkel gewoon het. Hy was die aand besig om te bad toe die een muur van die badkamer inmeekaartort. Meteens het hy 'n pragtige onbelemmerde uitsig gehad uit die bad, wat toe ook leeg geskud was, op die verkeer wat in die straat hier voor hom na veiligheid begin verbyjaag het.

'n Ander geval was die klompie bure wat in die middel van die straat 'n vuur aangesteek het om die lentenag se koue te trotseer. Toe hulle opkyk, sien hulle 'n ou dame, wat verder af in die straat alleen gewoon het, haastig na hulle toe aangestap kom. Sy het haar nagkabaai aangehad en het iets al swaaiende in haar hand gedra. By die vuur aangekom het sy die private stukkie onderklere onder haar nagklere aangetrek terwyl sy aan iemand se skouer gehang het sodat sy nie haar balans in die proses verloor nie. Dat dit 'n skaamtelose daad was, het nie eens by haar of enige van die omstanders opgekom nie.

Dan was daar die vrou wat besig was om te ontklee toe die aardbewing ons tref. Sy het net so by die voordeur uitgehardloop. Eers toe sy buite kom het sy besef dat sy poedelnakend was. Sy vlieg toe net daar om en nael terug in die huis in, waarna sy weer te voorskyn kom met net 'n waslappie wat sy voor die bors hou. Die res van die liggaam was nie op daardie tydstip so belangrik nie.

Een kalant wat besig was om sy tyd in die Belmont Hotel se kroeg te verwy, het verdwaasd by die kroegdeur uitgehardloop, maar toe hy die berge in volle vlam sien, is hy net so vinnig weer terug binne toe met die woorde: '!!!, die berg is weg en ek kan die liggies van die Kaap sien!'

Daar was ook die egpaar wat op Prince Alfred's Hamlet op 'n plaas gewoon het. Die opstal was 'n outydse huis met vensters wat nog houtskuiframe gehad het. Toe die wêreld om hulle begin skud, het die man die vensterraam opgeskuif en by die venster uitgeleun om te sien wat aan die gang was. Hy leun egter so ver uit dat hy sy balans verloor en na buite uitval waarna die raam weer netjies agter hom afskuif en sluit. Omdat die voordeur ook reeds vir die nag gesluit was, gil hy toe hier van buite af op sy vrou om die deur te kom oopsluit. Sy was in die bad en met die geskud van die aarde en haar man se gegil spring sy daar uit, lê rieme neer na die voordeur, sluit dit oop en hou sommer net so nakend soos sy was aan met hardloop. Op haar man se bevel om eers iets te gaan aantrek steek sy in haar spore vas, maak 'n regsomkeer die huis in, net om weer te voorskyn te kom, geklee in niks meer as 'n bra en 'n paar hoëhakskoene nie.

So is daar baie stories wat vertel kan word, ook van noue ontkomings, want dit is net ongelooflik dat daar so min mense seergekry of gesterf het.

Jong vriende van ons wat by hulle ouers op Ceres gekuier het, het na die kinderkamer gehardloop en hulle baba uit die kinderbedjie gaan haal waar dié geslaap het. Enkele oomblikke daarna het die kamer se muur inmekaarge tuimel en die bedjie toe onder die puin geval.

'n Seun wat toegeval was onder die rommel, met net een been wat uitgesteek het, se enkel

is gebreek toe iemand in sy vervaardheid die voet beetgekry en gepoog het om hom onder die rommel uit te sleep. Onder die omstandighede waarin ons verkeer het, het almal nie rasioneel gedink nie en allerhande onbesonne dinge is aangevang waarvoor hulle werklik nie verantwoordelik gehou kon word nie.

Na die aardbewing het die regering 'n rampfonds gestig om die skade te help herstel en die publiek het meer as twee miljoen rand tot hierdie fonds bygedra. Volgens wat verneem is, het die regering se eie bydrae tot die herstel van die Bolandse aardbewinggebied twintig miljoen rand beloop.

Die skerwe word opgetel

.....

Gedurende hierdie tyd was dr H A (Herman) Reinach die burgemeester van Ceres. Hy was 'n ondernemende man met geweldige deursettingsvermoë, het heelwat veranderings op die dorp teweeggebring, en het spoedig begin om onder die kritiek van die kiesers deur te loop.

Na die aardbewing het die regering 'n rampkomitee in die lewe geroep om die menigvuldige eise te oorweeg wat deur die huiseienaars ingestel is vir die skade wat hulle gely of sou gely het. Dit is merkwaardig hoeveel mense daar was wat voordeel uit die rampfonds wou trek. Dit het dan ook spoedig geblyk dat die gegewens soos verstrekkende betrefende die skade wat gely sou gewees het, dikwels terdeë gedokter was.

Herman is tot voorsitter van die rampkomitee aangestel en dit is dus te verstane dat hy geblameer is deur die eisers wat nie vergoed is volgens die skade wat hulle opgegee het nie. Daar is beweer dat hy boeties-boeties met sy vriende gespeel het, asof hy nou by magte sou gewees het om skadevergoeding volgens sy persoonlike oordeel toe te ken.

Herman, 'n man met 'n groot gesin, het sy praktyk vir drie maande gesluit om sy volle aandag aan die rampfondskomitee te kon bestee, maar dit is hom nooit ten goede gereken nie.

'n Konsortium van bouers is aangestel om die skade aan die gebied so gou moontlik te herstel en hierdie taak is binne die rekordperiode van twee jaar afgehandel. Die resultaat van die herstelwerk was egter dat die Ceres wat ons geken het, verdwyn het en 'n geheel en al nuwe dorp in sy plek verrys het.

Na afhandeling van die werk het Herman 'n vergadering van die inwoners van Ceres byeengeroep met die doel om iets daar te stel wat sou dien as 'n herinnering aan die ramp wat ons getref het asook om dank aan die Allerhoogste te bring dat ons gespaar gebly en in so 'n groot mate kon herstel het. Herman het in gedagte gehad dat daar 'n standbeeldjie op die plein langs Luyt & Kie opgerig kon word wat die vernietiging en die herstel van Ceres sou versinnebeeld. Hy het dan ook dié voorstel voor die vergadering gelê.

Daar het egter heftige teenkanting teen sy voorstel uit die vergadering gekom en 'n voorstel is selfs gemaak dat daar liever 'n sigaretwinkeltjie in die kleurlingwoonbuurt Bella Vista opgerig kan word, wat immers 'n stoflike doel sou hê. Op die ou end is daar voorgestel dat 'n komitee gekies word om op die saak in te gaan en terug te rapporteer. Ek het persoonlik hierop gereageer deur te meld dat ek Ceres se mense ken en het voorspel dat, indien daar nie op hierdie vergadering tot 'n konstruktiewe besluit gekom kon word nie, ons dit maar moes vergeet, want die ondervinding het my geleer dat die kanse baie groot was dat so 'n komitee nooit eens sal vergader nie.

Na verloop van byna dertig jaar blyk dit dat my voorspelling in die kol was. Die komitee het nooit vergader nie en daar is nooit iets gedoen om ons dank aan die Here te toon vir Sy genade en hulp nie. Nadat die aardbewing ons getref het, het ons om hulp gebid om weer te kon herstel, en nadat ons daardie hulp ontvang het, het ons stom gebly en versuim om dankie daarvoor te sê. Daar is ook geen poging aangewend om Herman en sy komitee te bedank vir die harde werk wat hulle verrig het en die kritiek wat hulle gedurende daardie twee moeilike jare moes verduur nie.

55 François se eerste boek – *Botma (Bothma) is My Van* – verskyn.
Links agter: Annatjie (François se tweede vrou) en François
Voor: Jessie, Isak en Annetjie, sy drie kinders



Die Moedergemeente van die NG Kerk het wel baie later, op Pinkstersondag 7 Junie 1992, 'n gedenkteken onthul wat gebou is met klippe wat tydens die aardbewing uit die kerk geskud is. Dit was die twintigjarige herdenking van die heringebruikneming van die kerk nadat dit na die aardbewing herstel is. Hierdie gedenkteken is die enigste tasbare herinnering aan die aardbewing wat ons dorp en sy mense op daardie dag in 1969 tot in ons fondamente geskud het.


Vandag is Ceres 'n moderne, vooruitstrewende dorp – heelwat groter as die Ceres van gister, maar net so skilderagtig mooi tussen die pragtige hange. Die lelike letsels wat losgeskeurde rotse tydens die aardbewing op die berghange rondom die dorp agtergelaat het, is weer groen en toegegroeï. Die dorp het duidelik mooi herstel.

Maar in my herinneringe is dit veral die Ceres van gister en eergister wat my naaste aan die hart lê. Hierdie boek is deels 'n poging om die Ceres van destyds nie heeltemal in die herinneringe van mense te laat vervaag nie, en deels om die kleurryke persoonlikhede wat so nou met my eie lewe verweef was, weer te gee.

Hierdie boek dra ek dus op aan Ceres en al sy mense: die mense van gister en eergister, en die mense van vandag en môre. Mag dit met Ceres en sy mense goed gaan.


56 Streekskaart van Ceres en omgeving

57 Kaart: Ceres oos van die Dwarsrivier 1920–1930



- | | |
|---|--|
|  Hoofpaaie |  Treinspoor |
|  Sekondêre paaie |  Riviere |
|  Plaaspaaie | |

N



CERES WES VAN DIE DWARSRIVIER
1920 - 1930

